

**FUNKSIONELE IMPERATIEWE VIR DIE SISTEEM
VAN DESKUNDIGE GETUIENISLEWERING DEUR
FORENSIESE KRIMINOLOË BY VONNISOPLEGGING
IN SUID-AFRIKAANSE STRAFHOWE**

deur

IRMA LOUISE LABUSCHAGNE

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

MEI 1992

Where law ends, discretion begins.
And the exercise of discretion may
mean either beneficence or tyranny,
either justice or injustice, either
reasonableness or arbitrariness.

Davis (in Rawson, 1984:6)

AAN MY GELIEFDE MAN, LAPPIES.
OOK VIR MY KINDERS, PIETER,
MARLENE, MARIELLE EN MARTIN
EN MY SUSTER, ILSE.

ERKENNING

Die voltooiing van hierdie werk was 'n spanpoging. Diepe dankbaarheid word uitgespreek aan die volgende persone wat almal 'n aandeel aan dié ondersoek gehad het.

My promotor, professor Ronelle Pretorius, nie alleen vir haar volgehoue belangstelling dwarsdeur jare van studie en haar besonder bekwame leiding nie, maar veral vir haar voorbeeld wat my inspireer en motiveer.

Die prokureurs en advokate wat die vertrouwe in my gestel het om deel van hulle span te mag wees. Hulle durf het veel bygedra tot die erkenning van forensiese kriminoloë as deskundige getuies. Daarsonder kon hierdie projek nie die lig gesien het nie.

Die kliënte, wat genoeg vertrouwe in my geplaas het om 'n aandeel in die verloop van hulle lewens te hê. Van hulle het ek geleer dat daar in elke mens ook die goeie skuil.

Dr. Charlene Lea, wat die waagmoed aan die dag gelê het om die projek te inisieer; die geloof gehad het dat ons projek sou slaag; en aan my die voorreg gegun het om haar vennoot te wees. Haar vriendskap is onvervangbaar: "You are a breath of fresh air -
A change for me."

My vader, wyle regter Helm van Zijl, wat my nie nét as sy dogter lief gehad het nie, maar aan my die eer van sy respek vir my vermoëns ge-

gee het. Sy eerbied vir die heiligheid van die waarheid het ook my lewensbeskouing beïnvloed.

My moeder, Elodie, vir die beginsels wat sy aan my oorgedra het, wat steeds lank na haar dood rigting aan my lewe gee.

My man. Nie alleen word hy bedank vir sy konstruktiewe kritiek, opbouende voorstelle en voortdurende praktiese en finansiële bystand en opoffering van sy kosbare tyd en energie nie, maar vir sy geloof en vertroue in my en sy volgehoue liefdevolle ondersteuning onder dikwels moeilike omstandighede en alleendae. My dank veral vir die ruimte wat hy my gun om, as sy vrou, langs hom te groei. Sy ingebore sin vir regverdigheid is 'n ideaal om na te streef.

Vir my kinders, vir aanmoediging, liefdevolle belangstelling en motivering.

Carolina Theron, wat altyd bereid is om tikwerk te doen, meestal op kort kennisgewing. Estie Oosthuizen vir die finale afronding van hierdie verslag.

Deo Gloria

**FUNKSIONELE IMPERATIEWE VIR DIE SISTEEM VAN DESKUNDIGE
GETUIENISLEWERING DEUR FORENSIESE KRIMINOLOë BY
VONNISOPLEGGING IN SUID-AFRIKAANSE STRAFHOWE**

Deur

IRMA LOUISE LABUSCHAGNE

Promotor : **Prof Ronelle Pretorius**
Departement : **Kriminologie**
Graad : **Doctor Philosophiae**

OPSOMMING

Deskundige getuienislewering deur forensiese kriminoloë in strafhowe van die Republiek van Suid-Afrika word as komponent van die kriminele regsplegingsstelsel volgens Parsons se struktureel-funksionele teorie ontleed. Die hipoteses was, dat as 'n stelsel van sodanige getuienislewering aan die elemente van Parsons se vierfunksie paradigma - doelbereiking, integrasie, aanpassing, patroonhandhawing en spanningsbeheer - voldoen, het dit bestaansreg en sal dit voortbestaan.

'n Literatuurstudie is gedoen. Die deelnemende waarnemingsprosedure is gebruik aangesien navorser sedert 1986 voorvonnisevalueringsverslae opstel en deskundige getuienis ingevolge artikel 274 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977, lewer. Twee observasietegnieke, naamlik gevalle- en veldstudies, is gebruik.

Ten einde te bepaal hoe die forensiese kriminoloog 'n bydrae tot regverdigde strafoplegging kan lewer, is die geskiedkundige ontwikkeling en die hedendaagse omskrywing van straf, verskillende vonnisteorieë en die filosofiese fundering van die verantwoordelikheid van die misdadiger, nagegaan. Nadat die vryewil-teorie teen determinisme opgeweeg is, is besluit dat versoening tussen die teorieë deur aan-

vaarding van sagte determinisme meebring word. In die howe word die uitwerking van die utilitaristiese doelstellings van weerhouding, beskerming van die gemeenskap en rehabilitasie dikwels deur die eweredigheidsbeginsel in retribusie getemper.

Die Parsoniese funksionele imperatief van doelbereiking is eerstens vanuit die oorkoepelende doelwitte van die Polisie, die howe en die Departement Korrektiewe Dienste, wat die kriminele regsplegingsstelsel uitmaak, benader. Daarna is die doelwitte van deskundige getuienislewering deur forensiese kriminoloë as komponent van die strafhofstelsel uitgespel en aan die hand van verskillende strafalternatiewe ontleed. Daar word aan die doelbereikingsimperatief beantwoord.

Integrasie as funksionele imperatief behels die bereiking van beheer oor lede van 'n stelsel. Relevante bepalinge van die Strafproseswet is op die werksaamhede van forensiese kriminoloë toegepas en die verloop van 'n verhoor is uiteengesit. Voldoening aan vereistes met betrekking tot getuienis oor vonnis, die aard van deskundigheid en die toelaatbaarheid van opinie-getuienis asook aan die beginsels, doel en funksies van voorvonnis-evalueringsverslae, is uiteengesit om aan te toon dat aan Parsons se integrasie-imperatief beantwoord word.

Aanpassing tussen alle akteurs in 'n betrokke stelsel is die derde funksionele imperatief. Die forensiese kriminoloog moet by die behoeftes van sy kliënt, die straftoemeter, die staatsaanklaer en ander regslui aanpas. Aanpassing tussen verskillende professies, soos medici, sielkundiges en maatskaplike werkers, bevorder 'n meer regverdigde straftoemeting. Daar moet ook, ter wille van verskillende kultuurgroepe, aanpassings gemaak word.

Ten einde aan die imperatief van patroonhandhawing en spanningsbeheer te voldoen, moet deskundige forensiese kriminoloë se opleiding aan Bloom se taksonomie van leerdoelwitte op kognitiewe, affektiewe en manipulerende terrein beantwoord. 'n Leemte is die gebrek aan praktiese opleiding van forensiese kriminoloë wat meebring dat teorie en

praktyk nie geïntegreer word in die beroepsvoorbereiding vir die professie nie. Die akademiese opleiding behoort aan staatsbeleid soos in SANSO 115 en NASOP 02-116 uiteengesit, te voldoen. Forensiese kriminoë behoort ook opleiding in regsonderhoudvoering te kry en 'n etiese kode behoort opgestel te word.

Die navorsingsverslag is afgesluit met 'n samevatting, 'n gevolgtrekking dat aan die doelstellings daarvan beantwoord is, en dat die bevindings die hipoteses steun. Enkele voorstelle vir verdere navorsing is aan die hand gedoen.

**FUNCTIONAL IMPERATIVES FOR THE SYSTEM OF EXPERT EVIDENCE BY FORENSIC
CRIMINOLOGISTS WITH REGARD TO SENTENCING IN SOUTH-AFRICAN CRIMINAL
COURTS**

By

Irma Louise Labuschagne

Promotor: Prof Ronelle Pretorius

Department: Criminology

Degree: Doctor Philosophiae

SUMMARY

Expert evidence by forensic criminologists in criminal courts of the Republic of South Africa is analysed as component of the criminal justice system according to Parson's structural functional theory. The hypotheses were that, should such system of expert evidence comply with the elements of Parsons's four-functional paradigm - goal attainment, integration, adaptation, pattern maintenance and tension control - it will justify its existence and survive.

As researcher has since 1986 compiled presentence evaluation reports and has given expert evidence in terms of section 274 of the Criminal Procedure Act, act 51 of 1977, the research procedure of participant observation was chosen. Two observational techniques, namely case and field studies were used. A study of the relevant literature was also undertaken.

In order to ascertain how the forensic criminologist can contribute to just sentencing, the historical development and the contemporary definition of punishment, different theories of punishment as well as the philosophical foundation of criminal responsibility is investiga-

ted. After comparing the free will theory with determinism, a decision is made that a conciliation between the theories can be achieved by accepting soft determinism. In the courts the effect of the utilitarian aims of deterrence, protection of the community and rehabilitation are often tempered by the principle of proportionality in retribution.

The Parsonian functional imperative of goal attainment is approached from the overarching aims of the Police, the criminal courts and Correctional Services. The aims of expert evidence by forensic criminologists as component of the criminal court system, are described and analysed with reference to different sentencing alternatives. The goal attainment imperative is answered.

Integration as functional imperative, comprises the attainment of control over members of the system. Relevant provisions of the Criminal Procedure act are applied to the activities of the forensic criminologist, and the course of the court proceedings is discussed. In order to demonstrate that Parsons's integration imperative is answered, compliance with the requirements of evidence on punishment, the nature of expertise as well as with the principles, aim and functions of presentence evaluation reports are indicated.

Adaptation between the actors in the system involved is the third functional imperative. The forensic criminologist should adapt to the needs of his client, the sentencer, the state prosecutor and other legal representatives. Adaptation between different professions, such as medical, officials, psychologists and social workers promotes a more just punishment. Adaptations should also be made for cultural differences.

In order to satisfy the imperative of pattern maintenance and tension control, the education and training of expert forensic criminologists should comply with Bloom's taxonomy of learning aims on the cognitive, affective and manipulative terrain. A deficiency is the lack of

practical training of forensic criminologists. Integration between theory and practice is, therefore, not attained in occupational preparation for the profession. The academic training should comply with the policy of the state set out in SAPSE 115 and NATED 02-116. Forensic criminologists should also be trained in legal interviewing and an ethical code should be compiled.

The research report is concluded with a resumé, a conclusion that the aims of the research have been attained and an exposition of how the findings support the hypotheses. Some suggestions regarding further research are made.



2.2	Prosedures	39
2.2.1	Literatuurstudie	40
2.2.2	Deelnemende waarneming	45
2.2.3	Gevalllestudies	47
2.2.4	Veldstudie	49
2.3	Tegnieke	56
2.3.1	Loodsondersoek	56
2.3.2	Ondervragingsonderhoude	57
2.4	Die universum van die ondersoek	61
2.5	Slot	61
HOOFSTUK 3 - STRAF EN DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OORTREDER		66 - 119
3.1	Inleiding	66
3.2	Die oorsprong en ontwikkeling van straf	66
3.2.1	Die oorsprong van straf	66
3.2.2	Bloedwraak	67
3.2.3	Die opkoms van 'n sentrale straf-toepassingsgesag	69
3.3	Die omskrywing van straf	80
3.4	Die elemente van die strafbegrip	86
3.4.1	Straf moet onaangenaam wees	87
3.4.2	Straf moet vir 'n oortreding uitgemeet word	88
3.4.3	Straf moet op 'n oortreder toegepas word	90
3.4.4	Straf is die optrede van menslike instansies	90
3.4.5	Die bevoegdheid om te straf	91
3.5	Die verantwoordelikheid van die oortreder	92
3.5.1	Die betekenis van verantwoordelikheid	92
3.5.2	Die filosofiese fundering van verantwoordelikheid	93
3.5.3	Die argumente ten gunste van die vryewil-teorie	94
3.5.4	Die deterministiese standpunt	97
3.5.5	Sagte determinisme	100

3.6	Vonnisteorieë	102
3.6.1	Die belangrikste vonnisteorieë	103
3.7	Diskresie by vonnisoplegging	114
3.7.1	Faktore wat die keuse van 'n vonnis bepaal	115
HOOFSTUK 4 - 'n TEORETIESE PERSPEKTIEF OP DIE ROL VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG IN DIE SUID-AFRIKAANSE KRIMINELE REGSPLEGGINGS-SISTEEM		120 - 152
4.1	Die noodsaak van 'n teoretiese perspektief	120
4.2	Funksionalisme en organisasie	121
4.3	Parsons se struktureel-funksionele teorie van sosiale sisteme	121
4.4	Postulate van funksionele analise	125
4.4.1	Die begrip sosiale sisteem	126
4.4.2	Interafhanklikheid van sisteem-komponente	128
4.4.3	Sisteem dinamika	128
4.4.4	Omgewing	129
4.4.5	Funksionele eenheid van die samelewing	130
4.4.6	Waardekonsensus	130
4.4.7	Universele funksionalisme	131
4.4.8	Funksionele onvervangbaarheid	131
4.5	Kritiek op funksionalisme	132
4.6	Die ekwilibrium-model van samelewing	132
4.7	Parsons se formule vir dinamiese struktureel-funksionele analise	136
4.8	Parsons se vierfunksie paradigma	139
4.8.1	Betrokke fasette van Parsons se teorie	139
4.8.2	Doelbereiking as funksionele voorvereiste vir 'n sisteem	141
4.8.3	Aanpassing as funksionele voorvereiste vir 'n sisteem	142
4.8.4	Integrasie as funksionele voorvereiste vir 'n sisteem	143
4.8.5	Patroonhandhawing en spanningsbeheer as funksionele voorvereiste vir 'n sisteem	143

4.9 Die struktuur van die Suid-Afrikaanse kriminele regspleging	144
4.10 Kritiek teen die beskouing dat die kriminele regspleging 'n sisteem is	147
4.11 Die behoefte aan 'n sisteem-benadering ten opsigte van die kriminele regspleging	148
4.12 Slot	152
HOOFSTUK 5 - DOELBEREIKING AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR DIE VOORTBESTAAN VAN FORENSIESE KRIMINOLOË AS KOMPONENT VAN DIE KRIMI- NELE REGSPLEGINGSISTEEM	153 - 203
5.1 Inleiding	153
5.2 Doelwitte en doelstellings van die regspleging- sisteem	154
5.2.1 Die voorkoming van misdaad	157
5.2.2 Nuwe wyses om die oortreder te behandel	157
5.2.3 Die uitskakeling van ongeregtigheid	157
5.2.4 Bevoegde personeel	158
5.2.5 Voldoende middele	158
5.2.6 Verantwoordelikheid vir verandering	158
5.3 Spesifieke doelstellings van die hoofkomponente van die kriminele regsplegingsistseem	160
5.3.1 Die Polisie	161
5.3.2 Die Howe	168
5.3.3 Die Departement Korrektiewe Dienste	174
5.4 Doelwitte van die forensiese kriminoloog as 'n deel van 'n komponent van die kriminele straf- regspleging	177
5.4.1 Die bydrae van die forensiese krimino- loog ten opsigte van die voorkoming van misdaad as doelwit van die kriminele regsplegingsistseem	178
5.4.2 Die bydrae van die forensiese krimino- loog ten opsigte van strafalternatiewe	183
5.4.3 Gemeenskapsdiens as strafalternatiewe	188
5.4.4 Boete as alternatiewe strafvorm	193
5.4.5 Ander alternatiewe vonnisse	195
5.4.6 Gevangenisstraf	197
5.4.7 Die bydrae van die forensiese krimino- loog ten opsigte van die uitskakeling van onregverdigheid en verantwoordelik- heid tot verandering	198

5.5 Slot	202
HOOFSTUK 6 - INTEGRASIE AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR DIE VOORTBESTAAN VAN FORENSIESE KRIMINOLOË AS KOMPONENT VAN DIE KRIMI- NELE REGSPLEGINGSISTEEM	204 - 248
6.1 Inleiding	204
6.2 Waardekonsensus	205
6.2.1 Die integrasie van waardes	205
6.2.2 Die voorkoming van misdaad	206
6.2.3 Sosialisering	206
6.3 Stratifikasie	207
6.3.1 Sentralisasie en differensiasie	208
6.4 Differensiasie van hofbeamptes	209
6.4.1 Die voorsittende beampte	210
6.4.2 Die verhouding van die voorsittende beampte tot die ander partye in die hof	211
6.4.3 Beheer van die hofverrigtinge deur die voorsittende beampte	212
6.4.4 Die amp van die staatsaanklaer	213
6.5 Die beheer van straf	214
6.6 Die Strafproseswet, wet 51 van 1977: Verwante aangeleenthede	217
6.7 Die verloop van die verhoor	218
6.7.1 Beheer van die hofverrigtinge	219
6.7.2 Die staat se saak	220
6.7.3 Die pleit	220
6.7.4 Openingstoespraak deur die staats- aanklaer	220
6.7.5 Getuienis vir die staat	221
6.7.6 Hoofondervraging	221
6.7.7 Kruisondervraging	222
6.7.8 Herondervraging	223
6.8 Ondervraging van getuies deur die hof	224
6.9 Betoë deur die staatsaanklaer en die verdediging	225
6.10 Die uitspraak op die meriete van die saak	225
6.11 Getuienis oor vonnis	226

6.12 Die toelaatbaarheid van opinies as getuienis	228
6.13 Integrasie van die forensiese kriminoloog by die regsreëls ten opsigte van deskundige getuienis	232
6.13.1 Die doel en funksies van voorvonnisevaluering	232
6.13.2 Die begrip versagende faktore	234
6.13.3 Die begrip verswarende faktore	235
6.13.4 Spesifieke faktore wat deur die forensiese kriminoloog ten opsigte van voorvonnisevaluering in ag geneem moet word	236
6.13.5 Persoonlike faktore van die beskuldigde	237
6.13.6 Verswarende omstandighede	240
6.14 Die opstel van die voorvonnisevalueringsverslag (binne die grense van die reg)	241
6.14.1 Basiese beginsels ten opsigte van 'n voorvonnisevalueringsverslag	242
6.14.2 Die uiteensetting van die verslag	243
6.15 Prosedure na voltooiing van die voorvonnisevalueringsverslag	245
6.16 Voorbereiding vir die hof	246
6.17 Slot	247
HOOFSTUK 7 - AANPASSING AS FUNKSIONELE IMPERATIEF VIR DIE SISTEEM VAN DESKUNDIGE GETUIENISLEWERING DEUR FORENSIESE KRIMINLOë BY STRAF-TOEMETING IN SUID-AFRIKAANSE STRAFHOWE	249 - 292
7.1 Inleiding	249
7.2 Aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die kliënt	251
7.2.1 Die feite van die saak	253
7.2.2 Die eerste konsultasie met die kliënt	254
7.2.3 Die plek van onderhoudvoering	254
7.2.4 Vaardighede ten opsigte van onderhoudvoering met die kliënt	255
7.3 Aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die straftoemeter	263
7.3.1 Die rol van die voorsittende beampte in 'n adversatiewe sisteem	264

7.3.2	Die toepassing van die neutrale en passiewe beginsel in die Suid-Afrikaanse strafhowe	265
7.4	Aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die staatsaanklaer	268
7.5	Aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die opdraggewende prokureur en die advokaat vir die verdediging	274
7.6	Aanpassing tussen professies	277
7.6.1	Neuroloë	278
7.6.2	Medici	281
7.6.3	Psigiaters en sielkundiges	283
7.6.4	Opvoedkundiges	286
7.6.5	Ander professies	287
7.7	Aanpassing van forensiese kriminoloë by die behoeftes van verskillende rassegroepe	289
7.8	Aanpassing by die behoeftes van die Departement Korrektiewe Dienste	290
7.9	Slotsom	292
HOOFSTUK 8	- PATROONHANDAWING EN SPANNINGSBEHEER AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR DIE BESTAAN VAN FORENSIESE KRIMINOLOë AS KOMPONENT VAN DIE KRIMINELE REGSPLEGING-SISTEEM	293 - 323
8.1	Inleiding	293
8.2	Staatsbeleid met betrekking tot akademiese opleiding	295
8.3	Opleidingsvereistes vir forensiese kriminoloë	298
8.3.1	Akademiese opleiding	299
8.3.2	Praktiese opleiding	301
8.4	Akademiese opleiding op die kognitiewe terrein	302
8.4.1	Universiteit van Suid-Afrika	302
8.4.2	Universiteit van Pretoria	304
8.5	Akademiese opleiding op die affektiewe terrein	306
8.6	Praktiese opleiding op die psigomotories/manipulatiewe terrein	308

8.6.1	Doel van die onderhoud	310
8.6.2	Motivering van die kliënt	311
8.6.3	Inhiberende faktore ten opsigte van onderhoudvoering	313
8.6.4	Fasiliterende faktore ten opsigte van onderhoudvoering	316
8.6.5	Persoonlikheidskonflikte	319
8.6.6	Ander vaardighede behalwe onderhoudvoering en berading	320
8.7	Professionaliteit	320
8.8	Slotsom	322
HOOFSTUK 9 - SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS		324 - 364
9.1	Inleiding	324
9.2	Algemene samevatting	324
9.3	Gevolgtrekkings met betrekking tot doelstellings	332
9.3.1	Doelstelling 1: Fundering van die oortreder se verantwoordelikheid	332
9.3.2	Doelstelling 2: Waarde van die forensiese kriminoloog se getuienis	334
9.3.3	Doelstelling 3: Verwagtinge wat aan die forensiese kriminoloog gestel word	335
9.3.4	Doelstelling 4: Getuienis oor morele blaamwaardigheid	337
9.3.5	Doelstelling 5: Die aanbieding van getuienis in die hof	338
9.3.6	Verdere doelstellings	339
9.4	Gevolgtrekkings met betrekking tot die hipoteses	340
9.4.1	Hipotese 1: Doelbereiking as funksionele imperatief	340
9.4.2	Hipotese 2: Integrasie as funksionele imperatief	342
9.4.3	Hipotese 3: Aanpassing as funksionele imperatief	343
9.4.4	Hipotese 4: Patroonhandhawing en spanningsbeheer as imperatief	346
9.5	Aanbevelings	350
9.5.1	Aanpassings in die honneurskursus	351
9.5.2	Praktiese opleiding van forensiese kriminoloë	353
9.5.3	Etiese gedragskode	356

9.6	Voorstelle ten opsigte van verdere navorsing	362
9.6.1	Navorsing ten opsigte van verskillende kultuurgroepe	362
9.6.2	Dienskursusse vir regstudente	363
9.6.3	Fragmentasie van die kriminele regsplegingsisteem	363
9.7	Slotsom	364

BIBLIOGRAFIE		365
---------------------	--	------------

LYS VAN TABELLE

TABEL

1	Respondente op die vraelys	58
2	Totale aantal sake waarvoor ondersoeker sedert 3 Maart tot en met 30 April 1992 voorvonnisevaluerings gedoen het	63
3	Geografiese verspreiding van die howe waarin getuienis <u>viva voce</u> gelewer is	64
4	Geslagsverspreiding	65
5	Rasseverspreiding	65

LYS VAN FIGURE

FIGUUR

1	Die differensiasie van Parsons se sisteem van aksie	134
2	Die differensiasie van aksie	140
3	Die struktuur van die Suid-Afrikaanse regsplegingsisteem	145
4	Parsons se vierfunksie paradigma toegepas op die forensiese kriminoloog as komponent van die kriminologiese regsplegingsisteem	332

BYLAES

1	Voorbeelde van dekblaaie vir voorvonnisevalueringverslae	389
2	Vraelys	392
3	Mediaberiggewing (koerante)	395
4	Mediaberiggewing (tydskrifte)	398
5	Voorvonnisevalueringverslag: S v Scheepers en ander	399
6	Voorvonnisevalueringverslag: S v Mitchell	438
7	Biografiese besonderhede (vraelys)	474

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN ALGEMENE ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Wanneer 'n misdaad gepleeg word, is daar drie partye betrokke, naamlik die misdadiger, die slagoffer en die gemeenskap. Elkeen kan daarop aanspraak maak dat hy in die kriminele regsplegingsproses regverdig behandel word:

- die misdadiger, dat hy 'n regverdige verhoor het en dat nie net sy daad bestraf word nie;
- die slagoffer, dat die leed wat hom aangedoen is regtens so goed moontlik reggestel word en dat die misdadiger 'n regverdige straf vir sy daad opgelê word;
- die gemeenskap, dat geregtigheid geskied en dat die geskende regsgevoel herstel word.

In die Suid-Afrikaanse regspraak word telkens na die drieledigheid van misdaad, misdadiger en gemeenskap verwys (sien byvoorbeeld *S v Zinn* 1969 2 SA 537 A; *S v Rabie* 1975 4 SA 855 A; *S v Khumalo* 1973 3 SA 697 A). Alhoewel die slagoffer en sy belange nie uitdruklik as 'n faktor vir oorweging uitgesonder word nie, kan aanvaar word dat hy deur die regters as deel van die gemeenskap gesien word en nie as weglaatbaar beskou word nie. Dit sou egter tot beter balans en geregtigheid aanleiding kan gee as die misdaad en die misdadiger as een faktor gesien word en die slagoffer se unieke belange naas die van die gemeenskap in die algemeen, in ag geneem word.

Om die bogenoemde doelstellings te bereik, is wetenskaplike kennis van elke faset van die misdaadprobleem en die beregtingsproses nodig.

Die kriminoloog, as wetenskaplike bestudeerder van die misdadervraagstuk, behoort 'n noemenswaardige bydrae tot die bereiking van dié doelstellings te kan lewer. In Suid-Afrika het dié faset van die kriminologie nog nie tot sy reg gekom nie. Hierdie navorsingsverslag spreek daardie leemte aan deur, in die besonder, die bydrae wat die forensiese kriminoloog by vonnisoplegging teen die agtergrond van die bostaande filosofie kan lewer, te ontleed.

Die Kommissie van Onderzoek na die strafstelsel van die RSA (1976:61), bekend as die Viljoen-kommissie, kom na grondige besinning tot die gevolgtrekking dat " ... beklemtoon (moet word) dat die taak van vonnisoplegging ingewikkeld is en dat veelvuldige faktore op die spel is... Alhoewel geregtigheid nie in die normale loop van sake geskend word nie, is dit noodsaaklik dat (regsprekende beamptes) die hulp van deskundiges verkry". Ter staving van sy standpunt haal die Kommissie Hiemstra (1967:407) soos volg aan: "Aan die vraag van skuld of onskuld word die mees noulettende aandag gewy: Geen talent, tyd of kragte word gespaar in die proses nie, en 'n ingewikkelde stel reëls van bewyslewering is daaromheen opgebou. Wanneer die beskuldigde eers skuldig bevind is, kom die strafoplegging meestal binne enkele minute... . Daar is 'n redelike mate van ooreenstemming by vonnisse, maar dit bly waar dat as die beskuldigde die dag per toeval by 'n ander hofdeur ingegaan het, hy moontlik een of twee jaar minder of meer kon gekry het as wat sy lot was. Dit word genoem 'n erkenning van onmag voor die probleem van hoe om te straf ..."

Toenemende wetteloosheid en eskalerende misdaadsyfers in die Republiek van Suid-Afrika wek kommer (Natal Mercury, 1992 04 28; Pretoria News, 1992 04 25 & 27; Daily News, 1992 04 28). Daarmee gepaardgaande is die gevangenisbevolking in verhouding een van die hoogstes in die Westerse wêreld. Nie alleen is daar gereelde mediadekking wat die gemeenskap oor die hoë voorkoms van misdaad inlig nie, maar aspekte soos gevangenisoorbevolking kry ook steeds meer aandag.

In populêre tydskrifte soos die Reader's Digest (Februarie 1991) word die krisis in die Suid-Afrikaanse gevangnisse bespreek en word daar veral gewag gemaak van gemeenskapsdiensvonnisse wat, as alternatief

vir gevangenisstraf, 'n oplossing vir die oorbevolkingstoestande kan bied. Aangeleenthede wat met die regstelsel verband hou en wat ook die openbare aandag geniet, is byvoorbeeld die hoë koste van regsge-dinge; die instelling van leke-assessore vanaf 1 Maart 1992 (Beeld, 1992 01 09); ingrypende veranderings in die oplegging van die doodstraf en die instelling van gesinsadvokate.

Daar is, waarskynlik as gevolg van die toenemende vrees vir misdaad, merkbare aanduidings dat die gemeenskap tot 'n groter mate as voorheen betrokke raak by misdaadvoorkoming in die algemeen. Berigte in die media toon 'n bewuswording in die gemeenskap dat die behandeling van die oortreder 'n belangrike misdaadvoorkomingstrategie is. Volgens De Bruyn, Streekkommissaris van die Departement Korrektiewe Dienste, behoort gevangenisstraf die laaste opsie te wees en in dié verband noem hy dat Suid-Afrika een van die min lande in die wêreld is wat nie oor 'n gemeenskapsgebaseerde strafstelsel beskik nie (Beeld, 1991 08 06). Nuwe strafwyses word dus 'n openbare besprekingspunt. Beeld (1991 08 19) wy byvoorbeeld 'n hele bladsy aan die nuwe stelsel van korrektiewe toesig vir minder gevaarlike oortreders wat sedert Augustus 1991 in Pretoria in werking gestel is.

Gemeenskapsbetrokkenheid by die misdaadvraagstuk, veral die straf-aspek daarvan, word egter nie net in die populêre media weerspieël nie. In die Amerikaanse Journal of Criminal Justice Education, Justice Quarterly (1991) word alternatiewe strafvorme bespreek. Die Amerikaanse Journal of Offender Counselling, Services and Rehabilitation (1988) word in die geheel gewy aan 'Remote Prisons'. In die amptelike halfjaarlikse maatskaplike werk tydskrif van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn: Administrasie Volksraad (Junie 1991) handel al die artikels oor aspekte soos gevangenisoorbevolking, proefdiensprogramme vir jeugoortreders, alkoholverwante misdade en slagoffers van misdaad en moontlike wyses waarop vrywillige werkers by proefdienste benut kan word. Hieruit kan afgelei word dat die bestaande vonnisse nie met die behoeftes tred hou nie. Hoewel hierdie tydskrif uiteraard die rol van die proefbeampte beklemtoon, word daar ook aandag gegee aan die moontlikheid van 'n bydrae wat deskundiges

vanuit ander dissiplines kan lewer. Ondersoeker meen dat kriminoloë in hierdie opsig, in samewerking met ander sosiaal-wetenskaplikes soos proefbeamptes, maatskaplike werkers, sosioloë, penoloë en sielkundiges, 'n noodsaaklike funksie in die komplekse regstelsel kan vervul.

Daar is ook duidelike aanduidings dat gevangenisstraf as sodanig nie noodwendig 'n beter rehabilitasie- of misdaadvoorkomingsuitwerking as gemeenskapsgebaseerde straf het nie. Die oorbevolking van Suid-Afrikaanse gevangnisse het byvoorbeeld tot gevolg gehad dat die Departement van Justisie 'n werkgroep in die lewe geroep het om, soos die neiging in ander lande in die wêreld is, aandag aan hierdie probleem te gee (Krugel & Terblanche, 1990:vii). Tydskrifte wat onder lede van die balie en die sybalie sirkuleer, soos De Rebus (Oktober 1989), Consultus (April 1990) en Die Landdros (Vol. 21) moedig regspraktisyns aan om, in geskikte gevalle, gemeenskapsdiens as vonnisopsie vir hulle kliënte voor te stel.

In Suid-Afrika word hierdie vonnisopsie egter nog nie genoegsaam benut nie. Regenass (1991:3) meld in die Jaarverslag van die Nasionale Raad van Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders (NIMRO, Johannesburg) dat daar vanaf April 1990 tot April 1991 slegs 100 oortreders na hulle gemeenskapsdienspanele vir keuring verwys is. Van hierdie persone is 32 deur die howe tot gemeenskapsdiens gevonniss. NIMRO meld egter nie hoeveel aansoekers deur hulle panele afgekeur is nie.

Die gebreke in die tradisionele korrektiewe programme wat tans vir die howe in die strafbesluitneming beskikbaar is, is nie net by die openbare sektor nie, maar ook by die betrokke akademici en professies, in die brandpunt van aandag. Hiermee gepaardgaande is dit bekend dat die straffunksie die moeilikste taak van regters en ander regterlike beamptes is. Voorts word ernstige kritiek toenemend uitgespreek oor die verskynsel dat sommige verdedigingsadvokate en -prokureurs nie daarin slaag om hulself behoorlik ten opsigte van straftoemeting voor te berei nie (Gitchoff, 1990:650). Om bostaande probleme op te los, het

minstens twee response ontstaan, naamlik eerstens die aandag wat aan strafalternatiewe soos restitusie, korrektiewe toesig, gemeenskapsdiens en die individualisering van straf gegee word. 'n Tweede respons is die natuurlike uitvloeisel van die toenemende gebruik van die verdediging om, na skuldigbevinding, in 'n poging om meer geïndividualiseerde straf te bewerkstellig, deskundige getuienis vanuit die gedragswetenskappe, aan die hof voor te lê. Aan die begin van 1986 het NIMRO (Johannesburg) onder leiding van regter R.J. Goldstone 'n voorvonnis-evalueringsprojek, wat deur navorser en een ander forensiese kriminoloog onderneem is, onder sy beskerming geneem. Die projek is in konsultasie met die Johannesburgse Balieraad uitgevoer. Gedurende die eerste twee jaar is slegs pro deo-sake hanteer. Sedert 1988 funksioneer die projek, met die toestemming van die Johannesburgse Balieraad, onafhanklik. Dit word deur middel van 'n vennootskap, wat uit navorser en een ander kriminoloog bestaan, bedryf. Dit was haar deelname aan dié projek, asook die klaarblyklike ontevredenheid met die huidige stelsel van strafoplegging en die soeke na beter prosedures, soos hierbo aangedui, wat die motivering tot hierdie ondersoek verleen het.

- * (Aangesien die navorser in hierdie ondersoek 'n vrou is, word die vroulike uitgangsvorm gebruik wanneer na haar verwys word, maar verder word van die manlike uitgangsvorm gebruik gemaak).

1.2 SAMELEWINGSRELEVANSIE

Verskillende leiersfigure, waaronder Sir Winston Churchill, het gesê dat die beskawingspeil van 'n gemeenskap gemeet kan word aan die maatstaf van hoe die straftoemeter sy mag uitoefen. Volgens Hiemstra (1987:584) word dit gemeet aan die geregtigheid en doeltreffendheid van straf. Die Suid-Afrikaanse samelewing in die geheel kan daarby baat dat geregtigheid en verhoogde doeltreffendheid met betrekking tot straftoemeting geskied.

Namate geordende state uit primitiewe gemeenskappe gegroei het, het

state die oplegging van straf deur regsprekende liggame in die plek van persoonlike wraakneming gestel. Reeds sedert die Ou Testamentiese dae het opvattinge oor straf begin neig na groter genadigheid en meer aandag is gegee aan die invloede wat op die gemoed van die dader kon ingewerk het, met meer inagneming van persoonlike omstandighede (Hiemstra, 1987:584).

In 1961 was daar, volgens Rawson (1984:4), verskeie aanduidings dat veranderings in die vonnispraktyk in Engeland begin plaasvind het. Die toenemende kompleksiteit in strafoplegging is toegeskryf aan 'n tweeledige vonnissisteem wat in die Engelse howe ontwikkel het. (Home Office, 1961:258). Vroeër is vonnis volgens 'n streng tariefsisteem in ooreenstemming met die skuld van die dader (strafbaarheid) toegepas. Aandag is wel gegee aan die feite ten opsigte van die oortreding, die oortreder se misdaderekord, en toegewings is ook gemaak indien versagtende omstandighede gevind kon word. Vonnisoplegging het egter geleidelik meer kompleks geword: die doel van vonnisse het verander en daarmee gepaardgaande dus ook die metodes wat gevolg moet word by die oplegging van vonnisse. Volgens die Streatfeild-verslag (Home Office, 1961:258) was die bestrawwing van die oortreding die heersende doelstelling van die tariefsisteem. Tog is die behoefte om die gemeenskap teen residiviste te beskerm, om potensiële oortreders van misdaad te weerhou en om die individuele oortreder te rehabiliteer, wel in 'n mindere mate deur die howe in gedagte gehou. Die nuwe kompleksiteit ten opsigte van vonnisoplegging word, volgens die Streatfeild-verslag (Home Office, 1961:258) toegeskryf aan 'n toenemende beklemtoning van laasgenoemde doelstellings - absolute straf sonder enige utilitêre motief is nie noodwendig meer die belangrikste regverdiging vir straf nie (sien in hierdie verband ook Hoofstuk 3).

Toenemende erkenning aan die belangrikheid van die behoeftes van die oortreder en detail betreffende sy persoonlikheid, sosiale en huislike agtergrond ten opsigte van vonnisoplegging word ook in Suid-Afrikaanse literatuur gevind. Krugel en Terblanche (1990:103) sê dit is altyd die **betrokke** oortreder wat vir die **betrokke** misdryf onder die **betrokke** omstandighede gestraf moet word. Du Toit (1981:125) poneer dat elke

individuele geval verpersoonlikte aandag moet geniet en veralgemening van straf moet deurgaans vermy word. Die opvatting van die strafhewe word deur appélregter Rumpff in *S v Zinn* (1969 2 SA 537 A) soos volg saamgevat: "What has to be considered is the triad consisting of crime, the offender and the interests of society." Daar is reeds (in paragraaf 1.1) aangedui dat die belange van die slagoffer uit 'n kriminologiese oogpunt, ook besondere vermelding verdien. In hierdie verband is die nodige kennis van die betrokke oortreder, misdryf en omstandighede dus onontbeerlik.

Die geskiedenis (Rabie & Strauss, 1985:9; Du Toit, 1981; Hiemstra, 1987) het bewys dat die wrede strawwe wat misdadigers, vroeër slegs met inagneming van die misdaad opgelê is geen voordeel vir die misdadiger of die samelewing ingehou het nie - misdaad het toegeneem nie-teenstaande die bestaan van onmenslike strawwe. Die mening dat straf dus só toegepas moet word dat dit nie alleen die misdaad moet pas nie, maar ook die misdadiger, is belangrik (Krugel & Terblanche, 1990). Sodanige straftoemeting vereis volgens die Streatfeild-verslag 'n ander dimensie naamlik "... the increased weight which the courts give to the needs of the offender as a person" (Home Office, 1978(b): 259). Tradisioneel lê die proefbeampte in Suid-Afrika die behoeftes van die oortreder en besonderhede betreffende sy sosiale en huislike agtergrond deur middel van 'n verslag voor die hof. Sedert 1986, nadat navorser begin het met die lewering van deskundige getuienis na skuldigbevinding van die oortreder in strafsake, blyk dit egter dat kriminoloë 'n unieke bydrae tot die straftoemetingsproses kan maak.

Volgens die definisie van kriminologie (sien paragraaf 1.8.10) is dít die wetenskap wat 'n sisteem van kennis opbou rondom die beheer van misdaad as maatskaplike verskynsel (Louw, Van Heerden & Smith, 1978: 43). Om misdaad en misdadigers te kan verstaan, is dit noodsaaklik om kennis te dra van die proses waardeur 'n mens amptelik as 'n misdadiger geëtiketteer word. Nie alle gedrag wat die gemeenskap benadeel word as misdadig in die juridiese sin beskou nie en nie alles wat volgens die reg verbied of vereis word, kan as skadelik of beveiligend vir die gemeenskap beskou word nie. Slegs 'n gedeelte van misdade wat

gepleeg word, lei uiteindelik tot die amptelike toepassing van die misdadetiket - en 'n begrip van die diskrepansie tussen die reg-in-boeke en die reg-in-aksie is vir die kriminoloog belangrik. Hierdie ondersoek na die rol van die kriminoloog as 'n komponent van die strafhof in die kriminele regplegingsstelsel spreek dan ook, onder andere, die ideaal versus die werklikheid, of teorie versus praktyk, aan.

Volgens die verslag van die Canadian Sentencing Commission (1987:437 e.v.) ontstaan probleme ten opsigte van die vonnisproses as gevolg van 'n gebrek aan 'n duidelike en konsekwente vonnisbeleid. Die inkonsekwente en soms lukrake implementering van beleid en programme het 'n gelykvormige benadering tot vonnisoplegging belemmer en het ongelyk-hede en weersprekings in die onderskeie komponente van die vonnisopleggingssistelsel tot gevolg gehad. Inkonsekwentheid word verder vererger deur 'n gebrek aan samewerking tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende afdelings van die owerheid - wat almal 'n noodsaaklike rol in die ontwikkeling en implementering van vonnisbeleid en -programme speel. Luidens hierdie verslag word die beheer en koördinerings van vonnisoplegging bevorder wanneer die behoefte aan gespesialiseerde kennis bevredig word.

'n Spesifieke en ernstige leemte in die proses van vonnisoplegging en 'n belangrike bydraer tot dispariteit in vonnisse, is die gebrek aan voldoende inligting en data om 'n vonnisbesluit te ondersteun. Ten spyte daarvan dat dit algemeen aanvaar word dat daar 'n behoefte aan sodanige inligting bestaan, en dat daar selfs volgens die Canadian Sentencing Commission (1987:473) wêreldwyd wel 'n paar pogings aangewend is om 'n behoorlike inligtingstelsel te ontwerp en te organiseer, sê die kommissie: "... the sorry state of the prevailing situation clearly demonstrates the need for ... the establishment and maintenance of an adequate information system." Wat in Kanada bevind is, geld eweneens vir Suid-Afrika.

Dit is vir die gemeenskap van primêre belang dat geregtigheid geskied en dat die "... gebelgdheid... afkeuring... veroordeling ... of

verontwaardiging van die gemeenskap" waarna die Viljoen-kommissie (1976:62) verwys, nie die enigste regverdiging vir die oplegging van straf is nie. Geregtigheid kan slegs geskied wanneer straf op 'n regverdige wyse uitgemeet word. Dit kan slegs gebeur wanneer leemtes ten opsigte van volledige inligting rakende die oortreder sowel as die misdaadveroorsakende faktore voor die hof gelê word. Sulke faktore word selde voor skuldigbevinding geopper en behoort in elk geval deur 'n deskundige vir die hof geïnterpreteer en in perspektief gestel te word. Dit is in hierdie verband dat die kriminoloog, wie se kundigheid oor die misdaadverskynsel handel, 'n belangrike taak kan vervul.

1.3 KRIMINOLOGIESE RELEVANSIE

Cloete (Cloete & Stevens, 1990:21) poneer dat 'n oorsig van die vakwetenskaplike literatuur 'n breë ooreenstemming onder kriminoloë toon, dat die misdaadverskynsel in sy totaliteit die studieveld van die kriminologie vorm en dat dit die bestudering van misdaad, die misdadiger, die slagoffer en die kriminele regspleging insluit. Die kriminele regspleging is tradisioneel 'n integrale deel van die kriminologiese studieveld. Die vraag kan tereg gevra word in watter aspekte van die kriminele regspleging stel die kriminologie belang? Volgens Cloete (1990:32) bestaan daar geen twyfel nie dat die kriminoloog nie in die eng betekenis van die strafregspleging belangstel nie, maar wel in die ruim betekenis. Derhalwe word daar aandag geskenk aan sekere fasette van die hofproses. Dit is nie die evaluering van die regsbeginsels en prosesreg per se wat in die belangstellingveld lê nie, maar veel eerder meer persoonsgerigte aspekte in die verloop van hofverrigtinge en vonnisoplegging. Vir die kriminoloog gaan dit hier hoofsaaklik om die misdadiger as mens en word besin oor die grondslae van straf, die problematiek van geïndividualiseerde straftoemeting, die gevolge van straf vir die oortreder en 'n verskeidenheid aanverwante vraagstukke. Die daaropvolgende proses van gevangesetting, wat aspekte soos behandeling, rehabilitasie en vrylating van die gevangene insluit, lê ook binne die terrein wat bestudeer word. Dit

is dan juis in voorafgenoemde verband dat 'n ondersoek van hierdie aard 'n relevante bydrae tot die kriminologie kan maak.

By die Universiteit van Pretoria en meeste ander Suid-Afrikaanse universiteite word al hierdie aspekte binne die vak kriminologie aangebied. Die Universiteit van Suid-Afrika het die dissiplines Polisie-kunde, Kriminologie en Penologie as subdepartemente binne sy oorkoepelende Departement Kriminologie ingestel (sien par. 8.4.1 & 8.4.2). Die kriminologiese dissipline spits hom primêr op misdaadetiologie en die slagoffer toe, terwyl die penologie op straf en die behandeling van die oortreder konsentreer. Aangesien die misdadiger se optrede en die gemeenskap se reaksie daarop van mekaar onderskei, maar nie totaal geskei kan word nie, word al die aspekte vir die doeleindes van hierdie navorsingsverslag onder die begrip kriminologie hanteer (sien verder in dié verband par. 1.8.8).

In Suid-Afrika ontstaan daar 'n geleidelike erkenning van die belangrikheid van voorvonnis-evaluering. Die Wet op Proefdienste, wet 98 van 1986, maak byvoorbeeld voorsiening vir voorvonnisevalueringskomitees. (Die Wet op Proefdienste (Volksraad) 1986 (wet 98 van 1986) word in geheel deur 'n nuwe algemene wet, soos vervat in die Wetsontwerp op Proefdienste, vervang). Die 1986-wet bepaal, onder andere, dat die minister soveel voorvonnis-evalueringskomitees kan instel as wat hy nodig ag, ten einde proefbeamptes te adviseer oor aanbevelings aan 'n hof aangaande moontlike wyses waarop met iemand wat vonnis afgewag, gehandel kan word. Navorsers dien self in so 'n voorvonnisevalueringskomitee te Germiston en, sover vasgestel kan word, dien daar kriminoloë in voorvonnisevalueringskomitees in enkele ander sentra, byvoorbeeld in Durban en Pretoria. 'n Doelwit van hierdie komitees is aanbevelings aangaande die individualisering van vonnisse. Dit word egter betwyfel of hierdie indirekte aanwending van hulle kundigheid, die beste wyse is waarop kriminoloë 'n bydrae tot regverdige vonnisoplegging kan lewer.

Die Kriminologiese Vereniging van Suider-Afrika (KRIMSA) het gedurende 1991 'n weeklange kursus by UNISA vir kriminoloë aangebied om hulle op

deskundige getuienislewering voor te berei. Die Departement Kriminologie van die Universiteit van Pretoria bied gedurende 1992 'n kursus oor deskundige getuienislewering vir die dosente aan. Die eerste erkenning vanuit die geledere van ander professies (behalwe regspraak) ten opsigte van die belangrike rol wat 'n kriminoloog by vonnisoplegging kan speel, het vanaf die Sielkunde Vereniging van Suid-Afrika gekom wat navorser en haar vennoot genooi het om die Internasionale Sielkunde Kongres gedurende Oktober 1991 oor die onderwerp toe te spreek.

Dit blyk dus dat forensiese kriminoloë wel 'n rol kan speel in die strafhofkomponent van die kriminele regsplegingsstelsel. Die Straatfeild-verslag (Home Office, 1961) wys egter daarop dat daar, in besondere gevalle, 'n konflik van belange mag voorkom: "... on what basis is the offender to be sentenced? How is the conflict between 'tariff' and individualisation to be resolved?" Ook Thomas (1979:455) spreek hom uit oor hierdie probleem. Volgens hom beteken die aanvaarding van individualisering nie die uitskakeling van tarief nie. Die ouer orde, wat hoofsaaklik op die beginsels van vergelding en algemene afskrikking gebaseer is, bestaan parallel tot die nuwer patroon van individualisering. Die gevolg is, in effek, 'n dualistiese stelsel van vonnisoplegging en die primêre beslissing van die strafoplegger is om, in 'n besondere geval, te besluit aan watter kant van die stelsel die beslissing moet val: moet individualiseringsmaatreëls geld of is 'n beslissing op die tarief-basis meer belangrik? Sodra hierdie primêre besluit geneem is, volg 'n sekondêre besluit - wáár op die tariefskaal moet die straf geplaas word, of presies watter individualiseringsmaatreël moet toegepas word?

Daar bestaan klaarblyklik geen eenvoudige antwoord op dié vraag nie, maar talle skrywers (Rawson, 1984; Krugel & Terblanche, 1990; Rabie & Strauss, 1985) dui die noodsaaklikheid aan dat die oortreder se strafwaardigheid (gemeet aan die feite van die oortreding en die oortreder se rekord) sowel as die inagnome van sy sosiale en gesinsagtergrond, 'n belangrike riglyn moet bied. Al hierdie faktore speel 'n belangrike rol in die hof se bepaling van 'n geskikte straf en enige een van hierdie faktore kan 'n beslissende rol in die primêre besluitneming

speel. Daar bestaan aanduidings dat die kriminoloog 'n bydrae tot vonnisoplegging kan maak.

Die gebruik van houe om deskundige getuies - mense wat deur studie en/of ervaring 'n deskundige opinie oor vraagstukke kan uitspreek - in te roep is nie 'n moderne verskynsel nie. Volgens die Romeinse Reg kon mense wat hulle as artis periti (kundiges) onderskei het, deur die iudex (regter) geroep word om ingewikkelde vraagstukke of verskynsels te verklaar. Reeds in 1532 het Karel V 'n kriminele kode geformuleer wat formeel verklaar het dat deskundige mediese getuienis ingeroep moes word in alle sake waar daar 'n vermoede van moord bestaan het. Hendrik IV van Frankryk het in 1606 opdrag gegee dat daar in elke stad en belangrike dorp twee geneeshere vir die houe beskikbaar moet wees om alle verwonde of vermoorde persone te ondersoek en oor hulle bevindings te kom getuig (Rogers, 1983:3).

In 1553 sê regter Saunders (Cross & Tapper, 1990:493) in Engeland:
 "If matters arise in our law which concern other sciences or faculties, we commonly apply for the aid of that science or faculty which it concerns, which is an honourable and commendable thing in our law, for thereby it appears that we don't despise all other sciences but our own, but we approve of them, and encourage them as worthy of commendation."

Volgens Cross en Tapper (1990:493) het deskundige getuies hulle moderne rol gedurende die agtiende eeu begin speel toe 'n bekende ingenieur in 1782 toegelaat is om te getuig of die bou van 'n wal na sy mening die toeslik van 'n hawe veroorsaak het. Eweneens is skeepsboumeesters in 1807 toegelaat om te getuig oor die seewaardigheid van 'n boot. In die saak van Beckwith v Sydebotham (1807) het Lord Ellenborough (Cross & Tapper, 1990:493) bevind dat: "Where there was a matter of skill or science to be decided, the jury might be assisted by the opinion of those particularly acquainted with it in their professions or pursuits."

Schmidt (1990:12 tot 22) toon aan dat sedert die invoering van die

Engelse bewys- en prosesreg kort na die tweede Britse oorname van die Kaap in 1806, ons formele reg sy inkwisoriese karakter verloor het en ingeskakel het by die akkusatoriese aard van die Anglo-Amerikaanse reg. Na Uniewording in 1910 en Republiekwording in 1961 het die Engelse formele reg onder bepaalde omstandighede steeds deel van die Suid-Afrikaanse reg gebly - behalwe waar dit uitdruklik deur wetgewing verander is. O'Dowd (1963:1) bevestig hierdie siening, en beweer ook dat Britse en Amerikaanse teksboeke gereeld in Suid-Afrikaanse howe aangehaal word. Om dié rede kan in hierdie navorsingsverslag na gesaghebbende skrywers in ander lande waar die prosesreg in wese met ons reg ooreenstem, tot die mate wat dit vir die studie in die kriminologie relevant is, verwys word.

Die beskikbaarheid en gebruikmaking van deskundige getuies het in Suid-Afrika gedurende die sewentiger- en tagtigerjare van hierdie eeu eksponensieel toegeneem. Die reëls van deskundige getuienislewering, met die basis reeds in die negentiende eeu gelê, worstel met die nuwe botsings tussen tegnologie, verbeterde geesteswetenskaplike kennis en die reg. Freckelton (1987:3) argumenteer dat dit ironies is dat, terwyl die wetenskap meer antwoorde wat relevant tot hofverrigtinge is as ooit tevore kan bied, daar juis nou probleme in hierdie verband ontstaan: "... there have been many proposals in recent years to exclude evidence of scientific theories and techniques from the trial process on the grounds of their newness and complexity. But the expert is here to stay and the important task for the legal system is to compromise and adapt so that it makes as effective use as possible of the specialist material that can be provided to it."

Die belangrikheid van deskundige opinie moet nie onderskat word nie. Die gemeenskap word gereeld aangemoedig om spesialiste op 'n wye verskeidenheid gebiede te raadpleeg. Die invloed van die deskundige is verreikend en herinner, volgens Freckelton (1987:3), aan die mistieke en kleindorpse wysgere van vorige eeue. Ook op die huidige regsisteme het deskundiges 'n belangrike invloed - 'n bewys daarvan is die groot aantal deskundiges wat deur howe geroep word om verslae in te dien en

om in sake te getuig. Hoewel die inligting wat hulle voorsien 'n beslissende rol ten opsigte van die bepaling van feite en besluite rakende die swaarheid van straf kan speel, is hulle rol in die hof aan die verander, net soos die gemeenskap se houding jeens alle deskundiges op velerlei gebiede aan die verander is. In die verband poneer Freckelton (1987:4): "This has brought the rules of expert evidence into the forefront of legal controversy, and is forcing the legal system to reassess its relationship with other disciplines and to adapt to the community's perceptions of what experts have to offer."

Sedert die Amerikaanse Revolusie volg die howe in die Verenigde State van Amerika (net soos in Suid-Afrika) 'n sisteem van prosedure wat van 'n neutrale en passiewe feitevinder ('n regter of landdros) afhanklik is om dispute op te los op die basis van inligting wat deur strydende partye tydens formele verrigtinge voorgelê word (Landsman, 1984:1). Daar word na hierdie soort dispuutoplossende meganisme as die **adversatiewe sisteem** verwys. Die rol van die forensiese kriminoloog as deskundige getuie in 'n adversatiewe (of akkusatoriese) sisteem is deel van die proses waarin sy getuienis deur die feitevinder opgevolg sal word. In hierdie verband sê Landsman (1984:5): "Since the rough-and-tumble of adversary procedure exacerbates the natural tendency of advocates to seek to win by any means available, the adversary system employs rules of ethics to control the behavior of counsel. To ensure the integrity of the process certain tactics are forbidden, including those designed to harass or to intimidate an opponent as well as those intended to mislead or prejudice the trier of fact. In addition to their prohibitory function, the rules of ethics are designed to promote vigorous adversarial contests by requiring that each attorney zealously represent his client's interests at all times. To ensure zeal, attorneys are required to give their undivided loyalty to their clients."

Volgens Nietzel en Dillehay (1986:5) is toewyding aan die klient, asook pogings om verpersoonlike aandag en die daaropvolgende individualisering van straf te weeg te bring, van die belangrikste redes waarom opdraggewende prokureurs kriminoloë as deskundige getuies sal

roep om bystand in die verdediging van 'n oortreder te verleen. Die adversatiewe regs-lui is daarvoor verantwoordelik "... to represent their clients as zealously as the law allows and are expected to use whatever tactics the rules allow in gaining a victory."

Die adversatiewe sisteem kan, volgens Nietzel en Dillehay (1986:6) vergelyk word met 'n verhoor deur middel van stryd: "... a dramatic duelling of opposing counsel in which the less skillful counsel loses an altogether acceptable outcome according to laissez-fair policy."

In die lig van bogenoemde omstandighede is dit dan die plig van die forensiese kriminoloog wat hierdie 'stryd' betree, om 'n bydrae te lewer dat geregtigheid geskied en nie om moontlik misbruik te word om ten alle koste 'n saak te 'wen' nie. Daarom moet sy optrede te alle tye professioneel wees en eweneens tot beskikking van die vervolging (staatsaanklaer) wees.

Die adversatiewe voer van 'n verhoor illustreer wat dikwels as die belangrikste filosofiese verskil tussen wat geesteswetenskaplikes en regs-lui in hulle onderskeie benaderings tot die soeke na die 'waarheid' van mekaar onderskei, aanvaar word. As 'n wetenskaplike, behoort die kriminoloog se soeke na die waarheid 'n openbare, objektiewe, onpersoonlike ondersoek te behels wat volgens metodes verloop wat deur ander gevolg kan word - 'n ondersoek wat resultate lewer wat deur vooropgestelde standarde bepaal word. Die sosialiseringsproses, wyses van kommunikasie, gesinservarings en gedragsvorme beteken dikwels vir regs-lui iets heeltemal anders as vir kriminoloë. Die adversatiewe sisteem vergroot hierdie verskille. Tog word dit aanvaar dat van die sogenaamde fundamentele verskille tussen die twee dissiplines nie so ingrypend is as wat dit wil voorkom nie.

Die vraag ontstaan noodwendig eerstens, of kriminoloë totaal onvertrou is met adversatiewe benaderings ten opsigte van besluitneming en of, tweedens, hulle 'n benadering wat lojaliteit teenoor 'n kliënt behels, opponeer. In hierdie verband sê Bartol (1983:18): "The adversary model presents problems for empirical psychology, since it not

only concentrates on one particular case at that particular point in time but also encourages lawyers to dabble and choose that segment of psychological information they wish to present in support of their position". Uiteraard geld hierdie opmerking eweseer die forensiese kriminoloog en die kriminologie.

'n Verdere probleem is dat, volgens Nietzel & Dillehay (1986:5):

" ... truth is only reached probalistically". Opvolgende eskperimente in die geesteswetenskappe onderwerp hipoteses en teorieë voortdurend aan verandering. Regslui, aan die ander kant, vereis enkelvoudige antwoorde - byvoorbeeld skuldig teenoor onskuldig - en soek hierdie antwoorde deur middel van rasionele argumente, emosionele beroepe, persoonlike aanvalle en " ... well practiced theatrics and artful persuasion" (Nietzel & Dillehay, 1986:6).

Die forensiese kriminoloog se vertolking van maatskaplike inligting en sy bevindinge ten opsigte van kriminogene aspekte rakende die oortreder is interpretatief en impressionisties. Daarom verskil dit van ander soorte 'harde' data wat die vonnisbesluit beïnvloed. In die Verenigde State van Amerika word, byvoorbeeld, tussen kriminoël en kriminaliste onderskei (Gitchoff, 1990). Die kriminalis maak van natuurwetenskaplike 'wette' (in byvoorbeeld die chemiese ontleding van bloed, semen of hare) wat absoluut van aard is, in sy getuienis gebruik. Daarteenoor steun die kriminoloog, omdat hy met mense werk, op geesteswetenskaplike 'wette', wat hoogstens waarskynlikheidsvoorspellings kan wees.

Die Streatfeild-verslag (Home Office, 1961:259) meen dat inligting soos dit wat deur kriminoël verskaf kan word, nie slegs gebruik behoort te word ten opsigte van versagende omstandighede wat tot 'n ligter vonnis kan lei nie, maar "... it can now influence the sentencer's **primary** decision between punishment and help, between the tariff and an individualised measure". Die aard en belangrikheid van kriminologiese inligting in Suid-Afrikaanse howe het geleidelik, veral sedert die projek van die Johannesburgse Balieraad gedurende 1986 'n aanvang geneem het, begin toeneem. Dit is dus vir die kriminologie

van primêre belang dat die doelstellings, werkswyse en opleiding van Suid-Afrikaanse kriminoloë wat as deskundige getuies gaan optree van naderby ontleed word.

1.4 TEORETIESE RELEVANSIE VAN DIE PROBLEEM

Aangesien wetenskaplike teorie die ondersoek van talle navorsers verteenwoordig en dus die produk is van wetenskaplikes wat beduidende bydraes gemaak het, bied teorie 'n verwysingsraamwerk vir denke en navorsing. 'n Belangrike resultaat van wetenskaplike navorsing is die teorie-uitbouing/ontwikkeling vanuit die bevindings waartoe gekom is. Dit is essensieel om betekenis te gee aan die analise van die verkreeë feite.

Die forensiese kriminoloog as deskundige getuie word deel van die kriminele regsplegingsstelsel en sy rol in die proses kan dus met behulp van 'n sisteembenadering ondersoek word. Teoretisering oor die organisasie-verskynsel deur verskillende dissiplines in die sosiale wetenskappe het inderdaad 'n merkbare invloed op die ontwikkeling van organisatoriese strukture uitgeoefen (Van Heerden & Potgieter, 1981: 30). Die Pretoriase Verkrachtingskrisisdienst is byvoorbeeld as organisatoriese struktuur ontleed (Labuschagne, 1987) en die bevinding word as model vir verkrachtingskrisisdienste deur die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn gebruik. Whisenand en Ferguson (1978: 151) sê dat organisasie-teorieë probleemgesentreerd is, dit wil sê dit is gerig op die mees rasionele konstruksie van menslike groepe waardeer die minimum sydelingse probleme en gevolge andersyds, en die maksimum tevredenheid andersyds, gelyktydig bewerkstellig kan word. Die vasstelling van die beste kombinasie van hierdie doelwitte is dan ook die gemeenskaplike oogmerk van die verskillende organisasie-teorieë.

'n Gebrek aan teorieë wat op 'n vraagstuk soos die forensiese kriminoloog as deskundige getuie toegepas kan word, is vir die kriminoloog 'n

probleem. Volgens Holten en Jones (1982:7) funksioneer enige agent, dit wil sê ook 'n deskundige getuie, binne die grense van 'n breër sisteem - een wat beperkings op sy komponente plaas. Alle wetstoepas-sers, vervolgingsagente, howe, korrektiewe dienste en programme is die komponente, of integrale dele van 'n kriminele regsplegings-sisteem. Die regsprofessie vereis presisie en eksaktheid van sosiale teorieë: 'n onbuigsame oorsaak-gevolg benadering. As 'n toegepaste wetenskap antisipeer die regswetenskap op 'n pragmatiese wyse dat 'n sosiale teorie antwoorde en riglyne ten opsigte van probleme verskaf. Maykowich (1980:39) poneer dat geesteswetenskaplikes hulself, as gevolg van 'n onvermoë om absoluut aan bogenoemde verwagtinge ten opsigte van sosiale teorieë te voldoen, daarvan weerhou om op 'n teoretiese grondslag, organisasies of sisteme te ontleed. Met hierdie ondersoek sal navorser 'n poging aanwend om dié leemte minstens ten opsigte van die rol van die forensiese kriminoloog as deskundige getuie in die hof uit die weg te ruim.

Wanneer die forensiese kriminoloog as deskundige in die hof getuig, is hy 'n akteur (of komponent) in die kriminele regsplegings-sisteem. Volgens Parsons (in Johnson, 1966:52) moet enige sosiale sisteem, in hierdie geval die forensiese kriminoloog as deel van die regsplegings-sisteem, **vier funksionele probleme** oplos indien dit wil bly voortbestaan en aan sy doel wil beantwoord, naamlik **doelbereiking; aanpassing; integrasie** en laastens, **patroonhandhawing en spanningsbeheer**.

Navorser sal poog om hierdie paradigma van Parsons vir die ontleding van sisteme as riglyn vir die beskrywing en evaluering van die rol wat forensiese kriminoloë as deskundige getuies in Suid-Afrikaanse straf-howe speel, te gebruik.

1.5 METODOLOGIESE PROBLEME BY DIE ONDERSOEK

In die Verenigde State van Amerika word kriminoloë lank reeds as deskundige getuies gebruik. Volgens Gitchoff (1990:445) neem hierdie

gebruik, onder andere vanweë die swaar werkslading van proefbeamptes, toe. Die Canadian Sentencing Commission (1987:440) dui ook 'n behoefte aan gespesialiseerde hulp ten opsigte van die beheer en koördinerende van vonnisoplegging en die rol wat kriminoloë daarin kan speel, aan. In Suid-Afrika is die gebruik van forensiese kriminoloë egter nog beperk en 'n relatief nuwe verskynsel. Sover navorser kon vaststel, bestaan daar geen Suid-Afrikaanse akademiese bronne oor die onderwerp van die rol van die kriminoloog in besonder by vonnisoplegging in Suid-Afrikaanse strafhove nie en daar is min verslae of dokumente in hierdie verband wat vir navorsingsdoeleindes gebruik kan word. Die kriminologie het daarby ook in die afgelope vyftien jaar dermate ontwikkel dat forensiese kriminoloë 'n groter rol by strafoplegging kan speel as wat selfs in die gesaghebbende Viljoenkommissie-verslag in die vooruitsig gestel is. Ten tye van die skryf van die Viljoenkommissie-verslag het forensiese kriminoloë nog nie bestaan nie, en is funksies wat tans op 'n meer gespesialiseerde wyse deur hulle uitgevoer word, nog aan maatskaplike werkers of proefbeamptes opgedra (Viljoen 1976:103 en 120).

Daar bestaan dus 'n leemte in relevante wetenskaplike navorsing en navorser sal, waar toepaslik, gebruik moet maak van beskikbare buitelandse literatuur, of van literatuur oor aanverwante geesteswetenskaplikes soos sielkundiges, proefbeamptes en sosioloë wat as deskundige getuies in strafhove in Suid-Afrika en ander lande optree.

In hierdie ondersoek, wat spesifiek betrekking op Suid-Afrikaanse kriminoloë het, het navorser toegang tot die dokumente wat betrekking het op kriminologiese getuies wat hier te lande afgelê is. Soos reeds vermeld, stel navorser reeds sedert 1986 kriminologiese agtergrondverslae vir regspraktisyns en houe op en lewer deskundige getuies in strafsake. Alle dokumente en inligting wat op daardie werk betrekking het is uiteraard in die rekords van die houe beskikbaar, maar afleidings van 'n algemene aard sal nie altyd gemaak kan word nie, aangesien navorser nie as verteenwoordigend van alle kriminoloë in Suid-Afrika beskou kan word nie.

'n Verdere metodologiese probleem wat ontstaan het, het betrekking op die beskikbaarheid van oorkondes ten opsigte van dié verhore waarin navorser opgetree het. Die oorkondes is meesal op band en word deur die howe as rekord van die verrigtinge in elke saak bewaar. Die oorspronklike oorkonde is nie vir die publiek beskikbaar nie, maar sal op aanvraag en teen betaling vir so 'n belangstellende oorgetik word. Om kopieë van sodanige verslae te verkry, is tydrowend en duur. Die opdraggewende prokureurs hou, vanweë die kostes daaraan verbonde, nie hierdie rekords op lêer nie en vra dit slegs van die hof aan wanneer daar appél teen die vonnis aangeteken word. In drie van die sake waarby die forensiese kriminoël betrokke was, is appél aangeteken. Daardie rekords is ter beskikking van navorser gestel en sal, waar relevant, gebruik word. Navorser het die vonnisuitsprake van die voorsittende beamptes van twee verhore aangevra, maar dit is na verloop van agtien maande, vanweë redes wat nie aan navorser bekend is nie, steeds nie beskikbaar nie.

Die problematiek van hierdie ondersoek is om geskikte prosedures en tegnieke te vind waarmee die forensiese kriminoël as deskundige getuie in Suid-Afrika beskryf en evalueer kan word. Hoewel die werksaamhede van navorser noukeurig beskryf en ontleed kan word, is daar nog geen ander kriminoël wat soortgelyke dienste op 'n gereelde en georganiseerde basis bied nie, en kan daar dus nie vergelykings getref word nie. Waar daar na voorbeelde van hofsake waarin navorser opgetree het verwys word, is die aangeleentheid met groot omsigtigheid hanteer vanweë navorser se persoonlike betrokkenheid by die sake.

Verder het dit geblyk dat daar nie, ten opsigte van ondervragingsonderhoude, van 'n kontrolegroep gebruik gemaak kan word nie, om die volgende rede: regspraktisyns wat in hofsake waarin die forensiese kriminoël getuie is gelewer het, was wel vanweë blootstelling aan sodanige getuie, daartoe in staat om die vrae te beantwoord. Lede van die kriminele regsplegingsstelsel wat geen ervaring met betrekking tot sodanige getuie het nie, dra egter geen kennis van die moontlikhede wat sodanige getuie kan bied nie en kan dus nie 'n geldige mening uitspreek nie. Hulle kan dus nie as kontrolegroep gebruik word nie.

1.6 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek hou verband met die samelewingsrelevante, teoretiese en metodologiese probleme van die ondersoek wat reeds vermeld is, en die doel van die ondersoek is dan

- 1.6.1 om vas te stel wat die filosofiese fundering van die verantwoordelikheid van die oortreders is ten einde vonnisoplegging op etiese gronde te regverdig;
- 1.6.2 om te bepaal watter waarde die getuienis van die forensiese kriminoloog vir die vonnisoplegger in die strafhofsisteem het;
- 1.6.3 om te bepaal of die forensiese kriminoloog deur middel van deskundige getuienislewering voldoen aan die verwagtinge wat aan hom gestel word;
- 1.6.4 om te bepaal wat die aard van die forensiese kriminoloog se getuienis by die bepaling van die oortreder se morele blaamwaardigheid behoort te wees;
- 1.6.5 om te bepaal op welke wyse die forensiese kriminoloog sy getuienis aan die hof moet voorlê ten einde op die beste wyse by te dra dat geregtigheid teenoor al die betrokke partye geskied;
- 1.6.6 om na aanleiding van die bevindings voorstelle aan die hand te doen oor aspekte soos die verbetering van die opleiding van forensiese kriminoë;
- 1.6.7 om norme vir die professionalisering van forensiese kriminoë te bepaal; en
- 1.6.8 om aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing oor hierdie onderwerp te maak.

165 7997

1.7 HIPOTEESES

Ingevolge Parsons se vierfunksie-paradigma moet 'n sisteem, om te kan bestaan en te bly voortbestaan, aan die imperatiewe van aanpassing, doelbereiking, integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer voldoen. In hierdie ondersoek word as hipoteses gestel dat

- 1.7.1 wanneer duidelike doelwitte deur forensiese kriminoloë wat deskundige getuienis voor vonnisoplegging lewer, geformuleer is, sal aan Parsons se doelbereikingsimperatief voldoen word;
- 1.7.2 wanneer die funksies wat die forensiese kriminoloog verrig met dié van die ander akteurs binne die geordende sisteem geïntegreer kan word ten einde die sisteem beter te laat funksioneer, sal aan Parsons se integrasie-imperatief voldoen word;
- 1.7.3 wanneer forensiese kriminoloë aan die behoeftes van die ander akteurs in die Suid-Afrikaanse strafhofsisteem voldoen, sal aan Parsons se aanpassingsimperatief voldoen word;
- 1.7.4 wanneer norme gedefinieer is wat aan die eise van deskundige getuienislewering deur forensiese kriminoloë in die hofsisteem voldoen, sal aan Parsons se imperatief van latentheid (wat patroonhandhawing en spanningsbeheer insluit) voldoen word.

1.8 BEGRIPSBEPALING

Met die oog op hierdie ondersoek word die volgende begrippe (in alfabetiese volgorde) omskryf:

1.8.1 ADVERSATIEWE SISTEEM

Die adversatiewe proses moet nie as 'n enkel tegniek of versameling van tegnieke beskou word nie, maar dit is 'n gelykvormige konsep wat deur die gebruik van 'n aantal onderling verbonde prosedures, wat elkeen van werklike belang vir die sisteem as 'n geheel is, funksioneer. Die sentrale grondbeginsel van die adversatiewe sisteem is, volgens Landsman (1984:2), dat daar 'n skerp botsing van bewyse voorkom wat deur opponerende partye in 'n hoogs gestruktureerde forensiese omgewing voorgelê word. Daarom is dit die mees waarskynlike dat 'n neutrale en passiewe besluitnemer die voorgelegde inligting sal kan gebruik om tot 'n oplossing van die litigeerde dispuut te kom wat aanvaarbaar vir beide partye sowel as die gemeenskap sal wees. Schmidt (1990:13) poneer dat die adversatiewe stelsel, sover dit die bewysreg aangaan, deur die passiewe rol wat die regter speel wat die oproep en ondervraging van getuies betref, gekenmerk word. Hy is as't ware slegs skeidsregter en beoordelaar. Tog gee die Strafproseswet, wet 51 van 1977, aan 'n regter die bevoegdheid om op enige stadium in die verhoor iemand as getuie te dagvaar of te laat dagvaar. Hierdie inkwisoriese wending in die Suid-Afrikaanse bewysreg is klaarblyklik bedoel om die regter, met die oog daarop dat geregtigheid geskied, vry te maak van 'n ongewenste beperking wat die akkusatoriese (adversatiewe) stelsel op hom plaas.

Hierdie formulering is voordelig in die sin dat dit nie net die oor-koepelende adversatiewe sisteem-konsep uitdruk nie, maar ook omdat dit die metode wat gebruik gaan word in beoordeling (die skerp botsing van bewyse deur opponerende partye in 'n hoogs gestruktureerde forensiese omgewing) identifiseer; die akteurs wat essensieel tot die proses is, (twee opponerende partye en die besluitnemer) uitken; die aard van hulle funksies (die voorlegging van bewyse en die beoordeling van dispute respektiewelik) uitlig; en ook die doelwit van die hele poging (die oplossing van dispute) op so 'n wyse aandui dat dit vir alle partye en die gemeenskap aanvaarbaar sal wees.

Hierdie omskrywing van die adversatiewe sisteem slaag egter nie daarin om van die belangrikste beginsels en praktyke wat inherent tot die adversatiewe metodologie is, aan te dui nie. Die kernelemente in die sisteem - naamlik die gebruikmaking van 'n neutrale en passiewe feitevinder; steun op die voorlegging van getuienis; en die gebruik van hoogs gestruktureerde forensiese prosedures - moet meer volledig bespreek word om 'n akkurate beskrywing te gee. Die addisionele inligting is van besondere belang by die bepaling van die waarde en tekortkominge van die adversatiewe sisteem (in teenstelling met die inkwisitore sisteem). Hierdie ondersoek is nie 'n in diepte regs wetenskaplike studie van die adversatiewe sisteem of die voor- en nadele daarvan spesifiek nie, maar ondersoek die rol van die forensiese kriminoloog binne die geldende Suid-Afrikaanse adversatiewe strafregspiegingsisteem.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word Landsman (1984:2) se definisie dus aanvaar: " ... (dat) uit die skerp botsing van bewyse wat deur die opponerende partye in 'n hoogs gestruktureerde forensiese omgewing voorgelê word, 'n neutrale en passiewe besluitnemer in die adversatiewe sisteem die voorgelegde inligting sal kan gebruik om tot 'n oplossing van die litigeerde dispuut te kom wat aanvaarbaar vir beide partye sowel as die gemeenskap sal wees."

1.8.2 DESKUNDIGE GETUIE

Deskundige getuie word, wanneer die begrip in hierdie verslag gebruik word, omskryf as 'n persoon wat nie noodwendig 'n getuie van die tersaaklike misdaad was nie, maar wat vanweë sy besondere relevante kennis, opleiding, ervaring en vaardighede, 'n bydrae kan maak tot die volledigheid van die inligting wat die vonnisoplegger tot sy beskikking het alvorens 'n vonnis uitgespreek of 'n straf opgelê word. (Sien verder in hierdie verband para. 6.11 tot 6.13).

1.8.3 **DESKUNDIGE OPINIE**

Deskundige opinie is getuienis deur 'n persoon wat oor spesiale kennis oor die onderwerp asook relevante vaardighede beskik. Die getuienis is toelaatbaar op die grond daarvan dat die hof nie daartoe in staat is om sonder die deskundige opinie behoorlike afleidings te maak of 'n behoorlike mening oor 'n betrokke aangeleentheid te vorm nie. Die gegewens waarop die opinie berus moet voor die hof gelê word. Dit is nie net die blote opinie van die getuie wat deurslaggewend is nie, maar die redes waarop hy die opinie baseer, moet vanweë spesiale vaardighede, opleiding en ervaring vir die hof aanvaarbaar wees. Die opinie van die deskundige kan slegs vir die hof van nut wees indien dit behoorlik gemotiveer is en genoegsame feite verskaf sodat dit deur die hof geëvalueer kan word. Die hof moet ook oortuig wees dat 'n getuie bevoeg is om as deskundige oor die betrokke onderwerp te spreek. Dit bly egter in die laaste instansie die hof se prerogatief om te besluit of 'n opinie, selfs van 'n deskundige, 'n juiste opinie is (Schmidt, 1990:439; S v Gouws 1967 4SA 527 OK).

1.8.4 **FORENSIESE KRIMINOLOOG**

Om die rol van kriminoël wat deskundige getuienis in houe lewer van die kriminoël wat nie hierdie rol vervul nie, te onderskei, sal die begrip forensiese kriminoël in hierdie verslag gebruik word om diegene aan te dui wat in die houe optree.

1.8.5 **GEMEENSKAPSDIENS**

In art. 297(1) (a) (cc) van die Strafproseswet, wet 51 van 1977, word gemeenskapsdiens omskryf as die verrigting sonder vergoeding en buite die gevangenis, van een of ander diens tot voordeel van die gemeenskap, onder toesig of beheer van 'n organisasie, instelling of persoon

wat na die oordeel van die hof die belange van die gemeenskap bevorder. Hierdie omskrywing word deur ondersoeker as sulks aanvaar.

1.8.6 GETUIENIS

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek beteken getuienis met betrekking tot vonnis die volgende, naamlik:

Nadat 'n persoon aan 'n misdaad skuldig bevind is en sy vorige veroordelings erken/bewys is, of nadat die aanklaer die hof meegedeel het dat die beskuldigde geen vorige veroordelings het nie, kan die verhoorhof, alvorens hy vonnis oplê, die getuienis aanhoor wat hy goed vind ten einde tot 'n gepaste straf te kom (Du Toit, 1981:137). Die verhoorhof het die bevoegdheid om self getuies te roep om getuienis met betrekking tot vonnis af te lê (soos byvoorbeeld 'n kriminoloog, 'n sielkundige of proefbeampte) of die staat en die verdediging kan toegelaat word om getuienis aan te voer. Normaalweg sal die verteenwoordiger van die staat of die verdediging aandui dat hulle wens om getuienis met betrekking tot vonnis aan te bied, en so 'n versoek sal nooit deur die verhoorhof geweier word nie, behalwe waar die hof van mening is dat die getuienis wat die betrokke party wil aanbied, onbelangrik of irrelevant is (Du Toit, 1981:138). Selfs waar die relevansie van die getuienis egter bevraagteken kan word, sal die verhoorhof selde 'n party die geleentheid ontsê om getuienis met betrekking tot vonnis aan te bied. Net soos op die stadium toe die meriete van die saak beoordeel is, moet beide partye tot 'n strafsak die geleentheid gebied word om relevante feite voor die hof te lê (S v Bresler 1967 2 SA 451 (A); R v Shuba 1958 3 SA 844 (K); S v Booyen en 'n ander 1974 1 SA 333 (K)) en selfs feite wat gedurende die verhoor van die meriete ontoelaatbaar was, mag op hierdie stadium voorgelê word. Feite ter versagting of verswaring van vonnis behoort by wyse van getuienis onder eed voor die hof geplaas te word. Die staat of die verdediging, soos die geval mag wees, mag dan so 'n getuie kruisondervra.

1.8.7 GETUIENIS TER STRAFVERSAGTING

Die regsverteenvoordiger van die beskuldigde (verdediging) sal gewoonlik aandui dat hy getuienis ter versagting van vonnis wil aanbied. Net soos tydens die meriete van die saak, sal die getuie die getuiebank binnegaan, die eed neem en getuienis in hof aflê. Na aflegging van getuienis in 'n hof sal die aanklaer die geleentheid gebied word om die getuie onder kruisverhoor te neem, waarna herondervraging deur die verdediging toegelaat word (Du Toit, 1981:140). Ten einde die gang van sake te bespoedig, kan die kriminoloog, alvorens getuienis viva voce (mondelings) afgelê word, afskrifte van sy verslag vooraf by die hof indien (afskrifte word aan die aanklaer en die vonnisoplegger, die opdraggewende prokureur, die advokaat vir die verdediging en die oortreder oorhandig).

Versuim deur die verhoorhof om die beskuldigde die geleentheid te bied om getuienis ter strafversagting aan te bied, of om die hof met betrekking tot die aangeleentheid toe te spreek of te laat toespreek, sal normaalweg 'n onreëlmatigheid daarstel wat tot tersydestelling van die vonnis sal lei. Die verdediging is by magte om deskundige getuienis ter strafversagting aan te bied (soos byvoorbeeld die getuienis van 'n forensiese kriminoloog). Deskundige getuienis moet met die betrokke beskuldigde en misdryf in verband gebring word ten einde meer gewig te dra. Sodanige getuienis moet nie algemene getuienis wees wat in die lug hang nie - dit sal vir die verhoorhof nutteloos wees wanneer vonnis vir die beskuldigde en die misdryf waaraan hy skuldig bevind is, oorweeg moet word. Getuienis ter strafversagting moet dus nie alleen verband hou met die betrokke beskuldigde, sy agtergrond en persoonlike omstandighede nie, maar dit moet ook in verband gebring word met die feite van die saak. Dit beteken dat dié feite wat die hof as bewese in sy uitspraak op die meriete van die saak bevind het, voor oë gehou moet word wanneer getuienis ter versagting van vonnis aangebied word. Deskundige getuies behoort, volgens Du Toit (1981:142), volkome op hoogte gebring te word van die feite van die saak en hulle getuienis moet met die bevindinge van die verhoorhof saamhang om vir

die verhoorhof van waarde te wees. Getuienis ter versagting behoort sonder om langdradig te wees, volledig aangebied te word. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat 'n soort vonnis aan die hand gedoen mag word, maar dat die vonnis binne die uitsluitlike diskresie van die verhoorhof val. Du Toit (1981:142) poneer dat dit onbehoorlik vir 'n deskundige getuie is om 'n getal maande gevangenisstraf of 'n bepaalde boete voor te stel.

In hierdie ondersoek word die volgende definisie van omskrywing ter strafversagting gebruik, naamlik:

Dit is getuienis namens die beskuldigde wat, na die afneem van die eed, viva voce gelewer word en persoonlik onder kruisverhoor deur die deskundige verdedig word. Alvorens 'n deskundige ter strafversagting getuig, moet hy volkome op hoogte van die feite van die saak wees. Die getuienis moet dus verband hou met die betrokke beskuldigde asook relevant wees tot die feite van die saak. Die versagte feite wat die deskundige voorlê moet die hof kan bystaan in sy besluitneming om 'n gepaste, geïndividualiseerde straf op te lê.

1.8.8 GETUIENIS TER STRAFVERSWARING

Die aanklaer kan, in gepaste gevalle, getuienis ter verswaring van straf aanbied of tydens sy argument die hof se aandag op verswarende faktore of feite vestig. Getuienis ter strafverswaring het normaalweg ten doel die plasing van feite of faktore voor die verhoorhof wat betrekking het op 'n gepaste vonnis. Dit raak oor die algemeen daardie faktore wat tot 'n swaarder vonnis behoort te lei, nie bloot ter wille van 'n swaarder vonnis nie, maar omdat sodanige swaarder vonnis die gepaste vonnis onder die omstandighede sal wees. Die staat kan deskundige getuies oor die beginsels en doelstellings van straf betreffende vonnisoplegging roep en daar moet nie gehuiwer word om strafverswarende faktore wat sou bestaan onder die aandag van die verhoorhof te bring nie. Getuienis ter strafverswaring moet, net soos

getuienis by strafversagting, onder eed afgelê word en die wyse van aanbieding van strafverswarende getuienis is dieselfde as dié by getuienis ter versagting van straf.

1.8.9 KLIËNT

Hoewel dit normaalweg in praktyk die verdediging is wat die deskundige hulp van forensiese kriminoloë inroep, is dit eweneens moontlik dat die vervolging dieselfde optrede kan volg om byvoorbeeld die erns van die misdaad of bepaalde gevolge van die pleeg daarvan wat op 'n bepaalde soort straf dui, onder die aandag van die hof te bring.

In hierdie ondersoek word die begrip kliënt gebruik wanneer daar verwys word na die oortreder wat na die forensiese kriminoloë verwys word vir 'n kriminologiese agtergrondverslag.

1.8.10 KRIMINOLOGIE

Kriminologie is die wetenskap wat 'n sisteem van kennis opbou rondom die beheer van misdaad as maatskaplike verskynsel: aanwending van wetenskaplike metodes in die bestudering van reëlmatighede, uniformiteite, patrone en oorsaaklike verwantskappe betreffende misdaad, misdadigers of misdadige gedrag met die oog op (beter) behandeling en beheer. In die kriminologie bestaan verskeie spesialisingsgebiede waarvan fundamentele kriminologie, penologie kriminalistiek en psigo-kriminologie die mees toepaslike vir hierdie ondersoek is. By die Universiteit van Suid-Afrika word penologie as afsonderlike dissipline aangebied, maar vir die doeleindes van hierdie ondersoek word penologie onder die breër begrip kriminologie ingesluit.

Daar bestaan wyd uiteenlopende standpunte oor hoe die misdaadbegrip

omskryf en benader moet word, watter fasette van die misdaadverskynsel deur die kriminologie bestudeer moet word en ook hoe die studieveld daarvan as geheel benader moet word. Hierdie siening is nie net op internasionale vlak (Brown, Esbesen & Geis, 1991: 1 e.v.) waarneembaar nie, maar ook in die akademiese beoefening van die dissipline in Suid-Afrika (Cloete, 1990:21).

Volgens Louw, Van Heerden en Smith (1978:X e.v.) is misdaad, juridies gedefinieer, die hoofkennissisteem van die vak. Die kriminologie as wetenskap bestudeer die misdaadverskynsel in sy variërende kompleksiteit en verskeidenheid ten einde tot groter insig te kom oor die voorkoming, behandeling en beheer daarvan. Hierdie navorsers poneer dat die kriminologie belang het by die reaksie van die gemeenskap in die vorm van beregting en bestrawwing, en dat dit gerig is op die etiologiese verklaring van die misdaadverskynsel. Die studieveld bestaan dus uit 'n suiwer of teoretiese sowel as 'n toegepaste gedeelte. Eersgenoemde verskaf die basiese teoretiese kennis oor die aard en verklaring van die veelvoudige misdaadverskynsel aan die toegepaste gedeelte wat daarop voortbou. In breë trekke is Louw *et al.* (1978) se standpunt dat die kriminologie gemoeid is met 'n sisteem van kennis oor juridies verbode gedrag ter beskerming en handhawing van die maatskaplike orde.

Louw, Van Heerden en Smith (1978:43) definieer 'n kriminoloog as " 'n persoon wat akademies opgelei is in die kriminologie, wie se professionele rol voltyds toegewy is aan die wetenskaplike benadering tot en bestudering van die misdaadverskynsel en misdadige gedrag."

Hierdie definisie maak nie uitdruklik voorsiening vir persone wat hulle kriminologiese kennis in die praktyk toepas nie. Net soos wat 'n regsgeleerde wat in die hof praktiseer, maar nie - in die enger sin van die woord - meer voltyds studeer nie, steeds as regsgeleerde gesien word, kan 'n kriminoloog wat sy verworwe kennis toepas, ook steeds as kriminoloog gereken word.

Waar die Amerikaanse literatuur (Gitchoff, 1990) 'n fyner onderskeiding tussen verskillende soorte kriminoloë begin tref, is dit sinvol om daardie onderskeid ook in Suid-Afrika in te voer. Vir die doeleindes van hierdie studie word persone wat hulle in die kriminalistiek verdiep het, nie by die begrip kriminologie ingesluit nie, aangesien hulle bydrae op 'n ander gebied van die kriminele regspleging lê en staan hulle eerder as kriminaliste bekend.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word 'n kriminoloog dus gesien as 'n persoon wat akademies opgelei is in die kriminologie, wie se professionele rol voltyds toegewys is aan die wetenskaplike benadering tot en bestudering van die misdadaverskynsel en misdadige gedrag of wat hulle verworwe kriminologiese kennis professioneel in die praktyk toepas, maar sluit nie kriminaliste in nie.

1.8.11 KRIMINELE REGSPLEGINGSISTEEM

'n Sisteem bestaan uit 'n aantal dele wat in onderlinge interaksie met mekaar funksioneer om dieselfde resultaat te bereik, dieselfde doelwitte het en sekere funksies vervul. Die kenmerke van 'n kriminele regsplegingsisteem is, vir hierdie ondersoek, soos volg: die sisteem het uitkenbare komponente (die Suid-Afrikaanse Polisie, die strafhowe wat alle akteurs wat daar optree insluit, asook die Departement Korrektiewe Dienste); elke sisteem beskik oor 'n uitkenbare geheel (een sisteem kan van 'n ander onderskei word); die komponente van die sisteem is interafhanklik (een komponent kan nie sonder die ander funksioneer nie). Elke sisteem funksioneer binne 'n bepaalde omgewing; vir elke sisteem is daar twee insette (inputs), naamlik eise ten opsigte van verwagtinge en ondersteunings, en uitsette (dit wat die sisteem produseer). Elke sisteem beskik verder oor terugvoer ná uitset (hierdie reaksie bring deur middel van insette vernuwing na die sisteem) (Holten & Jones, 1982: p.8 e.v).

1.8.12 MISDAAD

Die begrip misdaad word deur verskillende navorsers omskryf. De Wet en Swanepoel (1960:2) omskryf dit soos volg: "Misdad is 'n handeling wat op straf verbied is, en straf is 'n leed wat die pleger van 'n misdaad van staatsweë toegevoeg word, omdat hy die misdaad gepleeg het."

Volgens Labuschagne (1966:64) is die juridiese vereistes vir misdaad 'n handeling, wederregtelikheid, skuld, en 'n strafbedreiging. Hy omskryf misdaad, in die juridiese sin, as "'n wederregtelike menslike gedraging waaraan die dader skuld het en wat met straf bedreig word". Hierdie definisie word deur navorsers vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar.

1.8.13 SOSIALE BEHEER

Verskeie skrywers behandel die begrip sosiale beheer, maar daar is nie eenstemmigheid onder hulle oor wat die begrip presies beteken nie. Naser, Cilliers en Swart (1990:14 e.v.) haal die definisies van navorsers soos Ross, Sumner en Cooley aan en meen dat, hoewel die begrip deur die jare basies dieselfde gebly het, verskillende skrywers die klem telkens op 'n ander aspek laat val het. Vir die doeleindes van hierdie verslag word die omskrywing van Naser et al (1990:18) aanvaar, naamlik dat sosiale beheer "... daardie proses (is) wat gerig is op die teweegbring van konformering met 'n norm".

1.8.14 VONNIS/STRAF

Volgens Krugel en Terblanche (1990:103) het die vonnisoplegger 'n wye diskresie by straftoemeting, wat hy nie arbitrêr kan uitoefen nie. In

die eerste plek moet hy die inhoud van sy ampseed voor oë hou: om ooreenkomstig die heersende reg en gebruike en getrou aan sy gewete op te tree. Dit vereis van hom om op grond van die relevante feite en faktore en teenstrydighede van belange, waarvan hy op die hoogte moet wees, 'n gepaste vonnis op te lê. Dit moet met 'n bepaalde ingesteldheid gedoen word.

Hiemstra (1987:584) meld in hierdie verband dat die wyse waarop die straftoemeter sy mag uitoefen, 'n maatstaf van die geestelike beskawingspeil van die gemeenskap is. " (Straf) word nie gemeet aan die hardheid of sagtheid nie, maar aan geregtigheid en doeltreffendheid. Veral moet die straftoemeter nie toornig, emosioneel of opgewonde ingestel wees teenoor die misdadiger nie."

Du Toit (1981:115) poneer in dié verband dat straf in beginsel beide die oortreder en sy oortreding moet pas asook regverdig moet wees teenoor die gemeenskap: "'n Gebalanseerde benadering tydens straf-toemeting sal tot 'n effektiewe vonnis lei wat in verhewe sin vergeld, op matige wyse individueel en algemeen afskrik (voorkom) en ook op sekere en bepaalde wyse poog om die oortreder deur of saam met die straf te hervorm of te verbeter."

Die Canadian Sentencing Commission (1987:XXVII) sê "... sentences should be what they are said to be", en definieer vonnis as die geregtelike bepaling van 'n regsanksie wat opgelê word op 'n persoon wat aan 'n oortreding skuldig bevind is. Hierdie definisie impliseer dat, hoewel die meeste vonnisse 'n graad van straf en druk inhou, die begrip vonnis 'n ander betekenis as die begrip straf inhou. 'n Vonnis moet uitgevoer word en die verantwoordelikheid ten opsigte van die toepassing daarvan moet van 'n hoë graad wees. Straf volg nie noodwendig na 'n oortreding nie, maar 'n vonnis moet uitgevoer word en die owerheid moet daarvoor verantwoordelikheid neem.

Straf is dus die nadelige sanksie wat aan die veroordeelde beskuldigde deur 'n geregshof opgelê word na 'n verhoor en skuldigbevinding aan 'n misdryf, en wat deur die staat ten uitvoer gelê word sonder dat die oortreder daarvoor beheer kan uitoefen.

1.9 TERREINAFBAKENING

Die ondersoek sal beperk wees tot die 87 hofsake waarin navorser vanaf 1 Maart 1986 tot en met 30 April 1992 as deskundige getuie in Suid-Afrikaanse strafhowe opgetree het (sien in hierdie verband Tabel 1). Gedurende 1986 tot en met die einde van 1987 is slegs 15 pro deo sake, dit wil sê moordsake waarin die oortreder regshulp vanaf die staat ontvang het, opgetree. Sedert 1988 is daar ook voorvonnisevaluering opgestel in ander sake, soos strafbare manslag, bedrog, diefstal en seksuele oortredings. Die voorvonnisevaluering van die 87 strafsake waarin navorser deskundige getuie gelever het, is in hooggeregs-howe, streekhowe en distrikshowe voorgelê en, hoewel die meeste straf-sake in Transvaalse howe gedien het, is daar ook getuie in ander provinsies in die land, asook in Namibië en in die Transkei gelever. Die 15 pro deo-sake vir die loodsondersoek is by die hoofondersoek, wat sedert 1988 gedoen is, bygevoeg. In paragraaf 2.4 van hierdie verslag is 'n volledige uiteensetting van die universum van hierdie ondersoek.

1.9.1 ORGANISATORIESE AFBAKENING

Die ondersoek sal beperk word tot dié fasette van die kriminele regsplegingsstelsel wat betrekking het op die rol van die forensiese kriminoloog by straftoemeting, naamlik:

- 1.9.1.1 die behoeftes van akteurs, soos die voorsittende beamptes en die staatsaanklaers, in die strafhofsistelsel;
- 1.9.1.2 die opleiding, keuring en dissiplinering van forensiese kriminoloë wat as deskundige getuies in strafhowe optree;
- 1.9.1.3 die doelstellings van forensiese kriminoloë ten opsigte van getuiepleging voor vonnisoplegging;

- 1.9.1.4 gebruikmaking van en samewerking met ander instansies en persone deur forensiese kriminoë; en
- 1.9.1.5 versameling van relevante inligting met betrekking tot die beskuldigde en sy betekenisvolle ander persone en die opstel van kriminologiese agtergrondverslae.

1.9.2 TYDSAFBAKENING

Die tydperk waarin die ondersoek gedoen is, strek vanaf 1 Maart 1986 tot 30 April 1992. Die eerste 15 strafsake, wat vanaf Maart 1986 tot die einde van 1987 uitgevoer is, is in opdrag van en onder die beskerming van die Johannesburgse Balieraad uitgevoer, en het die loodsondersoek gevorm. Die ander 72 strafsake waarin navorser getuienis afgelê het, is vanaf die aanvang van 1988 tot en met die einde van April 1992 hanteer.

1.10 PROGRAM VIR DIE RES VAN DIE ONDERSOEK

Om 'n geheelbeeld van hierdie verslag te kan vorm, word die verdere hoofstukindeling kortliks weergegee:

In **Hoofstuk 2** word kriminologiese verantwoording vir die studie gedoen. **Hoofstuk 3** handel oor die ontwikkeling en omskrywing van straf en gee 'n uiteensetting van die verskillende vonnisteorieë. Aangesien die aanvaarding van 'n kousale verband tussen die oorsaak en die pleeg van 'n handeling vir die kriminoë net so belangrik is soos die bestaan van 'n vrye wil ten einde 'n persoon vir sy dade aanspreeklik te hou, stel die navorser ook haar standpunt ten opsigte van sogenaamde sagte determinisme. In **Hoofstuk 4** word Parsons se teorie oor funksionele strukturalisme, en sy vierfunksieparadigma vir die ontleding

van sisteme uiteengesit. Die Parsoniese model word op die funksionering van forensiese kriminoloë as deskundige getuies in Suid-Afrikaanse strafhowe, wat 'n komponent van die kriminele regsplegings-sisteem is, toegepas.

In **Hoofstuk 5** word die funksionele voorvereiste van **doelbereiking** bespreek, en die aspekte wat aandag geniet is die algemene doelwitte en die doelbereikingstegnieke van die kriminoloë wat as deskundige getuies optree. In **Hoofstuk 6** word **integrasie** as funksionele voorvereiste ten opsigte van die forensiese kriminoloë as deskundige getuies ondersoek en word die organisasie van hierdie subsisteem beklemtoon. Aspekte met betrekking tot organisasie wat ondersoek word, is die administrasie, pligte en onderskeie rolle wat die kriminoloog moet vervul. In **Hoofstuk 7** word **aanpassing** as funksionele voorvereiste vir die sisteem van deskundige getuienislewering deur forensiese kriminoloë bespreek. Die aanpassings wat dié kriminoloë ten opsigte van deskundige getuienislewering maak, sowel as hul aanpassing by alle akteurs in die kriminele regsplegings-sisteem en andersom, word ondersoek. In **Hoofstuk 8** word aandag aan die funksionele voorvereiste van **patroonhandhawing en spanningsbeheer** gegee. In hierdie verband word norme, konformiteit en kohesie binne die subsisteem van die forensiese kriminoloë wat deskundige getuienis lewer, ondersoek.

In **Hoofstuk 9** word die versamelde gegewens aan die hand van die hipoteses ontleed en evalueer en die bevindings word in die lig van die model van funksionele strukturalisme bespreek. Daar word ook verantwoording ten opsigte van die doel van die ondersoek, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, gedoen en gevolgtrekkings word gemaak. Aanbevelings vir die opleiding van forensiese kriminoloë word aan die hand gedoen en verdere temas vir navorsing oor die kriminoloog se rol in die Suid-Afrikaanse kriminele regsplegings-sisteem word geïdentifiseer.

HOOFSTUK 2

METODOLOGIESE VERANTWOORDING, PROSEDURES EN TEGNIEKE

2.1 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Wetenskap kan nie sonder navorsing bestaan nie. Volgens Delarey (Smit, 1983:3) " ... (is) wetenskapsbeoefening eintlik 'n versamelnaam vir 'n handeling wat uit verskillende ander aktiwiteite saamgestel is. Dit is allereers 'n bepaalde gesindheid of houding teenoor die verskynsel wat bestudeer word en die wyse waarop hierdie ondersoek geskied. Die wetenskaplike se houding word gekenmerk deur 'n strewe na beheer, noukeurigheid, stelselmatigheid en objektiewe beoordeling."

Smit beklemtoon vier stadia wat in wetenskaplike navorsingsmetode onderskei kan word, naamlik:

- 'n stadium van bewustheid van 'n leemte in die wetenskaplike kennis ten opsigte van 'n bepaalde aspek (die observasiestadium);
- die stadium waarin die navorser hom voorberei om spesifieke take ter aanvulling van die gebrekkige kennis te vind (die hipotese stadium);
- die stadium waarin spesifieke feite ingesamel en gesistematiseer word (die eksperimentele stadium); en
- 'n stadium waarin hierdie gesistematiseerde feite as nuwe wetenskaplike kennis aangeneem of verwerp word (die interpretasiestadium).

Wetenskap kan dus beskou word as die resultaat van die mens se soeke na kennis en begrip, terwyl navorsing die proses is wat tot steeds grondi-

ger en akkurater kennis en begrip lei. Wetenskaplike navorsing is 'n ontwikkelingsproses wat begin by die waarneming van verskynsels wat die moontlikheid van nuwe kennis inhou en wat, nadat dit deeglik ondersoek is, beduidend genoeg sal wees vir die spesifieke studieveld en vir die wetenskap in die algemeen. Smit (1983:4) waarsku dat wetenskaplik ingesamelde feite dikwels fragmentaries en impressionisties is. Dit moet dan tot 'n sinvolle, betekenisvolle eenheid met mekaar en met 'n ander reeds bestaande teoretiese kennisraamwerk geïntegreer en gekoördineer word. Dit impliseer dat die feite teen 'n sekere agtergrond van algemene beginsels gesien word. Begrip is nie net blote ken van feite nie, maar dui op iets meer as kennis: dit betrek insig sowel as begripsvermoë. In hierdie verband poneer Smit (1983:6): "As die navorser dus begrip verkry het, is dit vir hom moontlik om sy kennis te beskryf en dit aan ander oor te dra sodat hulle ook begrip kan verkry. Hierdie beskrywing hou die duidelike spesifikasie, uiteensetting en kwantifisering van bekende feite in. Dit beklemtoon navorsingsontwerpe en die betroubaarheid van meting."

Pretorius (1987:1) definieer metodologie as die basiese benaderings en beginsels, dit wil sê die norme en reëls waarvolgens prosedures en tegnieke vir navorsing ontwikkel en bepaal word. Navorsing is dus 'n probleemoplossende aktiwiteit. 'n Verdere belangrike aspek van wetenskaplike navorsing is dat dit as 'n teorie-uitbouende en 'n teorie-toetsende aktiwiteit beskou kan word.

Soos reeds beskryf (sien par. 1.4), bestaan daar 'n leemte in relevante wetenskaplike navorsing oor die rol van die kriminoloog by straftoemeting in die Suid-Afrikaanse howe. Die belangrikste doel van hierdie ondersoek is dus om, met behulp van die Parsoniese teorie van strukturele funksionalisme, wat struktuur aan 'n ondersoek van 'n komponent van 'n subsisteem van die kriminele regsplegingsstelsel verleen, die forensiese kriminoloog se rol te beskryf en te verklaar.

Bahigian (Van der Westhuizen, 1982:203) meen dat die volgende vereistes, indien dit as 'n basis vir navorsing gebruik word, aan 'n model gestel kan word, naamlik:

- Die model moet toepaslik, akkuraat, betroubaar en geldig wees. Dit moet sodanig op insette reageer dat reaksiepatrone die werklikheid redelik akkuraat naboots.
- Dit is noodsaaklik dat die model eenvoudig, op die man af en maklik verstaanbaar sal wees.
- Die model moet beskrywings-, verklarings- en voorspellingskrag hê.

Pretorius (1991:54) haal Gorrel aan wat van bostaande verskil in die opsig dat hy wel praat van 'n verklaringstekst en daarmee aandui dat modelle nie volwaardige verklarings van verskynsels kan gee nie, maar aangesien die verklaringstekst verbande tussen die verskynsels voorstel, verklaar dit op 'n oppervlakkige wyse die patroonmatigheid van die verskynsel. Die skrywer beklemtoon drie verdere kenmerke, naamlik dat dit

- gewoonlik sentrale probleme of vrae oor 'n verskynsel wat nagepeur behoort te word, identifiseer;
- die domein wat bestudeer word, isoleer, beperk, sistematiseer en vereenvoudig; en
- 'n nuwe taalspel behoort te voorsien, waarbinne oor die verskynsel gepraat kan word.

Bogenoemde vereistes kan aan die Parsoniese model van strukturele funksionalisme gestel word - veral wanneer dit as die basis van hierdie ondersoek gebruik word.

2.2 PROSEDURES

Prosedures (die stappe in die navorsingsproses waarvolgens daar, in die uitvoering van 'n navorsingsprojek, te werk gegaan word) wat in hierdie

ondersoek gebruik is, is die volgende, naamlik 'n literatuurstudie, deelnemende waarneming (veldstudie) en gevallestudies.

2.2.1 LITERATUURSTUDIE

Aangesien navorsers 'n struktureel funksionele analise aan die hand van Parsons se vier funksionele voorvereistes moes doen, is die werke van Parsons (1949), (1954), soos verder ontleed en toegelig deur Black (1961), Johnson (1966), Johnson (1975), Maslow (1975), Adriaansens (1980), Savage (1981), Brownstein (1982) en Haralambos (1984) gebruik om as riglyn vir hierdie ontleding te dien.

Standaardwerke in die kriminologie is gebruik aangesien die fundamentele teoretiese aspekte van die kriminologie daarin uiteengesit en geëvalueer word. Gedurende die vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare van hierdie eeu is in die kriminologie en die filosofie heelwat aandag geskenk aan die omskrywing van begrippe soos misdaad en die morele regverdiging van die strafverskynsel. Die werke van onder andere Korn en McKorkle (1960), Caldwell (1956), Brillenburg Wurth (1956), Sutherland en Cressey (1960), Hospers (1963), Vivian (1964), Madden (1968) en Acton (1969) het waardevolle inligting verskaf. Gedurende die tagtigerjare het Conklin (1986), Reid (1988) en Barlow (1990) weer besondere aandag aan hierdie aspek gegee. Die boek van Brown, Esbensen en Geis (1991) is ook as agtergrond gebruik aangesien hierdie werk die nuutste benaderings ten opsigte van die kontekste waarin misdaad plaasvind, bevat. Hierdie werk bied ook 'n omvattende en kritiese bespreking van die belangrikste kriminologiese teorieë.

Die werk van Conklin (1986) is veral gebruik om meer kennis in te win oor kruis-kulturele perspektiewe - 'n probleem waarvoor die praktiserende forensiese kriminoloog dikwels te staan kom. Die werk bevat verder waardevolle besprekings oor die gemeenskap se reaksies op misdaad. Verla van toepassing op hierdie ondersoek is die inligting wat in die besprekings aangaande die geleentheid wat tot misdaad lei, met ander woorde, die kontekste waarin misdade gepleeg word.

Die ensiklopediese werk van Louw (1989) aangaande abnormale gedrag in Suid-Afrika word dikwels in kriminologiese agtergrondverslae as verwy-sing gebruik. Dit is, na die wete van navorser, die enigste gesagheb-bende werk wat psigopatologie by tradisionele swart Suid-Afrikaners bespreek. Navorser is daarvan bewus dat talle deskundiges die mening huldig dat daar nie wesentlike verskille tussen wit en swart gedrag - en daarom tussen wit en swart psigopatologie - bestaan nie, en dat daar al so 'n mate van verwestering by swartes ingetree het dat daar eintlik nie meer van tradisionele gemeenskappe sprake is nie. Hierdie aspek blyk 'n netelige terrein te wees, want dit is duidelik dat faktore soos taal, mitiese belewenisse, kulturele relativisme, mens- en wêreldbe-skouing, geloof in hekserij/toordery en taboe-oortredings wel deeglik in ag geneem moet word by die opstel van 'n kriminologiese agtergrondver-slag oor 'n swart oortreder. (Hierdie aspek word breedvoerig in Hoof-stuk 7 van die ondersoek bespreek). Die werk bied ook evaluerende besprekings oor die beskikbare terapieë vir seksuele oortreders, per-sone wat dwelmmiddels en alkohol misbruik sowel as riglyne vir die behandeling van antisosiale persoonlikheidsversteurings. Aangesien die werk op die DSM III R (APA, 1987) (Diagnostic and Statistical Manual III Revised (American Psychiatric Association)) - die klassifikasie-stelsel wat deur die meeste Suid-Afrikaanse psigieters en kliniese sielkundiges gebruik word gebaseer is, is die benadering van hierdie boek vir die praktiserende forensiese kriminoloog waardevol, veral ten opsigte van samewerking met psigieters en sielkundiges in die howe.

Die boek van Meyer, Moore en Viljoen (1988) gee 'n volledige oorsig van die bekendste persoonlikheidsteorieë - veral met betrekking tot Suid-Afrikaanse omstandighede en vir Suid-Afrikaanse gebruik. Van waarde is die skrywers se nuwe interpretasies van teorieë, die wyse waarop teo-rieë ontleed word, en die aandag wat aan die implikasies van teorieë gegee word. Daar word met betrekking tot elke teorie gepoog om die onderliggende mensbeskouing te identifiseer en te ontleed - 'n aspek wat aan die kriminoloog 'n beter en meer omvattende begrip van die persoonlikheidsteorieë bied.

Benewens die verslag van die Viljoen-kommissie (1976), het verslae van

die Home Office in Engeland belangrike inligting wat direk op hierdie ondersoek betrekking het, vervat. Die 1986-verslag bespreek die basiese beginsels ten opsigte van die straftoemeting en die konteks waarin dit in Engeland plaasvind; die vonnisse wat vir die Engelse howe beskikbaar is en besondere probleme ten opsigte van verskillende tipes oortreders. Veral die vonnisse wat as alternatiewe vir gevangenisstraf in daardie land beskikbaar is, het besondere toepassingsmoontlikhede gebied. Die 1961-verslag wat die Streetfeild-komitee se aanbevelings oor vonnisteorieë bevat, sowel as die 1978 en 1986 verslae het duidelike riglyne vir hierdie navorsing gebied.

Aangesien die onderhawige ondersoek gerig is op die rol van die forensiese kriminoloog by vonnisoplegging in Suid-Afrikaanse strafhowe, is die boeke van Du Toit (1981), Hiemstra (1987), Rabie en Strauss (1985), De Villiers (1990) en Schmidt (1990) noukeurig bestudeer. Hierdie werke het as gids gedien tot heersende riglyne, reëls en die oorwegings wat in Suid-Afrika by spesifieke strafkeuses van belang is. Daarby is ook kennis geneem van 'n aantal uitsprake wat in die hoogeregshof gelewer is en in die Suid-Afrikaanse hofverslae gerapporteer is. Die Strafproseswet, wet 51 van 1977, is van besondere belang aangesien dit die regsposisie met betrekking tot die hofproses, en dus ook die forensiese kriminoloog as deskundige getuie, reël.

Veral die werk van Du Toit (1981), wat 'n gebalanseerde en effektiewe straftoemeting kan fasiliteer, het riglyne ten opsigte van deskundige getuie en - opinie gebied. 'n Verdere bron wat op straf betrekking het, is dié van Schmidt (1990) wat veral die kwessie van hoorsêgetuie volledig bespreek. Rabie & Strauss (1980) bespreek die filosofiese beginsels van straf deeglik, en sodanige bespreking het betrekking op hierdie ondersoek. Ferreira (1967) se sistematiese uiteensetting van die strafproses in die laer howe van Suid-Afrika het die ontplooiing van 'n hofsaak vir navorser meer toeganklik gemaak.

Die verslag van die Canadian Sentencing Commission (1987) is omvattend en veral die kommissie se voorstelle ten opsigte van die verbetering van die Kanadese vonnisopleggingstelsel is insiggewend. Navorser kon, nieteenstaande die kultuurverskille tussen Suid-Afrika en Kanada, die

invloed van faktore soos strukturele probleme, dispariteit van vonnisse en gebrek aan openbare vertrouwe in die vonnisstelsel wat in die verslag geïdentifiseer word, met die Suid-Afrikaanse omstandighede vergelyk en as riglyne gebruik. Bevindings ten opsigte van te veel steun op gevangenisstraf in Kanada kon ook hier van toepassing gemaak word. Die basiese beginsels onderliggend aan die twee stelsels bly dieselfde, omdat die Kanadese bewysreg, net soos die Suid-Afrikaanse bewysreg, van Engelsregtelike oorsprong is (Schmidt, 1990).

'n Belangrike aspek van hierdie ondersoek is die forensiese kriminoloog as deskundige getuie. Die werk van Gitchoff (1990) beskryf die mate waarin deskundige getuies - en dan veral kriminoloë - in die howe van die Verenigde State van Amerika - die vonnisopleggers ten opsigte van hulle taak bystaan wanneer 'n regverdige en toepaslike straf toegemeet moet word. Die gebruik van kriminoloë as deskundige getuies neem in daardie land toe, en hoewel die regsisteem wesentlik van dié in Suid-Afrika verskil, blyk daar vir hierdie ondersoek talle raakpunte in hierdie werk vervat te wees. Omdat Amerikaanse bewysreg ook uit die Engelse bewysreg stam en sekere basiese beginsels met betrekking tot deskundige getuienislewering dieselfde is, is dit dan ook die enigste skrywers wat riglyne ten opsigte van die administrasie en verwerwing van kredietwaardigheid gee wat ook hier toegepas kan word.

Aangesien daar, na die wete van navorser, geen werk oor die forensiese kriminoloog as deskundige getuie in Suid-Afrikaanse howe gepubliseer is nie, moes literatuur oor hierdie verskynsel uit buitelandse werke bestudeer word. By die bestudering van sodanige werke het dit geblyk dat daar by hulle, net soos in Suid-Afrika, 'n verskil tussen deskundige getuienis en deskundige opinie is. Die werke van Carter (1981), Rowe en Knapp (1989), Bear (1964), Nietzel en Dillehay (1986), Imwinkelried (1981), (1982) en Tarantino (1988) beklemtoon die rol van die deskundige getuie en bespreek hoofsaaklik natuurwetenskaplike getuienis, wetenskaplike laboratoria verslae, probleme ten opsigte van die poligraaf, stem-, tandheelkundige-, mediese identifikasies, ballistiese toetse, statistiese en ekonomiese deskundiges en vingerafdrukke. Hierdie is almal aspekte waarvan die forensiese kriminoloog wat as

deskundige getuie wil optree wel deeglik kennis moet dra, maar waaroor nie getuienis gelewer word nie. Hierdie kriminoloë wat deskundige getuienis met 'n oorwegend natuurwetenskaplike basis lewer, staan dan ook as kriminaliste bekend.

Elk van hierdie werke het nieteenstaande die natuurwetenskaplike aard daarvan, riglyne met betrekking tot die vereistes vir deskundigheid vir hierdie ondersoek gebied, veral ten opsigte van kredietwaardigheid, kwalifikasies waaroor deskundiges behoort te beskik, ervaring in strafsake en aanduidings ten opsigte van die deskundige se professionele optrede gegee.

Spesifieke riglyne vir die lewering van deskundige getuienis deur geesteswetenskaplikes is gevind in die werke van Weston en Wells (1976), Freckelton (1987), Murphy (1980), Rothblatt (1965) en De Villiers (1990). Veral die navorsing van Freckelton (1987), wat besondere probleme van deskundige getuies uitlig, en waarsku teen wat hy noem die "mercenaries of the witness box", het navorsers bedag op gevare ten opsigte van sodanige getuienislewering gemaak.

Kennis oor die filosofie van beoordeling wat in die adversatiewe sisteem uitdrukking vind, is vir die forensiese kriminoloog wat as deskundige getuie in howe verskyn, van primêre belang. Volgens hierdie filosofie is die funksie van die advokate, aan die een kant, te onderskei van die funksie van die voorsittende beampte aan die ander kant. Besluite word deur die voorsittende beampte geneem en daardie besluite mag nie sydig of subjektief geneem word nie. In hierdie verband is dit noodsaaklik dat die forensiese kriminoloog sy getuienis so lewer dat hy tot die objektiwiteit van die besluit sal bydra en nie 'n rol daarin speel wat die voorsittende beampte subjektief kan laat optree of kan laat kant kies nie. Landsman (1984) se bydrae op hierdie gebied was onontbeerlik vir hierdie ondersoek.

Om struktuur aan die bespreking van opleidingsvereistes van forensiese kriminoloë te gee, is van die standaardwerk van Bloom (1973 en 1974) gebruik gemaak om die bespreking aan die hand van sy taksonomie te

doen. Die beleidsdokumente van die Departement van Nasionale Opvoeding (SANSO - 115 & NASOP 02 - 116) bevat die toepaslike Suid-Afrikaanse staatsbeleid oor universiteitsopleiding. Wat die professionalisering van die werk van die forensiese kriminoloog betref, was die werk van Landis (1972) onontbeerlik. Dit is aangevul deur die waardevolle artikel van Jacobs (1987).

Vaktydskrifte soos Criminology, die amptelike tydskrif van die American Society of Criminology, het ondersoek op die hoogte gehou van die jongste verwickelinge in die buiteland, veral ten opsigte van misdaad-verklaringsteorieë. Die amptelike tydskrifte van die Academy of Criminal Justice Sciences het, hoewel daar geen artikels was wat direk op hierdie ondersoek betrekking het nie, wel insig verleen in die Amerikaanse regsplegingsstelsel, hulle benadering tot polisiëring, vonnisse en korrektiewe stelsels. In hierdie verband was die verslag van die Judicial Conference Committee on the Administration of the Probation System (1987) vanuit die Verenigde State van Amerika waardevol ten opsigte van riglyne oor die keuring van moontlike kandidate vir gemeenskapsdiens as alternatief vir gevangenisstraf. Die gebruik van gemeenskapsdiens aldaar het gedurende die laaste dekade toegeneem en die wyse waarop dit geïmplementeer word, bied belangrike riglyne vir navorsing in Suid-Afrika.

2.2.2 DEELNEMENDE WAARNEMING

Volgens Haralambos (1984:502) is alle waarneming in 'n sekere sin deelnemende waarneming, omdat die navorser in mindere of meerdere mate betrokke is by die persone wie se gedrag waargeneem word. Deelnemende waarneming word gebruik om die roetinegebeure van die alledaagse lewe van mense of 'n organisasie of stelsel waarin die navorser belangstel, waar te neem. Die navorser neem dus aksie in die 'natuurlike' konteks waar.

Crano en Brewer (Simon, 1979:19) sê in dié verband dat "... (the) term participant observation broadly describes the general research process in which observer, accepted as a legitimate member of a group, used his privileged status to gather information about the group."

Bailey (1978) wys op twee vorme van waarneming in die navorsingsproses, naamlik deelnemend en nie-deelnemend. Die deelnemende waarnemer is 'n aktiewe deelnemer in die aktiwiteite wat waargeneem word. Die nie-deelnemende waarnemer, aan die ander kant, neem nie aan die aktiwiteite deel nie.

Scott en Wertheimer (Smit, 1983:45) omskryf deelnemende waarneming soos volg: "Essentially, it is watching what is happening in connection with the phenomenon being studied. No attempt is made to manipulate or, perhaps, even to measure in any refined sense; rather the observer tries to record relevant events, always alert for instances of covariation from which he can abstract variables and interrelations among them."

Volgens Smit is hierdie benaderingswyse ideaal vir die generering van nuwe hipoteses, die beskrywing van bestaande verhoudings of die klassifisering van duidelik gedefiniëerde waargenome gedragspatrone. Van der Westhuizen (1982:27) poneer dat, wanneer die ondersoeker waarneming doen hy, deurdat die groepswaardes, norme en opvattinge aanvaar en sy eie gemaak word, mettertyd in staat gestel word om naastenby soos die groep te dink, te voel en op te tree. Hy moet ook, om tot die strafhof toegelaat te word, van die waardes, norme en opvattinge van die strafregplegingsstelsel kennis neem en uiteraard daarby aanpas (sy eie maak).

Navorsers was in die gunstige posisie om, wat die oortreder betref, deur middel van onderhoude en observasie, "die verborge gedagtes, begeertes, wense, gesindhede en motiewe te ontwaar" (Van der Westhuizen, 1982:27). Deur middel van hierdie waarneming is insig in die misdadprobleem bewerkstellig. Bepaalde probleme waarmee die oortreder te kampe het (in persoonlike en maatskaplike verband) het op die wyse na vore gekom. Navorsers het ook, vanweë die aktiewe deelname in strafhofverhore, die geleentheid gehad om die strafregplegingsstelsel op 'n deelnemende wyse waar te neem en het, vanweë die nadere kontak met oortreders oor wie voorvonnisevalueringe gedoen is, op die deelnemende waarnemingsmetode besluit.

2.2.3 GEVALLESTUDIES

In hierdie ondersoek is van twee observasienavorsingstegnieke gebruik gemaak, naamlik gevallestudies en veldstudies.

Die gevallestudie is essensieel ontdekkend van aard, dit fokus op 'n intensiewe studie van die individuele geval, sy lewensgeskiedenis, sy huidige gevoelens, gedagtes en gedragspatrone en op die veelheid van interaksies tussen al die veranderlikes (Smit, 1983:47).

Die gevallestudie kan beskou word as die eerste stap tot die verstaan van, en insig in menslike gedrag, aangesien dit met 'n algemene beskrywing van gedrag begin wat op 'n intensiewe studie van die individuele geval gebaseer is. Hierdie benadering is ideografies (teenoor nomoteties, wat die bestudering van groepe is) en dit handel oor kennis van enkele spesifieke gebeurtenisse en 'n spesifieke unieke individu.

Wanneer 'n kriminologiese agtergrondverslag wat as getuienis in 'n hof sal dien, opgestel word, word daar 'n gevallestudie van die oortreder gemaak. In hierdie verband poneer Smit dat gegewens by die gevallestudie hoofsaaklik berus op kommunikasie of observasie van gebeure wat nie beplan of met 'n spesifieke doel geskep is nie. Volgens hom het sulke gegewens as grondslag, response wat verkry word uit die normale verloop van die kliniese onderhoud en terapeutiese sessie (1983:48).

Die onderhoud met 'n oortreder is uiteraard nie 'n terapeutiese sessie nie en die doel van die onderhoud word spesifiek en deeglik beplan. Dit behels die versameling van relevante inligting oor die oortreder wat aan die hof voorgelê moet word. Die onderhoud berus op kommunikasie, en rapport tussen die onderhoudvoerder en die oortreder is noodsaaklik omdat daar, indien die nodige vertrouwe geskep is, gegewens verstrek kan word wat andersinds nie verkry sou kon word nie.

Elkeen van die hofsake waarin ondersoeker as deskundige getuie in die hof opgetree het, het 'n gevallestudie behels. Elke gevallestudie het algemene fasette wat deur biografiese gegewens gedek is. Hierdie gegewens behels die volgende, naamlik:

- Persoonlike inligting, soos geboortebesonderhede, beroepsgeskiedenis wat aspekte soos beroepswisseling, houding teenoor werk en verhouding met medewerkers insluit; kwalifikasies, nasionale diensplig en kerkverband.
- Skoolgeskiedenis, faktore soos skolastiese rekord, verhouding met portuurgroepe van dieselfde en teenoorgestelde geslag, verhouding met onderwysers, houding teenoor gesag en leierskapsposisies word ondersoek.
- Gesinsagtergrond, strukturele en funksionele samestelling van die gesinsagtergrond, waardes en norme, dissiplinestyle en verhoudings met sibbe geniet aandag.
- Huweliksinligting (indien van toepassing) soos ouderdom van beide eggenote toe in die huwelik getree is, hoeveel kinders en op watter stadium van die huwelik hulle gebore is, verhouding met die uitgebreide familie en vriende, verhouding tussen eggenote onderling en die wyse waarop probleme opgelos en geldsake hanteer word.
- Vorige veroordelings (indien enige).
- Die benutting van vryetyd.

Nadat alle algemene biografiese inligting versamel is, word 'n gedetailleerde uiteensetting van alle misdadveroorsakende faktore gegee. Die betekenis van die misdadveroorsakende faktore word aan die hof geskets binne die konteks van een of meer toepaslike, erkende misdadveroorsakingsteorieë wat deur die outeur van die teorie se gepubliseerde navorsing gestaaf is.

Ter afsluiting van die gevallestudie word aspekte soos die berou van die oortreder en vonnisalternatiewe vir die besondere individu bespreek.

'n Totaal van 87 oortreders (sien paragraaf 2.4) is in hierdie ondersoek betrek en van hierdie gevallestudies sal op 'n geselekteerde wyse,

waar relevant, ter illustrasie gebruik word.

2.2.4 VELDSTUDIE

Die bestudering van gedrag wat in die natuurlike staat voorkom, word veldstudies genoem, en hier word die metode van waarneming in situ (in die situasie waarin hulle verkeer) gebruik. Veldstudies is dus daarop gerig om geldige en betroubare inligting aangaande persone in 'n bepaalde gemeenskap te bekom. Smit (1983:51) haal Junkers in dié verband aan: "... the observation of people in situ, finding them where they are, staying with them in some role, which, while acceptable to them, will allow both intimate observation of certain parts of their behaviour and reporting to it in ways useful to social science and not harmful to those observed."

Veldstudies is dus sinoniem met die waarneming van mense in situ. Die waarnemer beweeg tussen die mense rond in die omgewing waarin hulle hul bevind. Veldstudies kan dus as 'n aksie-ondersoek bestempel word.

In hierdie verband het navorser die veldstudie-metode gevolg, aangesien 'n basiese kenmerk van veldstudie die bestudering van 'n verskynsel in sy natuurlike opset behels. Navorser het nie, soos in die geval met laboratoriumeksperimente, 'n situasie geskep nie. Die aard van hierdie ondersoek behels nie eksperimentele manipulasie nie, maar is 'n eksploratiewe ondersoek na die struktuur en funksies van die vennootskap van forensiese kriminoloë soos dit sedert 1986 bestaan. Die doel van hierdie deskriptiewe-eksploratiewe studie is om, onder andere, die moontlike verhoudings wat tussen veranderlikes mag bestaan, te identifiseer.

Ondersoeker is sedert 1986, as praktiserende forensiese kriminoloog 'n komponent van die strafhof, wat deur middel van die lewering van deskundige getuienis binne die groter kriminele regsplegingsstelsel funksioneer. Daar was direkte kontak met al die akteurs (die oortreders, die regsplegers, die staatsaanklaers, die regspraktisyns vir die verdediging) in die hofgedinge waarin deskundige getuienis gelewer is en observasie van al hierdie akteurs kon ongehinderd plaasvind wanneer hofverrigtinge bygewoon is.

Die uitgangspunt van veldstudie is dus observasie, aantekeninge en verslagdoening van die gedrag van mense wat in 'n kontemporêre situasie leef sonder om hulself of hulle situasie te verander, of om hulle in hulle natuurlike aktiwiteit te steur. Dit is, volgens Smit (1983:53), 'n belangrike instrument in die gedragswetenskappe vir die uitbouing van kennis. Die essensie is daarin geleë dat deur direkte kontak met mense in hulle natuurlike staat, meer inligting oor hulleself en hulle natuurlike staat bekom word. Die waarneming van die regs-lui het in hooggeregs-, streek-, en distrikshoue van Suid-Afrika plaasgevind. Die oortreder is ook, tydens die verloop van die verhoor, in die hof waargeneem.

Die oortreder word ook, alvorens 'n kriminologiese agtergrondverslag oor hom opgestel word, en waar dit prakties moontlik is, in sy eie omgewing waar hy werk en leef, waargeneem. Om die belangrikheid van hierdie stap te illustreer kan een voorbeeld genoem word. Die eerste onderhoud is, vanweë praktiese oorwegings, met P in die kamers van die betrokke advokaat gevoer. P se moeder was ook ten tye van die onderhoud teenwoordig. Sy was modieus aangetrek, goed versorg en het gekultiveerd en verfynd voorgekom. Sy is die bestuurderes van 'n bekende klerewinkel in Sandton City en het ons onder andere meegedeel dat sy vir P 'n kothuis (cottage) in haar tuin ingerig het. 'n Week later het navorser en haar vennoot die woning besoek. Die omstandighede was uiters haglik - rotte het in die kombuis rondgeskarrel, 'n verlamde, verstandelik gestremde broertjie van P het op 'n stuk karton buite in die son gelê en dit was duidelik dat hy nie gebad of van skoon klere voorsien word nie. 'n Sterk urine-reuk het om hom gehang. Die kothuis in die tuin is 'n paar verroeste sinkplate wat oor 'n ou hoenderhok vasgebind is en kartonne is as vloerbedekking gebruik. Daar was 'n matras op die vloer en geen ander geriewe nie. Verdere onderhoude met P het aan die lig gebring dat hy en die ander kinders dikwels sonder kos moes klaarkom, aangesien die moeder se inkomste deur hulle werklose vader gebruik word om alkohol en dwelms mee te koop. Indien navorser nie self die woning besoek het nie, sou misleidende afleidings in die advokate-kamers gemaak gewees het.

Dit is ook belangrik om, wanneer 'n kriminologiese agtergrondverslag opgestel word, noukeurige observasies ten opsigte van die totale omgewing waarin die oortreder hom ten tye van die oortreding sowel as daarna (veral indien hy aan 'n ekonomiese misdryf skuldig bevind is) bevind. Dit fasiliteer die hof se besluit indien noukeurig verslag van sodanige omstandighede gedoen kan word. Aandag word dus nie net aan aspekte soos die luuksheid, netheid, eenvoud of armoedige indruk wat 'n woning skep, gegee nie, maar die buite-huislike omgewing soos die buurt, die kerk, die skool en werkplek word ook, waar enigsins moontlik, waargeneem.

Die verhouding tussen die gesinslede onderling word ook noukeurig observeer en ontleed. Indien die oortreder in aanhouding is, word hy in die gevangenis of die polisie-selle besoek, maar 'n besoek word in elk geval waar moontlik, aan sy tuiste en omgewing gebring.

Observasie word ook tydens die verhoor in die hof gedoen en aantekeninge word gemaak ten opsigte van al die beamptes wat by die saak betrokke is, sowel as die getuies en die getuienis wat gelewer word.

Smit (1983:67) stel die vereiste dat die navorser wat veldstudies implementeer vir die uitbouing van sy kennis, bewus moet wees van die etiese vereistes wat hierdie metode stel. Hy het etiese verpligtinge betreffende die waarneming, verslag en publikasies teenoor die mense wat waargeneem word, teenoor sy wetenskap en teenoor sy kollegas.

Alvorens onderhoude met kliënte (beskuldigdes) gevoer word, word hulle van die aard van die ondersoek waarby navorser betrokke is, ingelig. Hulle moet ook toestemming verleen dat bandopnames van die onderhoude gemaak word. Verder word hulle ook ingelig dat die verslag wat oor hulle opgestel word, nadat dit aan die hof voorgelê en verdedig is, op versoek aan die pers beskikbaar gestel mag word. Wanneer die verhoor egter in camera geskied, het die pers geen reg op toegang tot die verslae van die deskundige getuies nie.

Voordat navorser en haar vennoot getuienis aflê word die amptenare van die hof: regters, landdroste en aanklaers, volledig ingelig betreffende die feit dat die verslag wat voor die hof gelê word, deel vorm van 'n doktrale ondersoek aangaande die rol van die forensiese kriminoloog as deskundige getuie by straftoemeting (sien bylae 1 - Voorbeelde van dekblaaie uit agtergrondverslae).

Die opdraggewende prokureurs en die advokate wat vir die verdediging optree, word vooraf ten opsigte van die aard van die ondersoeker se navorsing ingelig en hulle is ook teenwoordig wanneer die hof oor die aard van die ondersoek ingelig word.

2.2.4.1 VOORDELE VAN VELDSTUDIES

Lin (1976:206), Kerlinger (1973:407) en Smit (1983:65) maak almal melding van die voordele wat veldstudies as navorsingsmetode vir die gedragswetenskappe inhou. Die volgende voordele word deur al hierdie skrywers genoem, naamlik:

- 'n Groot voordeel van veldstudies is geleë in die realisme - dit is na aan die werklikheid. Hier is minder sprake van kunsmatigheid as selfs by veldeksperimente. Veldstudies is uniek in die opsig dat dit die navorser toelaat om sosiale prosesse in hulle natuurlike voorkoms waar te neem en te evalueer. Veranderlikes wat geëvalueer word, word nie doelbewus gemanipuleer soos in die laboratoriumeksperiment nie.
- Veldstudies hou direk met die praktyk verband en voorkom dat resultate so teoreties raak dat dit nie in die praktyk toepaslik is nie.
- Die veldstudie-opset is van so 'n aard dat wanneer 'n bepaalde hipotese getoets word dit moontlik tot die bewuswording van verdere hipoteses mag lei. Dit gee dus aanleiding tot verdere intensiewe navorsing.

Veldstudies se grootste voordeel lê dus in realisme, betekenis, sterkte van veranderlikes en teorie-oriëntasie.

2.2.4.2 NADELE VAN VELDSTUDIES

Die volgende nadele van veldstudies moet steeds by die gebruik daarvan as navorsingsmetode voor oë gehou word:

- In veldstudies is daar 'n groot hoeveelheid veranderlikes waarvoor die navorser feitlik geen kontrole het nie, en wat dus die resulterende waarnemings kan kontamineer. Die navorser kan nie die gebeurtenisse wat hy ondersoek kontroleer nie - hy kan nie gebeure laat voorkom wanneer hy wil nie, hy kan dit nie herhaal nie of omstandighede sistematies varieer nie.
- Daar bestaan verder 'n leemte aan akkurate meetinstrumente vir veldveranderlikes - dit gaan om die objektiwiteit van gegewens wat van suiwer waarneming verkry is.
- 'n Verdere nadeel verbonde aan veldstudies is geleë in die ontdekkingspotensiaal daarvan. Navorsers vind dit soms moeilik om binne die perke van die gestelde probleem te bly.
- By 'n veldstudie kan die navorser maklik subjektief en met sekere vooroordele in die navorsingsituasie tree, terwyl hy onpartydig en vry van vooroordele moet wees by die uitvoering van wetenskaplike navorsing. As gevolg van die subjektiwiteit is dit moontlik vir die navorser om die studie so te beïnvloed dat die resultate wat hy verkry, ooreenstem met sy verwagtings. Juis hierom is objektiwiteit in veldstudies van die grootste belang.
- 'n Veldstudieprogram neem gewoonlik 'n lang tyd in beslag en dit impliseer groot onkoste en tyd. Hierdie faktore behoort egter net potensiële swakpunte in die beplanning te wees.
- Veldstudies openbaar 'n gebrek aan presiesheid in die meting van

veranderlikes. Die veldwerker begin by wat hy dink die mees verteenwoordigende voorbeeld van gebeure is en probeer om dit wat daar is, te beskryf en te verklaar (Lin, 1976; Kerlinger, 1973; Smit, 1983).

2.2.4.3 DIE TOEPASLIKHEID VAN DIE VELDSTUDIE AS NAVORSINGSMETODE

Die kritiek ten opsigte van die feit dat die navorser met betrekking tot veldstudies geen beheer oor die gebeure het nie, geld nie vir hierdie ondersoek nie. 'n Hofdatum word vooraf bepaal en navorser het voldoende tyd om vir 'n saak voor te berei. Aangesien die ondersoek reeds sedert 1986 aan die gang is, kon navorser ook sorg dra dat die universum van die ondersoek so verteenwoordigend moontlik van 'n verskeidenheid misdade is.

Hoewel die moontlikheid bestaan dat waarneming ten opsigte van oortreders wel subjektief en impressionisties kan wees, word die getuienis in die hof verdedig en sal nie aanvaar word indien daar 'n hoë mate van subjektiwiteit in die verslag of tydens kruisverhoor sou voorkom nie. Die feit dat navorser gereeld versoeke van opdraggewende prokureurs, staatsaanklaers, regters en landdroste kry om getuienis in sake te lewer, asook die feit dat gedurende die tydperk waaroor die ondersoek handel wel 87 hofsake hanteer het, toon dat kredietwaardigheid, wat met objektiviteit saamhang, in die kriminele regsplegingsstelsel verkry is. Navorser kan dus nie, vanweë die feit dat die kriminele regsplegingsstelsel objektiviteit vereis, die ondersoek subjektief beïnvloed sodat die resultate wat sy verkry, met haar verwagtings ooreenstem nie.

Die veldstudieprogram het wel 'n lang tydperk in beslag geneem (vanaf Maart 1986 tot April 1992). Hierdie aspek is egter reeds in die beplanningsfase in ag geneem.

Die belangrikste voordeel van 'n studie van hierdie aard is die feit

dat navorser in staat is om sosiale prosesse in hulle natuurlike voorkoms waar te neem. Dit het gelei tot 'n beter begrip van en insig in die werksaamhede van al die ander betrokke akteurs in hierdie deel van die regsisteem. Veral kon kriminologiese misdaadveroorsoekende teorie op velerlei wyses in die praktyk toegepas word. Die veldstudie het dit ook moontlik gemaak om 'ivoortoring filosofieë' praktykgerig toe te pas en om belangrike tekortkominge in die huidige kriminologiese leerplanne aan universiteite te identifiseer.

Deur van Parsons se teorie gebruik te maak, is navorser genoop om die funksionele eienskappe van die rol van die forensiese krimioloog in die hof voortdurend voor oë te hou. Wetenskaplike gevolgtrekkings kon dus ten opsigte van daardie spesifieke aspek gemaak word. Indien die kriminele regsplegingsisteem as 'n universum beskou word, kan wetenskaplike veralgemenings na aanleiding van hierdie ondersoek gemaak word.

Aangesien navorser reeds oor 'n tydperk van vyf jaar as deskundige getuie in howe optree, het sy heelwat feitelike kennis aangaande die betrokke onderwerp, wat dan ten opsigte van beskrywende navorsing van waarde is, opgedoen,

Bailey poneer dat die waarnemer se emosionele betrokkenheid een van die belangrikste voordele van die waarnemingsprosedure kan wees (1987: 241). Hoewel die krimioloog van eie vooroordele bewus moet wees, kan onbetrokkenheid by die kliënt daartoe lei dat ware gevoelens en belewenisse versteek word en die krimioloog se insigte in en afleidings oor die misdaadveroorsoekende aspekte kan dan beperk en sydig wees.

Die gevaar van subjektiewe waarneming is ook minder in hierdie ondersoek, om 'n ander rede behalwe dié wat reeds genoem is, omdat strukture, sisteme en werkswyses die belangrikste aspekte is wat ontleed word. Die sisteme en strukture bestaan reeds vir baie jare en is ook deur parlamentswet voorgeskryf, wat meebring dat hulle nie deur die ondersoeker verander of gemanipuleer kan word nie.

2.3 TEGNIEKE

Die hulpmiddels wat in die uitvoering van hierdie navorsingsproses gebruik is, is die loodsondersoek en onderhoudskedules.

2.3.1 LOODSONDERSOEK

Lin (1976:199) sien die loodsondersoek as 'n 'kleedrepetisie' vir die werklike ondersoek. Dit word op 'n klein skaal gedoen, maar word op dieselfde wyse as die werklike ondersoek bedryf. 'n Loodsondersoek het heelwat voordele. Eerstens, bied dit die navorser die geleentheid om die instrumente wat in die ondersoek gebruik gaan word, te toets. Tweedens, bied dit die geleentheid tot eerstehandse betrokkenheid by die omgewing waarin die ondersoek gaan plaasvind. 'n Derde voordeel van 'n loodsondersoek is die geleentheid wat dit die navorser bied om sy data proefondervindelik te toets. Sodoende kan onvoorsiene probleme betyds uitgestryk word.

Reeds in 1986 het navorser besluit om die eerste 15 sake wat deur haar hanteer sou word, as 'n loodsondersoek te gebruik. Gedurende daardie tydperk is slegs pro deo sake - dit is waar pesone wat van halmsisdade aangekla word en nie self 'n regsverteenwoordiger kan bekostig nie, deur die staat van regsverteenwoordiging voorsien word - hanteer. Vyftien moordsake is van Maart 1986 tot die einde van 1987 in opdrag en onder die beskerming van die Johannesburgse Balieraad uitgevoer.

Hoewel besondere waardevolle ervaring opgedoen is, het probleme na vore gekom. Kommer oor die pro deo stelsel word toenemend uitgespreek, en vooraanstaande Suid-Afrikaanse regslui meen dat die huidige stelsel nie langer geregverdig kan word nie en dat alternatiewe oplossings gevind sal moet word (Coetzer, 1988:18).

Moord is een van die ernstigste misdade wat gepleeg kan word en dit is vanselfsprekend dat die oortreder kundig verdedig moet word. Eie ervaring het geleer dat die advokate wat in pro deo sake optree, oor die

algemeen onervare is en dus uiteraard nie die beste verdediging kan bied nie. Dit is vir 'n deskundige getuie moeilik om onder sodanige omstandighede in die hof op te tree, aangesien daar in pro deo sake geen opdraggewende prokureurs betrokke is nie (die staat gee die opdrag). In sake anders as pro deo is dit juis die prokureurs wat die deskundige getuie behulpsaam is en op die hoogte van die hofprosedures hou.

Die loodsondersoek het dus deels, vanweë bostaande redes, aangedui dat daar nie net van pro deo sake in die hoofondersoek gebruik gemaak kan word nie. Geen geldige afleidings ten opsigte van kriminologiese getuienis ten opsigte van ander misdade behalwe moord sou gemaak kon word nie. Aangesien tyd 'n belangrike faktor was, is besluit om vanaf 1988 met die hoofondersoek wat, ook ander misdade en nie slegs moorde nie, behels, voort te gaan. Al vyftien pro deo sake is in die universum van die hoofondersoek opgeneem (sien par. 2.4).

2.3.2 ONDERVRAGINGSONDERHOUD

Die ondervragingsonderhoud is 'n belangrike hulpmiddel by die versameling van feitemateriaal. Dit gaan bloot oor die inwin van feitelike gegewens en nie om diagnostiese en/of terapeutiese doeleindes nie. Sodra die navorser 'n situasie geskep het waarin kommunikasie met die ander persoon moontlik is, die ander persoon op die hoogte van die doelstellings van die navorser is en sy medewerking gee, kan daar van 'n ondervragingsonderhoud gepraat word (Smit, 1983:63).

Navorser het 'n skedule opgestel wat verband hou met die doelstellings en hipoteses van die ondersoek (sien paragrawe 1.5 en 1.6). Die vrae is opgestel om die funksionele voorvereistes van Parsons ten opsigte van 'n sisteem te toets, naamlik die vereistes van aanpassing, doelbereiking, integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer (sien bylae 2 vir 'n voorbeeld van die onderhawige vraelys).

Vir die loodsondersoek, wat 15 strafsake behels het, is 26 respondente deur middel van 'n ondervragingsonderhoud genader. Dieselfde vraelys

is aan 'n verdere 105 funksionaris se wat by die verdere 72 sake van die hoofondersoek betrokke was, gestel. Hulle was almal amptenare van die hof en is saamgestel uit regters van die hooggeregshof en advokate. Al hierdie 131 persone was by die sake waarin navorser as deskundige opgetree het, betrokke. Die aantal persone wat op die vraelys gereageer het en hulle ampte, word in Tabel 1 uiteengesit.

TABEL 1:

RESPONDENTE OP DIE VRAELYS	
Regters	5
Aanklaers	42
Landdroste	35
Prokureurs en advokate	23
Respondente van voorondersoek	26
TOTAAL	131

Navorsers het persoonlik die vrae aan die respondente gestel. In die meeste gevalle is die respondente direk na afloop van elke hofsaak genader. Dit is gedoen om tyd te bespaar en omdat daar dan nie die gevaar sou bestaan dat die respondente later van die feite van die saak sou vergeet nie.

Navorsers het die doel van die ondersoek verduidelik en beklemtoon dat die antwoorde op die skedule by 'n ondersoek na die rol van die forensiese kriminoloog by vonnisoplegging gebruik sal word. Verder is sorg gedra dat die respondente begrip daarvoor het dat geen respons 'reg' of 'verkeerd' is nie of dat die een antwoord meer aanvaarbaar of beter as 'n ander is nie.

Al 131 respondente het sonder 'n enkele uitsondering, positief op al

die vrae geantwoord. Nie een van die respondente het tydens die loods-onderzoek of die hoofondersoek enige verdere idees oor die rol van die forensiese kriminoloog in die hof bygevoeg nie, maar enkele opmerkings is oor die feit dat twee kriminoloë saam optree gemaak, en een respondent het 'n verdere moontlikheid ten opsigte van die voorlegging van vonnisalternatiewe geopper.

Die volgende kon dus uit die response van die respondente afgelei word, naamlik dat

- die kriminologiese agtergrondverslag van waarde was;
- die verslag en deskundige getuienis onder kruisverhoor 'n rol by vonnisoplegging gespeel het;
- die wyse waarop die verslag ingedien is, bevredigend is;
- die inligting wat die kriminoloë aangaande hulself aan die hof verskaf het, voldoende was; en
- dat die volgende aspekte ten opsigte van die verslae bevredigend was, naamlik:
 - die aspekte rakende die wyse waarop die verslag saamgestel is;
 - die biografiese agtergrond van die oortreder;
 - die gesinsagtergrond van die oortreder;
 - de skoolagtergrond van die oortreder;
 - die vryetydsbesteding van die oortreder;
 - die huwelikslewe van die oortreder;
 - die beroepslewe van die oortreder;
 - aspekte rakende die misdaad self;
 - teoretiese verklarings van die misdaad;
 - die moontlike rol van die slagoffer;
 - die berou van die oortreder;
 - vonnisalternatiewe vir die oortreder (elke moontlike alternatief vir die besondere oortreder is afsonderlik bespreek).

Op die vraag of die respondente nog aspekte behalwe die wat in die verslag bespreek is in kriminologiese agtergrondverslae sou wou sien, het geen respondent verdere voorstelle gemaak nie.

Op die vraag of forensiese kriminoloë slegs ter strafversagting behoort op te tree (met ander woorde slegs ter verdediging van oortreders) het al die respondente gemeen kriminoloë behoort ook ter strafverswaring (dus vir die staat) op te tree.

Al die respondente het die mening gehuldig dat kriminologiese agtergrondverslae en die deskundige getuienis onder kruisverhoor 'n rol gespeel het in die individualisering van straf.

Al die respondente het gemeen dat kriminoloë vir hulle dienste in die hof besoldig behoort te word.

Elkeen van die 131 respondente het tydens die onderhoude daarvan melding gemaak dat die kriminoloë se teenwoordigheid tydens die verloop van die saak van besondere hulp was. Dit was veral tydens die loodsondersoek genoem, aangesien daardie advokate juniors, onervare en onseker van hulle saak was.

Aangesien navorser verskillende kere deur dieselfde opdraggewende prokureurs genader word, dieselfde advokate bystaan en soms voor dieselfde regters, landdroste en aanklaers verskyn, is slegs die persone wat nog nie tevore ondervra is nie by elke nuwe hofsaak ten opsigte van die ondervragingsonderhoude betrek.

Die vrae ten opsigte van vonnisalternatiewe en of twee kriminoloë deel aan een verslag behoort te hê, het wel enkele voorstelle van een landdros, een aanklaer en twee prokureurs na vore gebring.

Die landdros meen dat alle moontlike vonnisalternatiewe nie viva voce in die hof gelewer moet word nie. Hy het voorgestel dat dit bloot skriftelik aan die landdros in sy kamers voorgelê moet word. Die aanklaer, daarenteen, het daarvan melding gemaak dat daardie deel van die verslag juis viva voce afgelê behoort te word, omdat dit die landdros noop om elke afsonderlike vonnisalternatief op te weeg en dan redes te verskaf ten opsigte van sy besluit oor straftoemeting.

Die twee prokureurs meen dat hoewel twee forensiese kriminoë uiteraard 'n sterker saak kan voer, dit moontlik kan wees dat nie alle kliënte die dubbele kostes sal kan betaal nie.

Die regters en ander beamptes wat ondervra is het geen voorstelle in enige verband gemaak nie.

Ondersoeker het, na aanleiding van die ondervragingsonderhoude, tot die slotsom geraak dat daar wel plek vir forensiese kriminoë as deskundige getuies in die Suid-Afrikaanse howe is en dat die twee kriminoë ten opsigte van die hofsake waarin hulle as deskundiges verskyn het, kredietwaardigheid verdien het.

Daar kon nie van 'n kontrolegroep gebruik gemaak word nie. Slegs diegene wat reeds aan kriminologiese deskundige getuienis blootgestel was, is daartoe in staat om 'n mening uit te spreek. Ander kan slegs 'n mening oor deskundige getuienis in die algemeen lug. Aangesien deskundige kriminologiese getuienis per se 'n betreklik nuwe verskynsel in Suid-Afrika is, dra hulle geen kennis oor die aard en inhoud van sodanige getuienis of die moontlike bydrae, aldan nie, wat sodanige spesifieke getuienis met betrekking tot straftoemeting kan maak nie. Geen een van die respondente in die loods- of hoofondersoek het ervaring van ander forensiese kriminoë as navorser en haar vennoot as deskundige getuies gehad nie. Kriminoë wat lede van voorvonnisevalueringskomitees van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn is, lewer slegs insette ten opsigte van oortreders wanneer die komitees vergader en lewer nie afsonderlike viva voce getuienis nie en ondergaan ook nie persoonlike kruisondervraging nie.

2.4 DIE UNIVERSUM VAN DIE ONDERSOEK

Volgens Gouws (1979:234) is die universum "... die totale aantal gevalle (of items, metings, individue, gebeure, ens.) waarop 'n resultaat of stelling betrekking het, of al hierdie gevalle nou bestudeer is of

nie. 'n Universum (sinoniem populasie) word gedefinieer deur sekere eienskappe van die lede te spesifiseer...".

Al die hofsake waarin ondersoeker sedert Maart 1986 tot en met April 1992 as deskundige getuie opgetree het, vorm die universum.

Tabelle 2, 3, 4 en 5 toon 'n ontleding van hierdie universum aan:

TABEL 2

TOTALE AANTAL SAKE WAARVOOR ONDERSOEKER SEDERT 3 MAART 1986 TOT EN MET APRIL 1992 VOORVONNISEVALUERINGS GEDOEN HET

A	GETUIENIS TER STRAFVERSAGTING	AANTAL
	Moord	25
	Strafbare manslag	1
	Bedrog	28
	Diefstal	6
	Voertuigdiefstal	3
	<u>Crimen Injuria</u>	1
	Onwettige diamanthandel	2
	Onwettige besit van ru-goud	1
	Handel in dwelmmiddels	2
	Seksuele aanranding	2
	Dronkbestuur	2
	Menseroof en moord	2
	Diefstal en bedrog	2
	Omkopery	1
	TOTAAL	78
B	GETUIENIS TER STRAFVERSWARING	
	Verkragting	6
C	VERSLAE SLEGS TEN OPSIGTE VAN APPÉL	
	Verslae opgestel	3
	GROOTTOTAAL	87

TABEL 3

GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE HOWE WAARIN GETUIENIS VIVA VOCE GELEWER IS	
Witwatersrandse	Hooggeregshof
Pietermaritzburg	Hooggeregshof
Johannesburg	Streekhof
Johannesburg	Distrikshof
Bloemfontein	Streekhof
Windhoek	Hooggeregshof
Kaapstad	Streekhof
Port Elizabeth	Streekhof
Pretoria	Streekhof
Heidelberg	Streekhof
Wynberg	Streekhof
Kempton Park	Streekhof
Delmas	Streekhof
Transkei	Hooggeregshof
Nelspruit	Hooggeregshof (Rondgaande hof)
Pietersburg	Streekhof
Brakpan	Streekhof
Benoni	Streekhof
Hillbrow	Streekhof
Randburg	Streekhof

TABEL 4

GESLAGSPREIDING	
Manlike oortreders	83
Vroulike oortreders	4
TOTAAL	<u>87</u>

TABEL 5

RASSESPREIDING	
Blank	78
Swart	5
Bruin	1
Indiër	3
TOTAAL	<u>87</u>

Bostaande tabelle toon aan dat die sake wat hanteer is, oor 'n verskeidenheid van misdade gehandel het, en dat getuienis oor 'n groot geografiese gebied van die land gelewer is. Die meeste kliënte was blanke mans. Aangesien die optrede van die ondersoeker en haar vennoot die eerste diens van hierdie aard is wat in Suid-Afrika op 'n deurlopende en georganiseerde wyse aangebied word, is geen vergelykende syfers beskikbaar nie.

HOOFSTUK 3

STRAF EN DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OORTREDER

3.1 INLEIDING

In hierdie proefskrif word beoog om die bydrae wat die forensiese kriminoloog kan maak tot die uiteindelijke bestrawwing van die oortreder deur die hof, te ondersoek. Ten einde dit te kan doen, is dit noodsaaklik dat die einddoel van die proses - regverdige strafoplegging - deeglik ontleed word en aangedui word dat die bestrawwing van die oortreder moreel regverdigbaar is wanneer dit op die dader se verantwoordelikheid vir die verbreking van 'n regsvoorskrif berus.

Straf is die samelewing se reaksie op 'n persoon wat sy voorskrifte oortree het. Die hedendaagse opvatting oor en toepassing van straf, is die kulminasie van eeue se filosofiese besinning oor die strafverskynsel en ontwikkelings in die benadering tot straf asook die teorieë oor en doelstellings met vonnisoplegging. Ten einde straf in perspektief te kan sien, word die belangrikste fases in die ontwikkelingsgang daarvan, die wesenselemente van die heersende strafbegrip en die jongste benaderings tot vonnisoplegging, in hierdie hoofstuk aangestip.

3.2 DIE OORSPRONG EN ONTWIKKELING VAN STRAF

3.2.1 DIE OORSPRONG VAN STRAF

Brillenburger-Wurth (1956:13) gaan van die standpunt uit dat die oorsprong van straf in die gesin, en dus in die opvoeding, gesoek moet word. In die vroegste samelewings was die vader van die gesin ook regter. Opvoeding sonder die roede was ondenkbaar, en liggaamstraf is toegepas op elkeen wat die reëls van ouerlike gesag oortree het.

MacIver (1955:22) sien ook die gesin as die oorsprong van sosiale beheer en straf. Hy beweer dat om die oorsprong van regering - wat dus ook straf impliseer - aan 'n kontrak of enige sameloop van omstandighede toe te skryf, beteken 'n ontkenning van die feit dat die elemente van mag en gesag reeds al in die gesin as primêre gesag aanwesig is: "At first the business of regulations is mainly a family concern, broadly protected by the custom of the inclusive group. To ascribe the beginnings of government to force or to contract or to some particular conjuncture is to ignore the fact that already in the family, the primary social unit, there are always present the curbs and controls that constitute the essence of government."

Op dieselfde wyse as in die gesin, is strawwe in die samelewing op vergrype toegepas deur diegene wat met die handhawing van orde en gesag belas is (Malinowski in MacIver, 1955:13).

3.2.2 BLOEDWRAAK

Voordat die strafbegrip soos dit vandag aanvaar word, tot stand gekom het, word die primitiewe samelewing deur bloedwraak gekenmerk. In die tyd toe straf nog 'n refleksiwre reaksie op 'n onreg was, het die benadeelde party soveel 'straf' op die oortreder toegepas as wat dit in sy mag was om te doen. Hierdie samelewings het uit groepe outonome politieke eenhede bestaan wat gebaseer was op bloedverwantskap en waarvan plaaslike eenhede of sibbes die algemeenste was. Sulke eenhede was 'n mag op hulle eie in dié sin dat hulle nie ondergeskik aan enige hoër politieke gesag of regsinstelling was nie. In hierdie opsig stem hulle met die soewereine state van vandag, wat ook nie aan 'n hoër gesag ondergeskik is nie, ooreen.

Inbreuke op die belange van 'n lid van die groep deur lede van 'n ander groep, is deur al die lede van die benadeelde se groep met afkeur bejeën. Hulle het dan wraak geneem teen die oortreder self of teen enige lid van sy groep (Barnes & Teeters, 1945:236). Hierdie beginsel van kollektiewe aanspreeklikheid het nie alleen vir die verskillende stamme gegeld nie, maar ook vir die verskillende vrywillige groepe

binne een stam. Waar die beginsel van kollektiewe aanspreeklikheid gegeld het, was daar dus geen waarde geheg aan die verwytbare geestesgesindheid van die oortreder as individu nie. Waar daar as deel van die sodanige bloedwraak 'n geveg ontstaan het, kon enige stamlid, en nie net die oortreder self nie, gedood of beseer word, al het die betrokke stamlid glad nie die daad gepleeg nie. Weerwraak het ook voorgekom waar 'n elementêre regsisteem bestaan het. Die owerhede het nie die straf uitgevoer nie, maar slegs die benadeelde groep toegelaat om voort te gaan met die weerwraak.

Oor wraak in hierdie tyd beweer Brillenburg-Wurth (1956:15) dat in die algemeen gesê kan word dat bloedwraak in die Ou Testament die karakter van die herstel van geskende regte gedra het, waarby die verpligting tot wraakuitoefening ook op die bloedverwante gerus het omdat dit geag is dat hulle ook kollektief getref is deur die skade wat een van hulle groep gely het. Die volk is gekenmerk deur 'n groeps persoonlikheid waarin die individu nog nie tot sedelike selfstandigheid ontwikkel het nie.

Ses beginsels lê ten grondslag van bloedwraak, naamlik:

- Die onreg wat gepleeg is, is beskou as 'n kollektiewe onreg. Dit was nie 'n persoonlike sakebeslegting nie, maar enige onreg teenoor enige lid van die groep was beskou as 'n onreg teen die hele groep.
- Dit was hoofsaaklik gebaseer op wraakneming en nie soseer op straf nie. Die eweredigheidsbeginsel wat via die Ou Testamentiese oogvir-'n-oog leerstellings 'n kenmerk van vergelding is, het toe nog nie bestaan nie en die wraakuitoefening was soms baie erger as die oortreding. Genesis 4 vers 15 lui dat "... as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word" en vers 24 gaan selfs verder: "... maar Lameg sewe-en-sewentig maal."
- Die wraakneming was ook kollektief, met ander woorde, alle lede van die groep is deur gewoonte verplig om 'n onreg teenoor enige van sy lede te wreek.

- Die kollektiewe aanspreeklikheid van die oortreder se groep, dit wil sê indien die werklike oortreder nie opgespoor kan word nie, kan tot gevolg hê dat die wraak op enige lid van die groep waartoe die oortreder behoort het, uitgeoefen word.
- Die motief van die oortreder by die pleeg van 'n daad was nie ter sake nie. Dit het nie saak gemaak of die daad vooraf beplan was of 'n ongeluk was nie.
- Die groep het geen belang gehad wat betref onregte teenoor lede van ander groepe nie.

Die grootste nadeel aan bloedwraak verbonde, was dat dit geen einde aan twiste gemaak het nie. Wraak het tot weerwraak gelei, want die een groep het nie altyd aanvaar dat die saak finaal besleg is deur die eerste oortreder te straf nie. Geleidelik het die bloedwraak egter in hewigheid afgeneem en het wysigings ingetree, sodat straf van die oortreder mettertyd geheel en al op die staat berus het. Enkele stappe in die proses was die reg van asiel in Bybelse vrystede, die betaling van kompensasie en die toepassing van die sogenaamde vrede van God (Gillin, 1945:337-340).

3.2.3 DIE OPKOMS VAN 'n SENTRALE STRAFTOEPASSINGSGESAG

Een van die vroegste tekens van 'n sentrale staatsgesag, is in die Kode van Hammurabi van ongeveer 2 000 jaar voor Christus te vinde. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie ondersoek al die historiese magte te beskryf wat direk of indirek invloed uitgeoefen het op die strafopvatting vanaf Hammurabi tot in die moderne tyd nie. Die belangrikste fases is die volgende, naamlik na die Kode van Hammurabi volg die tydperk van Moses, die Romeine, die Germaanse invallers in Rome, die Feodale tydperk, die Middeleeue, die Renaissance, die Klassieke, Neo-Klassieke en Positivistiese tydperke chronologies. Daarná volg die moderne strafopvattings.

Hierdie tydperke word vervolgens bespreek.

3.2.3.1 DIE KODE VAN HAMMURABI

Een van die vroegste geskrewe oorblyfsels van 'n antieke strafbeleid is die kode van die Babiloniese koning, Hammurabi (Barnes & Teeters, 1945:288). Dit is 'n kode van wette; 'n handboek van instruksies aan regters, polisieamptenare en getuies; dit behandel die regte en verpligtinge van mense; dit is 'n gedragskode vir regeringsamptenare, handelaars en dokters. Dit bepaal deurgaans, klousule vir klousule, die bepaalde verpligting wat bestaan, die besondere handeling wat verbied word en die presiese straf wat toegepas moet word (Korn & McCorkle, 1960:375).

Een van die belangrikste doelstellings van dié kode was om die gesag van die owerheid te versterk. Daarom berus die toepassing van die regulasies in die kode op 'n sisteem van strawwe deur die owerheid toegepas. Eie optrede en bloedwraak is ten strengste verbied. Die strawwe was gemik op die herstel van die verhouding tussen die oortreder en die slagoffer. Die afkeur van die Babiloniërs was net so sterk teen die daad as teen die dader gerig. Die daad moes uitgewis word, en sake moes herstel word asof die misdadad nooit gepleeg is nie. Dit het geskied op grond van die taliese beginsel van 'n oog-vir-'n-oog, met ander woorde, eweredigheid of gelykheid. Korn en McCorkle (1960:377) beskryf hoe die beginsels tot die letter uitgevoer is, en neem as voorbeeld die geval dat, sou 'n man 'n miskraam by 'n ander man se dogter veroorsaak as gevolg waarvan sy te sterwe sou kom, moes die oortreder se dogter, en nie hy self nie, gedood word. Die rede daarvoor was dat om die oortreder te dood miskien goeie wraakneming sou wees, maar dit was swak vergelding. Dit is duidelik dat vergelding die dominante strafmotief in die kode was.

Wat die strafvorme betref, was veral vyf soorte strawwe bekend, naamlik die doodstraf, verminking, brandmerk, verbanning, en boetes. Die doodstraf is op verskillende wyses voltrek, byvoorbeeld deur verbranding, verdrinking en deurboring met 'n skerp paal. Ongeveer 37 spesifieke misdrywe was met die dood strafbaar, waaronder verkragting en ontvoering. Moord is nie in die kode genoem nie (Korn & McCorkle, 1960:377).

3.2.3.2 DIE TYDPERK VAN MOSES

Die tydperk van Moses, wat chronologies op dié van Hammurabi volg, word gekenmerk deur 'n regscode aansienlik minder gesofistikeerd as dié van die vorige tydperk. Daarin is ook 'n minder professionele benadering tot die probleem van sosiale beheer. Nieteenstaande hulle voor-die-hand-liggende ooreenkomste, was daar een belangrike en basiese verskil tussen die twee sisteme, naamlik 'n drasties veranderde verhouding tussen die religieuse en die sekulêre mag. Die Mosaïse kode het hoofsaaklik bestaan uit misdade teen die godsdienst, waarvoor die doodstraf in die meeste gevalle die aangewese straf was (Oppenheimer, 1975:108). Behalwe die doodstraf, word ook verminking en géseling aangetref. Sekere oortredings is met alternatiewe straf, naamlik die "kerith" besoek. Dit is 'n antieke Hebreeuse sanksie wat vergifnis met 'n selfopgelegde vloek gekombineer het. Die uitwerking van die vloek wat deur die kerklike owerheid uitgespreek is en, so het hulle geglo, deur God voltrek is, was 'n stadige dood in ballingskap (Korn & McCorkle, 1960:379).

3.2.3.3 DIE ROMEINE

In die tyd van die Romeinse Ryk het die Romeine oor 'n formele kode van strafregprosedures, 'n sisteem van regsopleiding en goeie regsgeleerdes beskik. Desnieteenstaande verklaar Taft en England (1964:287) dat die Romeine min wat van belang vir die hedendaagse strafkundige is, bygedra het.

Gedurende die tydperk van die Romeinse Republiek en vroeë Romeinse Ryk het die strafproses die karakter van 'n quasi-private vervolging gehad. Beide partye, en later hulle regsverteenwoordigers, het hulle eie sake bepleit in 'n geding, en daar was geen nut vir 'n amptelike vervolger nie. Sodoende het die staat algehele onpartydigheid gehandhaaf.

Die proses waarvolgens die staat net 'n onpartydige arbiter voorsien wat die saak besleg en die straf bepaal, staan in skerp kontras teenoor dié waar die staat nie slegs die arbiter voorsien nie, maar ook staats-

vervolgers, wat die private vervolger vervang. In die Romeinse tydperk was die oorskakeling van staatsvervolgers na 'n onpartydige regbankstelsel aanvanklik tot die provinsies beperk, maar die Romeinse keisers het gou die voordele van 'n onpartydige regbank besef en het dit na Romeinse burgers uitgebrei (Korn & McCorkle: 1960:382).

'n Groot verskeidenheid strawwe is deur die Romeine toegepas. Benewens verskillende metodes van doodstraf, het hulle, onder andere, van brandmerk, verminking, vernedering en selfs gevangesetting gebruik gemaak (Von Hentig, 1937). Straf is gedurende die Romeinse tyd met vrye diskresie toegepas, en het dikwels gevarieer volgens administratiewe en ekonomiese oorwegings en politieke opportunisme.

3.2.3.4 DIE GERMAANSE INVALLERS IN ROME

Die wette van die Germaanse invallers in Rome het 'n radikale verskil van die goedontwikkelde regsisteem van die Romeine getoon (Korn & McCorkle, 1960:384 e.v.). By die Germane het die stelsel van private aanklaers soos dit in die vroeë Romeinse Republiek bekend was, nog gegeld. Hierdie stelsel kon egter nie die toets deurstaan nie, omdat dit slegs goed was vir 'n nomadiese bestaan, en geleidelik het die Romeinse Reg weer die oorhand gekry. Met die herontdekking van die kodifikasie van die Romeinse Reg soos dit deur Justinianus saamgestel is, is die finale slag geslaan wat tot die oplewing van die Romeinse Reg gelei het.

Die vroegste verslae oor die Germaanse Reg dui op die bestaan van 'n gemeenskap waar sosiale beheer besig was om te verskuif van private wraak tot groeparbitrasie. Die oorskakeling van private optrede na groepsoptrede het gevolg, nie omdat beperkings geplaas was op die uitoefening van bloedwraak as sodanig nie, maar omdat die tye en plekke waar bloedwraak uitgeoefen kon word, beperk was. Hierdie beperkings was bewerkstellig deur 'n uitbreiding van die tye en die plekke waar die "vrede van God" van krag was. Die "vrede van God" het beteken dat gedurende sodanige tye alle private optrede ten strengste verbied was, en die oortreder ten minste tydelik teen weerwraak gevrywaar was (Korn & McCorkle, 1960:390).

Die vroegste vorme van die "vrede van God" was gedurende die heilige feesdae. Later is dit permanent uitgebrei na die plekke waar die heilige feeste gehou is. Die vroegste vorme van groeparbitrasie het by hulle waarskynlik ontstaan tydens die groot stamsaamtrekke gedurende die heilige feestye. Gedurende die tye wat die leer op mars was, het die "vrede" ook gegeld. Geleidelik is dit uitgebrei na die tye waarop gesaai en ge-oes is. Uiteindelik is die "vrede" uitgebrei tot die huis van die oortreder, en kon hy nie in sy huis aangeval word nie. Omdat oortreders toe uit hulle huise gerook is deur slagoffers, is die "vrede" uitgebrei tot die grond om die huis. Histories was die "vrede" wat die koning omring, die belangrikste vorm van die "vrede". Oppenheimer (1975:166) beskryf dit soos volg: "The king's presence imparted peace, not only to his residence, but to a considerable district around it. Three miles, three furlongs and three acre-breadths, nine feet, nine palms and three barley-corns, constitute the mystical radius of the verge which was reckoned from the town or mansion where the king held his court; and within this ambit the protection by royalty was to remain unviolated".

Met die uitbouing van die "vrede" het dit vir die oortreder moontlik geword om permanent van sy vervolger te vlug. In 'n samelewing waar die veiligheid van die groep van die eenheid daarvan afgehang het, het onopgeloste vyandighede tot groot gevare, soos byvoorbeeld vetes tussen subgroepe, aanleiding gegee. Daarom moes 'n alternatiewe oplossing gevind word. Die oplossing is gevind in die stelsel van die betaling van kompensasie.

Die bedrag van die kompensasie het gewissel na gelang van die aard van die misdaad. Een tipe kompensasie is betaal in die geval van die dood van die slagoffer; 'n tweede in gevalle waar die slagoffer nie dood is nie en 'n derde soort is aan die staat betaal in gevalle waar 'n amptenaar as bemiddelaar opgetree het.

3.2.3.5 DIE FEODALE TYDPERK EN DIE MIDDELEEUW

Die feodale tydperk en die middeleeue is gekenmerk deur agteruitgang op strafgebied. Die disintegrasie van koninkryke in groot getalle feodale

gemeenskappe, elkeen met sy eie gewapende magte en belastings, was 'n vrugbare teelaarde vir anargie. Die feodale here was sowel die handhawers van die wet en orde as die verbrekers daarvan. Hoewel die basis van die middeleeuse geregtigheid die Germaanse Reg was, was die vervolgers en hulle bloedverwante weer eens die benadeeldes, wat beteken het dat diegene wat sonder bloedverwante was, sonder die reg was. Die middeleeuse regspraak het gepoog om die beoordeling van die getuienis uit die hande van mense te neem en aan die gode oor te laat. Om hierdie doelwit te bereik is van die oordeel deur vuur en gevegte waar die wener as onskuldig geag is, gebruik gemaak.

Na die intellektuele stilstand van die middeleeue was daar gedurende die elfde en die twaalfde eeue 'n geestelike herlewing wat al gou teenstand teen die Roomse kerk meegebring het en tot gevolg gehad het dat verskillende Pouse negatief daarop reageer het. Dit het die Inkwisisie en vervolging van kettere in byna elke staat tot gevolg gehad. Oor die uitwerking van die Inkwisisie skryf Charles (in Corn & McCorkle, 1960: 395) dat behandeling van verdagtes aanvaar is. Die beskuldigde het geen regte gehad nie, sy skuld is vooraf reeds aanvaar en 'n bekentenis moes met geweld uit hom gedwing word.

Elke opvolgende eeu van die middeleeuse tydperk het 'n verswaring van strawwe meegebring. Teen die begin van die renaissance is die ou toegewilde stelsels van boetes en kompensasie van die Germane feitlik geheel en al vervang deur 'n geregtelike bloedbad. Teen die veertiende eeu was die doodstraf die algemeenste straf. Ander bekende middeleeuse strawwe was verminking, vernedering, lyfstraf, verbanning, verbeuring van eiendom en soms gevangenisstraf (Korn & McCorkle, 1965: 395-398).

3.2.3.6 DIE RENAISSANCE

Die geskiedenis van die ontwikkeling van opvattinge oor straf, verskuif van die middeleeue na die renaissance. Die middelpunt van belangstelling is nie meer die strawwe as sulks nie, maar die metode van verhoor (Corn & McCorkle, 1960:396). Die bestaande vorme van straf het gebly. Sentralisasie van politieke mag het 'n standaardisasie in regsprosesse

meegebring, maar die skuld van die oortreder is nog summier aanvaar sonder dat hy 'n behoorlike geleentheid gebied is om homself te verdedig. Al wat vasgestel moes word, was sy straf. Nieteenstaande hierdie vooroordele, is soms tog gepoog om 'n meer regverdige verhoor te bewerkstellig. Met verloop van tyd is geglo dat alleen deur 'n bekentenis van die beskuldigde 'n finale bewys verkry kon word, en so 'n bekentenis is as voorvereiste gestel vir 'n skuldigbevinding. Waar 'n beskuldigde nie sy skuld wou bekennen, is hy gemartel; en alleenlik wanneer hy die marteling kon deurstaan, is hy vrygespreek. Vanaf die begin van die agtiende eeu het daar egter teenkanting teen hierdie metode van verhoor gekom.

3.2.3.7 DIE KLASSIEKE TYDPERK

Die agtiende-eeuse strafopvatting word oorheers deur die Italianer, Cesare Beccaria se opvattinge en die klassieke skool. Die beginsels wat die skrywers Montesquieu, Voltaire, Rousseau en ander filosowe daargestel het, het Beccaria versamel en verwerk in sy "Essay on Crimes and Punishments" van 1764 (Branham & Kutash, 1949:292). Beccaria verklaar dat die doel van straf en die strafreg moet wees om die meeste geluk aan die grootste aantal mense te verseker. Volgens Caldwell (1956:160) word die beginsel van "... the greatest happiness for the greatest number" aan Jeremy Bentham toegeskryf, maar Korn en McCorkle (1960:404) is daarvan oortuig dat Bentham dit van Beccaria gekry het.

Dit is ook aanvaar dat Rousseau reg was met sy teorie van die maatskaplike verdrag as basis van die samelewing (Heath, 1963:114). Hy voer aan dat deur die pleeg van misdaad die maatskaplike verdrag verbreek word, en die reg om te straf verkry word uit die noodsaaklikheid om misdaad te voorkom ten einde die maatskaplike verdrag gestand te doen. Hoewel die omvang van die straf bepaal moet word deur die skade wat die openbare welvaart deur die misdaad aangedoen is, moet die doel van straf wees om die misdadiger daarvan te weerhou om verdere skade aan te rig en andere van die pleeg van misdaad af te skrik. Marteling behoort afgeskaf te word, meer gebruik moet gemaak word van gevangenisstraf in plaas van lyfstraf en beskuldigdes moet verseker wees van 'n regverdige

verhoor (Barnes & Teeters, 945:322). Daarby is straf noodsaaklik en moet dit spoedig en openlik toegepas word en in verhouding tot die gepleegde misdaad staan. Hy word in laasgenoemde opvatting deur Bentham gesteun (Heath, 1963:62). Hulle steun die opvatting dat die misdaad en die straf in 'n bepaalde verhouding tot mekaar moet staan. Die rede is die oorweging dat dit die uitwerking van die straf op die gemoed van diegene wat weerhou moet word van misdaadpleging, vergroot. Montesquieu, Filangieri en Hobbes sien weer die verhouding tussen misdaad en straf as 'n uitvloeisel van die maatskaplike verdragteorie van Rousseau (Heath, 1963:61). Kant (Pincoffs, 1966:10) gaan daarenteen van die standpunt uit dat die misdadiger net soveel regte behoort te verbeur as waarop hy inbreuk gemaak het op die regte van sy slagoffer. Daarom moet misdaad en straf in 'n bepaalde verhouding staan.

Salleiles (1968:54) vat die strafopvatting van die 18de eeu soos volg saam: Die gemeenskap verwerf die reg om te straf by wyse van kontrak, en mag daardie reg slegs binne die perke van die kontrak uitoefen. Strawwe word op die basis van gelyke regte voorgeskryf, en is die uitoefening van die wil van die volk. Salleiles meen dat die Franse Strafkode van 1791 die gees van die tyd by uitstek weerspieël. Dié kode het elke besondere straf voorgeskryf en die regter is geen diskresie toegelaat om die straf aan te pas nie. Dit het op 'n vasgestelde tarief neergekom: vir diefstal van 'n bepaalde omvang is byvoorbeeld 'n bepaalde termyn van gevangenisstraf voorgeskryf. Geen omringende omstandighede is in ag geneem nie. Dit het meegebring dat almal wat dieselfde daad gepleeg het, eenderse strawwe opgelê is omdat hulle ewe verantwoordelik geag is. Die regter was slegs 'n meganiese instrument wat die voorgeskrewe straf opgelê het.

Hieruit kan dan die volgende drie beginsels waarop die klassieke skool berus, gereduseer word:

- Eerstens moet die regte en verpligtinge van elke individu beveilig word. Aangesien alle mense gelyk is, moet alle misdadigers in gelyke mate bereg word.

- Tweedens, aangesien misdaad 'n juridiese abstraksie is, moet 'n bepaalde straf op 'n bepaalde misdaad volg.
- Dertens behoort straf beperk te word tot dit wat sosiaal noodsaaklik is. Die sosiale noodsaaklikheid bestaan uit die afskrikwaarde van straf, en net soveel straf moet toegepas word as wat nodig is om andere van soortgelyke misdaadpleging te weerhou.

Agter hierdie beginsels het die geloof geskuil dat elke mens 'n vrye wil het. Daar is ook aangeneem dat die mens sy vrye wil so uitoefen dat hy 'n balans tussen plesier en pyn sal handhaaf ten einde die grootste hoeveelheid plesier te kan geniet (Caldwell, 1956:161; Gillin, 1945:226 e.v.).

3.2.3.8 DIE NEO-KLASSIEKE TYDPERK

'n Reaksie het teen die suiwer teoretiese benaderingswyse van die klassieke skool ingetree en enkele subjektiewe elemente is in die straftoepassing van hierdie oorgangstydperk ingevoer. Die neo-klassieke skool kom in opstand teen die klassieke beginsel dat alle mense dieselfde wilsvryheid onder alle omstandighede geniet. Volgens hierdie nuwe skool moes 'n oortreder se straf berus op sy graad van verantwoordelikheid, en verantwoordelikheid het op sy beurt berus op die vryheid van die oortreder. Straf moes dus in verhouding staan tot die vryheid van die individu, en waar daar geen vryheid van optrede was nie, was daar dus geen straf nie. Omdat regters en juries aanvanklik 'n persoon slegs ten volle ontoerekeningsvatbaar en nie-aanspreeklik kon vind, het dit daartoe gelei dat mense dikwels ten volle ontoerekeningsvatbaar gevind is. Al gou is besef dat hierdie streng verdeling nie die beste oplossing was nie, en is daar in 1824 en weer in 1832 hervormings ingevoer wat dit vir regters en juries moontlik gemaak het om versagtede omstandighede te vind (Salleiles, 1968:81). Die eerste stap was om kinders van aanspreeklikheid uit te sonder, en daarna is volwasse geestesgekrenktes ook uitgesonder. Besondere aandag is gegee aan die vraagstuk van verminderde toerekeningsvatbaarheid en strawwe wat in ooreenstemming daarmee opgelê moes word. Die neo-klassici argumenteer

dat, as daar grade van verantwoordelikheid bestaan, dit noodwendig moet volg dat die straf in ooreenstemming met die aard van die subjektiewe faktore moet varieer. As die vermoë om die kwade te weerstaan in ooreenstemming met die psigiese en gesondheidstoestand van die individu wissel, behoort hierdie subjektiewe toestand ook in sy straf weerspieël te word. Volgens die neo-klassici behoort die omvang van straf die graad van verantwoordelikheid van die oortreder in ag te neem.

Teen die einde van die 19de eeu tree daar 'n skerp reaksie in teen die neo-klassieke leerstuk van verminderde aanspreeklikheid met sy unieke gevolg van vermindering van straf (Salleiles, 1968:98). In 1908 bespreek die Societe Francaise de Philosophie die saak en lewer le Poiltevin (Salleiles, 1968:98) ook 'n verslag daaroor. Hierdie belangstelling in die strafopvatting is gaande gemaak deur die ontstaan en groei van die positivistiese of Italiaanse skool.

3.2.3.9 DIE POSITIVISTIESE TYDPERK

'n Verdere fase in die geskiedkundige ontwikkeling van die strafopvatting is die positivistiese of Italiaanse skool wat ontstaan het in die laaste deel van die 19de eeu (Salleiles, 1968:101). Gedurende dié tydperk was daar 'n groot oplewing op die gebied van die biologiese wetenskappe. Hierdie oplewing is gestimuleer deur die geskrifte van Darwin oor evolusie, en dit het oral die verbeelding van wetenskaplikes aangegryp. Caldwell (1956:163) merk tereg op dat dit te verwagte was dat gespekuleer sou word oor moontlike atavistiese tendense by sekere optredes van mense - dus ook dat misdadigers moontlike kenmerke van 'n vroeëre evolusionêre stadium van die mens openbaar.

Die belangrikste voorstanders van hierdie gedagterigting was Lombroso, Ferri, Garofalo en Sighele en hulle denkrigting het tot stand gekom in direkte teenkanting teen die vryewil-teorie van die klassieke skool. Vir die Italiaanse skool was misdaad 'n natuurlike verskynsel wat die gevolg van natuurlike faktore was en geen ruimte vir vryheid gelaat het nie. Lombroso het die klem op antropologiese faktore geplaas en Ferri was meer op sosiale faktore ingestel. Dit was egter nie vir hulle be-

langrik of die neigings oorgeërf of die gevolg van maatskaplike invloede was nie. Wat wel belangrik was, is dat misdaad die noodwendige gevolg van bepaalde natuurlike omstandighede was waaroor die mens geen beheer kon uitoefen nie (Salleiles, 1968:102).

Omdat misdaad die onvermydelike gevolg van patologiese toestande binne die individu of van maatskaplike omgewingsfaktore is, is leedtoevoeging wat op skuldigbevinding aan 'n misdaad volg, nie straf in sy ware betekenis nie. Straf kan alleen toegepas word vir 'n misdaad indien die mens 'n vrye wil gehad het sodat hy kon besluit om nie die misdaad te pleeg nie. Leedtoevoeging wat op 'n oortreding volg sou dus slegs straf wees as die oortreder nie aan antropologiese of maatskaplike invloede buite sy beheer uitgelewer is nie. Daarom beskou dié skool straf bloot as 'n beskermingsmaatreël, soortgelyk aan maatreëls teen kranksinniges of wilde diere. Volgens die positiviste is die gevaar nie in die misdaad geleë nie, maar in die misdadiger - in sy persoonlikheid en temperament - en sy latente fundamentele impulse omdat dit aanleiding gee tot die pleeg van misdade. In die lig hiervan kan die vraag van hierdie positiviste se beskouing van straf, soos volg beantwoord word: hulle sien die gepleegde euwel as iets van die verlede. Al wat oorbly, is om die besering of skade so gou moontlik te herstel. Dit is van die grootste belang om misdaad in die toekoms te voorkom en ten einde in hierdie doel te slaag moet die misdadige instink in die oortreder onderdruk word. As dit nie moontlik is nie, moet die misdadiger self onskadelik gestel word: "It is with reference to his evil potentiality, to the dread that he arouses ... that prospective measures must be framed. They must be directed to reform in so far as any measure of improvement yet remains possible, or if none is possible, to elimination" (Salleiles, 1968:102).

3.2.3.10 MODERNE BENADERING

Die moderne benadering tot straf word beïnvloed deur opvattinge wat met die opkoms van die geesteswetenskappe verband hou. Misdaad is in die 20ste eeu toenemend as 'n maatskaplike verskynsel gesien (Soma, 1982:33) en die utilitaristiese regverdiging van straf, in teenstelling

met die retributiewe, het van tyd tot tyd sterk na vore getree.

In die praktyk sowel as in filosofiese besinning oor straf is die strydpunt tussen vergelding en utilitarisme net so min opgelos soos die meningsverskil oor vryewil en determinisme. Toenemend word egter gepoog om 'n versoening tussen die twee uitgangspunte te probeer bewerkstellig. Tog bly dit nog 'n stryd tussen die basiese aanhangers van die vryewil-teorie en vergelding, met toegewings aan utilitarisme aan die een kant en die aanhangers van verskillende grade van determinisme gepaard met 'n geloof dat straf 'n bepaalde doel voor oë moet hê met enkele toegewings aan vergelding, aan die ander kant.

3.3 DIE OMSKRYWING VAN STRAF

Waar die optrede van die forensiese kriminoloog in die hof gemik is op die lewer van 'n bydrae tot regverdige strafoplegging, is dit nodig om fundamenteel oor die wesenskenmerke van straf te besin. Ten einde die elemente van die moderne strafbegrip te identifiseer, is dit nodig om die definisies van straf deur enkele toonaangewende kriminoloë en regsgeleerdes na te gaan. Daaruit sal die ontwikkeling van die strafbegrip tot wat dit tans is, blyk.

Verskeie skrywers belig bepaalde wesenskenmerke wat uiteindelik die totaliteit van kenmerke van die heersende strafbegrip uitmaak.

Wortley (in Radzinowicz & Turner, 1945:50) definieer straf soos volg: "Punishment may be provisionally defined as the totality of the legal consequences of a conviction for a crime".

Uit sy definisie blyk dit dat Wortley 'n juridiese benadering tot misdaad aanvaar omdat dit die enigste soort oortreding is waarop regsgevolge intree. Die ongewenste handeling moet dus aan al die elemente van die juridiese begrip voldoen alvorens dit as misdaad geklassifiseer kan word. Dit beteken dat optrede deur byvoorbeeld 'n kerk teen lid-

mate wat sy reëls oortree, nie onder straf, soos dit hier bedoel word, ingesluit kan word nie. Eweneens is maagpyn wat op die eet van te veel gesteelde vrugte volg, ook nie straf in hierdie betekenis nie, omdat die onaangename gevolge van die diefstal nie deur die reg voorgeskryf is nie. Hy verklaar verder dat straf nie die gevolge insluit wat kan intree uit die pleeg van 'n misdaad voordat die pleger skuldig bevind is nie, byvoorbeeld, aanhouding voor verhoor. Hy sluit ook nie gevalle waar kompensasië toegestaan word as gevolg van 'n siviele aksie in by sy opvatting van straf nie. Wortley verdeel wettige strawwe in vier kategorieë, naamlik:

- Die wat fisieke lyding tot gevolg het.
- Die wat die vryheid van die oortreder aantas deur sy vrye omgang met mense in te perk.
- Die wat verlies van aansien veroorsaak.
- Die wat verlies van besittings tot gevolg het.

Hierteenoor stel Taft (1956:353) die volgende standpunt: "For our purposes we may define punishment as the infliction upon a disturbing individual of undesired experience not solely in the interest of his welfare. Such a definition includes punishment for the sake of vengeance or abstract justice, but also punishment solely inflicted in the interest of social protection without any element either of blame or vindictiveness. Society punishes a robber when it sends him to the toughest prison in the country; but he is also punished in the most progressive prison, or even on probation so long as he does not wish these restraints."

Donald Taft se gebruik van die woorde "undesired experience" dui op 'n belangrike klemverskuiwing in die benadering tot straf. Hy weerspieël die wegbeweeg van die strak vereiste van leedaandoening in die sin van fisieke pyn. Sy verdere verduideliking dui ook daarop dat die onaangename gevolge vir die oortreder 'n verskeidenheid van vorme kan aanneem, solank dit vir hom ongewens is.

Met betrekking tot die vonnisteorieë is Taft een van die skrywers wat

vroeg reeds 'n versoening tussen vergelding en utilitarisme in die vooruitsig stel. Hy voer nie sy betoog tot die volle logiese konsekwensie nie, maar dui tog wel daarop dat die een denkrigting nie noodwendig die ander een uitsluit nie.

Caldwell (1956:389) het weer 'n ander siening en poneer dat: "... in modern society punishment is the penalty inflicted by the State upon a person adjudged guilty of crime. Its administration always involves the intention to produce some kind of pain which is justified in terms of its assumed values. The pain intended may partly be physical, as in whipping, but today most methods of punishment are designed to cause mental suffering primarily, as in imprisonment, where there is loss of freedom, reputation, and perhaps property".

Robert Caldwell stel onomwonde dat, in die kriminologie, straf optrede deur die staat beteken, en dat die pleeg van 'n misdaad 'n voorvereiste vir die oplegging van straf is. Sodoende verwerp hy die beskouing dat straf selfs op 'n onskuldige toegepas kan word mits dit in die belang van die voorkoming van misdaad deur ander persone bewys kan word.

Hoewel Caldwell nog na pyn as 'n moontlike element van straf verwys, kwalifiseer hy onmiddellik sy stelling deur by te voeg dat die lyding wat vir die oortreder beoog word, ook geestelike lyding en verlies aan aansien en besittings kan insluit. Hy skryf in 'n tyd toe liggaamstraf nog vry algemeen toegepas is, maar baan die weg vir die opkomende opvatting wat fisieke pyn uit straf wil weer.

Volgens Sutherland en Cressey (1960:256) het straf twee elemente, naamlik eerstens, dat dit deur die groep as regsentiteit toegepas word op 'n persoon wat lid van die groep is, en tweedens, dat straf geregverdig word deurdat dit 'n bepaalde waarde moet hê.

Oorlog is nie straf nie, omdat dit teen iemand buite die groep gerig word. Net so is 'n operasie op 'n siek gevangene om hom gesond te maak nie straf nie, want die ongerief hou geen waarde in nie. Die skrywers beskou enige maatreël wat die howe op 'n misdadiger toepas en wat leed

veroorzaak, nie noodwendig as straf nie. Voordat die leedtoevoeging as straf beskou kan word, moet dit sekere waarde inhou.

Sutherland en Cressey (1960) is voorstanders van utilitarisme wat vergelding verwerp aangesien dit op die verlede gerig is en dus geen waarde vir die toekoms inhou nie. Hulle siening is eensydig, maar weerspieël wel 'n denkrigting wat in reaksie op vergelding bestaan het.

Reckless (1961:566) begin sy bespreking van straf met die stelling dat die populêre opvatting is dat straf die teweegbring van pyn beteken en dat hierdie vorm van leedtoevoeging volg op 'n verbreking van regsreëls.

Reckless vra homself dan die vraag af tot watter mate straf met pyn gepaard moet gaan en stel sy standpunt dat 'pyn' nie net fisieke pyn beteken nie, maar omsluit ook geestessmart en selfs verlies aan sosiale status. Volgens hom moet leedtoevoeging in 'n breë hedonistiese betekenis gesien word, wat verlies aan vryheid, gerief, besittings en aansien insluit.

Daarby vereis Reckless dat die handeling uitgevoer word deur diegene wat met die nodige gesag bekleed is. Ten einde as straf in die kriminologiese sin beskou te word, moet die leedtoevoeging deur die staat geskied vir 'n oortreding van 'n regsnorm: "... criminologists or penologists have habitually paid attention only to the form of punishment imposed in the name of the state for the violation of the legal code."

Fitzgerald (1962:200) onderskryf weer die beginsel dat straf onaangenaam vir die oortreder moet wees, en dan veral om twee redes: Eerstens, is daar die voor-die-hand-liggende praktiese noodsaaklikheid om misdadige gedrag te ontmoedig. By straftoediening moet die afskrikking van potensiële oortreders nie uit die oog verloor word nie. Hy vrees dat waar dit dalk 'n oplossing kan wees indien die staat 'n motor aan 'n motordief wat aanhou om motors te steel, skenk, dit moontlik ander mense sal aanmoedig om motors te begin steel.

Tweedens, voer hy aan dat dit onregverdig is om misdadigers te pamperlang omdat hulle sodoende voordele bekom wat wetsgehoorsame burgers verbeur. Verwysende na sy voorbeeld van die motor, sê hy dat dit in elk geval onregverdig sou wees om 'n gratis motor aan die dief te verskaf, al sou die res van die gemeenskap so eerlik wees dat hulle nie daardeur tot motordiefstal gemotiveer word nie.

Fitzgerald (1962:201) sê ook dat daar alleenlik van straf gepraat kan word indien dit vir 'n oortreding toegepas word. "A system whereby suffering was inflicted without reference to an offence ... would not be a system of punishment as we know the term." Daarom kan voorkomende maatreëls wat die behandeling van potensiële oortreders wat nog nie 'n misdaad gepleeg het nie, nie as straf beskou word nie. Daar moet eers gewag word totdat die potensiële misdadiger 'n daad gepleeg het voordat optrede teen hom as straf beskou kan word.

Fitzgerald vereis ook dat die straftoepasser met die nodige gesag bekleed moet wees voordat sy optrede as straf beskou kan word.

Ducasse (in Madden, 1968:8) omskryf straf as die doelgerigte toevoeging van pyn, verlies, lyding of ontbering op 'n ander deur die de facto regering, omdat die oortreder 'n handeling verrig het of nog verrig wat deur die owerheid afgekeur word. Die doel met die leedtoevoeging moet wees om die oortreder te laat afsien daarvan om met sy misdaadpleging voort te gaan en om hom af te skrik om dit in die toekoms te herhaal.

Ducasse onderskryf dus die opvatting dat straf onaangenaam moet wees, op 'n oortreder toegepas moet word vir 'n oortreding wat deur die owerheid verbied word en dat 'n bepaalde doel met die vonnis nagestreef word. Hoewel oorwegend utilitaristies, ontken Ducasse nie dat straf ook vir 'n daad in die verlede opgelê kan word nie.

Hy wys verder daarop dat daar drie partye by straftoemeting betrokke is, naamlik die persoon wat die straf ondergaan, die de facto owerheid van die tyd wat besluit dat die straf op die oortreder toegepas moet word, en die toepasser van die straf. Die straf word ook opgelê vir 'n

handeling deur die onderganer van die straf, wat deur die owerheid afgekeur word. Ducasse gaan selfs verder en beweer dat lede van die publiek wat kennis neem van die toepassing van die leed op die oortreder, ook partye tot die strafaksie is, want hulle word daardeur afskrik om op hulle beurt misdaad te pleeg.

Die belangrike bydrae van Conklin (1986), Reid (1988) en Barlow (1990) is dat hulle die jongste tendens in die kriminologie van 'n terugkeer na 'n suiwer juridiese benadering tot die omskrywing van misdaad en straf, beklemtoon.

Conklin (1986 :4) skryf dat misdaad 'n handeling is wat die strafreg oortree en wat deur die staat strafbaar gemaak word. Hy verdedig 'n juridiese benadering tot die omskrywing van misdaad wanneer hy met beroep op Durkheim beweer dat straf die onderskeidende kenmerk in die omskrywing van misdaad is. Volgens hom is die ander elemente in die misdaadbegrip, soos byvoorbeeld om te vereis dat die daad skadelik of anti-sosiaal moet wees, slegs bykomstighede.

Sue Titus Reid (1988:5) beklemtoon die juridiese definisie van misdaad omrede die kriminele regspleging daarop gebaseer is. Sy skryf: " Crime is an act defined by law; unless the elements specified by criminal law are present and proved beyond a reasonable doubt, a person should not be convicted of a crime."

Hugh Barlow bespreek 'n aantal benaderings tot wat misdaad is en voel self dat meer aandag aan die gedragsaspek gegee moet word. Desnieteenstaande kom hy (1990 :10) tot die gevolgtrekking dat misdaad 'n etiket is wat deur diegene wat die strafreg daarstel en administreer aan bepaalde gedragsnorme geheg word.

Die opvattinge van dié drie skrywers het vir die forensiese kriminoloog besondere betekenis, naamlik dat wanneer hy in die hof verskyn, hy moet weet dat hy 'n akteur in die kriminele regsplegingsstelsel is wat aan die vereistes van daardie stelsel, ook wat straf betref, moet voldoen.

3.4 DIE ELEMENTE VAN DIE STRAFBEGRIP

Wanneer die kenmerkende eienskappe van straf hier onderskei word, moet dit in gedagte gehou word dat hier met 'n juridiese strafbegrip gewerk word. Dus moet die eienskappe sodanig wees dat ander tipes straf, soos byvoorbeeld ouerlike tug, nie daaronder ingereken kan word nie. Pincoffs (1966:56) onderskei drie algemene kenmerke van straf naamlik, eerstens moet daar 'n sisteem van amptelike dreigemente wees wat bepaal dat, indien sekere gegewe regsreëls oortree word, dit bepaalde onaangename gevolge vir die oortreder sal inhou; tweedens, dat die dreigende onaangename gevolge slegs op persone wat verhoor en aan die oortreding van die genoemde reëls skuldig bevind is, toegepas sal word, en derdens, dat die verhoor, skuldigbevinding en toepassing van die onaangename gevolge gemagtig moet word deur agente van die stelsel wat die reëls gemaak het.

Volgens Flew (in Acton, 1969:85) kan vyf kenmerkende eienskappe van straf onderskei word. Hy word hierin deur Hart (1960:4) en Benn (1958:325) ondersteun. Die vyf elemente is kenmerkend van alle tipes straf, soos byvoorbeeld toegepas deur die kerk, die skool of die gesin. Omdat hierdie 'n kriminologiese ondersoek is, word die wesenselemente wat deur Flew onderskei is, aangepas om 'n kriminologiese definisie van straf daar te stel.

- Die eerste wesenselement van straf is dat dit onaangenaam moet wees vir die persoon wat die straf ondergaan.
- Tweedens moet dit vir 'n oortreding wees.
- Derdens moet dit op die oortreder toegepas word.
- Vierdens moet dit die optrede van menslike instansies wees.
- Vyfdens moet die straf toegepas word deur die een of ander besondere gesag daargestel deur die instansie teen wie se wette of reëls die oortreding gepleeg is.

Aangesien Flew se wesenselemente in breë trekke met dié van Pincoffs ooreenstem, maar meer spesifiek is, word hulle hieronder verder ontleed.

3.4.1 STRAF MOET ONAANGENAAM WEES

Flew (in Acton, 1969:85) gebruik die woorde kwaad ("evil") en onaangenaam ("unpleasant") om hierdie element van straf te omskryf. Sy uitgangspunt is dat, omdat hy die woord pyn vermy, hy ook enige suggestie van liggaamlike straf of fisieke marteling vermy. Hoewel dit uit die geskiedenis van straf geblyk het dat fisieke pyn aanvanklik die essensie van straf was, is dit nie meer noodwendig 'n deel van straf nie. Mabbott (in Acton, 1969:117) maak beswaar teen die gebruik van kwaad ("evil") en onaangenaam ("unpleasant") deur Flew omdat daar, na sy mening, dan 'n morele konnotasie is. Mabbott poneer dat in die moderne tyd daar min strawwe voorkom wat fisieke lyding behels. Die meeste hedendaagse strawwe is nie meer op die toevoeging van liggaamlike leed ingestel nie, maar op die ontneming van dit wat 'n mens graag wil hê.

Gevangenisstraf en boetes is die ontneming van vryheid en besittings. Die doodstraf beteken die ontneming van lewe, en selfs in hierdie uiterste geval word alles in die stryd gewerp om dit so pynloos moontlik te maak.

Die doel daarvan is ook nie om die veroordeelde aan geesteslyding te onderwerp nie. Indien dit die geval was, sou die tydperk tussen die veroordeling en die teregstelling opsetlik uitgerek gewees het. Mabbott (in Acton, 1969:118) voer dan ook verder aan dat 'n standaard beswaar teen vergelding is, dat kwaad met kwaad vergeld word. Die wêreld is swakker daaraan toe hoe meer kwaad en lyding daarin voorkom. Maar, volgens hom, is die wêreld nie noodwendig 'n slegter plek as 'n oortreder iets ontnem word wat hy graag wil hê nie - en dit is die essensie van hedendaagse straf.

Ducasse (in Madden, 1968:3 tot 25) lê in sy benadering tot straf klem op die aspek van leedtoevoeging, of "imposition of hardship" soos hy

dit noem. Sy regverdiging daarvoor is dat dit sielkundig op die oortreder inwerk en hom daarvan weerhou om weer 'n soortgelyke daad te pleeg. Hy is van mening dat, net soos die feit dat die aanraking van 'n warm stoofplaat daartoe lei dat 'n kind nie weer aan so 'n plaat sal vat nie, sal sakkerollers ophou om mense se beursies te steel as die beursies hulle sou brand of sny. Net soos straf en beloning in 'n laboratorium doeltreffend aangewend word in die opleiding van diere, kan dit ook by kinders en volwassenes aangewend word. Die enigste voorwaardes is egter dat die straf intelligent in tydsberekening, aard, omvang en frekwensie moet wees.

Ducasse kwalifiseer sy stelling verder deur aan te voer dat die leedtoevoegings slegs straf is wanneer dit met 'n bepaalde doel voor oë gedoen word. Sonder 'n vooropgestelde doelstelling is leedtoevoeging nie straf nie, maar blote vergelding of sadisme (Ducasse in Madden, 1968:9). Handeling word òf ter wille van hulself verrig òf ter wille van die gevolge wat die handeling meebring. Omdat straf nie per se ter wille van die straf self uitgevoer word nie, maar eerder met die oog op die bereiking van 'n bepaalde resultaat - die bestryding en voorkoming van misdaad - val dit per definisie in die tweede kategorie.

3.4.2 STRAF MOET VIR 'n OORTREDING UITGEMEET WORD

Die tweede element van straf is dat die leedtoevoeging vir 'n oortreding moet geskied. Straf is 'n manifestasie van die bepaalde waardesisteem wat deur 'n samelewing gehuldig word. Wanneer 'n samelewing 'n bepaalde optrede afkeur, sal die samelewing belonings en strawwe daarstel wat sy waardes weerspieël. Sommige van die waardes sal op hul beurt as so belangrik beskou word dat hulle in die wette van die land opgeneem word. Die kriminologie stel per definisie net in daardie optredes belang wat deur die reg verbied en aan straf onderhewig gestel word. Kriminologies beskou, kan daar dus nie van straf gepraat word as 'n voorafgaande kwalifiserende handeling deur die oortreder, naamlik 'n misdaad, nie gepleeg is nie. Mabbott (in Acton, 1969:118) stel dit duidelik waar hy die genoemde vyf elemente van straf aanvaar op voorwaarde dat die oortreding teen die reg gepleeg is, en nie net sonde is nie.

Waar daar dus van straf gepraat word, beteken dit dat iemand 'n ander doelbewus leed aangedoen het omdat daar 'n oortreding begaan is. Straf is deel van 'n komplekse sisteem wat uit verskillende fasette bestaan. Die verordening van wette, die voorskryf van strawwe, die vasstelling of die verordenings nagekom is en die vonnis van mense wat skuldig bevind is, is nie op sigself straf nie. Maar hierdie handeling moet verrig word voordat leedtoevoeging wat as straf beskou word, kan volg. Baier (in Acton, 1969:131) beskryf die proses soos volg: Uit die aard van hierdie 'spel' - wat bestaan uit die maak van reëls, wederregtelik-verklaring, skuldigbevinding aan verbreking van 'n reël, vonnisoplegging en uitvoering van die vonnis - volg dit dat die laaste handeling nie verrig kan word tensy al die voorafgaande reëls van die 'spel' gevolg is nie. Een van die reëls van hierdie 'spel' is dat straf nie toegepas kan word as 'n persoon onskuldig aan die pleging van die oortreding bevind word nie. Dit is nie toelaatbaar om voort te gaan om 'n onskuldige te vonnis en straf op hom toe te pas nie. Straf is die benaming van 'n sisteem van leedtoevoeging waarvan die doel is om slegs diegene wat skuldig aan 'n oortreding is, te benadeel.

Hieruit volg dat iemand wat onskuldig aan 'n misdaad is, nie gestraf kan word nie. 'n Vraag wat kan ontstaan is dan of die toevoeging van leed aan 'n onskuldige ooit straf kan wees. Die vraag het twee fasette, naamlik eerstens of dit logies moontlik is om leedtoevoeging aan 'n onskuldige as straf te beskou, en tweedens of dit moreel geregverdig is om 'n onskuldige leed aan te doen. Quinton (in Loftsgordon, 1966:346) gaan van die standpunt uit dat om van 'n sisteem van bestrawwing van die onskuldige te praat, is om van die onmoontlike te praat. Hy word deur Flew (in Acton, 1969:85) ondersteun. Wat die morele regverdiging van straf aan 'n onskuldige betref, is die skrywers dit nie met mekaar eens nie. Quinton glo dat dit in enkele gevalle, wat uitsonderings op die reël is, tog geregverdig is om 'n onskuldige te straf as dit in die toekoms sal bydra tot verstewiging van die reël dat onskuldiges nie gestraf kan word nie. Met ander woorde solank die enkele gevalle die uitsonderings, en nie die reël is nie (Loftsgordon, 1966:347). Hierteenoor beweer Anscombe (1958:17) tereg dat bestrawwing van 'n onskuldige, of dit nou die reël of die uitsondering is, nooit geregverdig is

nie. Die ondersoeker stem met die opvatting van Anscombe saam.

3.4.3 STRAF MOET OP DIE OORTREDER TOEGEPAS WORD

'n Derde vereiste waaraan 'n handeling moet voldoen om as straf beskou te word, is dat die leedtoevoeging op die oortreder toegepas moet word (Acton, 1969:85). Dit is nie voldoende dat die oortreder aangedui word slegs as die persoon wat die oortreding gepleeg het nie. 'n Vereiste waaraan 'n persoon moet voldoen om as oortreder in die kriminologiese sin te kwalifiseer is dat hy moet verantwoordelik gehou kan word - dit wil sê hy moet, onder andere, toerekeningsvatbaar en skuldig wees - vir die oortreding wat hy gepleeg het. Die verantwoordelikheid van die oortreder hou veral twee belangrike vraagstukke in. Die eerste een is wat met verantwoordelikheid bedoel word, en die tweede een handel oor die implikasies van 'n deterministiese teenoor 'n indeterministiese fundering van verantwoordelikheid (sien paragraaf 3.5 hieronder).

3.4.4 STRAF IS DIE OPTREDE VAN MENSLIKE INSTANSIES

Volgens Flew (in Acton, 1969:86) is 'n vierde vereiste waaraan leedtoevoeging aan 'n oortreder vir 'n oortreding moet voldoen om as straf in die kriminologiese sin beskou te word, dat dit die optrede van menslike instansies moet wees. Leed wat nie van menslike oorsprong is nie maar wat mense tref vanweë wangedrag wat hulle gepleeg het, is nie straf in kriminologiese sin nie. Dus is ongewenste kinders of veneriese siekte wat op owerspel of ander seksuele promiskuïteit volg, nie straf in kriminologiese sin nie. Net so kan gesê word dat die maagpyn wat 'n kind kry as hy te veel gesteelde groen vrugte geëet het, nie straf in kriminologiese sin is nie, omdat dit nie deur die optrede van 'n menslike instansie, soos 'n hof, uitgemeet is nie.

Verder moet daarop gelet word dat straf, soos dit hier benader word, onderskei moet word van Goddelike straf. Mabbott (in Acton, 1969:41) regverdig hierdie onderskeiding op grond daarvan dat twee partye nodig is om straf daar te stel, naamlik 'n bestrawwer en 'n bestrafde. Vir 'n morele oortreding bestaan daar geen bestrawwer, in die kriminolo-

giese sin, wat die straf toemeet nie. Mabbott se bekende uitspraak lui dat: "For a moral offence, God alone has the status necessary to punish the offender." In dié opsig moet gewaak word teen verwarring tussen straf vir misdaad en straf vir sonde.

Deur die element van 'n menslike instansie in die strafbegrip in te sluit, plaas die kriminologie 'n beperking op die algemene sin waarin die woord straf gebruik word. Ducasse (in Madden, 1968:6) meen dat wanneer hy sy Siamese kat 'n klap gee omdat die kat sy naels teen die rusbank slyp, straf hy die kat. Dit is 'n voorbeeld van waar 'n mens 'n dier straf. Diere bestraf mekaar ook onderling, byvoorbeeld wanneer 'n kat 'n hond sou krap wanneer hy naby haar kleintjies kom. Dan kan, volgens Ducasse, die byt deur 'n hond van 'n kind wat hom terg, ook as 'n vorm van straf van 'n mens deur 'n dier beskou word. Die kriminologie bestudeer egter nie die verhouding tussen mense en diere, of tussen diere onderling nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die strafbegrip vir kriminologiese doeleindes beperk word tot die optrede van menslike instansies.

3.4.5 DIE BEVOEGDHEID OM TE STRAF

Die vyfde element wat kenmerkend van die kriminologiese strafbegrip is, is dat die leedtoevoeging aan die oortreder moet geskied deur die een of ander besondere gesag wat verleen word deur die instansie teen wie se wette die oortreding gepleeg is. Baier (in Acton, 1969:130) stel dit as 'n vereiste dat wanneer iemand 'n ander persoon straf, dié een wat die straf oplê, die nodige bevoegdheid moet hê om dit te doen. Daar moet dus 'n instelling, soos 'n wetgewer, wees wie se taak dit is om te bepaal dat sekere handeling verbode is; hoe teen persone wat die bepaling oortree, opgetree moet word; hoe die persoon wat oortree het opgespoor en gearresteer moet word; wie die vermeende oortreder sal verhoor en vonnis; en wie die vonnis sal uitvoer.

Vir sover dit die kriminologiese strafbegrip aangaan, word die rol van die maak van reëls, die toesien dat hulle uitgevoer word, die oortreder opgespoor en gestraf word, deur die staat vervul. Die bevoegdheid om

te straf word deur die parlement in die vorm van wette verleen. Die leedtoevoeging geskied dus deur die staat omdat dit die staat se wette is wat oortree word.

3.5 DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OORTREDER

3.5.1 DIE BETEKENIS VAN VERANTWOORDELIKHEID

Voordat 'n mens gestraf kan word, moet dit vasstaan dat hy die nodige skuld vir sy optrede het. Hierdie verwytbare geestesgesindheid, wat gewoonlik met die regsterm mens rea aangedui word, kan in die Suid-Afrikaanse reg twee vorme aanneem, naamlik opset en nalatigheid. Toerekeningsvatbaarheid vorm deel hiervan. In hierdie afdeling word besin oor wat die betekenis van verantwoordelikheid is waaroor 'n persoon moet beskik om moreel aanspreeklik gehou te kan word. 'n Persoon se morele blaamwaardigheid speel 'n groot rol in die vonnis wat hy opgelê word.

Ten opsigte van die betekenis van verantwoordelikheid vir die oortreding, onderskei Baier (in De George, 1966:60) drie elemente, naamlik toerekenbaarheid (accountability), aanspreeklikheid (answerability) en strafwaardigheid (culpability): "A man is accountable if he is a rational agent in the sense of being able to have ends which, on the basis of deliberation he finds best to have, and of being able to pursue and attain these. A man is answerable for a particular happening if it is due to his failure to satisfy an obligatory requirement. A man is culpable if the explanation of his failure to satisfy a requirement is inculpatory rather than exculpatory."

Met die element van toerekenbaarheid word die soort mens wat verantwoordelik gehou kan word, aangedui, en sluit byvoorbeeld jong kinders en kranksinniges uit. Met die element van aanspreeklikheid word die handeling waarvoor mense in 'n hof tot verantwoording geroep kan word, aangedui. Kriminologies gestel, staan die handeling waarvoor mense aanspreeklik is as misdade bekend. Met strafwaardigheid word bedoel

dat die persoon nie in staat is om een van die reeks verduidelikings, wat hom van aanspreeklikheid sal vrywaar, aan te voer nie, en dat hy dus verantwoordelik vir sy optrede is. Die volgende voorbeeld illustreer die onderlinge verband tussen die drie elemente van verantwoordelikheid: A skiet B dood. A kan byvoorbeeld aanvoer dat hy nie vir die daad verantwoordelik gehou kan word nie omdat hy kranksinnig is en dus nie toerekenbaar (accountable) is nie. Slaag hy nie met so 'n pleit nie, kan hy byvoorbeeld verder aanvoer dat hy 'n polisieman is en B, wat 'n ernstige misdaad gepleeg het, agtervolg en onsuksesvol probeer arresteer het - dus dat hy nie vir sy optrede aanspreeklik gehou kan word nie. Slaag hy ook nie met sy tweede pleit nie, kan hy laastens byvoorbeeld aanvoer dat B besig was om sy gesin te vermoor en dat om B dood te skiet die enigste manier was om te voorkom dat ander mense gedood word. Met ander woorde dat hy as gevolg van die noodtoestand waarin hy verkeer het nie strafwaardig opgetree het nie, en dus nie verantwoordelik gehou kan word nie. Slaag hy nie in sy laaste pleit nie, het hy aan al die vereistes vir verantwoordelikheid voldoen en is leedtoevoeging aan hom vir 'n oortreding wat hy gepleeg het, straf.

3.5.2 DIE FILOSOFIESE FUNDERING VAN VERANTWOORDELIKHEID

Ten einde regtens verantwoordelik gehou te kan word vir sy optrede, is dit 'n minimum vereiste dat die oortreding 'n vrywillige handeling gewees het (Madden, 1968:37): "A minimum requirement for legal responsibility is that the offending act be a voluntary one."

Die onderliggende gedagte by morele aanspreeklikheid is dat 'n persoon nie verantwoordelik gehou kan word vir daad as hy daardie daad nie vrywillig gepleeg het nie. Daar kan nie gesê word dat 'n persoon vrywillig opgetree het as hy verplig was om sodanig op te tree nie. In die verband poneer Hospers (1963:493,494): "... if an act is performed as the result of compulsion, the person is not responsible for it."

Dit is hier waar die vraagstuk van die fundering van aanspreeklikheid op 'n deterministiese of indeterministiese grondslag na vore tree.

Schlick (in Sellars, 1969:525) meen dat die vraagstuk soos volg geformuleer kan word: Word menslike handeling verorsaak deur voorafgaande bepalende faktore, of is minstens sommige handeling vry? Die determinis glo dat alle handeling, selfs die wat sorgvuldig beplan is, oorsaaklik verklaar kan word, en dat indien 'n mens genoeg sou weet van 'n persoon se oorgeërfde hoedanighede en die omgewingsinvloede wat op hom inwerk, voorspel kan word hoe die persoon onder enige bepaalde stel omstandighede sou optree. Die voorstander van die vryewil-teorie beweer daarenteen dat daar ten minste sommige menslike handeling is wat vrywillig gedoen word, dit wil sê onafhanklik van enige voorafgaande bepalende invloede (D'Angelo, 1968:7).

3.5.3. DIE ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE VRYEWIL-TEORIE

Campbell (in Munitz, 1958:376) is 'n bekende voorstander van die vryewil-teorie. Hy gee toe dat die kousaliteitsbeginsel in die natuur geld, maar voer aan dat ten minste sommige menslike handeling nie aan kousaliteit onderhewig is nie. Vir Campbell is 'n handeling vry, in die sin van wat nodig is om morele aanspreeklikheid daar te stel, as gesê kan word dat die persoon self die enigste oorsaak van sy optrede is, en dat hy anders kon optree as hy so gewil het. Sou faktore anders as die persoon self 'n veroorsakende invloed op 'n mens se handeling uitgeoefen het, meen Campbell dat die persoon nie sonder voorbehoude vir sy optrede moreel aanspreeklik gehou kan word nie.

Indien 'n persoon se keuse deur oorerwings- of omgewingsinvloede bepaal word, is sy wil nie vry nie, en is hy nie aanspreeklik vir sy dade nie, en dus ook nie vir sy misdade nie. Campbell (1951:459) maak gebruik van die begrip "contra-causal freedom" om 'n vrye handeling verder te verduidelik. Volgens hom beteken 'n teen-kousale vryheid 'n breuk in die veroorsakingsketting tussen 'n persoon se karakter en sy optrede. Om kousaliteit, wat 'n vereiste vir aanspreeklikheid is, daar te stel moet daar dus nie 'n breuk in die direkte verband tussen oorsaak en gevolg wees nie.

Die argumente wat die voorstanders van die vryewil-teorie aanvaar ter

verdediging van hul teorie, berus hoofsaaklik op humanistiese gronde. Hulle kan gerieflikheidshalwe onder die volgende hoofde ingedeel word:

- die sielkundige argument;
- morele en godsdienstige argumente; en
- die argumente van fisiese indeterminisme.

3.5.3.1 DIE SIELKUNDIGE ARGUMENT TEN GUNSTE VAN VRYE WIL

Indeterministe glo dat die verstand deur die blote neem van besluite bewus is van sy vryheid (Mandelbaum, 1957:300): "I feel myself free, therefore, I am free, runs the simplest and perhaps the most compelling of the arguments for freedom."

Die indeterministe redeneer soos volg: gestel ek kom te staan voor die keuse tussen twee teenoorgestelde optredes, dan bedink ek die saak en deur die een of ander onverklaarbare krag van my verstand besluit ek om op een van die twee maniere op te tree. Hierdie beslissing kan in drie elemente verdeel word, naamlik

- om te voorsien dat twee wyses van optrede bestaan;
- om die voor- en nadele van elkeen te oorweeg; en
- om tussen alternatiewe moontlikhede te kies.

Hierdie beslissings word daaglik oor die mees ernstige en die onbelangrikste sake geneem. Elkeen van die besluite vertoon die genoemde drie elemente. Op die oomblik waarop die besluit geneem word, ontdek die verstand 'n gevoel van vryheid en onafhanklikheid van bepaalde faktore (Munitz, 1985:380).

Vivian (1964:96) argumenteer daarenteen dat wanneer die indeterminis egter sy saak wil staaf deur aan te voer dat die mens bewus is van sy vryheid bloot deur die neem van 'n besluit, is hy gebonde aan die interpretasie dat hierdie vrye besluite onderskei kan word van besluite wat die gevolg is van 'n begeerte om sodanig te handel. Sou laasgenoemde waar wees beteken dit dat wanneer 'n mens sekere handeling

verrig omdat hy wens om hulle te verrig, hy nie vry is nie. Hy beleef nie 'n gevoel van vryheid nie, omdat die besluit om sodanig op te tree deur die begeerte om sodanig op te tree, veroorsaak is. Slegs nie-veroorsaakte besluite sou dan werklik vrye besluite wees.

Vivian illustreer sy argument met die volgende voorbeeld: Wanneer 'n vriendelike mens 'n vriendelike handeling verrig (byvoorbeeld deur te besluit om geld aan 'n bedelaar te gee), handel hy nie vry nie omdat sy handeling deur sy karakter (sy vriendelikheid) veroorsaak word (dus determineer sy vriendelikheid die neem van die besluit om die skenking te maak). Gevolglik is enige gevoel van vryheid wat hy in die neem van die besluit ervaar, 'n illusie, omdat sy besluit nie werklik vryelik geneem is nie, maar deur sy karakter gedetermineer is.

Dit is egter so dat 'n mens se gevoel van vryheid die grootste is wanneer hy in ooreenstemming met sy karakter optree, met ander woorde, wanneer die handeling oorsaaklik gedetermineer word deur die soort mens wat hy is. Dit beteken dat die gevoel van vryheid wat die mens beleef deur die neem van 'n besluit, geen stawende getuienis vir die bestaan van 'n ongedetermineerde vrye-wil is nie (Vivian, 1964:96): "We can obtain no support for the belief that some things are done as a result of a free act of the will from any subjective feeling of freedom, for the simple reason that this feeling is strongest in the performance of those acts which are most in keeping with our known character, and such character-determined actions cannot be those which are performed as the result of undetermined volition."

3.5.3.2 MORELE EN GODSDIENSTIGE ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN VRYE WIL

Hierdie argumente neem 'n verskeidenheid van vorme aan, maar stem ooreen in hul poging om wilsvryheid af te lei uit die een of ander aspek van die morele situasie. Die bekende eienskap van morele optrede is dat dit gerig is op die bereiking van 'n ideaal of die vervulling van 'n verpligting. Die indeterminis voer aan dat dit juis eie aan 'n ideaal of verpligting is dat dit vrywillig nagestreef word. Mandelbaum (1957:308) voer aan dat die aanvaarding of verwerping van 'n morele

ideaal en die erkenning van 'n verpligting as bindend, slegs verklaar kan word deur die aanname dat die persoon 'n vrye keuse kan uitoefen. Hy meen dat die vryheid van die persoon wat die bestaan van morele ideale erken juis bewys word deur die bestaan van sulke ideale en standaarde wat, hoewel hulle 'n invloed op hom uitoefen, nie kompulsief van aard is nie.

3.5.3.3 DIE ARGUMENT VAN FISIESE INDETERMINISME EN VRYE WIL

Indeterministe put ondersteuning vir hulle standpunt uit die teorie van fisiese indeterminisme in die natuurwetenskappe (Brandt, 1959:509; Vivian, 1964:19, 40): "Physicists have apparantly found a theoretical limit to the predictability of individual events in nature. According to the Heisenberg principle the behaviour of individual particles can be predicted with a limited degree of accuracy".

Hoewel fisiese indeterminisme nie bewys van wilsvryheid by die mens is nie, verwyder dit immers 'n struikelblok uit die weg van aanvaarding van wilsvryheid. Indien indeterminisme werklik op sub-atomiese vlak aangetref word, suggereer dit die moontlikheid van fisiologiese en uiteindelik selfs psigiese indeterminisme.

Einstein en Max Planck (Vivian, 1964:23) verwerp egter die teorie van fisiese indeterminisme. Hulle glo dat dié teorie bloot die gevolg van die mens se onvermoë is om die bane waarin elektrode beweeg, te meet, en nie op die werklike onbepaaldheid van sodanige bane nie.

3.5.4 DIE DETERMINISTIESE STANDPUNT

Die teorie van determinisme word nie altyd op dieselfde wyse omskryf nie, en elke wyse van omskrywing daarvan kan hom leen tot verkeerde interpretasies en toepassings.

Op sy eenvoudigste gestel, beteken determinisme slegs dat elke ding wat gebeur, 'n oorsaak het (Brandt, 1959:507). 'n Mens weet nie altyd wat die oorsaak is nie, maar daar is een. Die probleem met so 'n eenvoudige

dige omskrywing is dat dit geïnterpreteer kan word om te beteken dat die mens nooit kan kies wat hy wil doen nie, omdat alles veroorsaak is en veroorsaak moet word. Omdat die mens nie anders kan optree as hoe hy optree nie, kan hy nie aanspreeklik gehou word vir sy daade nie, en dus nooit gestraf word vir sy oortredings nie.

Om hierdie rede word in plaas van 'oorsaak' soms die woord 'gedetermineer' gebruik, dus, "alles wat gebeur is gedetermineer." So gestel, is die saak erger omdat dit beteken dat alles wat gedoen word, vooraf bepaal is om te gebeur. Dit laat geen ruimte vir menslike keuse nie.

'n Ander wyse om die determinisme te omskryf, is soos volg: vir elke gebeurtenis is daar 'n stel faktore, en indien daardie toestande herhaal kan word, sal daardie gebeurtenisse ook herhaal word. Hierdie formulering maak nie gebruik van die woord 'oorsaak' nie, maar probeer dit omskryf. Dieselfde stel toestande kan selde of ooit presies herhaal word, maar dit doen nie afbreuk aan die geldigheid van die argument nie.

'n Uitvloeiende hiervan is, volgens Schlick (in Feigl & Sellars, 1949: 525) dat gebeurtenisse voorspel kan word. Dit wil nie sê dat determinisme dieselfde as voorspelling is nie. Indien gebeurtenisse voorspelbaar is, is dit so omdat hulle veroorsaak word deur 'n gelyksoortige stel omstandighede. Dit is onmoontlik om te voorspel indien 'n mens se uitgangspunt nie deterministies is nie, maar determinisme is moontlik sonder voorspelbaarheid omrede 'n mens moontlik nie al die omstandighede ken nie.

Waar die vryewil-teorie hoofsaaklik op humanistiese gronde berus, beroep die determinis hom op wetenskaplike gegewens. Die fisiologie, psigologie en sosiologie lewer bewyse dat menslike gedrag veroorsaak word.

3.5.4.1 FISILOGIESE ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DETERMINISME

Hoe meer oor fisiologiese prosesse binne die mens bekend word, selfs wanneer hy op die mees komplekse stimuli reageer, hoe duideliker word

dit dat daar geen breuk in die ketting van veroorsaking is nie. Die fisiologie skets 'n duidelike prent van die meganisme van menslike gedrag (Mandelbaum, 1957:312): "The behaviourists ... have with infinite patience applied the objective methods of physiologists to human conduct; they have described in the minutest detail the mechanism of reflexes and their conditioning. There seems to remain no missing link in the causal chain from stimulus to ultimate response".

Hierdie bevindings onderskryf die deterministiese standpunt deur aan te toon dat daar geen breuk in die veroorsakingsketting vanaf stimulus tot uiteindelijke optrede is nie.

3.5.4.2 PSIGOLOGIESE ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DETERMINISME

'n Onbevooroordeelde ondersoek van menslike handeling onderskryf die teorie van psigiese determinisme. Hoe sorgvuldiger 'n mens sy besluite ontleed, hoe duideliker kan hy die motiewe wat hulle determineer, onderskei. Indien 'n mens se vermoë tot introspeksie ver genoeg ontwikkel was, sou hy die motiewe wat elke besluit determineer, kon vasstel. Dit sou ongetwyfeld ook nodig wees om kennis te neem van onbewuste invloede. Desnieteenstaande beweer Wood (in Mandelbaum, 1957:312) dat 'n taamlike volledige beskrywing van psigiese veroorsakingsprosesse by wilsbesluite van 'n mens moontlik is, selfs sonder verwysing na die onderbewuste.

Wood verwys verder na die uitspraak van Hume (in Mandelbaum, 1957:312) dat daar groot uniformiteit tussen menslike handeling bestaan. Dit kan gesien word in die feit dat dieselfde motiewe telkens dieselfde handeling tot gevolg het. Hume beweer dat hierdie beginsel deur geskiedkundiges toegepas word in hul beoordeling van geskiedkundige dokumentasie - hulle vra hulself af of beskrewen handeling ooreenkom met wat van die menslike natuur bekend is.

Wood merk verder op dat dieselfde maatstaf toegepas word op die beoordeling van letterkundige werke. Wanneer 'n dramaturg sy karakters skets, plaas hy hulle in bepaalde situasies en beskryf dan hoe hulle optree. Sou sy weergawe van hulle gedrag in daardie omstandighede bots

met erkende wette van menslike motivering, word sy literêre en drama-tiese vermoëns as gebrekkig deur die kritici uitgewys. " Thus the principle of psychological determinism serves as a recognised canon on historical, literary and dramatic criticism, and while this does not 'prove' the correctness of psychological determinism, it does afford confirmation of it from an unsuspected quarter"(in Mandelbaum, 1957: 313).

3.5.4.3 SOSIOLOGIESE ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DETERMINISME

Die sosiale wetenskappe lewer ook bewyse ten gunste van 'n determinis-tiese standpunt ten opsigte van menslike gedrag. Die feit dat die ge-drag van groepe individue uitgedruk kan word in statistiese wette, is nie afdoende bewys van determinisme nie, maar dui tog in daardie rig-ting. Dit kan dalk nie moontlik wees om te voorspel hoe 'n bepaalde individu onder bepaalde omstandighede sal optree nie, maar dit is tog moontlik om 'n statistiese wet te formuleer om te voorspel hoe 'n groep mense, waarvan die individu een is, sal optree. Dit is ook moeilik om die bestaan van wette met betrekking tot groepe en massaverskynsels met die bestaan van 'n vrye wil, wat uiteindelik blote toeval impliseer, te rym (Mandelbaum, 1957:318 tot 321).

3.5.5 SAGTE DETERMINISME

Wanneer die verskillende wanopvattinge oor determinisme nagegaan word, word die teoretiese grondslag wat sagte determinisme (soft determinism) vir die verantwoordelikheid bied, duidelik. Volgens sagte determinisme is determinisme nie fatalisme of predestinasie nie. Determinisme bete-ken dan nie dat elke gebeurtenis veroorsaak word deur faktore buite die mens se beheer nie, maar slegs dat alles veroorsaak word. Dit sluit in dat een van die veroorsakende faktore vir die handeling die mens self kan wees - sy wil en begeertes. In die verband poneer Hospers (in D'Angelo, 1968:18) dat alles wat gebeur van 'n stel veroorsakende fak-tore afhanklik is vir die plaasvind daarvan. Die determinisme sê egter nie wat die besondere faktore in elke geval is nie. In die strafhowe is hierdie één gebied waar die deskundige forensiese kriminoloog 'n be-sondere bydrae kan lewer.

Sagte determinisme beteken ook nie dat 'n gebeurtenis noodwendig sal plaasvind nie. Die woord 'determinisme' leen hom tot die interpretasie dat 'n gebeurtenis verplig is om plaas te vind. So 'n gevolgtrekking is foutief omdat in dié bepaalde verband, determinisme slegs beteken dat alles veroorsaak word (Hospers, 1963:503). Gestel byvoorbeeld dat iemand moet besluit tussen handeling A en handeling B. Na oorweging van die voor- en nadele aan elkeen verbonde, besluit hy op handeling A. Ongetwyfeld was die besluit veroorsaak, anders sou die oorweging van die meriete van elkeen sinneloos wees. Daar kan egter nie gesê word dat die besluit op die persoon afgedwing is nie (Brandt, 1949:514).

Voortvloeiend uit die opvatting van sagte determinisme word die vraag soms gestel of 'n mens ooit 'n vrye keuse kan uitoefen, omdat determinisme sou beteken dat 'n mens se handeling deur die wette van die natuur beheers word. Hierdie wanopvatting oor sagte determinisme is die gevolg van 'n verkeerde begrip van die betekenis van die woord 'wet', waar dit in die sin van wet in die natuur gebruik word. Wette wat deur die parlement gemaak word, skryf voor hoe mense hulle moet gedra en stel 'n straf op wangedrag. Wette van die natuur skryf nie voor nie, maar beskryf slegs. Hospers (1963:504) argumenteer dat materie nie die wette van swaartekrag gehoorsaam nie, maar dat die swaartekragwette eerder 'n beskrywing van die beweging van materie is. Materie word nie deur die swaartekragwette aangedryf nie, maar hulle beweeg wel, en aangesien die bewegings uniform is, kan hulle bewegingspatrone in 'n wet saamgevat word. Dié wet is slegs 'n beskrywing van hulle eenvormige bewegings. Dieselfde geld vir wette van menslike gedrag.

Verder kan bygevoeg word dat, om te beweer dat oorsaaklikheid betrekking het op psigiese gebeure sowel as op fisiese gebeure, nie beteken dat die een in terme van die ander verklaar kan word nie. Oor die teorieë dat psigiese determinisme ooreenstem met fisiese determinisme, konstateer Vivian (1964:173) dat die bewering gemaak word dat deterministe sou aanvoer dat mense aan dieselfde fisiese wette as masjiene onderhewig is - dus dat menslike denke en emosies niks anders as die beweging van stukkie materie is nie. Hy verwerp die bewerings en stel dit dat determinisme slegs aanvoer dat gedrag veroorsaak word, maar dat

die veroorsaking van gedrag nie in terme van die veroorsaking van beweging by materie verklaar kan word nie.

Indien determinisme waar is, word die vraag gestel of die mens kan verhelp om te doen wat hy doen. 'n Mens kan, deur nie die spoedgrens te oortree nie, verhelp dat hy 'n boete opgelê word. Indien 'n mens iets nie gedoen het nie, is daar oorsake voor; maar indien 'n mens wel iets gedoen het, is daar ook oorsake voor. Die bestaan van die oorsake beteken nie dat 'n mens nie kon verhelp dat hy iets doen nie (Vivian, 1964:174).

Sommige handeling, soos om te rook of nie, kan verhelp word; ander, soos om flou te word, weer nie (Hospers, 1963:505). Of 'n mens iets kan verhelp of nie, het niks met die vraag of die handeling veroorsaak is, te doen nie, maar wel met die aard van die oorsaak. Sommige oorsake lê binne die mens se beheer, ander nie.

Volgens sagte determinisme berus die opvatting dat vrye wil en determinisme nie met mekaar versoen kan word nie, op bepaalde foute. Die eerste fout is die gelykstelling van die determinisme en fatalisme. Die tweede fout is geleë in 'n verkeerde interpretasie van die betekenis van vryheid. Vryheid in dié verband beteken nie die bloot toevallige neem van 'n besluit nie.

3.6 VONNISTEORIEë

Wanneer 'n misdaad gepleeg is, ontstaan daar 'n natuurlike drang by mense om die misdadiger te straf. Vonnisteorieë het as pogings om die samelewing se reaksie op die gedrag van die misdadiger te regverdig, ontstaan. Volgens Neser, Cilliers & Swart (1985:53) is hierdie teorieë beïnvloed deur die kultuur van die gemeenskap waarbinne dit plaasvind, dit wil sê deur heersende opvattinge, filosofieë, godsdienstige oortuigings en die wetenskap. Indien 'n gemeenskap glo dat bonatuurlike

magte hulle gedrag rig, sou hulle strafteorie boetedoening, wat die uitwissing van die oortreder vereis, wees. Indien die gemeenskap besondere waarde sou heg aan die integriteit van die gesin, sou hulle strafteorieë verskil van die van 'n gemeenskap waarin eiendomsbesit groter waarde het.

3.6.1 DIE BELANGRIKSTE VONNISTEORIEË

Die staat se belang in die sosiale aktiwiteite van sy burgers word, onder andere, in sy strafbeleid weerspieël. Straf word tans nie meer beskou as 'n blote meganistiese toepassing van 'n paar idees nie, omdat misdaad gesien word as 'n maatskaplike verskynsel waarvoor 'n konstruktiewe vonnisbeleid nodig is en waarin voorkoming en rehabilitasie naas afskrikking en vergelding die doelstellings van vonnisoplegging is. Die huidige fase waarin vonnisteorieë verkeer word dus, volgens Radzi-nowicz (in Neser et al, 1985:57) gekenmerk deur die aanvaarding dat die hoofdoel van vonnisoplegging die vermindering in die omvang van misdaad is. Die waarde van straf lê dus in die mate waarin daar in hierdie doelstelling geslaag word.

Die redes waarom gevonniss word, is soortgelyk aan die regverdiging van straf. Daar word oor die algemeen geglo dat misdadigers gestraf moet word, aangesien die skade wat hulle berokken nie ongestraf gelaat kan word nie. Daar bestaan egter steeds verskillende sienswyses oor presies wat met vonnisoplegging beoog word. Tradisioneel word aanvaar dat vier teorieë vir vonnisoplegging voorgehou kan word, naamlik vergelding, afskrikking, buite-aksiestelling en rehabilitasie (Braswell et al, 1991:178).

Die vonnisteorieë val in twee groepe naamlik die retributiewe (vergel-dings- of absolute teorieë) en die utilitaristiese (doel- of relatiewe teorieë).

3.6.1.1 VERGELDING (Die verdiende-loon of 'just deserts'-model)

Emmanuel Kant is seker die bekendste aanhanger van die vergeldingsteo-rie (Pincoffs, 1966:10). Kant se siening van wat die heersende vonnis-

teorie behoort te wees, berus op die volgende argument naamlik:

- Die enigste aanvaarbare rede waarom 'n mens gestraf word, is dat hy 'n misdaad gepleeg het;
- Die enigste aanvaarbare rede waarom die straf van 'n bepaalde omvang is en op 'n bepaalde manier toegepas word, is dat dit gelyk aan die misdaad moet wees; en
- Wie ookal 'n misdaad pleeg, moet gestraf word omdat hy dit verdien - al sou 'n gemeenskap besluit om te ontbind, moet die laaste moordenaar nogtans tereggestel word.

Kant se siening word deur onder andere Hegel en Bradley ondersteun (Pincoffs 1966:14 e.v).

Volgens die vergeldingsteorie behoort straf slegs toegepas te word indien dit verdien is en dan ook slegs tot die mate wat dit verdien is. Wanneer elkeen in die gemeenskap die regte van ander eerbiedig, is daar 'n morele balans. Hierdie morele balans word versteur deur die pleeg van 'n misdaad en die balans kan regtens slegs deur 'n straf wat eweredig tot die versteuring is, herstel word. Vivian (1964:137) sê in die verband dat die gemeenskap se gevoel oor wat reg en wat onreg is, aangetas word wanneer die wanbalans wat deur 'n oortreding veroorsaak word nie deur 'n vonnis wat eweredig aan die oortreding is, reggestel word nie. Die doel van 'n vonnis moet wees om die kwaad wat aangerig is uit die weg te ruim. Die feit dat 'n persoon 'n misdaad gepleeg het, is volgens hom voldoende rede om hom leed aan te doen, maar die leed wat aangedoen word mag nie groter wees as die kwaad wat veroorsaak is nie omdat dit op sy beurt dan weer 'n onreg daar sou stel.

Die Streatfeild-komitee (Home Office, 1961:257) meen dat vergelding die eenvoudigste vonnisteorie is - naamlik die vasstelling van 'n tarief wat die oortreder se verwytbareheid meet en die graad van straf word dan volgens daardie tarief bepaal. Anders as by afskrikking, buite-aksiestelling of behandeling van die oortreder, beskik die vergeldingsrasionaal nie oor die doel om misdaad in die toekoms te voorkom nie. Braswell et al. (1991:181) meen dat "... rather, desert is based on the

idea that the offender deserves to be punished as a result of committing a crime." Dit is die enigste vonnisteorie wat op die verlede gerig is.

Ter regverdiging van straf, plaas die vergeldingsteorie grense op wie gestraf mag word en ook op die graad van straf. Hierdie teorie vereis dat straf slegs aan diegene wat 'n misdaad gepleeg het, uitgemeet mag word. Verder vereis die vergeldingsrasionaal dat op grond van die eweredigheidsbeginsel, wat moreel verdedigbaar is, die straf by die misdaad moet pas, en poneer Braswell et al. (1991:180) "... in these ways, desert may be considered to emphasize the interests of the individual offender over those of the collective."

Die utilitariste se argument is, dat dit onmoontlik is om te bepaal watter straf eweredig tot 'n onreg staan. Dan wissel die gemeenskap se opvattinge ook van tyd tot tyd - die straf vir die diefstal van 'n skaap het byvoorbeeld gewissel van die doodstraf tot waarskynlik nie veel meer as 'n boete nie. 'n Verdere argument teen vergelding is dat die bestaan van faktore wat die strafwaardigheid van die dader kan beïnvloed, buite rekening gelaat word. Kennis van die etiologie van misdaad het sodanig toegeneem dat blote inagneming van slegs die oortreding by die vasstelling van die omvang van straf, nie meer 'n standpunt is wat verdedig kan word nie.

3.6.1.2 **AFSKRIKKING** (Weerhouding)

Afskrikking is, volgens Walker (1965:129) die doelbewuste dreigement van nadeel met die doel om spesifieke tipes gedrag te ontmoedig - 'n dreigement wat, indien dit kredietwaardig wil wees, uitgevoer moet word. Vonnisoplegginge met afskrikwaarde is op toekomstige gedrag gemik en die doel is om die individu af te skrik of om as voorbeeld te dien vir ander wat soortgelyke misdadige gedrag oorweeg, byvoorbeeld die oplegging van doodstraf. Bottomley (in Rawson, 1984:7) is egter skepties oor die begrip algemene afskrikking en argumenteer dat die kennis van die algemene publiek oor misdaad en die uitwerking van straf sodanig gebrekkig is dat dit nie 'n vonnisbeleid wat daarop berus, regverdig nie.

Bottomley wys verder daarop dat die ironie van afskrikingsvonnisse daarin geleë is dat die sekerheid daarvan om gevang te word meer afskrikwaarde het as die vooruitsig van die swaarste strawwe.

Volgens Braswell et al. (1991:178) word die afskrikingsmotief baseer op die aanname dat die menslike wese rasioneel is en deur die genotsbeginsel gerig word - dit wil sê mense soek plesier en vermy pyn. Verder word dit aanvaar dat mense altyd, alvorens hulle 'n keuse van aktiwiteite maak, die gevolge van hulle gedrag rasioneel sal opweeg.

Om oor werklike afskrikwaarde te beskik, moet daar aan twee vereistes voldoen word, naamlik die straf moet eerstens so swaar wees dat die leed daaraan verbonde, die plesier van die daad oortref. 'n Boete van R100 vir die diefstal van R200 het byvoorbeeld geen afskrikwaarde nie, aangesien die oortreder steeds 'n wins gemaak het. Tweedens, meen Braswell et al. (1991:179) ook dat "... the lower the chance of punishment, the greater the chance of crime."

Werklike afskrikwaarde funksioneer op twee vlakke: algemene afskrikking geld wanneer die oortreder sodanig gevonniss word dat ander daaruit sal leer om nie misdaad te pleeg nie (die doel van die vonnis is dus om die algemene publiek van misdaad te weerhou). Spesifieke afskrikking vind plaas wanneer die vonnis so ontwerp word dat dit die besondere oortreder daarvan sal weerhou om misdaad in die toekoms te pleeg. In hierdie verband beweer Braswell et al. (1991:179) dat "... as a justification for punishment, deterrence emphasizes the needs of the collective over the individual."

Die doel van hierdie vonnisteorie is om misdaad te beheer. 'n Afskrikingsrasionaal laat dus, indien die straf 'n groot genoeg aantal toekomstige oortredings sal voorkom, die oplegging van 'n swaar straf vir 'n geringe oortreding toe. 'n Boete van R10 000 vir die diefstal van R10 kan geregverdig word deur die afskrikkingsteorie indien dit soortgelyke diefstalle sal voorkom.

Dit beteken dat daar geen eweredigheid tussen die skuld van die oortre-

der of die skade wat hy teweeggebring het en die omvang van sy straf is nie. Die individuele oortreder se belange mag dus sodoende minder belangrik as die belange van die groep geag word. Hierdie konsekwensie van afskrikking as vonnisteorie word deur die voorstanders van vergelding gekritiseer as synde immoreel. Volgens hulle is die gebrek aan eweredigheid tussen optrede teen 'n oortreder en sy skuld, moreel onverdedigbaar.

Die kritiek word selfs verder gevoer. Daar word geargumenteer dat as dit die doel van 'n vonnis is om ander mense van die pleeg van 'n soortgelyke daad te weerhou, dit nie nodig is om eers vas te stel of die persoon wat gevonniss word, wel die oortreding begaan het nie. Selfs al sou 'n onskuldige 'n swaar straf kry, dit dan afskrikkend sal werk. Aangesien hierdie argument nie voldoen aan die wesenskenmerke van straf soos in paragraaf 3.4.2 gestel nie, naamlik dat dit vir 'n oortreding opgelê moet word, word die argument verwerp.

3.6.1.3 BUIITE-AKSIESTELLING (Beskerming van die gemeenskap)

Net soos in die geval van afskrikking, is die regverdiging van buite-aksiestelling as vonnisteorie gebaseer op die belofte dat die toekomstige misdaad sal verminder. In teenstelling met afskrikking, egter, ondersteun buite-aksiestelling vonnisse wat oortreders van die geleentheid om misdaad te pleeg, weerhou. Terwyl afskrikking poog om oortreders te oorreed dat die pleeg van misdade geen voordele inhou nie, beperk buite-aksiestelling die moontlikhede vir 'n oortreder om 'n verdere misdaad te pleeg.

In hierdie verband poneer Braswell et al. (1991:179) dat dit wel waar is dat 'n persoon nie die gemeenskap kan benadeel deur verdere misdaadpleging terwyl hy in die gevangenis is nie, maar dat daar 'n probleem met so 'n regverdiging is. Die probleem is dat ten einde as regverdigingsgrond in ag geneem te kan word, berus die verpligting op die voorstander van die argument om tegelyk te kan aandui watter aangehouenes waarskynlik weer misdaad sal pleeg en watter nie. Die argument is nie geldig ten opsigte van persone wat in elk geval nie weer sal

oortree nie. Ten einde te verseker dat die gevaarlike misdadigers wel in aanhouding is, gebeur dit egter in die praktyk dat nie-gevaarlike oortreders ook in die gevangenis aangehou word.

Sukses sal daarvan afhang of die howe genoeg mag het om vonnisse van lang gevangenisstrawwe op te lê sowel as op die vermoë van gevangenis om ontsnappings te voorkom. Die lengte van die gevangenisstraf word nie deur die tarief van blaam of erns van die oortreding bepaal nie, maar volgens die behoefte om die gemeenskap te beskerm. Dit word in verband gebring met die gedagte van die 'gevaarlike misdadiger' wat òf gerehabiliteer òf gevange gehou moet word - 'n gedagterigting wat gelei het tot verlengde vonnisse wat verder gaan as die straf vir onmiddellike oortreding. Hospers (1982:336) wys daarop dat geregtigheid nie daardeur geskied nie.

Verskeie skrywers (in Rawson 1984:8 e.v.) spreek voorbehoude uit ten opsigte van die morele implikasies van straf op die grond van die voorstelling van gedrag - 'n benadering wat, volgens hulle, die beginsel van beperkende vergelding ignoreer. Met beperkende vergelding word bedoel dat die straf waartoe 'n oortreder gevonniss word beperk moet word tot die erns van die inbreuk wat hy op die regte van die gemeenskap gemaak het. Volgens Bottoms (in Rawson, 1984:8) is daar geen regverdiging om hierdie perk om enige rede te oorskry nie.

3.6.1.4 DIE REHABILITASIE-BENADERING

Hierdie vonnisteorie aanvaar dat misdaad deur 'n verskeidenheid redes, soos armoede, diskriminasie of individuele patologie veroorsaak word. Vonnisse word sodanig uitgemeet dat dit die oortreder se behoeftes om misdaad te pleeg, moet aanspreek. Soos in die geval van afskrikking en buite-aksiestelling, is die uiteindelijke doelwit van hierdie vonnisteorie dan ook 'n vermindering van toekomstige misdaad. Anders as die ander twee rasionale, beklemtoon hierdie benadering die individuele oortreder.

Volgens Devlin (in Rawson, 1984:7) is die belangrikste rehabiliterende

vonnis van die hof voorwaardelike vrylating waar hulp, ondersteuning en advies in 'n poging om 'n hertoetrede tot misdaad te voorkom, aangebied word. Hierdie wyse van vonnisoplegging het 'n kompleksiteit in die sisteem gebring, naamlik die vraag: wie se belange voorrang behoort te geniet by die keuse van 'n vonnisbenadering en 'n straf vir die oortreder, dié van die gemeenskap of dié van die oortreder. Sou die vonnisoplegger se benadering tot die oortreder een wees wat hom as individu sien wat gehelp moet word om te rehabiliteer, sal sy vonnis moontlik anders wees as wanneer die belange van die gemeenskap eerste gestel word.

Braswell (1991:180) wys ook daarop dat ondersoeke na die doeltreffendheid van behandelingsprogramme daarop dui dat sulke programme dikwels nie slaag nie. Tog word pogings om die oortreder te help rehabiliteer voortgesit, al is dit slegs omdat van die programme belofte vir die toekoms inhou. Die probleem skyn te lê by die onvermoë van die gemeenskap om doeltreffende behandelingsprogramme te ontwerp en deur te voer.

Die etiese dilemma by vonnisoplegging word beklemtoon deur die verskille in die bostaande vier rasionale vir straf oor die klem wat op òf individuele òf kollektiewe belange gelê word. Die kernvraag in hierdie verband handel oor die utiliteit van straf, met ander woorde die moontlike voordeel of 'goed' wat die straf kan inhou. Diegene wat straf op die basis van die voordeel wat die straf kan inhou, bepleit, ondersteun 'n utiliteitsrasionaal. Diegene wat straf, sonder in agname van die gevolge wat die straf mag inhou, is nie-utilitaristies. Daar kan, volgens Braswell *et al.* (1991:180), aanvaar word dat afskrikking, buiteaksiestelling en rehabilitasie, utilitaristiese doelstellings van straf ondersteun aangesien daar 'n verwagting bestaan dat die straf een of ander voordeel sal inhou. Slegs die verdiende-loon model kan nie utilitaristies wees nie.

3.6.2 UTILITARISME VERSUS VERGELDING

Utilitarisme is reeds by Plato te bespeur (Mackenzie 1981:204 e.v.), maar Jeremy Bentham is seker die bekendste voorstander van utilitarisme. Pincoffs (1966:23 e.v.) neem Bentham se standpunt in die volgende

drie punte saam:

- Die enigste aanvaarbare rede om 'n mens te straf is daarin geleë dat dit die doel van die voorkoming van misdaad bevorder;
- Die enigste aanvaarbare rede waarom die straf van 'n bepaalde omvang is en op 'n bepaalde manier toegepas word, is omdat dié omvang en manier van straf die waarskynlikste is wat misdaad sal voorkom; en
- Of 'n mens gestraf behoort te word of nie, hang daarvan af of daar nie 'n ander manier as straf is om die misdaad te voorkom nie.

Mackie (1981:78) poneer dat dit nie moontlik is om 'n verdiende loon-rasionaal binne 'n redelike sisteem van morele denke te verduidelik of te ontwikkel nie. Tog meen hy dat dit eweneens nie moontlik is om verdiende loon uit die morele denkwysse van die mens te weer nie. Volgens hom maak vergelding in die sin van verdiende loon, nie sin nie. Die verdiende loon-model vereis dat misdade gestraf behoort te word maar heg geen verdere waarde aan straf nie. Hy noem dit die paradoks van vergelding en beweer dat die paradoks slegs opgelos kan word deur straf as 'n refleks gebaseer op emosie te interpreteer: mense reageer op persone wat hulle benadeel deur daardie persone op hulle beurt te benadeel.

Indien dit aanvaar sou word dat daar 'n emosionele behoefte bestaan om diegene wat leed veroorsaak leed aan te doen, word misdadigers, sonder enige in agname van moontlike voordele wat straf sou kon inhou, gevonnisd. Namate straf meer geïnstitusioneel in die samelewing geword het, het juriste en filosowe meer rasionele regverdigings wat op utilitariteitsbeginsels gebaseer is, vir vonnisoplegging ontwikkel. Hierdie aannames mag besondere strawwe sowel as die keuse van spesifieke oortreders vir strafoplegging verklaar, maar hulle verklaar nie ten volle die redes waarom 'n bepaalde vonnis opgelê word nie.

Indien Mackie se argument korrek sou wees, beteken dit dat misdadigers

voor die voet sonder in agname van die gevolge van die straf, gestraf sal word. Die meeste vonnisse sal egter sekere utilitaristiese doelwitte ten opsigte van afskrikking, buite-aksiestelling of rehabilitasie reflekteer. Volgens Braswell et al. (1991:181) is dit dan wat gewoonlik in die praktyk gebeur.

Die doelwit van hervorming of rehabilitasie van die beskuldigde as oogmerk van straf, vind ook sy neerslag in die Suid-Afrikaanse howe (vergelyk S v Whitehead (1970 (4) SA 424 (A)). Benewens ander oorweginge soos vergelding en afskrikking, blyk die hervorming van die oortreder 'n oorheersende vonnisteorie te wees. Die Viljoen-kommissie (1976:72) kom tot die volgende gevolgtrekking rakende die aspek van strafoogmerke en vonnisoplegging in Suid-Afrika: Die aangehaalde dicta toon, na die oordeel van die kommissie, duidelik aan dat die hof te alle tye 'n versigtige benadering gevolg het deurdat hy al die oogmerke wat deur die besondere omstandighede van elke geval toepaslik geword het, nougeset teen mekaar opgeweeg het. Die kommissie vind 'n effense partydigheid ten gunste van genade en teen vergeldende en afskrikkende strengheid, terwyl hy terselfdertyd 'n besliste voorkeur vir die teorieë van hervorming en rehabilitasie aan die dag gelê het. Dit is betekenisvol dat dit vergelding was wat in elke saak as maatstaf vir die basiese bepaling van die strengheid van die vonnis aangewend is.

Dit is in realiteit ook nie ongewoon dat 'n vonnisoplegger meer as een doel voor oë het wanneer hy 'n vonnis uitspreek nie.

Dit is die utilitaristiese doelwitte van vonnisoplegging wat die etiese dilemma van straf as a balans tussen die behoeftes van die gemeenskap en die behoeftes van die individu na vore bring. Braswell et al. (1991:181) beweer dat die verdiende loon- of vergeldingsteorie gedurende die sewentigerjare van hierdie eeu 'n oplewing getoon het en hierdie oplewing het beperkende faktore ten opsigte van vergelding in die omvang van vonnisse meegebring.

As 'n beperking, vereis die verdiende loonteorie dat oortreders gestraf moet word. Dit vereis ook dat strawwe nie buite verhouding swaar in

vergelyking met die erns van die oortreding moet wees nie. Braswell et al (1991: 183) redeneer dat die verdiende loonteorie wel beperkings op straf plaas, maar dat utilitariëse oorwegings gebruik kan word "... to allow different penalties being imposed on offenders convicted of the same crime within those limits". 'n Inbraak verdien byvoorbeeld dalk 'n vonnis van gevangenisstraf van tussen een en drie jaar. Die vonnisoplegger kan dan moontlik 'n drie jaar gevangenisstraf met die oog op buite-aksiestelling of afskrikking oplê, maar hy sal nie toegelaat word om die grens van drie jaar te oorskry nie. In dieselfde lig word daar van die vonnisoplegger verwag om afskrikking, buite-aksiestelling of behandeling in ag te neem, aangesien inbraak 'n straf van sê ten minste een jaar sou verdien. 'n Belangrike oorweging bly steeds dat ander teorieë nie as verskoning gebruik mag word om die boonste perk van verdiende loon te oorskry nie.

Al drie die utiliteitsrasionale vir straf is van 'n voorspelling van verdere misdaadpleging in die toekoms deur òf die oortreder òf deur lede van die algemene publiek afhanklik. Hierdie voorspellingsprobleem is problematies ten opsigte van vonnisoplegging. Daar word van vonnisopleggers verwag om, deur middel van die vonnisse wat hulle uitspreek die gemeenskap te beskerm, maar daar word terselfdertyd ook verwag dat hulle die belange van die individuele oortreder in ag sal neem. Die verdiende loonmodel is beskou as 'n manier om beperkings te plaas op die gevolge van foutiewe voorspellings met betrekking tot die uitwerking van die vonnis wat opgelê word, met ander woorde voorspellings of die misdadiger weer misdaad gaan pleeg of nie. As 'n vonnisoplegger sou meen (voorspel) dat 'n beskuldigde in die toekoms moontlik weer sal oortree, sal hy hom 'n swaarder vonnis oplê ten einde hom af te skrik. Op hierdie wyse kan voorspellings steeds in ag geneem word, maar die belange van die oortreder kan ook beskerm word.

Die etiese vraagstuk rondom voorspelling hou verband met die probleem van geregtigheid. Aan die een kant is dit moreel onregverdigbaar om iemand te straf vir 'n misdaad wat hy nog nie gepleeg het nie of sodat andere van misdaadpleging weerhou kan word. Aan die ander kant is dit eweneens onregverdig teenoor die gemeenskap om 'n oortreder nie swaar

te straf indien so 'n swaar straf die gemeenskap sou beskerm teen verdere misdaadpleging nie (Mackie, 1981:97).

Op die vlak van regverdigheid jeens die individuele oortreder, is algemene weerhouding en kollektiewe buite-aksiestelling, waar misdadigers eenvoudig gevonnissen word met die hoop dat die algemene voorkoms van toekomstige misdade sal afneem, minder problematies. Indien almal wat skuldig bevind is aan dieselfde oortreding presies dieselfde vonnis opgelê sou word, of dit nou vir algemene weerhouding of buite-aksiestellingsdoeleindes is, word individuele regverdigheid met betrekking tot ekwivalente strawwe bereik. Die vraag bestaan egter steeds of dit eties regverdigbaar is om hierdie mense vir moontlike misdade in die toekoms te straf, maar op die vlak van vergelykbare strawwe word hulle ten minste gelyk behandel. Wanneer vonnisse op grond van die voorspelling van die risiko van toekomstige misdaadpleging van die individuele oortreder uitgemeet word, word straf geïndividualiseer en is dit steeds moeiliker om regverdigheid te bereik. In plaas daarvan dat kategorieë van oortreders gelykwaardig behandel word deur strawwe op te lê op alle oortreders in die kategorie wat ontwerp is om die doelwitte van algemene weerhouding of buite-aksiestelling te bereik, is geïndividualiseerde voorspelling ontwerp om sekere oortreders wat min of meer dieselfde vonnisse opgelê behoort te word, uit te ken (Braswell, 1991:183). Die toepassing van differensiële straf, wat op voorspelling in spesifieke gevalle gebaseer is, laat noodwendig vrae rondom die akkuraatheid en diskriminasie wat die oordeel ten opsigte van die etiek van hierdie strafstrategieë kan beïnvloed, ontstaan. Dit is dan juis in hierdie verband waar die forensiese kriminoloog as deskundige getuie met die grootste verantwoordelikheid moet optree, aangesien sodanige getuienis die diskresie van die hof by vonnisoplegging kan beïnvloed.

Die uitwerking hiervan in die praktyk word soos volg deur die Viljoen-kommissie (1976:53) geïllustreer: "...ofskoon dit die oogmerk van iedere vonnisopleggende beampte behoort te wees om so objektief en regverdig as moontlik te wees, om altyd billikheid en konsekwentheid na te streef, om nie wraaksugtig te wees nie en om nie op die soms onvoorspelbare reaksie van 'n wispelturige gemeenskap te veel ag te slaan

nie, maar om 'n objektiewe toets - dié van 'n redelike gemeenskap - toe te pas, is dit 'n alombekende feit dat daar soms groot ongelykheid is in die vonnisse wat opgelê word. 'n Streng, eiegeregtige, puriteins ingestelde regsprekende beampte sou geneig wees om 'n vonnis met 'n veel groter vergeldende inhoud op te lê as, byvoorbeeld, 'n meer simpatieke vonnisopleggende beampte wat inskikliker van opvatting is en meer verdraagsaam van menslike tekortkominge en swakhede." 'n Vonnisoplegger se taak word bemoeilik wanneer die gemeenskap se afkeur teenoor die misdadiger na van die pleging van 'n misdaad, omswaai na simpatie wanneer dit by vonnisoplegging kom.

3.7 DISKRESIE BY VONNISOPLEGGING

Die diskresie van die vonnisoplegger is fundamenteel tot die moderne vonnissistiem. Diskresie as 'n onvervangbare instrument vir die individualisering van straf, kan egter ook tot inkonsekwensie en diskrepanisie in vonnisoplegging lei. "Where law ends, discretion begins, and the exercise of discretion may mean either beneficence or tyranny, either justice or injustice, either reasonableness or arbitrariness." (Davis in Rawson, 1984:6).

Thomas (1979:25) meen dat daar wel 'n aantal betekenisvolle veiligheidsmaatreëls bestaan om te verhoed dat diskresie in arbitrêre besluitneming kan ontaard. Die veiligheidsmaatreëls is vervat in die maksimum strawwe wat vir oortredings in die onderskeie wette of gemene regsreëls wat die misdade skep, vasgelê is, asook in die optrede van die appélhof, wat die doel van 'n vonnis in agneem en daarmee saamstem of nie. Toepaslikheid word bepaal deur na die maksimum straf te verwys; asook die erns van die oortreding, die omstandighede waaronder dit gepleeg is sowel as presedente wat geskep is in ander soortgelyke gevalle.

Walker (in Rawson, 1984:6) meen ook, net soos Braswell *et al.* (1991), dat dit noodsaaklik is om die doelwitte van die strafsistiem te ver-

staan alvorens daar gekyk word na die wyses waarmee hierdie doelwitte bereik word. Hy sê "... the reduction of prohibited conduct must be the main aim of any penal system." Cross (in Rawson, 1984:6) en Thomas (1979:19) glo beide dat sodanige doelwitte bereik behoort te word deur soveel mense moontlik te beweeg om die reg te wil gehoorsaam. Verder meen hierdie skrywers dat die twee doelwitte van vonnisoplegging die vermindering van misdaad en die bevordering van respek vir die reg is. Hierdie twee doelwitte is fundamenteel tot die vonnissisteen en het praktiese implikasies vir vonnisopleggers wanneer hulle moet besluit of hulle vonnisse 'n oortreder se verwytbare geestesgesindheid gaan straf of eerder sy toekomstige gedrag gaan probeer beïnvloed.

Hierdie doelwitte kan egter in konflik met mekaar wees aangesien die bereiking van die breër doelwitte van 'n vonnis kan veroorsaak dat die vonnisoplegger 'n benadering sal moet aanneem wat nie die oortreder sal motiveer om in die toekoms met die reg te konformeer nie, terwyl 'n vonnis wat die oortreder sal motiveer om sy toekomstige gedrag te reguleer mag voorkom asof dit die erns van die oortreding verminder. Hierdie konflik kan op verskeie wyses gepolariseer word: tussen straf en hulpverlening; tussen tariefvonnisoplegging en individualisering; of tussen die rehabilitasie-ideaal en die model van verdiende loon.

Dit blyk dus uit voorafgaande bespreking van die onderskeie vonnisteorieë dat dit vir die forensiese kriminoloog wat as deskundige getuie opinies in die hof uitspreek, van die uiterste belang is om kennis van die doelwitte van elke benadering te dra sodat bepaal kan word wanneer en waarom 'n besondere teorie in 'n bepaalde geval toegepas behoort te word.

3.7.1 FAKTORE WAT DIE KEUSE VAN 'n VONNIS BEPAAL

As gevolg van bogenoemde teorieë wat met vonnis gepaard gaan, en die feite wat almal in ag geneem moet word, word die taak van vonnisoplegging toenemend kompleks. Reeds in 1961 het die Streetfeild-komitee be-

vind dat vonnisoplegging, vanweë die potensieel weersprekende teorieë van vonnisoplegging, 'n baie moeilike taak word (Home Office, 1961: 258). In hierdie verband poneer Devlin (1970:50) dat: "... in the present state of development of society and our penal institutions, it is possible for there to be a co-existence of the theories and practices of sentencing which are apparently irreconcilable in themselves. The point is, of course, that they are irreconcilable in the same sentence but not in the context of the different aims of the penal system as a whole."

Skrywers (Du Toit, 1981; Hiemstra, 1987; Rabie & Strauss, 1985) argumenteer dat die feite ten opsigte van die oortreding, die oortreder se misdaadrekord en sy sosiale - en gesinsagtergrond by die primêre vonnisopleggingsbesluit in ag geneem moet word. Regterlike diskresie verleen verdere buigsaamheid in die bepaling van die doel van 'n vonnis sowel as die graad van straf wat 'n bepaalde vonnis sou vereis. Die primêre besluit is of die vonnis op 'n tarief of op 'n geïndividualiseerde basis opgelê moet word.

3.7.1.1 DIE FEITE VAN DIE OORTREDING

Die erns van die oortreding, die graad van deelname van die oortreder in die oortreding en sy houding jeens die oortreding het 'n invloed op vonnis. Cross (in Rawson, 1984:9) meen dat vyf aspekte by die bepaling van die erns van die oortreding in berekening gebring moet word, naamlik die gevaar wat dit vir die gemeenskap inhou, die kommer wat dit veroorsaak, die mate van afkeur wat dit meebring, die benadeling wat dit teweegbring en die kwaad wat dit inhou.

Die erns van die oortreding kan beide die doel van die vonnis en die posisie van die tarief beïnvloed en is waarskynlik nog die enkel belangrikste faktor by vonnisoplegging. Die ondersoeker het egter by sake waar sy as deskundige getuie in die strafhowe opgetree het, gevind dat vonnisopleggers bereid is om toenemend persoonlike omstandighede van die oortreder in ag te neem.

3.7.1.2 DIE MISDAADREKORD VAN DIE OORTREDER

Hoe groter die erns van die oortreding, hoe belangriker word die huidige oortreding as kriterium vir vonnisoplegging. Die effek van vorige oortredings kan, in die lig van die erns van die huidige oortreding, minimaal wees. Hoewel die oortreder slegs vir 'n huidige oortreding gevonniss word, kan 'n misdaadrekord vonnisoplegging beïnvloed.

Devlin (1970:46) is van mening dat waar vergelding of afskrikking met die oplegging van 'n vonnis beoog word, die oortreder slegs vir die daad waarvoor hy aangekla is gevonniss moet word, en behoort sy vorige veroordelings nie in ag geneem te word by die bepaling van die omvang van sy straf nie. Die oortreder se vorige veroordelings kan wel 'n rol speel by die keuse van die aard van sy straf.

Hierdie mening neem nie die feit in ag nie dat 'n langtermynvonniss wat opgelê word om die gemeenskap te beskerm, grootliks deur 'n misdaadrekord beïnvloed kan word.

3.7.1.3 SOSIALE- EN GESINSAGTERGROND

Hoewel al bostaande vonnisteorieë deur die forensiese kriminoloog wat as deskundige getuig, in ag geneem moet word, is die belang van die sosiale en gesinsagtergrond, wat kriminogene aspekte betref, besonder belangrik. Besonderhede rakende die oortreder se sosiale en gesinsagtergrond word tradisioneel deur die ondersoekbeampte, 'n proefbeampte of 'n sielkundige aan die hof voorgelê. Dit is maar sedert 1986 dat die Suid-Afrikaanse howe sodanige besonderhede vanuit 'n kriminologiese standpunt begin aanvaar het toe die ondersoeker die PRETSI-projek onder beskerming van die Johannesburgse Balieraad in die hooggeregshof aldaar geloods het. Die Streatfeild-komitee (Home Office, 1961) en ander belanghebbende skrywers (Du Toit, 1981; Cowen & Carter, 1956; Fersch, 1980; Hiemstra, 1987; Rogers, 1983; Rowe & Knapp, 1989; Scoble, 1952) beklemtoon die wenslikheid dat strafopleggers die mees volledig moontlike inligting oor 'n oortreder tot hulle beskikking sal hê. 'n Regter in Australië (in Rawson 1984:10) het hom soos volg hieroor uit-

gespreek: "It is pertinent to ask ... what real effect information about the offender, however extensive, can have, by any way of mitigation, upon the sentence of the Court where the prisoner has been convicted of manslaughter little short of murder, or an outrageous rape, or a brutal and unprovoked assault ... or an armed robbery ... or a carefully planned counterfeiting of a note issue ... in such cases law abiding citizens look to Courts to retaliate on behalf of the community. They expect that criminals who prey on the community or violate its fundamental values or, by their aggressive or rapacious conduct, imperil the average citizen's sense of security and confidence in law and order, should be made themselves to suffer in requittal for the harm they have done to others."

Hierdie regter bevestig die feit dat, in minstens sommige gevalle, die erns van die oortreding die bepalende faktor by vonnisoplegging sal wees en dat die hof 'n vergeldende vonnis sal oplê.

Navorsers het egter sedert 1986 met die voorlegging en verdediging van kriminologiese agtergrondverslae aan vonnisopleggers gevind dat daar wel 'n steeds groterwordende behoefte by die hof bestaan om, op 'n wetenskaplike wyse, meer ten opsigte van die oortreder se sosiale en gesinsagtergrond te wete te kom. Die kriminologiese perspektief, waar die kriminogene faktore wat in die sosiale en gesinsagtergrond teenwoordig is, het veral 'n invloed op die diskresie van die hof ten opsigte van vonnisoplegging. Hierdie feit blyk uit die uitsprake wat die hof by vonnisoplegging ten opsigte van die kriminologiese agtergrondverslae gegee word. Dit het veral ook duidelik na vore gekom in die beantwoording van die vrae wat deur navorsers in hierdie verband aan hulle gestel is.

Dit moet in gedagte gehou word dat sosiale en gesinsagtergrondinligting impressionisties en interpretatief is. Dit verskil van die regtens bewysbare feite wat skuldigbevinding, aldan nie, beïnvloed. Tog is daar aanduidings dat sodanige inligting nie bloot 'n rol moet speel in die aanduiding van versagter omstandighede wat die vonnis bloot lichter moet maak nie. Dit kan 'n belangrike rol speel in die primêre

besluit tussen straf en hulpverlening, en tussen tarief en individualisering van straf. As gevolg van die aard en belangrikheid van sodanige inligting verdien die rol en doel van die forensiese kriminoloog in die Suid-Afrikaanse howe by straftoemeting, dus indringende aandag.

3.8 SLOT

Waar die forensiese kriminoloog se optrede in die hof daarop gerig is om 'n bydrae daartoe te lewer dat geregtigheid ook deur regverdige vonnisoplegging geskied, moet hy die ontwikkeling van die strafgedagte ken om die hedendaagse benadering tot straf in perspektief te kan sien. Straf word tans gedefinieer as 'n leedtoevoeging wat onaangenaam vir die oortreder is en wat vir 'n oortreding van die reg op die verantwoordelike oortreder gelê word. Dit is 'n menslike handeling - nie 'n goddelike of natuurlike nie - en die leedtoevoeger moet die nodige gesag hê om die straf toe te pas. Die forensiese kriminoloog moet deur sy voorvonnisevalueringsverslag daartoe bydra dat die morele blaamwaardigheid van die misdadiger behoorlik deur die hof bepaal en by die oplegging van straf in ag geneem kan word. Deur die fundering van die oortreder se verantwoordelikheid op die teorie van sagte determinisme, kan die nodige balans tussen retributiewe en utilitaristiese vonnisoplegging bereik word. Sodoende word die belange van al die partye by die pleging van die misdaad betrokke, gedien en kan geregtigheid teenoor almal geskied.

HOOFSTUK 4

**'N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP DIE ROL VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG
IN DIE SUID -AFRIKAANSE KRIMINELE REGSPLEGINGSISTEEM****4.1 DIE NOODSAAK VAN 'n TEORETIESE PERSPEKTIEF**

Teorie maak sin uit dikwels betekenislose, weersprekende empiriese bevindings en kan die wyse waarop oënskynlik ad hoc gebeurtenisse met mekaar op 'n betekenisvolle wyse verband hou, verklaar. Talcott Parsons (1954:213) stel dit dat: "... the two most general functions of theory are the facilitation of description and analysis. The two are most intimately connected since it is only when the essential facts about a phenomenon have been described in a carefully systematic and orderly manner that accurate analysis becomes possible at all."

Volgens Whisenand en Ferguson (1978:151) is die waarde van 'n teorie heuristies: dit stimuleer en verskaf riglyne vir verdere navorsing - teorie kan dus voorspel watter toestande verwag kan word en behoort ook nuwe vrae te laat ontstaan.

Om struktuur aan hierdie ondersoek te verleen, word die Parsoniese model van sub sisteme as raamwerk gebruik. Hierdie raamwerk sal dien om 'n aanduiding te gee van die dinamiese aard van die rol van die kriminoloog in die Suid-Afrikaanse regsisteem, wat nie die geval sou wees indien 'n blote katalogus van die werksaamhede van kriminoloë as deskundige getuies in howe aangebied sou word nie. Daar sal dus in hierdie hoofstuk veral aan Parsons se funksionele teorie aandag gegee word.

4.2 FUNKSIONALISME EN ORGANISASIE

Gedurende die twintigste eeu is die funksionalisme as 'n goed omlynde konseptuele raamwerk deur Radcliffe-Brown en Malinowski (in Maykowich, 1980:39) gestalte gegee. Hierdie vroeë funksionele antropoloë het die beskouing van Comte, dat die samelewing as 'n organisme met strukture en funksies soos 'n biologiese organisme beskou kan word, gedeel, en Malinowski in die besonder het dogmaties op die biologiese analogie aangedring. Die vroeë funksionaliste het die uiterste vorme van organisme op die volgende veronderstellings baseer, naamlik:

- net soos 'n biologiese organisme, is die samelewing 'n gebonde sisteem wat self-regulerend is en ekwilibrium behou;
- net soos die menslike liggaam, het die samelewing basiese behoeftes wat, indien die sisteem wil oorleef, bevredig moet word;
- verskeie dele vervul sekere funksies ten opsigte van die oorlewing en ekwilibrium van die samelewing; en
- sekere tipes strukture moet bestaan ten einde oorlewing en homeostase van die sisteem te verseker (Maykowich, 1980:39).

4.3 PARSONS SE STRUKTUREEL-FUNKSIONELE TEORIE VAN SOSIALE SISTEME

Dit val nie binne die bestek van hierdie ondersoek om Parsons se algemene teorie van aksie in al sy fynste besonderhede en implikasies uit-een te sit nie. Dié teorie het in die dertigerjare van hierdie eeu ontstaan en is oor 'n tydperk van byna 50 jaar ontwikkel - 'n ontwikkelingsgang waarin dit belangrike veranderings ondergaan het (Devereaux, 1961:1 tot 63). Parsons het ook nooit self sy algemene

teorie in 'n finale publikasie saamgevat nie. Benewens Parsons se eie werke (sien Savage, 1981:251 tot 268 vir 'n lys van Parsons se publikasies) het talle boeke oor sy teorie verskyn waarin onder andere melding daarvan gemaak word dat, ten einde Parsons behoorlik te verstaan, dikwels implikasies uit dit wat hy geskryf het, getrek moet word (Johnson, 1975:7). Adriaansens (1980:1) gaan selfs verder en beweer dat: "It would seem to be more important to know what others have said about Parsons than what Parsons himself has said and written."

Ondersoeker volg hierdie weg. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is ook net 'n deel van Parsons se algemene teorie van aksie van direkte belang, te wete sy struktureel-funksionele teorie van sosiale sisteme.

Al het Parsons se konseptuele skema soms logiese ontwikkeling ondergaan, lê sy waarde tog in die omvattendheid daarvan. Williams (1961: 94) sê tereg dat die skema 'n soort kontrolelys verskaf vir die beskrywing van enige sosiale sisteem. Wanneer 'n sisteem ondersoek word, word die ondersoeker deurlopend herinner om te soek vir strukture en prosesse wat moontlik misgekyk kon word, was dit nie vir so 'n kontrolelys nie. 'n Ondersoeker word ook aangemoedig om die onderskeie strukture en elemente, die wyses waardeur konformiteit bereik kan word en die aanpassingstrukture in besonderhede na te speur. Die diagnose van probleme word selfs daardeur bevorder.

Nieteenstaande die feit dat Parsons en die ondersoeker verskil oor die grondslae van menslike verantwoordelikheid (en dus regtelike aanspreeklikheid vir jou dade), is sy oortuig dat Parsons se imperatiewe vir die voortbestaan van 'n sisteem geldig is. Die ondersoeker steun Parsons wel in sy verwerping van dogmatiese determinisme. Die ondersoeker se uitgangspunt is 'sagte' determinisme in die sin waarin Hospers (1963) dit verklaar (sien par. 3.5.5), terwyl Parsons hom op die vrye wil-benadering tot die fundering van aanspreeklikheid stel (Johnson, 1975:140 e.v.).

In sy evaluering van Parsons se siening oor vrye wil, onderskei John-

son (1975:132 e.v.) egter tussen indeterminisme (wat die teenpool van determinisme is) en sy sogenaamde 'libertarianism', wat tog 'n bepaalde waarde aan oorsaaklikheid van optrede heg. Johnson poneer dat Parsons se opvatting oor 'voluntarism' eerder 'libertarian' as 'indeterministic' van aard is. Die ondersoeker en Parsons beskou dieselfde saak van twee kante af. Dit is 'n verdere rede waarom Parsons se teorie vir die doel van hierdie ondersoek aanvaarbaar is.

Voordat Parsons se struktureel-funksionele teorie verdere aandag geniet, is dit nodig om te verwys na enkele relevante uitgangspunte waarop dit berus (Morse 1961:118):

- 'n Aksie-siklus begin met doelgerigte optrede en eindig by bereiking van die doel. Dit vind binne 'n sisteem van sosiale aksie plaas.
- 'n Aksie-sisteem sluit ook objekte in - dit wil sê konkrete, maar nie noodwendig tasbare sake nie, sake soos akteurs, fisiese objekte, kulturele objekte, waarby ook kulturele simbole ingesluit is, persoonlikheidsisteme en sosiale sisteme. Die objekte is van tweërlei aard: kognitief, dit wil sê dit wat die objek is, en kateties, dit wil sê waarvoor die objek goed of sleg is.
- Die identiteit of integriteit van 'n sisteem is vervat in die sin vir solidariteit wat die lede daarvan saambind en 'n gevoel van kollektiewe samehorigheid of wedersydse afhanklikheid gee. Daardeur aanvaar hulle die algemene voordele van lidmaatskap. Sisteem is dus nie totaal onafhanklik van mekaar nie.
- Wanneer na 'n eenheid van 'n sisteem gekyk word, blyk dit ook 'n sisteem van sy eie te wees - hoewel verskillend van die een waartoe dit behoort. Parsons het aanvanklik 'n akteur as sy eenheid gesien maar later die rol van die akteurs beklemtoon en dit uiteindelik uitgebrei om rolverwagting in te sluit.

Voordat met analise begin kan word, is dit eers nodig om struktuur te

beskryf. Strukturele beskrywing kan volgens Parsons (Adriaansens, 1980:80) soos volg ingedeel word deur die beskrywing van

- akteurs as sosiale objekte. Die omskrywing van hulle rolle is van primêre belang en kan gekoppel word aan beide individuele akteur-objekte en kollektiewe akteur-objekte;
- tipes rolverwagtings en hulle voorkoms - ook individueel of kollektief - in die sosiale sisteem, en hulle klassifikasie;
- die wyse waarop fasiliteite verdeel is tussen die rolle in die sisteem, met ander woorde die organisasie van die beheerstruktuur;
- die wyse waarop beloning onder die rolle verdeel word, met ander woorde stratifikasie;
- die wyse waarop nie-waardegeoriënteerde kulturele elemente aan die sisteem gekoppel is, en
- die wyse waarop probleme verbonde aan die toekenning van fasiliteite en belonings in die regte rigting gestuur kan word - met ander woorde, norme en sanksies, leierskap en die identifisering van rolle wat 'n positiewe bydrae maak.

Strukturele beskrywing verklaar egter niks nie. Daarom sê Parsons (Adriaansens, 1980:82) dat dit met omsigtigheid gebruik moet word en verder dat so 'n analise eers betekenis kry wanneer dit gebruik word in 'n ontleding van die oriënterings of motiverings van die akteurs of groep akteurs wat hierdie versoenbaarheidsverhoudings onderlê.

Ten einde dinamiese kennis te bekom, is 'n verdere element nodig. Dit is in Parsons se motiverings-paradigma geleë wat die verbindingskakel in sy struktureel-funksionele teorie is. Omdat Parsons se struktureel-funksionele teorie van sosiale sisteme poog om die dinamika van aksie in terme van die idee van stabiliteit te konseptualiseer, speel die

gedagte van ekwilibrium 'n belangrike rol daarin. Die vraagstuk van ekwilibrium word later aangeraak (sien par. 4.6).

Die evolusie van die funksionalistiese teorie word dus in Talcott Parsons se algemene sisteemteorie gevind. Parsons (in Maykovich, 1980:39 en Haralambos, 1980 :15) het 'n visie gehad wat uit 'n oorkoepelende sisteem, wat kultuur, sosiale struktuur, persoonlikheid en organisme as die samestellende subsisteme insluit, bestaan het (Brownstein, 1982:74-114). Onder die bogenoemde vier subsisteme het Parsons die idee van die hiërargie van beheer op die gedrag van die individu na vore gebring. Kulturele waardes reguleer die bestek van variasies in die norme (standaarde en gedragsreëls) ten opsigte van 'n besondere sosiale situasie. Op hulle beurt, beperk die norme die bestek van besluite en motiewe van die persoonlikheidsisteem.

Die persoonlikheidsisteme behou dan beheer oor die behaviouristiese organisme. Kortliks gestel, word fisieke gedrag beheer deur persoonlikheid, wat op sy beurt gereguleer word deur sosiale norme wat deur kulturele waardes gedefinieer is.

Maykovich (1980:39) voer aan dat Parsons se formulerings van funksionalisme duidelik aandui watter belangrike rol teorie in wetenskap speel. Parsons beskou teorie as 'n integrale komponent van georganiseerde wetenskaplike kennis en die sisteem-begrip is ook volgens Parsons (in Maykovich, 1980:39) noodsaaklik vir die wetenskap, aangesien teoretiese voorstelle tot daardie mate wat hulle logiesgeïntegreerd is, wetenskaplik bruikbaar sal wees.

4.4 POSTULATE VAN FUNKSIONELE ANALISE

Bestaande postulate van die funksionele analise sluit die konsep van 'n sosiale sisteem, die funksionele eenheid van samelewing, die waardekonsensus in die samelewing, die universele funksionalisme, funksio-

nele onvervangbaarheid, en die ekwilibriummodel in.

4.4.1. DIE BEGRIP SOSIALE SISTEEM

Maykowich (1980:40) poneer dat die nalatenskap van die pionierfunksionaliste, soos dit steeds voortbestaan, in die beskouing lê dat die samelewing 'n gebonde sisteem is waarin die onderskeie onderdele in onderlinge verband met mekaar staan. Maykowich (1980:40) konstateer dat Parsons 'n sosiale sisteem spesifiek sien as 'n geheel wat bestaan uit 'n pluraliteit van persone wat in interaksie met mekaar is, en wat tot optimale bevrediging gemotiveer is en wat deur kultureel gedeelde norme en simbole gereguleer en gestruktureer word. Mettertyd sal daardie interaksie tussen individue sekere uniformiteite ontwikkel en sal sommige van daardie patrone neig om te volhard. Vanweë hulle ordelike en sistematiese aard, word daardie persone wat in interaksie met mekaar verkeer, as 'n sosiale sisteem erken.

Volgens Parsons (in Maykowich, 1980:40) is 'n samelewing 'n grootskaalse, volhardende en selfversorgende sisteem van gepatroneerde sosiale interaksies. Uit die voorafgaande blyk dit dat hierdie soort studie toepassingswaarde ten opsigte van die kriminologie het. In die onderhawige navorsing word byvoorbeeld die interaksie tussen die forensiese krimioloog en die ander akteurs in die hofsisteem ondersoek ten einde die forensiese krimioloog se bydrae tot optimalisering van vonnisoplegging te bepaal. Die hof is deel van die kriminele regsplegings-sisteem wat 'n subsisteem van die totale regsisteem is. Die regsisteem is op sy beurt weer 'n subsisteem van die Suid-Afrikaanse samelewingsisteem.

Ordelikheid en uniformiteit, soos deur Parsons beskryf, kan op die kriminele regsplegings-sisteem - en dan die rol van die forensiese krimioloog in hierdie sisteem - van toepassing gemaak word.

Enige agentskap, soos dié van die forensiese krimioloë, funksioneer binne die grense van 'n breër sisteem - die kriminele regsplegings-sisteem - wat beperkinge op die komponente plaas. Die komponente van

die kriminele regsplegingsstelsel is byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Polisie, die strafhofe, die Departement Korrektiewe Dienste en ander korrektiewe instellings soos nywerheidskole - almal integraal tot die kriminele regsplegingsstelsel. Ten einde dieselfde doel na te streef of om dieselfde doelwitte te bereik, is hierdie komponente voortdurend in interaksie met mekaar.

Die kriminele regsplegingsstelsel beskik oor die volgende funksies, naamlik om:

- lede van die gemeenskap se lewe, veiligheid, eiendom en ander menseregte soos deur die reg voorgeskryf, te beskerm;
- sosiale en openbare orde te handhaaf;
- misdaad te voorkom deur die geleentheid om misdaad te pleeg te verminder en om toekomstige oortreders af te skrik;
- wetstoepassing deur die inhegtenisname en vervolging van verdagtes, en
- die strafsanksie op diegene wat aan misdaad skuldig bevind is, toe te pas.

Opsommend kan gesê word dat hierdie funksies beskerming, die handhawing van wet en orde, wetstoepassing en die voorkoming van misdaad is - dus die beheer van misdaad.

Uit bostaande word afgelei dat die Suid-Afrikaanse kriminele regsplegingsstelsel uit drie basiese komponente, elk met sy eie spesifieke funksies, bestaan, naamlik:

- Die Suid-Afrikaanse Polisie, wat, onder andere, die handhawing van orde, misdaadopsoring en die arrestasie van verdagtes behartig.

- Die strafhowe, wat die aankla en die vervolging van verdagtes as belangrikste funksie het.
- Die Departement Korrektiewe Dienste, wat die administrasie van toepaslike sanksies met betrekking tot die straf wat toegemeet is, beheer.

Waar hierdie hoofkomponente die kriminele regsplegingsstelsel vorm, bestaan ook ander akteurs wat, afhangende van die omstandighede, op 'n gereelde of op 'n ad hoc basis, by dié stelsel betrokke kan raak. Dit sluit proefbeamptes, diensorganisasies soos NIMRO, medici, sielkundiges en psigiaters in. Ook forensiese kriminoloë kan deel van die kriminele regsplegingsstelsel word wanneer hulle byvoorbeeld 'n deskundige opinie ten opsigte van straftoemeting in die howe uitspreek.

4.4.2 INTERAFHANKLIKHEID VAN DIE SISTEEMKOMPONENTE

Dit is duidelik dat bogenoemde komponente onderling van mekaar afhanklik is. Die funksies van regstoepassing kan byvoorbeeld nie na behore sonder die vervulling van elke taak van elke komponent respektiewelik verrig word nie. Dit sou geen doel dien om oortreders te arresteer indien die proses op daardie punt eindig en daar geen moontlikheid van vervolging en straf bestaan het nie. So ook sou daar geen sin in die bestaan van gevangenis wees sonder agente wat die skuld van verdagte oortreders moet bepaal nie.

In hierdie verband kan die hof-subsisteel wel sonder die hulp van die forensiese kriminoloog funksioneer, maar die vraag ontstaan of die forensiese kriminoloog nie 'n bydrae kan lewer tot 'n **beter** funksionering van die straftoemetingskomponent nie.

4.4.3 SISTEEM DINAMIKA

Geen stelsel, of sy komponente, is volgens Holten en Jones (1982:13) rigied of staties nie, maar beweeg, tree op en neem aan interaksie deel. Die optrede word as vloei bestempel en die vloei bestaan uit

insette, uitsette en terugvoering. Insette is van fundamentele belang vir enige sisteem (soos die kriminele regsplegings-sisteem). Dit bepaal die bewegende krag ten opsigte van besluitneming binne die sisteem. Die uitsette vloei vanuit die (reg) sisteem en het 'n impak op die gemeenskap. Die impak wat die uitsette van 'n sisteem het en die daaropvolgende insette word as terugvoering beskou.

4.4.4 OMGEWING

Elke sisteem funksioneer binne 'n omgewing. Die insette tot 'n sisteem kom vanuit die omgewing en die omgewing voorsien die voorwaardes waaronder 'n sisteem funksioneer. Vir 'n sisteem soos die menslike liggaam is die omgewing kompleks en sluit voor-die-hand-liggende noodsaaklikhede soos suurstof, voedsel en menslike verhoudings in. Elke mens funksioneer ook binne die beperkinge van die regs-, politieke en sosiale sisteme.

Die kriminele regsplegings-sisteem funksioneer ook in 'n omgewing en dit beskik oor talle elemente wat insette tot die sisteem lewer. Misdad is die belangrikste inset tot die kriminele regsplegings-sisteem - dit is inderwaarheid die rede vir die bestaan van die kriminele regsplegings-sisteem (Holten & Jones, 1982:15). Wette, soos deur die politieke sisteem geskep, is 'n verdere belangrike inset, en dit voorsien die basis van die kriminele regsplegings-sisteem. Dit definieer daardie handeling wat as misdad geëtiketteer word en dit stipuleer die reëls waaronder die sisteem 'n poging aanwend om misdad te hanteer.

Navorsers is van mening dat die forensiese kriminoloog, wat as deskundige getuie in die hof optree, 'n komponent van die kriminele regsplegings-sisteem, wat as 'n sosiale sisteem beskou kan word, is. Al die akteurs ('n pluraliteit van persone) in hierdie sisteem staan in interaksie met mekaar. Daar is 'n gemeenskaplike bevredigingsdoelwit (die individualisering van vonnis en 'n vonnis wat die misdad, die misdadiger en die gemeenskap ten beste sal dien) en die akteurs se verhouding met mekaar word deur kultureel gedeelde norme en simbole

(die wette van die land) bepaal. Aangesien die werksaamhede van al die akteurs ordelik, eenvormig en sistematies geskied, en die akteurs in interaksie met mekaar en die gemeenskap verkeer, kan dit as 'n sosiale sisteem beskou word.

4.4.5 FUNKSIONELE EENHEID VAN DIE SAMELEWING

'n Verdere formulering van die funksionaliste poneer dat alle onderdele van 'n sosiale sisteem met interne konsekwentheid sal saamwerk. Radcliffe-Brown (in Maykovich, 1980:40) beskryf die funksionele eenheid van samelewing soos volg: "The function of a particular social usage is the contribution it makes to the total social life as the functioning of the total social system. Such a view implies that a social system ... has a certain kind of unity condition in which all parts of the social system work together with a sufficient degree of harmony or internal consistency."

Ter illustrasie van hierdie beskouing kan gesê word dat dit die forensiese kriminoloog se funksie is om kriminologiese voorvonnis-evalueringsverslae vir die hof op te stel en onder kruisverhoor te verdedig, terwyl dit die ander akteurs in die hofsisteem se rol is om sodanige verslae te evalueer. Indien nie een van die twee partye volgens verwagting optree nie, bestaan die moontlikheid dat die forensiese kriminoloog/hofsisteem-verhouding sal disintegreer.

4.4.6 WAARDEKONSENSUS

Funksionaliste voer aan dat dit 'n waardekonsensus is wat menslike wesens in 'n samelewing met mekaar laat saamwerk om sosiale orde moontlik te maak. Konsensus word nie deur dwang nie, maar deur sosialisering en internalisering van 'n algemene waardesisteem bereik. Menslike gedrag is veral 'n produk van die nakoming van die standaarde van die samelewing wat as eie beginsels aanvaar word.

Gehoorzaamheid aan die wette van die land word byvoorbeeld as 'n norm gestel. Die mate waarin hierdie waarde deur individue geïnternaliseer

word, word onder andere weerspieël deur die sterk en geordende kriminele regspleging van die land.

4.4.7 UNIVERSELE FUNKSIONALISME

Waar 'n sosiale item, soos 'n wet of 'n amp, in 'n lewenskragtige sisteem voorkom, en waar hierdie item funksioneel geïntegreer is beteken dit dat positiewe bydraes tot die sisteem gelewer word. Malinowski (in Maykowich, 1980:41) het hierdie argument verder gevoer deur te argumenteer dat elke gewoonte, materiële objek, idee en geloof een of ander noodsaaklike funksie vervul. Merton (Maykowich, 1980:41) redeneer aan die ander kant dat empiriese navorsing 'n wyer reeks moontlikhede kan ontbloot en sal vasstel dat sommige items disfunksioneel tot die sisteem of tot onderdele van die sisteem kan wees. Verder kan sommige gevolge, of hulle funksioneel of disfunksioneel is, as manifest erken word, terwyl ander gevolge as latent beskou kan word. Funksionele analise moet dus 'n netto balans van positiewe, manifeste en latente gevolge bereken. As voorbeeld kan 'n versoek van 'n opdraggewende prokureur aan 'n kriminoloog om 'n kriminologiese voorvonnis-evalueringsverslag, genoem word. Die manifeste funksie kan wees dat die prokureur sodanige verslag vir die individualisering van vonnis, sowel as ter strafversagting wil gebruik. Die latente funksie kan 'n truuk van die prokureur wees om die ligste moontlike vonnis te bewerkstellig - 'n gebeure wat hom die naam kan gee dat hy alle sake 'wen'.

4.4.8 FUNKSIONELE ONVERVANGBAARHEID

Maykowich (1980:41) beweer dat alle gestandaardiseerde sosiale en kulturele items nie alleen oor funksies beskik nie, maar dat daar aanvaar word dat sekere funksies onvervangbaar is. Dit beteken dat indien hierdie funksies nie vervul word nie, die samelewing of groepe nie kan bly voortbestaan nie. Verder is hy van mening dat sekere kulturele of sosiale norme onvervangbaar ten opsigte van die vervulling van hierdie funksies is.

4.5 KRITIEK OP FUNKSIONALISME

Volgens Maykowich (1980:42) is die kritiek op funksionalisme deur talle navorsers vanuit verskeie perspektiewe uitgespreek. Die eerste probleem is of die teorie ooreenstem met gebeure in die 'werklike' wêreld. Dit is moeilik om, sonder enige uiterlike skakeling tussen abstrakte begrippe en konkrete empiriese gebeurtenisse, te bepaal of funksionele konsepte nuttig sou wees by die ontleding van sosiale verskynsels (vergelyk byvoorbeeld die ekwilibrium-beginsel: sien par. 4.6).

Tweedens, wanneer die funksionaliste die stelling maak dat sekere items tot die instandhouding van 'n sosiale sisteem bydra, kan dieselfde bewering ook tot 'n omgekeerde argument lei, naamlik dat die item juis vanweë sy funksionele onvervangbaarheid ontstaan het. Die bestaan van sosiale stratifikasie dien as voorbeeld: die oneweredige verspreiding van rykdom het ontstaan omdat dit funksioneel tot die oorlewing van die samelewing is deur mense aan te spoor om harder en beter te werk.

'n Derde punt van kritiek is gerig teen die funksionele assumpisie van sisteem-integrasie. Dit word deur kritici soos Coser en Mills (in Maykowich, 1980:43) as te konserwatief beskou. Die funksionele beklemtoning van waardekonsensus, die integrasie van komponente binne die sisteem en van die meganismes wat ekwilibrium moet bewaar, laat geen ruimte vir die verklaring van sosiale verskynsels soos verandering, afwyking en konflik nie. Aangesien hierdie ondersoek nie gedragsafwykings of samelewingsveranderinge in die breë behels nie, is hierdie punte van kritiek nie van toepassing op hierdie projek nie.

4.6 DIE EKWILIBRIUM-MODEL VAN SAMELEWING

Funksionalisme berus op die idee van terugvoering, dit is die proses waarby enige sisteem homself outomaties kan reguleer. Maykowich (1980:42) gebruik 'n biologiese analogie om hierdie proses te

illustreer: wanneer 'n mens sy vinger sny, sal die bloedvate in die omgewing van die besering onmiddellik saamtrek en word die stollingsmeganismes geaktiveer. Op 'n soortgelyke wyse kan die dood van 'n gevangene as gevolg van 'n bewaarder se nalatigheid deur 'n tugkomitee gevolg word. Op sy beurt sorg sodanige ondersoek en die verslag daaroor dan vir die verbetering in die kwaliteit van gevangenesorg deurdat die foute wat in die terugvoeringsverslag uitgewys word, reggestel word.

Vanweë hierdie model van selfonderhoudende ekwilibrium, word funksionalisme daarvan aangekla dat dit oor 'n onvermoë beskik om sosiale verandering te verklaar. Parsons het egter gedurende die sewentigerjare toenemende besorgdheid oor sosiale verandering getoon, veral op die gebied van evolusionêre verandering (Maykowich, 1980:42).

Evolusionêre verandering word gekenmerk deur 'n samelewingsdifferensiasie. Dit kom voor wanneer 'n eenheid of 'n sisteem wat 'n enkel, relatief goed gedefinieerde plek in die samelewing beklee het, in afsonderlike eenhede wat beide in struktuur sowel as funksionele beduidenheid van die breër sisteem verskil, verdeel word. Dit word dan aanvaar dat nuwe beginsels en die meganismes van integrasie ontstaan wanneer 'n sisteem gedifferensieer word en die aanpassingskapasiteit van 'n gedifferensieerde sisteem in verhouding tot die gemeenskap toeneem.

Ter illustrasie kan na die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse universiteite-sisteem verwys word. Pas na Uniewording in 1910 het Suid-Afrika oor net een gevestigde universiteit, die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, beskik. Die universiteit was 'n eksaminerende liggaam wat grade kon toeken, maar nie self onderrig verskaf het nie. In 1916 is die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad afgestig. Hulle was universiteite wat van die moederuniversiteit verskil het in struktuur deurdat hulle self die opleiding vir hulle eie eksamens en grade verskaf het. Die moederuniversiteit het sy unieke karakter behou en as voog oor 'n aantal ander inrigtings opgetree totdat hulle ook ontvoog en as selfstandige universiteite hulle eie opleiding verskaf, eksamens afgeneem en grade toegeken het. Die aanpassingskapasi-

teit van die gedifferensieerde sisteme binne die totaliteit van die tersiêre onderwysstelsel het toegeneem namate meer universiteite tot stand gekom het.

Parsons (in Haralambos, 1980:30 en Maykovich, 1980:41) het sodoende sy funksionele voorvereistes vir die bestaan en voortbestaan van 'n samelewing daargestel, dit wil sê vereistes wat deur 'n groep nagekom moet word indien daardie samelewing ekwilibrium wil behou en wil bly voortbestaan. Hy noem hierdie vier vereistes **aanpassing, doelbereiking, integrasie, patroonhandhawing en spanningsbeheer** (Parsons in Maykovich, 1980:41).

Nadat sy hiërargie van primêre subsysteme ontwikkel is, is die funksionele voorvereistes direk daarop van toepassing gemaak. Parsons voer aan dat dit moontlik is om aksie-simbole op die mees algemene vlak te hanteer as synde gedifferensieer op die basis van sy vierledige skema. Kultuursisteme word geïdentifiseer as patroonhandhawend, sosiale sisteme as integrerend, sielkundige sisteme as doelbereikend en gedragsisteme as aanpassend in hulle primêre funksies vir aksie as algemene sisteme. Elk van die primêre subsysteme word gedefinieer op die basis van teoretiese abstraksie. Gevolglik bestaan elke empiriese stelsel tegelyk ook uit al die subsysteme (Brownstein, 1982:41).

Adriaansens (1980:113) dui dit skematies soos volg aan:

FIGUUR 1: DIE DIFFERENSIASIE VAN PARSONS SE SISTEEM VAN AKSIE

	INSTRUMENTEEL	VOLTOOID
EKSTERN	GEDRAGSISTEEM	PERSOONLIKHEIDSISTEEM
INTERN	KULTURELE SISTEEM	SOSIALE SISTEEM

Parsons kom dan ook tot die gevolgtrekking dat die vierfunksie-skema gegrond is in die essensiële aard van lewende sisteme op alle vlakke van organisatoriese en evolusionêre ontwikkeling, van die enkelsellige organisme tot die hoogs-ontwikkelde menslike beskawing (Brownstein, 1982:44).

Brownstein verduidelik verder dat hierdie begrippe gebruik word om te verwys na enige tipe probleem wat in 'n sisteem kan voorkom, na enige aktiwiteite wat 'n sisteem kan verrig om 'n probleem op te los en soms selfs na die einddoel wat 'n sisteem kan bereik as dit sy probleme opgelos het. Sulke funksies is handeling wat verrig word deur 'n kombinasie van strukture en prosesse. Parsons karakteriseer 'n struktuur as enige beskryfbare rangskikking van 'n sisteem se elemente wat van mekaar onderskei kan word asook daardie eienskappe en verhoudings wat verwag word om konstant te bly vir die doeleindes van 'n bepaalde ontleding. 'n Struktuur is nie 'n ontologiese entiteit nie, maar is relatief tot die doeleindes van die ondersoek (Brownstein, 1982:42).

In hierdie ondersoek sal navorser, deur gebruikmaking van die sogenaamde vierfunksie-paradigma, poog om aan te toon dat forensiese kriminoloë wat as deskundige getuies in Suid-Afrikaanse houe optree, aan al die vereistes wat Parsons stel, kan voldoen. So 'n funksionele verklaring moet volgens Parsons begin met 'n veronderstelde toedrag van sake en terugverwys na die nodige voorafgebeure of onderliggende voorwaardes. So 'n doelmatigheidsstelling moet noodwendig voorwaardelik wees, uitgedruk in die stelling dat indien bepaalde patrone gehandhaaf moet word of sekere doelwitte bereik moet word, daar aan sekere voorwaardes voldoen moet word (in Brownstein, 1982:43).

Navorsers sal verder poog om vas te stel of deskundige getuieslewing deur forensiese kriminoloë, volgens hierdie funksionele voorvereistes, lewensvatbaar is, of dit 'n bydrae tot die verloop van vonnisoplegging lewer en of dit aan die behoeftes van die kriminele regsplegingsstelsel voldoen.

4.7 PARSONS SE FORMULE VIR DINAMIESE STRUKTUREEL-FUNKSIONELE ANALISE

Parsons aanvaar dat alle sisteme aan verandering onderhewig is en dat so 'n sisteem sekere stappe moet doen om in 'n staat van ewilibrum voort te bestaan. Die vraag het toe by hom ontstaan hoe bepaal kan word wat gedoen moet word om ewilibrum binne 'n sisteem te bereik nadat omstandighede daarin verander het. Parsons het op 'n baie ingewikkelde empiriese analise besluit om die vraag te kan beantwoord. Hy het self dertig sulke analyses gedoen ten einde tot 'n abstraksie van beginsels te kom.

Met die oog daarop om die beginsels wat Parsons geabstraheer het en die toepassing daarvan in hierdie ondersoek, later te verstaan, is dit insiggewend om teen die agtergrond van sy teoretiese beskouinge hierbo (sien par. 4.3 tot 4.6) uiteengesit, te sien hoe Parsons self so 'n analise doen. Devereux (1961:46-48) beskryf die toepaslike gedeelte van so 'n analise wat Parsons van 'n dokter-pasiënt verhouding gedoen het. Aangesien hierdie beskrywing ook oor die vertroulike verhouding tussen 'n kliënt en 'n professionele persoon, soos die van die forensiese kriminoloog en haar kliënt in hierdie ondersoek, handel, word die beskrywing van Devereux hieronder aangepas om by die aard van die onderhawige ondersoek in te pas.

Die redenasie verloop soos volg:

- Ten einde haar funksies as forensiese kriminoloog na behore te kan verrig, moet sy toegang tot die kliënt asook bepaalde areas van private inligting met betrekking tot die kliënt hê. ('n Tegnieuse imperatief word hierdeur daargestel).
- In ander strukture waarin beide forensiese kriminoloog en haar kliënt betrokke is, is sulke toegang tot en private inligting oor die kliënt taboe, en slegs binne 'n nexus (reeks) van intieme vriendskappe of die huwelik beskikbaar. (Die probleem van veelvuldige rolle en botsende normatiewe standaarde word daargestel).

- Indien die forensiese kriminoloog as nie-intiem of as 'n vreemdeling gesien word, mag die kliënt weerstand bied teen die openbaarmaking van vertroulike inligting of selfs weier om toegang aan die kriminoloog te verleen. So 'n reaksie is disfunksioneel vir die verrigting van die kriminoloog se taak. (Die spanning veroorsaak 'n funksionele probleem wat opgelos moet word).
- Vasgevang in hierdie verwarring van simboliese betekenis, mag die kliënt poog om die probleem op te los deur die kriminoloog in die nexus (reeks) van intieme verhoudings te betrek; dalk selfs poog om sekondêre voordeel (soos dat die kriminoloog bevooroordeel is ten gunste van hom onwaarhede aan die hof stel) uit die intimiteit trek. ('n Neiging tot afwykende gedrag word daargestel).
- Sou die forensiese kriminoloog toelaat dat sy in 'n emosioneel-belaaide persoonlike verhouding met die kliënt betrokke raak, sal die houding van wetenskaplike objektiwiteit wat vir die opstel van 'n professionele verslag aan die hof noodsaaklik is, ernstig belemmer word. (Die dreigende afwykende gedrag word disfunksioneel vir die tegniese rol wat die forensiese kriminoloog moet vervul).
- Ten einde steeds professioneel op te tree word vereis dat die kriminoloog nie die toenadering van die kliënt aanmoedig of positief daarop reageer nie. ('n Verdere tegniese imperatief word daargestel).
- Sou die kriminoloog in persoonlike verhoudings met haar kliënt betrokke raak, kan dit tot die versteuring van verhoudings met ander betrokke persone soos byvoorbeeld die opdraggewende prokureur lei en sodanige verhoudings in gevaar stel. (Sulke dreigende afwykende gedrag is disfunksioneel vir ander sisteem-verhoudinge).

- Die institutionalisering van 'n patroon van kriminoloog - kliënt verhoudings in terme van die norme van funksionele spesifiekheid en affektiewe neutraliteit, help om hierdie verhouding op sy funksioneel-vereiste baan te hou. Verder verminder dit ook die spannings en disfunksionele newe-effekte waaraan dit onderhewig is. Die norm van funksionele spesifiekheid definieer en beperk die forensiese kriminoloog se toegang tot haar kliënt en vertroulike inligting aangaande hom tot dit wat relevant is tot haar professionele optrede. Hierdie beperking dien om vrese van die kliënt oor die gevolge van die kriminoloog se inligting oor hom uit die weg te ruim. Die norm van affektiewe neutraliteit definieer verwagte houdings binne die volgende parameters: deur die verhouding tussen die twee partye professioneel en affektief neutraal te hou, word beide beskerm teen onbehoorlike en potensieel gevaarlike verhoudings wat beteken dat die kriminoloog haar onbevange aandag aan die saak kan gee. (Sodoende word die gevestigde normatiewe patroon as funksioneel toepaslik bewys).
- Geïnstitutionaliseerde normatiewe patrone kan slegs doeltreffend wees indien hulle gekommunikeer, geïnternaliseer, gesteun deur doeltreffende sanksies en ondersteun deur toepaslike simbole is. ('n Verdere soort afgeleide strukturele imperatief word daargestel).
- In die forensiese kriminoloog-kliënt verhouding word die norme van funksionele spesifiekheid en affektiewe neutraliteit gekommunikeer en bevorder deur 'n verskeidenheid van beheermeganismes soos 'n prokureur of advokaat deur wie die eerste kontak met die kliënt gemaak word. Sulke kontekstuele aangeleenthede funksioneer as 'n herinnering vir beide die kriminoloog en die kliënt aan die rolle wat hulle verwag word om te speel. (Behoorlike sosiale beheer-meganismes dien sodoende strukturele imperatiewe).

Uit hierdie analise deur Parsons kan die volgende twee primêre elemente van sy dinamiese struktureel-funksionele analise in meer algemene terme afgelei word, naamlik eerstens, is daar 'n ontleding van die reeks behoeftes of imperatiewe. Dit kan die behoeftes van individue of van besondere sosiale sisteme wees. Tweedens, moet daar 'n gedetailleerde uiteensetting wees van die strukture, prosesse en meganismes waardeur die imperatiewe gedien word.

Parsons se vierfunksie paradigma is 'n uitvloeisel van hierdie tipe analises.

4.8 PARSONS SE VIERFUNKSIE PARADIGMA

4.8.1 BETROKKE FASETTE VAN PARSONS SE TEORIE

Vroeg in die ontwikkeling van sy teorie het Parsons reeds prominensie verleen aan, onder andere, die begrip dat sisteme ook as akteurs in sy teorie gesien kan word. "Not only individual personalities ... but collectivities may be treated as actors" (in Brownstein, 1982:34). Hoewel die begrippe sporadies voorkom, was hulle altyd as belangrik beskou. Eers na 1956 het Parsons 'n meer volledige paradigma van sy hiërargie van subsysteme uiteengesit en dit het die kern geword waarom die latere uitbouing van sy algemene teorie plaasgevind het.

Parsons het aanvanklik patroonveranderlikes (pattern variables) onderskei wat goed by sy oorspronklike aksie-situasie verwysingsraamwerk ingepas het. Namate sy teorieë egter ontwikkel het, het hy die intrinsieke verhoudings tussen die patroonveranderlikes vanuit die perspektief van simboliese handeling heroorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat hulle eerder saamgevat kan word as dimensies waarvolgens handeling of die handelingsstelsel in verskillende komponente verdeel kan word. Om dié rede verwys Parsons in sy latere geskryfte nie meer na patroonveranderlikes nie, maar wel na asse van differensiasie ('axes of differentiation'). In dié verband sê Adriaansens

(1980:109): "He calls these two axes or dimensions the dimension of instrument versus consummatory action and the dimension of external versus internal action."

Sodoende ontwikkel Parsons 'n konseptuele basis waarop 'n nuwe weergawe van sy aksie-teorie geformuleer word. Die nuwe weergawe van die teorie ontstaan uit twee dimensies wat meebring dat Parsons se algemene aksie-sisteem in vier analitiese dele verdeel kan word. Binne hierdie raamwerk plaas Parsons, anders as vroeër, ewe veel klem op interne sowel as eksterne aspekte van aksie. In soverre beklemtoning van interne struktuur kenmerkend van die struktureel-funksionele teorie is, is die gelyke beklemtoning van beide interne en eksterne faktore bewys daarvan dat sy vroeëre weergawe van die teorie gewysig is.

Die twee asse van differensiasie is deur Parsons as onafhanklike kragte beskou wat meebring dat wanneer hulle gekombineer word, vier komponente van aksie onderskei kan word. Adriaansens (1980:110) stel dit skematies soos volg voor:

FIGUUR 2: DIE DIFFERENSIASIE VAN AKSIE

	INSTRUMENTEEL	VOLTOOID
EKSTERN	AANPASSING	DOELBEREIKING
INTERN	LATENTHEID	INTEGRASIE

Die betekenis van die vier aanduidings is die volgende:

Aanpassing verwys na daardie aspek van handeling wat gerig is op mani-

pulering van die eksterne omgewing van 'n betrokke aksie-sisteem. In terme van die asse van differensiasie beteken dit daardie aspekte van aksie wat beide ekstern en instrumenteel is.

Doelbereiking verwys na daardie analitiese aspek van aksie wat gerig is op die bevrediging van behoeftes of die bereiking van doelstellings. In terme van die asse van differensiasie beteken dit aksies of fasette van aksies wat beide ekstern of voltooid is.

Integrering verwys na daardie analitiese faset van aksie wat gemoeid is met die koördinering van die elemente van daardie bepaalde sisteem van aksie. In terme van die asse van differensiasie beteken dit daardie aksies of aspekte van aksies wat beide intern en voltooid is.

Latentheid verwys na dié analitiese aspek van aksie wat gemik is op, of bestaan uit die handhawing van die algemene sisteem-patroon, en as sodanig vorm dit die grondliggende bron van spanning wat tot aksie aanleiding gee. In terme van die asse van differensiasie beteken dit aksies of aspekte van aksies wat beide intern en instrumenteel is. Parsons verwys self dikwels na hierdie faset van aksie as patroonhandhawing en spanningsbeheer (Adriaansens, 1980:11).

4.8.2 DOELBEREIKING AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR 'n SISTEEM

'n Doel word omskryf as 'n kompromie tussen die behoeftes van die sisteem en die toestande in die eksterne omgewing. Verder sal 'n sosiale sisteem waarskynlik verskeie doelwitte hê wat binne die sisteem gebalanseer moet word. Doelbereiking verwys dus na die probleem om prioriteite tussen die doelwitte vas te stel en om dan daarvolgens hulpmiddelle (byvoorbeeld werkers en finansiële bystand) te mobiliseer om die onderskeie doelwitte mee te bereik (Maykowich, 1980:42; Haralambos, 1980:528).

Volgens Brownstein (1982:44) definieer Parsons doel op twee maniere, naamlik òf as 'n toekomstige toestand wat 'n akteur (hetsy 'n persoon of kollektiwiteit) aktief probeer om tot stand te bring en dit sluit

die voorkoming van ongewenste toestande in; òf as 'n rigtingsverandering wat neig om enige diskrepansie tussen die behoeftes van die sisteem en toestande wat in die omgewing heers, te verminder, en in die besonder, 'n verandering wat waarskynlik 'n staat van ekwilibrium sal teweegbring.

Doelbereiking verwys na die analitiese aspek van aksie wat gemik is op die bevrediging van behoeftes of die bereiking van doelwitte. In terme van sy asse van differensiasie, beteken dit handeling wat beide ekstern en voltooid ('consummatory') is.

4.8.3 AANPASSING AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR 'n SISTEEM

Aanpassing is dié proses waardeur voldoende fasiliteite, soos materiële hulpbronne en tegniese vaardighede, vanuit die eksterne omgewing bekom word en om dit dan deur die sisteem te versprei. Die aanpassingsprobleem sluit die behoorlike waarneming en rasionele manipulering van die omgewing tot voordeel van die sisteem in (Maykovich, 1984:42; Haralambos, 1980:528). In hierdie verband sê Devereux dat soos Parsons dit bedoel, beteken aanpassing nie slegs om sodanig op te tree dat voortbestaan moontlik is nie, maar dit beteken ook die aktiewe manipulering van die omgewing of die sisteem self sodat middele bekom word vir die bereiking van verskeie sisteemdoelwitte.

Brownstein (1982:47) vertolk aanpassing verder as die vermoë van 'n sisteem om die veranderende en konstante omstandighede in 'n milieu te hanteer, en dit sluit die gevolglike onsekerheid in wat uit onvoorspelbare veranderings spruit.

Onder aanpassing word daardie aspek van handeling beskou wat betrekking op die manipulering van die eienskappe van die eksterne omgewing of die betrokke aksie-sisteem het. In terme van sy asse van differensiasie beteken dit daardie aspek van aksie wat beide ekstern en instrumenteel is. 'n Voorbeeld hiervan is aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die ander akteurs in die hofsisteem, soos die advokate, die regter en die beskuldigde.

4.8.4 INTEGRASIE AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VAN 'n SISTEEM

Hierdie probleem staan in verband met die bereiking en handhawing van sosiale en emosionele solidariteit onder die lede van 'n sosiale groep. Die integreringsfunksie sluit formele en informele beheer van individue in om hulle samewerking in die proses van doelbereiking te verseker (Maykowich, 1980:42; Haralambos, 1984:528). Desnieteenstaande verklaar Parsons (1951:70) dat geen sosiale sisteem totaal geïntegreerd is nie. Om 'n verskeidenheid van redes sal diskrepancies altyd voorkom tussen rolverwagtings en die speel van die rolle.

Integrasie verwys na die analitiese aspek van aksie wat die elemente van die betrokke aksie-sisteem koördineer. Wat die hofsisteem betref vervul die Strafproseswet, wet 51 van 1977, daardie koördinerende funksie in Suid-Afrika deur die regte en verpligtinge van elke akteur in die sisteem noukeurig te bepaal.

4.8.5 PATROONHANDAWING EN SPANNINGSBEHEER AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VAN 'n SISTEEM

Parsons (1977:193) omskryf patroonhandhawing as die handhawing van die basiese patroon van waardes wat in die gemeenskap of sisteem geïnstusionaliseer is, en tweedens as die vorming van die toepaslike motiverings van individue in die gemeenskap of sisteem.

Spanningsbeheer bestaan uit die herstel, instandhouding of skepping van energie, motiewe en waardes van die deelnemende individue. Dit sluit in die proses van sosialisering waardeur die waardes van die samelewing in die persoonlikheid van 'n individu geïnternaliseer word (Maykowich, 1980; Haralambos, 1984:528).

Cuff en Payne (1979:35) beskryf patroonhandhawing en spanningsbeheer soos volg: Elke gemeenskap moet verseker dat sy lede voldoende gemotiveer is om die rolle wat van hulle vereis word, te speel asook om die nodige toewyding aan die waardes van die groep te bewys. Hulle moet

ook in staat wees om die emosionele spanning wat tussen lede gedurende interaksie ontstaan, te hanteer.

Latentheid verwys na die analitiese aspek van aksie wat op die behoud van die algemene sisteem patroon gemik is. Dit vorm die fundamentele spanningsbron wat aanleiding tot aksie gee. In terme van die asse van differensiasie beteken dit aksies of aspekte van aksies wat beide intern of instrumenteel is.


Parsons verwys aanvanklik na hierdie skema as die vierfunksie-paradigma, hoewel die woord 'funksie' al so wyd geïnterpreteer word dat dit volgens Adriaansens (1980) beter sou wees om eerder van aspekte van die aksie-sisteem te praat. Parsons het later verkies om dit die wisselwerkings-paradigma te noem.

4.9 DIE STRUKTUUR VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KRIMINELE REGSPLEGING

Nadat die vier funksionele imperatiewe van Parsons uiteengesit is, is dit nodig om kortliks aandag aan die struktuur van die Suid-Afrikaanse kriminele regspleging te gee sodat die rol en plek van die forensiese kriminoloog in die sisteem ontleed kan word.

Dit is vir die doeleindes van hierdie navorsingsverslag onnodig om al die komponente van elke vlak in die sisteem volledig te beskryf. Die ondersoek is beperk tot die rol van die forensiese kriminoloog in 'n strafhof. Daarom word die kriminele regsplegings-sisteem skematies aangedui sodat die plek van betrokke komponente duideliker word. Wanneer die kriminele regsplegings-sisteem aan die vier funksionele imperatiewe van Parsons getoets word, sal die rol van die forensiese kriminoloog in besonderhede ontleed word.

FIGUUR 3: DIE STRUKTUUR VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REGSPLEGGINGSISTEEM



Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende komponente van die regspleggingsisteam, soos in Figuur 3 uiteengesit, van belang:

- Die Suid-Afrikaanse regsplegingsstelsel kan in 'n kriminele regsplegingkomponent en 'n siviele regsplegingkomponent verdeel word.
- Die kriminele regsplegingskomponent bestaan op sy beurt uit drie komponente te wete die Suid-Afrikaanse Polisie, die strafhof en die Departement Korrektiewe Dienste en die ander dienste wat met die uitvoering van vonnisse belas is.
- Die strafhofkomponent kan verdeel word in 'n appèlafdeling - wat die hoogste hof in die land is wat nie getuies aanhoor nie, maar werk met die oorkonde van sake waarvoor geappelleer word - en verhoorhove wat sake verhoor. Verhoorhove kan hoërhoue (provisiale en plaaslike afdelings van die hooggeregshof) wees, of laerhoue (byvoorbeeld streeklanddroshove, distriklanddroshove) wees.
- In die verhoorhoue kan vier duidelike komponente onderskei word, naamlik die voorsittende beampte (regter of landdros), die aanklaer (die vervolging van aangeklaagdes word deur die Prokureur-generaal of iemand deur hom aangewys namens die klaer onderneem), die beskuldigde (wat insluit enige regsvertegenwoordiger wat hom met sy verdediging teen die aanklag hom ten laste gelê, bystaan), en die getuies (hetsy vir die vervolging of die verdediging).
- Die getuie-komponent kan op grond van verskille in die regsreëls wat op die lewering van hulle getuies betrekking het (byvoorbeeld ten opsigte van hoorsê-getuies) verdeel word in dié wat oor die meriete van die saak getuig voordat die hof uitspraak lewer of die beskuldigde skuldig of onskuldig is, en dié wat na uitspraak getuig ten einde die hof by te staan om oor 'n regverdige straf te besluit.
- Getuies voor vonnis kan deur deskundiges of leke gelewer word. Omdat meer waarde aan die getuies van 'n deskundige, wat toegelaat word om ook 'n opinie uit te spreek, geheg word, moet die getuie wat hom op deskundigheid beroep kan bewys dat hy 'n des-

kundige is. Die aspek word in paragraaf 6.12 behandel.

Die forensiese kriminoloog wat deskundige getuienis in 'n strafhof lewer, is dus deel van die getuie-komponent van die strafhof.

4.10 KRITIEK TEEN DIE BESKOUING DAT DIE KRIMINELE REGSPLEGING 'n SISTEEM IS

Sommige navorsers meen dat kriminele regspleging nie 'n sisteem is nie, maar 'n proses (Brown, Esbensen & Geis 1991:90). Holten en Jones (1982:18) maak, in hulle bespreking van die moontlikheid dat dit nie as 'n regsisteem genoem kan word nie, gebruik van die begrip nie-sisteem (non system).

Van die belangrikste redes waarom daar probleme rondom die benaming regsisteem sentreer, is die feit dat die sisteem as onvolmaak beskou word. Die argument is dat daar nog nie daarin geslaag is om 'n volmaakte sisteem, waarin al die komponente bewustelik en harmonieus tot 'n gemeenskaplike doelwit saamwerk, te ontwikkel nie (Holten & Jones, 1982:18). Op grond van waarnemings en ervaring in die praktyk meen navorser egter dat hoewel bogenoemde argument waarskynlik korrek is, daar wel 'n sisteem, wat aan die Parsoniese vereistes voldoen, bestaan. Dit word aanvaar dat die sisteem onvolmaak is en een van die doelstellings van hierdie ondersoek is juis om te bepaal of die forensiese kriminoloog as 'n komponent van die sisteem, wat nie staties is nie, maar dinamies, 'n bydrae tot 'n beter gedefinieerde, meer volmaakte sisteem kan lewer.

Die ander rede waarom sommige skrywers die regspleging as 'n proses, en nie 'n sisteem nie, beskou, is die sogenaamde sisteem-fragmentasie. Fragmentasie geskied op twee vlakke, naamlik horisontaal en vertikaal. Om horisontale fragmentasie te bewys word daar na die Polisie, die howe en die Departement Korrektiewe Dienste as die hoofkomponente verwys. Fragmentasie vind plaas wanneer regspleging deur instansies

soos Natuurbewaring, Seevisserye, Verkeersafdelings, Doeane en Aksyns, die Departemente van Inkomstebelasting en Bosbou toegepas word. Vertikale fragmentasie word gebruik ten opsigte van die verskillende howe, soos die hooggeregshof, die streekhowe, die distrikshowe en verkeershowe.

Fragmentasie en ondoeltreffendheid word bewys deurdat misdaad nie afneem nie en oortreders aanhou om te oortree (Coffey, Eldefonso & Hartinger, 1974:5). Indien daar dus aanvaar word dat ondoeltreffendheid die gevolg van fragmentasie is, kan daar aanvaar word dat die Suid-Afrikaanse kriminele regspleging nie totaal effektief funksioneer nie - die eskalerende misdaadsyfers dui klaarblyklik op fragmentasie.

Fragmentasie bestaan dus wel. Vir die bestek van hierdie ondersoek, is voorstelle en veranderinge om fragmentasie in die totale sisteem te verminder, egter nie relevant nie. Die punt is egter dat indien enige komponent van die sisteem in isolasie van die ander komponente funksioneer, word fragmentasie, wat die effektiwiteit van die hele sisteem aantast, veroorsaak. In hierdie sin beteken effektiwiteit die mate van sukses van die gemeenskap se benadering tot misdaad in die algemeen.

Chamelin, Fox en Whisenand (in Holten & Jones, 1982:20) poneer dat die kriminele regsplegingsisteem in werklikheid tog 'n sisteem is, al kom dit nie altyd so voor nie. 'n Sisteem is 'n stelsel van samestellende dele wat gemeenskaplike onderlinge verhoudinge handhaaf. Dit is maar in die jongste aantal jare dat die konsep van 'n sisteem toegepas word op 'n aantal komponente wat vroeër slegs 'n losse verbintenis gehad het.

4.11 DIE BEHOEFTE AAN 'n SISTEEM-BENADERING TEN OPSIGTE VAN DIE KRIMINELE REGSPLEGING

Waldron, Uppal en Quarles (1976:352) poneer dat daar heelwat voordele aan 'n sisteem-benadering tot die kriminele regspleging verbonde is. Die belangrikste bydrae het, volgens hierdie skrywers, betrekking op

die vermindering van konflik tussen die verskillende komponente, te wete die polisie, die howe en die korrektiewe dienste. Die sigbaarste konflik blyk in die Verenigde State van Amerika tussen die polisie en die howe te wees (Waldron et al. 1976:352), omdat die polisie die persepsie gevorm het dat die howe teen hulle gekant is nadat in verskeie uitsprake aldaar die howe bevind het dat almeer optredes van die polisie onkonstitusioneel is.

Die Goldstone-ondersoek na die optrede van die Suid-Afrikaanse Polisie tydens die Sebokeng-onluste gee byvoorbeeld 'n aanduiding dat daar ook hier te lande konflik tussen die polisie en die howe bestaan. Die verlening van borg aan verdagtes is ook 'n bron van konflik in Suid-Afrika. Onderzoekbeamptes voel, na dikwels maandelange intensiewe ondersoeke wat soms onder gevaarlike toestande geskied, teleurgesteld wanneer borg toegestaan word. Indien die verdagte nie die borgvoorwaardes nakom nie, begin die soektog na hom van vooraf - 'n verskynsel wat die polisie se taak bemoeilik omdat sommige beskuldigdes in Suid-Afrika nie vaste adresse het nie.

Daar bestaan ook konflik tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en die Departement Korrektiewe Dienste. Die Polisie beskuldig Korrektiewe Dienste daarvan dat hulle gevaarlike misdadigers voor die verstryking van hulle vonnisse in die gemeenskap loslaat en dan van die Polisie verwag om beskerming te verleen. Die groot getal vrylatings gedurende 1991 het ook in die media aandag geniet (Sunday Times, 1991 07 07; Beeld, 1991 07 09; Rapport, 1991 07 07; Personality, 1991 08 09). In sommige van hierdie berigte het polisie-offisiere hulle misnoë met die gebeure uitgespreek. Die Departement Korrektiewe Dienste lewer byvoorbeeld kritiek op die Departement van Justisie en die Strafproseswet ten opsigte van die hele vraagstuk rondom die hantering van sogenaamde psigopate en meen dat die wetgewing nie streng genoeg is nie. In 'n televisie-onderhoud met 'n offisier van die Departement Korrektiewe Dienste (Agenda, 1992 01 08) het dit geblyk dat daar wel konflik op hierdie gebied bestaan en is die hoop uitgespreek dat die Booyenskommissie hierdie konflik sal aanspreek.

Daar kan dus afgelei word dat die Polisie, die howe en die Departement Korrektiewe Dienste verskillende doelwitte en doelstellings ten opsigte van sekere aspekte het en dat daar 'n mate van antagonisme teenoor mekaar bestaan. Die een aspek wat hulle egter gemeen het, is die feit dat hulle almal misdaad en misdadigers hanteer.

Indien 'n sisteem effektief wil funksioneer en nie fragmentasie of konflik wil reflekteer nie, sal hierdie komponente by mekaar se behoeftes moet aanpas. Hieroor skryf Waldron (1976:353) soos volg: "The criminal justice system, now as well as in the future, is indeed a system, in the sense that all the parts are interrelated and dependent on one another".

Die howe kan geen straf toemeet indien die Polisie nie die oortreders arresteer nie. Indien die polisie verkeerde mense arresteer, en die howe onskuldiges sou skuldig bevind, kan die Departement Korrektiewe Dienste nie hulle funksie behoorlik verrig nie - daar is geen sin in om wetsgehoorsames te rehabiliteer of te hervorm nie. Aan die ander kant sal daar niemand wees om te rehabiliteer indien die howe nie skuldiges straf nie. Indien die korrektiewe dienste nie hulle funksie behoorlik verrig nie, sal die polisie en die howe ook konstant by dieselfde individue betrokke bly.

Die kriminele regsplegingsstelsel is dus interafhanklik en 'n verandering in een komponent sal noodwendig 'n invloed op die ander komponente uitoefen. Indien die polisie byvoorbeeld meer oortreders begin arresteer, sal die howe vinniger moet werk en al die korrektiewe dienste sal daarby moet aanpas. Selfs geringe veranderinge, soos meer polisie patrollies, kan 'n invloed op die hele kriminele regspleging hê. Aangesien die komponente van die stelsel so interafhanklik is, kan dit nie effektief funksioneer as hulle in konflik met mekaar verkeer of indien weersprekende of onafhanklike doelwitte nagestreef word nie.

Die forensiese kriminoloog, wat as 'n komponent van die strafhof 'n rol by die individualisering van straf speel, moet dus dieselfde

doelwitte as die ander komponente in die kriminele regspleging nastreef. Indien die forensiese kriminoloog nie by dieselfde doelwitte aanpas nie, sal die ekwilibrium versteur word en kan hierdie rol teenproduktief wees.

4.12 GEVOLGTREKKING

Die funksionele voorvereistes en die evolusionêre aanpasbaarheid van 'n samelewing verleen struktuur en riglyne aan ontledings van menslike gedragsvorme, soos byvoorbeeld die vorm wat die kriminoloog se deskundige getuienis in houe sal aanneem. Die spesifieke strukturele reëlins om aan die funksionele behoeftes te voldoen, kan van een sisteem tot 'n ander verskil en kan ook, met verloop van tyd, binne 'n gegewe sisteem verander.

'n Sosiale sisteem word in verskillende subsysteme verdeel. Elke sub sisteem onderhou sy integrasie en is verwant aan die ander. Binne 'n samelewing kan subsysteme soos die politieke bestel, die ekonomie, die gesin en die regsisteem byvoorbeeld onderskei word. Elk van hierdie subsysteme kan verder in kleiner eenhede verdeel word. In die breë benadering tot die regsisteem, byvoorbeeld, kan subeenhede soos die kriminoloog as deskundige getuie en die verhouding tussen voorafgenoemde en die amptenare van die hof geïdentifiseer word. Volgens Maykowich (1980:44) kan die grense van subsysteme oorvleuel. Hoewel sommige van die eienskappe van subsysteme (die kriminoloë) dieselfde as die van die oorkoepelende sisteem (sommige aspekte van die regsisteem wat direk op vonnisoplegging afgestem is) kan wees, is 'n sub sisteem nie noodwendig identies aan die sisteem waaraan dit behoort nie.

Ten opsigte van sisteme betreffende die kriminoloog as deskundige getuie, sal die kleinste sub sisteem bestaan uit twee persone, naamlik die verhouding wat ontstaan tussen die kriminoloog en die vonnisoplegger. Gesien vanuit die funksionalistiese perspektief, word hierdie

substieem gebaseer op gedeelde waardes, naamlik dat 'n geïndividualiseerde vonnis funksioneel is en dat 'n foutiewe besluit ten opsigte van straf disfunksioneel is. Onregverdige vonnisse is teenproduktief en negatief, daarom sal die oortreder in 'n negatiewe posisie in verhouding tot die kriminoloog, wat 'n positiewe funksie in die samelewing verrig, verkeer. 'n Assimetriese magsbalans bestaan dus tussen die kriminoloog en die oortreder in die kriminoloog-oortreder sisteem.

HOOFSTUK 5

**DOELBEREIKING AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR DIE VOORTBESTAAN VAN
FORENSIESE KRIMINOLOË AS KOMONENT VAN DIE KRIMINELE
REGSPLEGINGSISTEEM****5.1 INLEIDING**

Volgens Parsons is doelbereiking een van die belangrikste probleme wat 'n instelling moet hanteer om te oorleef. In hierdie verband verwys doelbereiking na die behoefte van alle sisteme om langtermyn doelwitte wat sosiale aktiwiteite moet rig, te vestig en om tussentydse doelstellings te stel wat as mylpale moet dien in die bereiking van die doelwit. Prosedures om doelwitte (aims) en doelstellings (functions) te stel en besluite wat geneem moet word oor prioriteite tussen doelwitte en doelstellings, word in die vorm van politieke sisteme geïstitutionaliseer. Regerings bepaal nie net doelwitte nie, maar wys ook hulpmiddele waarmee doelwitte bereik kan word, aan (Haralambos, 1984:525). Die doelbereikingsprobleem het nie net betrekking op regerings of sosiale organisasies nie, maar ook op die persoonlike behoeftes van die lede van die gemeenskap. Samestellende dele van elke sisteem - soos die kriminele regsplegingsisteem - moet, oor die algemeen, ten opsigte van doelwitte en doelstellings, asook oor prioriteite tussen hulle, saamstem wanneer dit nodig word om 'n keuse te maak. Daarom moet die nodige organisasie en strukture daargestel word om die doel te bereik (Cuff & Payne, 1979:35).

Maykowich (1980:245) argumenteer dat die belangrikste doel van organisatoriese navorsing die identifikasie van determinante van organisatoriese effektiwiteit is, en daar moet vasgestel word watter veranderlikes doelbereiking sal fasiliteer. Die invloed van omgewingsfaktore, strukturele en funksionele veranderlikes binne 'n sisteem en die uitwerking van onderlinge veelvoudige terugvoer op doelbereiking is belangrik.

Verskeie skrywers (Waldron & Uppal, 1976:352; Rossouw, 1978:49; Holten & Jones, 1982:14; Wrightsman, 1987:25) argumenteer dat die sisteembnadering op die beginsel dat die geheel groter as die som van die dele is, gebaseer is, en dat dit bykans onmoontlik is om 'n akkurate beeld van 'n verskynsel te bekom alvorens die verhouding tussen die komponente en die geheel nie bestudeer is nie. In terme van die kriminele regspleging beteken dit dus dat die globale funksionering van die kriminele regspleging as 'n verenigde geheel eers bestudeer moet word. Verder moet daar, in plaas daarvan om afsonderlik van die doelstellings van die polisie, die strafhewe en korrektiewe dienste kennis te neem, eers gekyk word na die totale doelstellings van die kriminele regsplegingsstelsel.

Volgens die sisteembnadering is alle dele van die stelsel interafhanklik. In die kriminele regsplegingsstelsel het al die hoofkomponente, naamlik die Suid-Afrikaanse Polisie, die hewe en die Departement Korrektiewe Dienste dieselfde hoofdoelwit, naamlik die beheer van misdaad. Daarom sou dit nie net ondoeltreffend wees nie, maar ook teenproduktief, om veranderinge in een komponent voor te staan alvorens daar nie kennis geneem is van die uitwerking wat sodanige verandering op die ander komponente van die stelsel mag hê nie. Die forensiese kriminoloog se bydrae ten opsigte van die individualisering van vonnis in die hof kan dus byvoorbeeld 'n invloed op die korrektiewe dienste hê. Ook in hierdie sin is dit van waarde om die rol van die forensiese kriminoloog ten opsigte van straftoemeting volgens die Parsoniese stelselmodel te toets.

5.2 DOELWITTE EN DOELSTELLINGS VAN DIE REGSPLEGGINGSSTELSEL

Smith en Pollack (1979:1) som die einddoel van die regsplegingsstelsel op as: "The final cause of the law is the welfare of society".

Benewens die ervaring van die geskiedenis, moet die kompleksiteit van die beskrywingspeil van die betrokke samelewing, die metodes waarby die

mens gedragskodes en die sanksionering van ongehoorsaamheid bepaal, in ag geneem word.

'n Belangrike vereiste van die sisteembenadering is 'n duidelike begrip van die doelwitte en doelstellings van beide die sisteem in die geheel sowel as van die komponente van die sisteem. Waldron et al. (1976:354) poneer dat die gewone benadering tot die kriminele regsplegingsstelsel 'n afsonderlike ondersoek van die doelwitte van die polisie, die strafhous en korrektiewe diens behels.

Navorsers oor die polisie sal byvoorbeeld die doelwitte wat betrekking op polisiëring (soos opsporing van misdaad, die effektiwiteit van patrollies en die professionalisering van polisiebeamptes) het, beklemtoon. Ander polisieskrywers sal doelwitte wat in algemene terme vervat is, soos die beskerming van die gemeenskap of diens aan die gemeenskap, bespreek. Die doelwitte van die strafhousstelsel word normaalweg ook in breë, algemene terme gekonstateer. Voorbeelde hiervan is geregtigheid, die beskerming van die individu, en die beskerming van die gemeenskap. Die doelwitte van korrektiewe diens het spesifiek betrekking op aspekte soos die rehabilitasie van die oortreder, die voorkoming van misdaad en residivisme deur afskrikking en beskerming van die gemeenskap deur buite-aksiestelling van die misdadiger. Volgens Waldron et al. (1976) word die doelwitte van die kriminele regsplegingsstelsel in totaliteit egter selde genoem.

'n Sisteembenadering tot die ontleding van doelwitte benader die probleem vanuit 'n ander rigting. Die eerste vraag waarop 'n antwoord gesoek word, is: "Wat is die doel van die sisteem in sy geheel?" Wanneer dié vraag beantwoord is, kan die doelwitte van die komponente - die polisie, die strafhous en korrektiewe diens - in terme van hoe elkeen afsonderlik die globale doelwitte van die sisteem nastreef, ontleed word. Die belangrikheid van hierdie onderskeid kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit beteken nie dat die afsonderlike komponente nie ook doelwitte mag hê wat nie deur die ander komponente nagestreef

word nie. Wanneer individuele doelwitte ontleed word, moet die polisie, die strafhowe en korrektiewe dienste hulself egter afvra of hulle, indien hulle 'n afsonderlike doelwit nastreef, steeds 'n rol in die vermindering (beheer) van misdaad speel en of hierdie eie doelwit versoenbaar is met die ander doelwitte van die oorkoepelende sisteem.

Navorsing toon dat skrywers dit aanvaar dat die globale einddoel van die kriminele regsplegingsstelsel die voorkoming (beheer) van misdaad is. Dit sluit in die arrestasie, skuldigbevinding en behandeling van die oortreder in (Rossum, 1978; Waldron et al, 1976; Wrightsman, 1987; Holten & Jones, 1982; Felkenes, 1973; Kerper, 1979).

More (1975:13 e.v.) poneer dat die oortreder deur 'n stelsel van aparte, dog duidelik verwante agentskappe, soos die polisie, die howe en die gevangenis, beweeg. Elk beskik oor sy eie afsonderlike doelstellings, maar almal het dieselfde doelwitte voor oë: geregtigheid, gelyke behandeling, die rehabilitasie van die oortreder en die beskerming van die gemeenskap. Hy redeneer egter dat die grootste gebreke ten opsigte van hierdie simplistiese konseptualisering die gedagte van 'n 'stelsel' is.

Daardie komponente wat in beheer van die uitvoering van die kriminele regspleging en die beveiliging van persoonlike vryheid is, is in werklikheid geïsoleerde, outonome en hoofsaaklik ongekoördineerde eenhede van die regering. Volgens More (1975:12) het die basiese ontevredenheid met die nie-stelsel benadering tot die administrasie van die kriminele regspleging, tesame met 'n knaende bewussyn van die owerhede (van die Verenigde State van Amerika) se onbevoegdheid om misdaad te voorkom of te beheer, gelei tot die totstandkoming van die bekende Commission on Law Enforcement and the Administration of Justice. 'n Ander belangrike faktor wat tot die totstandkoming van hierdie kommissie gelei het, was die groeiende begrip in die Amerikaanse samelewing dat daar ernstige probleme in die afsonderlike komponente van die kriminele regsplegingsstelsel bestaan. Gedurende 1967 het daar, in die Verenigde State van Amerika 'n hernieude beklemtoning van die stelselkonsep plaasgevind en 'n oproep op 'n verbintenis tot regverdigende en

onpartydige regspleging vir almal is gemaak: die uitdaging wat misdaad aan die samelewing rig, het, volgens More (1975:14), die Amerikaanse bevolking en ook die regering gedwing om aan die geregtigheid-vir-almal ideaal te voldoen.

Die kommissie het die volgende doelwitte ten opsigte van 'n verbeterde kriminele regsplegingsstelsel, naamlik:

5.2.1 DIE VOORKOMING VAN MISDAAD

Misdaadvoorkoming behels 'n verskeidenheid van aktiwiteite: die eliminerings van sosiale toestande wat met misdaad in verband staan; die verbetering van die vermoë van die kriminele regsplegingsstelsel om diegene wat die reg oortree het op te spoor, te arresteer, te bereg en uiteindelik weer in die gemeenskap te herintegreer. Situasies waarin misdade die maklikste gepleeg word, moet ook verminder word.

5.2.2 NUWE WYSES OM DIE OORTREDER TE BEHANDEL

Die tweede doelwit - die ontwikkeling van 'n wyer reeks alternatiewe vonnisse om die oortreder op te lê - is gebaseer op die oortuiging dat, terwyl daar wel oortreders is wat totaal van die samelewing afgesonder moet word, hierdie afsondering in die meeste gevalle meer kwaad as goed doen. Verder behoort die hulpbronne wat die polisie, die strafhof en die korrektiewe dienste tot hul beskikking het, afgespits te word op dié oortreders wat dit werklik nodig het. Dit sal dit moontlik maak dat alle oortreders meer effektief behandel kan word.

5.2.3 DIE UITSKAKELING VAN ONGEREGTIGHEID

Die derde doelwit is die uitskakeling van onreg. Dit sal meebring dat die kriminele regsplegingsstelsel die respek en samewerking van alle

lede van die gemeenskap sal verkry. Die samelewing moet aan die polisie, die strafhowe en korrektiewe dienste die hulpmiddels en mandaat gee om alle mense regverdig en met respek te behandel.

5.2.4 BEVOEGDE PERSONEEL

Die hoogs moontlike vlakke van kennis, deskundigheid, toewyding en integriteit moet deur die polisie, die vonnisopleggers, aanklaers, prokureurs, advokate en amptenare verbonde aan korrektiewe dienste bereik word, sodat die sisteem in sy geheel sy vermoë om misdaad te beheer, ten beste kan toepas.

5.2.5 VOLDOENDE MIDDELE

Die polisie, strafhowe en korrektiewe dienste behoort van voldoende fondse voorsien te word om misdaad effektief te beheer.

5.2.6 VERANTWOORDELIKHEID VIR VERANDERING

Individuele landsburgers, maatskaplike dienste, universiteite, godsdienslike instellings, siviele- en besigheidsgroepe en alle vorme van regeringsagente op alle vlakke behoort by die beplanning en uitvoering van veranderings in die kriminele regsplegingsisteem betrokke te wees.

Die kommissie meen ten slotte (More, 1975:14) dat die basiese funksie van die Amerikaanse kriminele regspleging 'n opvolgende misdaadbeheerproses is. Ingebou in hierdie proses is onvervreembare beveiligingsmaatreëls vir die beskerming van die regte van die individu in die gemeenskap.

Volgens Weston en Wells (1976:1) is die primêre funksie van die totale sisteem die voorkoming, ondersoek, ontdekking en onderdrukking van misdaad; die identifikasie, arrestasie en vervolging van persone wat

as oortreders beskuldig staan; en die gevangesetting, supervisie, hervorming en rehabilitasie van veroordeeldes. Dit word hoofsaaklik bereik deur ses hoof funksionele areas van die owerheid, naamlik die polisie, vervolging, strafhowe, proefbeamptes, gevangnisse en ander instellings wat daargestel is om om te sien na die versorging en behandeling van die oortreders, sowel as parool.

Kerper (1979:177) poneer dat om 'n oorsig oor die kriminele regsplegingsstelsel te verkry, dit belangrik is om die sewe hoof funksies wat die proses moet volvoer, in gedagte te hou. Hierdie funksies (of doelwitte) is die volgende, naamlik:

- Die vasstelling of 'n misdadige gepleeg is.
- Die opsporing van die verdagte.
- Die arrestasie van die persoon.
- Die voorsiening van 'n oorsig van die getuie aan die aanklaer om vas te stel of die saak teen die verdagte vervolging regverdig.
- Die voorsiening van 'n oorsig van die besluit van die aanklaer aan die vonnisoplegger.
- Die vonnisoplegger bepaal of die oortreder skuldig is of nie.
- Die administrasie van die straf wat toegemeet word.

Na aanleiding van bogenoemde doelwitte, meen Kerper (1979:178) dat sommige van die stappe in die strafregplegingsproses meer as een van hierdie funksies kan verrig, en sommige van die funksies kan deur een of meer van hierdie stappe gedien word. Elke stap is egter ontwerp om minstens een van die funksies te verrig, en die stelsel as 'n geheel sal al die funksies verrig.

Dit blyk dus dat die kriminele regsplegingsstelsel saamgestel word uit veelvoudige subsysteme of komponente wat in voortdurende interaksie met mekaar behoort te verkeer.

Die totale stelsel is gemoeid met regstoepassing deur regsnorme (wette) en regsanksies (behandeling en straf) af te dwing. Die doelwit is

die voorkoming van misdaad of sosiale wanorde, en om vrede in die gemeenskap te bewaar. Die sisteem is, insgelyks, ook daargestel om lewe, eiendom en persoonlike vryheid te beskerm.

5.3. SPESIFIEKE DOELSTELLINGS VAN DIE HOOFKOMPONENTE VAN DIE KRIMINELE REGPLEGINGSISTEEM

Elke instelling se reg om te bestaan is gewortel in sy doelwitte. Hierdie doelwitte voorsien die instelling van sy besondere ideologiese basis. Dit het, in die proses van doelverwesenliking, 'n bepalende en beperkende effek op organisatoriese struktuur, formulering van beleid en besluitneming; die motivering van personeel; die integrering van werk-projekte; en die beheer en delegasie van verantwoordelikheid.

Sukses in die bereiking van die doel word hoofsaaklik bepaal deur die mate waartoe die doelwit uitgeken is, met ander woorde, die inhoud van die sosiale rol (WAT gedoen moet word) moet eers geïdentifiseer word alvorens operasionele beplanning ten opsigte van voltoering gedoen word (HOE dit gedoen moet word). 'n Sisteem (of instelling) kan slegs as behoorlik georganiseer beskou word indien die doelwitte duidelik gedefinieer is. Obskure en onduidelike doelwitte veroorsaak ongeorganiseerde funksionering en 'n oorbeklemtoning van sekere elemente van die betrokke rolle.

Van Heerden (1991:41) omskryf 'n rol as 'n handeling wat deur 'n persoon in 'n sekere posisie uitgevoer word, of as 'n patroon van aksies wat van 'n persoon wat 'n besondere posisie beklee, verwag of vereis word. Aangesien alle instellings uit individuele rolvervullers saamgestel word, sal die rol van elke akteur individueel in die kollektiewe rol van die totale instelling gereflekteer word. Die objektiewe konsep van 'n rol is dus 'n onbevooroordeelde definisie van die doelwit. Dit is nie 'n produk van persoonlike sentiment of vooropgestelde idees nie, maar 'n werklikheid wat konsekwent tot die gedelegeerde doelstellings binne die raamwerk van die doelwitte van die samelewing is.

Die spesifieke doelstellings van die drie hoofkomponente van die kriminele regsplegingsstelsel, naamlik die polisie, die strafhof en die korrektiewe dienste, word hieronder saamgevat.

5.3.1 DIE POLISIE

Polisiëring is op sigself nie 'n doelwit nie, maar 'n middel tot 'n doel: die handhawing van wet en orde. Dit sou onmoontlik wees om orde te handhaaf indien wederkerige menslike verhoudings nie in harmonie met mekaar verloop nie. Deur te onderneem om die reg toe te pas, aanvaar die polisie die taak van ordehandhawing deur die ontwrigting van verhoudings te voorkom. Dit sluit ook in dat, in die uitvoering van funksionele pligte, 'n wye diversiteit van maatskaplike verhoudings versterk sal word.

Van Heerden (1991:12) omskryf maatskaplike orde as 'n patroon van harmonieuse, onderlinge saambestaan waarin elke persoon sekere verwagtings moet nastreef; sekere verantwoordelikhede moet aanvaar; en sekere regte van ander mag eis. Betreffende formele beheer, word daar van elke lid van die samelewing verwag om hom volgens die verwagtings en verpligtinge wat in wette vervat word, te gedra. Terselfdertyd verwag die lede van die samelewing dat formele sosiale beheer volgens konstitusionele beginsels van privaatheid, vryheid en veiligheid uitgeoefen sal word.

Die kollektiewe doelwit van polisiëring is dus die handhawing van 'n ordelike en stabiele samelewing. Maatskaplike orde kan slegs bestaan wanneer 'n stelsel, wat menseverhoudings en -gewoontes insluit, sodanig funksioneer dat die doelwit van ordelike en veilige saambestaan verwesenlik kan word (Etzioni, 1969:5).

Die spesifieke taak van regstoepassing deur die polisie word beskou as die toepassing van regsvoorskrifte. Dit geskied normaalweg in die vorm van arrestasie van persone wat onskuldige slagoffers op die een of ander wyse benadeel het (hetsy hulle persoon of eiendom). Van die

polisiebeampte word daar verwag om òf die misdaad te voorkom alvorens dit gepleeg word, òf om die oortreder, na die pleging van 'n misdaad, te arresteer. Respektiewelik word hierdie twee tipes optredes as afskrikkend en voorkomend beskryf.

Daar word ook 'n onderskeid tussen regstoepassing en die uitvoering van die reg gemaak. Regstoepassing behels aksie teenoor enige persoon wat die reg oortree het. Sodanige handeling omsluit die versameling van getuienis wat betrekking op die onwettige gedrag het (die ondersoek van misdaad); die voorlegging van sodanige getuienis voor die toepaslike regterlike mag; en die toesien dat die betrokke oortreder by sy verhoor teenwoordig is - gewoonlik deur middel van arrestasie. Hierdie handelings bevat afskrikwaarde. Dit is egter nie die enigste doel van die polisie nie. Benewens die feit dat die reg sekere handeling verbied, skryf dit ook sekere gedragsvorme voor. Hierdie gedrag is essensieel vir harmonieuse saambestaan en word dus van alle mense verwag. Dit voorsien 'n waarborg dat die belange van die individu nie geskend sal word nie. Dit is 'n taak van die polisie om die reg sodanig toe te pas dat hulle daarvan verseker is dat die groot verskeidenheid van wette en regulasies wat deur die gemeenskap as noodsaaklik beskou word, gehoorsaam word (Van Heerden, 1991:45 e.v.).

Uit die voorafgaande blyk dit dat die doelwitte van polisiëring in twee hoof kategorieë verdeel kan word, naamlik regstoepassing en die bewaring van vrede. 'n Polisiemag is georiënteerd tot die straf- en afskrikkingselemente van sosiale beheer. Hierdie mag pas die reg toe deur die vervolging en arrestasie van oortreders en ook deur die ondersoek van misdaad. Die verwesenliking van hierdie doelwit word bevorder deur middel van spesialisering, 'n streng hiërargiese outoriteitsstelsel, 'n hoë graad van mobiliteit, 'n gevorderde kommunikasiesistelsel, duidelike reëls, regulasies en arrestasie prosedures, bewaking van die samelewing en hoë standaarde ten opsigte van integriteit.

'n Polisiediens, daarenteen, is gerig op die beskermende en bewarings-

aspekte van sosiale beheer. Die diens se aktiwiteite is gerig op die eliminerings of minimalisering van latente bedreigings van die sosiale orde. Konflikte in menslike verhoudings word informeel opgelos en 'n wye verskeidenheid van dienste word gelewer. Die effektiwiteit van hierdie dienste kan nie statisties gemeet word nie, maar aan die afwesigheid van misdaad; 'n algemeen positiewe openbare beeld; die graad van ondersteuning en hulpverlening vanuit die gemeenskap en die mate waartoe die verwesenliking van die sosiale ideaal as 'n vennootskap beskou word. Die rolvervuller word veral as 'n raadgewer beskou, 'n vredesbeampte en 'n vriend. Die diens word in ooreenstemming met departementele prosedures gelewer. Dit laat toe vir gedesentraliseerde funksionele aktiwiteite, buurtbetrokkenheid, voetpatrollies, diskresionêre aksies, die voorsiening van maatskaplike dienste, verminderde arrestasie kwotas en 'n sekere verdraagsaamheid teenoor sosiale regulasies of norme.

5.3.1.1 DIE BEGINSELS VAN POLISIËRING

Die Suid-Afrikaanse Polisie, as primêre gesagsinstelling van die staat, is ingevolge die bepalings van artikel 5 van die Polisiewet (wet 7 van 1958), onder andere, verantwoordelik vir die voorkoming en ondersoek van misdaad. Daar word egter, volgens Calitz (1988:125) nêrens wetlike riglyne neergelê oor die wyse waarop hierdie taak uitgevoer moet word nie, en dit berus gevolglik by die polisie om op eie inisiatief die aard van misdaadvoorkomingsaksies te bepaal.

Wette en regulasies word deur die owerheid daargestel nadat 'n besondere behoefte in die gemeenskap ontstaan het om spesifieke gedragswyses en optredes van mense te reël en te reguleer. Die doel daarvan is in die eerste plek 'n verbod op 'n spesifieke soort handeling of nalating gepaard met die nodige strafsanksie. Calitz (1988:125) poeneer dat die klem dikwels egter sodanig op die strafsanksie as afskrikmiddel geplaas word dat dit as genoegsame pro-aktiewe (misdaadvoorkomende) optrede beskou word. So 'n benadering bring egter mee dat reaksionisme (optrede ná misdaadpleging) pro-aksionisme verdring.

Dit gebeur omdat daar geredeneer word dat regstoepassing bloot optrede ná die daad beteken. Dieselfde voorsiening word dan nie vir pro-aktiewe optrede gemaak nie. Suiwer uit 'n polisie-oogpunt gesien, is pro-aktiewe en reaktiewe optrede onlosmaaklik aan mekaar verbonde, aangesien pro-aktiewe optrede slegs sinvol gerig kan word indien misdaadpatrone en -tendense reeds deur reaktiewe optredes blootgelê is.

Uiteraard kan misdaad deur die aanwending van verskillende tegnieke en metodes voorkom word. Die tipe misdadigheid wat voorkom moet word, sal dus grootliks bepaal watter metodes en tegnieke in 'n bepaalde geval gebruik moet word.

Die beperkinge wat op die mag en gesag van die polisie geplaas word, is nie die enigste faktore wat polisiëring binne perke hou nie. Dit word ook deur sy eie basiese beginsels beheer. Hierdie beginsels hou hoofsaaklik verband met die wyse waarop die gedelegeerde taak uitgevoer word en is dwarsdeur die Westerse demokrasie geldig. Van Heerden (1991:78, 79) noem die volgende beginsels van polisiëring, naamlik:

- Die belangrikste doel van polisiëring is om sosiale orde te handhaaf deur gebruik te maak van preventiewe metodes of, alternatiewelik, in geval van versteuring, om sosiale orde deur die gebruik van repressiewe metodes te herstel.
- Die mag en gesag wat aan die polisie vir die handhawing van sosiale orde toegesê word, en die bykomende doelstellings wat hulle aanneem en die stappe wat geneem word om hierdie doelwitte te bereik, is afhanklik van en onderworpe aan die goedkeuring van gemeenskaps-aanvaarding asook of hulle daartoe in staat is om die respek van die gemeenskap te verkry en te behou.
- Die bereiking en behoud van gemeenskapsgoedkeuring en respek sluit die vrywillige samewerking van die gemeenskap ten opsigte van die nakoming van wette in.
- Die mate waarin die gemeenskap saamwerk verminder die noodsaak van fisieke geweld en dwang proporsioneel.

- Die guns en aanvaarding van die gemeenskap moet nagestreef word deur middel van konstante en onbevooroordeelde regstoepassing; die gee van onmiddellike, individuele en vriendelike aandag en diens aan alle lede van die gemeenskap ongeag status, sosiale posisie of enige affiliasies; deur ten alle tye vriendelik te wees en gewillig te wees om persoonlike opofferings te bring wanneer lewens gered moet word.
- Die minste moontlike graad van geweld moet, om die doelwitte van polisiëring na te streef, gebruik word en dan slegs indien oordeeding, waarskuwings en advies nie daarin geslaag het om samewerking, gehoorsaming van die reg of die herstel van orde te bereik nie.
- Verhoudings met die gemeenskap moet te alle tye op die manier wat die historiese tradisie van die polisie as die publiek en die publiek as die polisie reflekteer, onderhou word. Die polisie is lede van die gemeenskap wat betaal word om dienste wat bevorderlik tot die algemene welsyn en die oorlewing van die gemeenskap is, dienste wat verpligtend vir alle lede van die gemeenskap is, te lewer.
- Polisiebeamptes moet die uitvoerende funksie van polisiëring gehoorsaam en hul daarvan weerhou om regterlike funksies oor te neem of om outoritêre besluite ten opsigte van skuld op hulself te neem of om onwettige strawwe uit te deel.
- Die ware kriterium van polisie-effektiwiteit is die afwesigheid van misdaad, en nie die fisiese stappe wat geneem word om misdaad te bestry nie. In hierdie verband verskil Calitz (1988:126) egter skerp van Van Heerden se siening. Hy poneer dat die opvatting dat die sukses van misdaadvoorkoming aan die afwesigheid van misdaad gemeet kan word, nie korrek is nie. Daar kan nie werklik bepaal word hoeveel misdrywe uitgeskakel is bloot op grond van enige voorkomingsaktiwiteit deur die polisie of gemeenskap nie. Dit word egter allerweë aanvaar dat die uiteindelijke sukses of

mislukking van misdaadvoorkomingsaktiwiteite grootliks bepaal word deur die mate waarin misdaadveroorakende faktore en omstandighede uitgeskakel word.

- Die integriteit van polisiëring word deur die graad van persoonlike morele verantwoordelikheid wat in die gedrag en handeling van elke individuele lid van die polisie te vinde is, gereflekteer.
- Die stabiliteit van 'n land, en die vitaliteit en voortbestaan van demokratiese ideale is van polisiëring afhanklik wat konstant van die sensitiewe balans tussen individuele vryheid en kollektiewe sekuriteit bewus is, konstant bewus is van die gevare wat inherent aan onwettige en immorele afgedwonge aksies en prosedures is; en wat nooit aan die versoeking om beginsels op te offer deur terug te val tot onwettige optredes om goeie doelwitte te bereik, sal toegee nie.
- Die professionalisering van polisiëring hang primêr van intensiewe seleksie, opleiding, beplanning en navorsing af.

5.3.1.2 DIE ROL VAN DIE POLISIE IN DIE VOORKOMING VAN MISDAAD

Van Heerden (1991:26) meen dat effektiewe polisiëring om misdaadvoorkoming moet sentreer - dit is die fundamentele doelwit van die polisie. Die polisie is die enigste maatskaplike diens wat met die spesifieke doel om misdaad te bestry, belas is.

Preventiewe polisiëring behels onder andere korttermyn misdaadvoorkomingsaksies soos straatpatrollies en die sigbare beskerming van lewe en eiendom. Langtermyn voorkomingsaksies sluit die opvoeding van die gemeenskap ten opsigte van die misdaadverskynsel en polisiëringsprobleme in. Verder behels dit die eliminerings en minimalisering van geleenthede om misdaad te pleeg, sowel as enige ander maatreëls wat ontwerp is om die herhaling van misdaad of die ontstaan van motive-

rings om misdaad te pleeg, of om die verspreiding van misdaad na ontvanklike persone te voorkom.

Preventiewe aktiwiteite van die polisie behoort, na die mening van verskeie gesaghebbendes (in Van Heerden, 1991:180) die volgende in te sluit, naamlik:

- Beplande bestudering van en navorsing oor misdaad, met die doel om die aard en voorkoms van soortgelyke misdade in verband te bring met die geleenthede wat in gedifferensiëerde areas bestaan om misdaad te pleeg.
- Deelname in gemeenskapsgebaseerde rade wat private en openbare liggame wat met misdaad en wangedrag gemoeid is, verteenwoordig.
- Die bevordering van gesonde samewerking deur die belangstelling van plaaslike owerhede en staatsinstellings met belange in die misdaadprobleem te wek.
- Skadelike publisiteit rakende misdaad moet beperk word.
- Gebruikmaking van voet- en voertuigpatrollies moet uitgebrei word.
- Voorsiening aan belangstellende liggame van inligting oor vermoedelijke wangedrag.
- Verkryging van die publiek se samewerking deur gelyke behandeling van almal, insluitende die oortreder. Hierdie houding moet onbevooroordeeld, regverdig en simpatiek wees.
- Gebruikmaking van moderne kommunikasie-media om die gemeenskap op die hoogte te hou van situasies wat misdaad kan veroorsaak of aanmoedig en wyses waarop geleenthede om misdaad te pleeg, elimineer kan word.

- Stigting van misdaadvoorkomingseenhede met die doel om predisponerende omstandighede en skadelike elemente wat jeugmisdaad veroorsaak, te elimineer. Dit sluit in die opsporing van jeugdige wat aan negatiewe invloede blootgestel is en die verwysing ten opsigte van diagnose en behandeling, sowel as die beplanning en bevordering van gesonde vryetydsaktiwiteite.
- Behoorlike gebruikmaking van kriminalistiese hulpmiddels om die effektiwiteit van die repressiewe funksie te verhoog, en dus ook die afskrikingswaarde wat inherent daartoe is. Dit is slegs wanneer voorkoming onsuksesvol is dat die polisiëringsfunksie 'n klemverskuiwing na die ondersoek van misdaad moet maak.

Calitz (1988:126) is ook van mening dat misdaadpleging, -voorkoming en -ondersoek voortdurend in 'n aanpassingstryd gewikkel is. Tegnieke word verander namate die misdadiger die polisie uitoorlê, en andersom. Daarom is die bestudering van modus operandi, misdaadstatistiek en politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderings vir die polisieman noodsaaklik om voorspellings te kan maak en misdaadvoorkomingstrategieë daarvolgens te beplan. Aangesien die uitvoering van misdaadvoorkoming 'n diens aan die publiek is, moet daar voorts rekening gehou word met kultureel-heterogene gemeenskapsverwagtinge in Suid-Afrika.

5.3.2 DIE HOWE

Belangrike doelwitte van die kriminele regplegingsstelsel is die voorkoming van misdaad. Indien dit nie kan gebeur nie, is 'n volgende doelwit die inhegtenisname, skuldigbevinding en korreksie van die oortreder. Die howe vorm daardie komponent van die kriminele regplegingsstelsel wat met 'n tweeledige funksie getaak is: hulle is beide deelnemers in die strafproses sowel as supervisors van die proses. As deelnemers is hulle instrumenteel in die vasstelling van die oortreder se skuld of onskuld en moet hulle geskikte sanksies toepas. As supervisors is hulle voogde oor die vereistes wat die owerheid en die reg vereis. Wanneer die praktyke van die kriminele regplegingsstelsel

en veral die van die polisie in konflik met die waardes van die res van die gemeenskap kom, moet die howe in hul toesighoudende rol bepaal wat voorkeur bo die ander moet geniet (Rossum, 1978:49 e.v.).

Die belangrikste doelwit van die howe is om dispute op te los. Hoewel dit gesê kan word dat 'n demokratiese owerheid dispute deur sy kiesers en wetgewende magte oplos, kan daar nie gesê word dat dispuutoplossing die primêre wetgewende of uitvoerende doelwit is nie (Lewis, Bundy & Hague, 1978:4).

Regterlike dispuutoplossing is 'n sisteem waardeur deur middel van 'n adversatiewe proses 'n arbitrasie van individuele gevalle gedoen word. Die hof tree as arbiter op terwyl die partye in dispuut hulle botsende belange voorlê. As dit 'n strafsak is, is een belang die beskerming van die gemeenskap deur middel van die vervolging van diegene wat vermoed word die oortreding begaan het. Die opponerende belang is die beskerming van die regte van die beskuldigde deur middel van 'n demonstrasie van redelike twyfel van skuld. Die regterlike beamptes arbitreer regs- en feitelike dispute tussen die vervolging (die aanklaer) en die verdediging (die advokaat vir die verdediging) en sal 'n beslissing fel oor wie reg is - dus of die beskuldigde skuldig of onskuldig is.

Die beweeg van die oortreder deur die kriminele regsplegingsproses is, omdat die Suid-Afrikaanse strafhofsisteem 'n adversatiewe sisteem is, vanaf die begin tot die einde 'n moeilike stryd. Wanneer 'n oortreding van die reg as 'n geskilpunt voor die hof dien, ontstaan daar 'n stryd met die staat as vervolger aan die een kant en die beskuldigde oortreder as die verweerder aan die ander kant (Waldron et al, 1976:26). Totdat die staat getuienis voorlê wat die skuld van die oortreder bo alle redelike twyfel bewys, word hy as onskuldig op die klagtes beskou.

Bo alle redelike twyfel beteken nie bo enige twyfel hoegenaamd nie. Die vereiste word dus nie gestel dat daar absolute sekerheid moet wees om die skuldigbevinding van 'n oortreder aan 'n misdaad, moontlik te

maak nie. 'n Redelike twyfel is die twyfel wat 'n redelike mens sal hê nadat al die getuienis in die saak en al die argumente van al die regsverteenwoordigers aangehoor is, en nadat die reg deur die hof op die bewese feite van die saak toegepas is.

Die adversatiewe sisteem van strafhowe is op die filosofie gebaseer dat 'n persoon deur die owerheid gestraf mag word indien daar deur 'n onpartydige proses bewys is dat die persoon 'n spesifieke regsreël geskend het. Die reëls wat hierdie sisteem 'n werklikheid maak, waarborg aan elke individu in die samelewing 'n regverdige verhoor.

Ondersoekers wat die howe bestudeer het, het volgens Shapiro (1981:1) oor die algemeen 'n ideale tipe, of in werklikheid 'n prototipe van howe aangewend wat die volgende ingesluit het:

- 'n onafhanklike regter wat
- voorafbestaande regsnorme toepas ná
- adversatiewe prosedures om tot
- 'n tweeledige beslissing te kom waarin een van die partye gelyk gegee is en die ander party as verkeerd bewys is.

Uit voorgaande blyk dit dat wanneer elke dispuut op eie meriete opgelos word, dit 'n geheel-en-al ander proses is as dié wat deur ander vertakkings van die owerheid gebruik word. Regterlike beslissings word oor die algemeen gebaseer op, en beperk tot, die feite en omstandighede van elke saak. Verder word regsake ook op die basis van besluite wat in vorige sake 'n presedent geskep het, beslis. Dit bring mee dat howe soms meer op die verlede as die hede vir hulle beslissings terugval.

Wette, daarenteen, word nie slegs op een saak gebaseer nie, maar sal aangeneem word na die ondersoek van 'n veel breër reeks feite, omstandighede en inligting alvorens 'n wet gemaak sal word. Die wetgewer mag wel na die verlede kyk, maar daar is geen verpligting om dit te doen nie. Wetgewing is meer geneig om groter klem op nuwe neigings en toekomstige behoeftes te plaas. Ter voorbeeld kan die Booyesen-kommis-

sie genoem word. Hierdie kommissie stel ondersoek in na die voortgesette insluiting van psigopatie as 'n sertifiseerbare geestesongesteldheid al dan nie, en na aanleiding van die bevindings sal daar waarskynlik 'n nuwe wet opgestel word.

Die howe vorm 'n besondere deel van die breër sosiale en politieke regeringsproses. Die oorkoepelende doelwit van die howe is die bereiking van sosiale beheer, maar verskeie bykomende funksies moet verrig word om hierdie doelwitte te bereik (Kerper, 1979:8). Aangesien hierdie verslag die rol van die forensiese kriminoloog as komponent van die kriminele regsplegingsstelsel en nie spesifiek die doelwitte van die totale stelsel ondersoek nie, is dit voldoende om slegs kortliks die mees basiese doelwitte van die howe te bespreek, naamlik die bereiking van openbare orde, die oplossing van basiese waarde-konflikte en individuele dispuete; en die beperking van willekeurige optrede.

5.3.2.1 DIE BEREIKING VAN SOSIALE ORDE

Hoewel daar dikwels na die handhawing van wet en orde verwys word asof dit twee aparte doelwitte is, is hulle inderwaarheid deel van dieselfde proses. Die handhawing van die reg - dit is die gehoorsaming van die reëls van die reg - sal uiteraard orde meebring. Die bewaring van die vrede word gewoonlik as die primêre taak van die reg beskou (gesien dat daar dikwels na die handhawers van wet en orde as 'vredesbeamptes' verwys word). Die reg kan, eerder as ander maniere van sosiale beheer, hierdie taak meer effektief verrig aangesien dit, om die afdwingingsproses te laat slaag, deur die totale mag van die staat ondersteun word. Die handhawingsmasjinerie van die staat voorsien beide die gereedskap om onregmatige gedrag te voorkom en ook te straf. Sigbare polisie-teenwoordigheid op straat kan byvoorbeeld daartoe bydra dat misdaad nie gepleeg word nie. Wanneer die reg egter wel oortree word, is die polisie teenwoordig om die oortreder te arresteer. Nadat die oortreder in bewaring geneem is, kan die regsstelsel sigself na die howe wend om skuld te bepaal en om straf toe te

meet. In die laaste instansie voorsien die regsisteem instellings wat toesien dat die straf toegepas word. Indien die straf byvoorbeeld gevangenisstraf behels, sal daardie sanksie deur die Departement Korrektiewe Dienste uitgevoer word.

Kerper (1979:9) argumenteer dat nie alle oortredings van die openbare orde misdade teen die reg uitmaak nie. Daar is ook die sogenaamde 'siviele' oortredings. Die regsisteem voorsien ook die nodige masjinerie om gedragstandaarde wat aan die siviele kant van die reg gevind word, af te dwing. Persone wat daardie standaarde oortree, word aan verskeie remediërende vereistes van die hof onderwerp. Dit sluit restitusie (die terugbetaling van geld aan die mense wat deur die oortreding skade gely het); die terugbesorging van eiendom wat onwettig verwyder of toegeëien is; en die staking van aktiwiteite wat die reg oortree, in. Die hof kan nie slegs sodanige remedies afdwing nie, maar kan ook toesien dat die bevel nagekom word deur 'n gepaste straf uit te meet aan diegene wat nie die bevel nakom nie. Weer eens steun die reg op die mag van die staat- die enigste liggaam wat die reg het om die ontneming van 'n individu se vryheid, en in uiterste gevalle sy lewe, af te dwing.

5.3.2.2 DIE OPLOSSING VAN WAARDEKONFLIKTE IN DIE SAMELEWING

Verskillende groepe sal, in 'n komplekse samelewing, verskillende menings huldig oor wat aanvaarbare of toepaslike gedrag is. Wanneer daardie verskille in konflik met mekaar kom, is dit, vir die handhawing van wet en orde, essensieel dat die verskille opgelos word. Dit is verder noodsaaklik dat die oplossing deur die groepe-in-konflik aanvaar sal word. Indien 'n aanvaarbare konflik-resolusie nie bereik kan word nie, sal daar onvermydelik verwarring in die konflikgedrag van die onderskeie groepe wees. Daar sal ook, in sekere areas, 'n bykans onvermydelike poging van die een groep wees om op fisiese of ekonomiese wyse sy standpunt op die ander groep af te dwing. Die hoof doelwit van die hof is dan om op 'n vredige wyse hierdie basiese waardekongflikte in die samelewing op te los. Volgens Kerper (1979:9) is

die regsprekende taak van die hof daarmee gemoeid om presies hierdie taak te verrig. Verskeie groepe met verskillende waardes bring hulle konflikte hof toe om daar opgelos te word. In sommige gevalle sal die strydende groepe die vraag of sekere gedrag deur die reg verbied moet word, na vore bring. In ander gevalle weer, waar die reg wel sodanige gedrag verbied, kan daar 'n versoek gerig word dat sodanige gedrag nie meer as onregmatig beskou moet word nie.

5.3.2.3 DIE OPLOS VAN INDIVIDUELE DISPUTE

'n Verdere basiese funksie van die hof is om individuele dispute op te los. Selfs wanneer basiese waarde-konflikte deur die aanneem van algemene wette opgelos word, sal dispute in die verloop van die toepassing van daardie wette ontstaan. Hierdie dispute mag met die interpretasie van die regsstandaarde of die feite in 'n besondere saak gemoeid wees. Die reg sal byvoorbeeld vereis dat 'n motorbestuurder versigtig bestuur wanneer hy by 'n laerskool verbyry. Sou die motorbestuurder 'n kind wat oor die pad hardloop, doodry, kan die ouers van die kind verwag dat die bestuurder van strafbare manslag aangekla word. Die motorbestuurder sal waarskynlik in dispuut met hulle tree ten opsigte van die aanklag dat hy nalatig bestuur het, en die hof is die meganisme van die staat wat moet bepaal of hy aan strafbare manslag skuldig is.

Die belangrikheid van die oplossing van individuele dispute is duidelik: indien daar nie 'n vredevolle, geordende wyse sou bestaan waarop individuele konflik opgelos kon word nie, sal die hele samelewing skade ly. Elke persoon met 'n grief teenoor sy medemens sal die reg in eie hande neem. Gevegte sal volg en gesins- en familieledede sal waarskynlik by die geveg betrokke raak. Die dispuut sal al wyer uitkring om meer en meer mense te betrek en alle energie sal aan die geveg bestee word. 'n Voorbeeld van so 'n toestand is die stamgevegte in Natal, waar Inkatha en die ANC in so 'n stryd gewikkel is dat dit totale gemeenskappe, ook landswyd, daarby betrek.

5.3.2.4 BEPERKING VAN WILLEKEURIGE OPTREDE

Wanneer daar gesê word dat daar in 'n regstaat geglo word, en nie in 'n regering van mense nie, (we believe in the rule of law, not of men) beteken dit dat daar uitdruklik gesê word dat aangedring word daarop dat die owerheid ook aan die reg ondergeskik is. Géén beampte van die owerheid het dus onbeperkte mag nie. Elke landsburger het, in sy omgang met die owerheid, die reg op beskerming: "When citizens know in advance that types of behaviour will result in arrest, prosecution, and punishment, they are safeguarded against the kind of discretion that results from broad penal statutes, as in Nazi Germany, Fascist Italy, or Soviet Russia, where social offenses of the widest definition unloose the uncontrollable power of officialdom." (More, 1975:27).

'n Doel van die strafreg. is om ook menslike gedrag in so 'n mate te reguleer dat 'n individu redelikerwys mag verwag dat ander lede van die samelewing sy regte sal respekteer, byvoorbeeld die reg met betrekking tot diefstal beskerm 'n individu se eiendomsreg teen onregmatige toe-eiening deur 'n ander persoon. Regsreëls kan slegs geregverdig word as hulle ontwerp is om die ordelike vloei van sosiale verhoudings te verseker.

5.3.3 DIE DEPARTEMENT KORREKTIEWE DIENSTE

Alle korrektiewe dienste vorm deel van die breër kriminele regplegingstelsel. Die totale kriminele regplegingstelsel verwys na die hantering van die oortreder van owerheidsweë en dit dien as platform vir die funksionering van die beregtingsmasjinerie van die staat. Die belangrikste doel en funksie van die kriminele regplegingstelsel is, soos reeds vermeld, gerig op ordehandhawing in die gemeenskap deur die beheer van, of kontrole oor, die misdadadprobleem.

Die korreksionele element, as een van die hoofkomponente van die kriminele regplegingstelsel, is die aspek wat met die funksie van straf-

toepassing en ook behandeling met die oog op gedragsverandering insluit, gemoeid is. Dit kan onderverdeel word in 'n institusionele en 'n nie-institusionele gemeenskapskomponent. Elk van hierdie komponente kan verder ontleed word. So kan die institusionele komponent byvoorbeeld onderverdeel word in gevangnisse vir die aanhouding en behandeling van volwasse oortreders, jeuginrigtings vir jeugoortreders en detensiekasernes vir militêre oortreders.

Binne die na-vonnisfase is daar uitkenbare momente wat op hul beurt verband hou met die lengte van die vonnis en die stadium van gevangsetting. Die momente word voorts ingeklee deur die gevangene se eie emosionele gesteldheid en ervaring van die situasie. Die hantering van die gevangene in die Suid-Afrikaanse konteks ten tye van hierdie momente, kan ten beste uitgebeeld word deur die belangrikste doelstellings en funksies van korrektiewe dienste in oënskou te neem.

5.3.3.1 DIE DOEL EN WERKSAAMHEDE VAN KORREKTIEWE DIENSTE

Volgens Jordaan, toe Brigadier en Bevelvoerende Offisier, Zonderwatergevangenis-kommandement (1989:1) is dit, alhoewel die doel van gevangenisorganisasie binne 'n eiesoortige beleidsraamwerk en aksente aansluiting vind by die breë ordehandhawingsdoel van die regsplegingstelsel, 'n universele verskynsel dat die doel van korrektiewe dienste gerig is op die veilige bewaring van gevangenes; pogings om die gevangene voor te berei om met gemeenskapseise te konformeer, en om geleenthede tot selfrealisering binne wetsgehoorsame gedragspatrone te benut.

Die werksaamhede van die Departement Korrektiewe Dienste word soos volg in artikel 2.2 van die Wet op Gevangnisse, wet 8 van 1959, soos gewysig, uiteengesit:

- om te verseker dat elke gevangene wat wettiglik in 'n gevangenis aangehou word, daarin in veilige bewaring gehou word totdat hy wettiglik daaruit ontslaan of verwyder word;

- om sover doenlik, sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei en om hulle in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei;
- die verrigting van alle werk wat nodig is vir, voortvloei uit of in verband staan met die doeltreffende bestuur van gevangenis; en
- om sodanige ander pligte te verrig as wat die minister van tyd tot tyd aan die departement opdra.

Die Departement Korrektiewe Dienste maak deel van die kriminele regsplegingstelsel uit en dra dus tot die primêre en omvattende taak van die handhawing van wet en orde by deur binne die landsgrense gevangenes volgens wetsvoorskrifte aan te hou. Nie alleen word die gemeenskap beskerm teen verdere wandade van die oortreder nie, maar die veilige bewaring van gevangenes dra verder by tot die gemoedsrus van die samelewing. Die gemeenskap se vertoue in die regstelsel en die vermoë van die stelsel om orde te handhaaf word verstewig deur die versekering dat die oortreder veilig aangehou word. Terselfdertyd wek die wete dat die gevangene veilig bewaak word, by die gemeenskap 'n gevoel van tevredenheid dat vergelding ingetree het en dat die oortreder sy verdiende loon ontvang. Veilige bewaking in 'n gevangenis beskerm ook die oortreder teen die gemeenskap en verhoed die gemeenskap om die reg in eie hande te neem en sonder bemiddeling van die regstelsel teen die oortreder op te tree.

Die samelewing word egter nie absoluut beskerm deur die veilige aanhouding van die oortreder nie, aangesien feitlik alle gevangenes op die een of ander stadium weer in die gemeenskap vrygelaat word. Pogings word derhalwe aangewend om die gesindheid, houding en gedrag van die oortreder tydens aanhouding deur middel van behandeling te verbeter. Tot die mate waarin die gevangenisorganisasie in hierdie doel slaag, en die oortreder suksesvol na vrylating herinskakel, word die bedreiging wat hy vir die rus en vrede van die gemeenskap inhou, verminder.

Samevattend is die doel van die Departement Korrektiewe Dienste dus om gevangenes volgens die bevelskrifte (soos saamgevat in artikel 2.2 van die Wet op Gevangenis, wet 8 van 1959) te versorg en sodoende by te dra tot die handhawing van wet en orde in die samelewing. Die doelwit sluit 'n duidelik afgebakende bewaking-, behandeling-, en bestuursfasies in.

Vir die forensiese kriminoloog is Jordaan (1989:23) se mening dat die Departement Korrektiewe Dienste groot waarde aan die inhoud van enige vakkundige verslae wat tydens die vonnisfase in die hof gelewer word, heg, van die grootste belang. Assessering binne die na-vonnisfase in die gevangenis, word betekenisvol bespoedig deur die beskikbaarheid van hierdie inligting tydens die observasie- en eerstevlak-asseseringsfase. Dit is om hierdie rede dat navorser gereeld 'n versoek aan die hof rig dat die voorvonnisevalueringverslag saam met die lasbrief na korrektiewe dienste verwys word.

Jordaan (1989:24) maak verder ook daarvan melding dat die Departement Korrektiewe Dienste besondere aandag aan die opmerkings van die voorsittende beampte heg wat tydens die hofverrigtinge op lasbriewe of bylaes gemaak word. Dit geld veral waar menings of aanbevelings ten opsigte van die gevonniste se behandeling gemaak word. Tydens die eerstevlak asseseringsproses word enige opmerkings onmiddellik in aanmerking geneem, ten einde 'n prioriteitsbepaling van die gevangene se behandelingsbehoefte en/of aanbevole behandeling te maak.

5.4. DOELWITTE VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG AS 'n DEEL VAN 'n KOMPONENT VAN DIE KRIMINELE STRAFREGSPLEGING

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die forensiese kriminoloog, alvorens eie doelwitte gestel word, eerstens kennis moet dra van die globale doelwit van die kriminele regsplegingsstelsel: die beheer van misdaad.

In aansluiting by die ondersoek van die Commission on Law Enforcement

and Administration of Justice (in More, 1975:12) en die voorstelle wat in die Verenigde State van Amerika ten opsigte van 'n verbeterde kriminele regsplegingsstelsel gedoen is, word die forensiese kriminoloog se bydrae tot 'n verbetering wat die Suid-Afrikaanse kriminele regspleging betref, vervolgens bespreek.

5.4.1 DIE BYDRAE VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG TOT DIE VOORKOMING VAN MISDAAD AS DOELWIT VAN DIE KRIMINELE REGSPLEGINGSISTEEM

Naudé (1988:25) poneer dat sedert die ontstaan van die klassieke skool die beklemtoning van werklike sanksies en die vrees vir straf as belangrike metodes om individue van misdaad te weerhou, behou is. Conklin (1986:397) meen dat die algemene uitgangspunt tans daarin geleë is dat die meeste individue hul gedrag, ná deeglike en rasonale oorweging (dit wil sê 'n vrye wilsbesluit) van die koste (risiko) en die voordele (beloning) sal rig. Die weerhoudingsbenadering argumenteer dat gedrag deur die gevolge daarvan bepaal word: strafsekerheid en die felheid van die straf sal as afskrikking dien en sodoende meehelp om misdaad te voorkom. Tog meen ander wetenskaplikes (Conklin, 1986:403; Reid, 1982:488) dat die felheid van straf nie noodwendig mense van misdaad weerhou nie. Gibbs (1975:145 e.v.) het in sy navorsing oor die felheid, sekerheid en duur van straf, 'n groot aantal misdade krities ontleed en bevind dat die weerhoudende effek van straf bevraagteken kan word.

Vrees vir straf kan ook slegs as afskrikmiddel dien indien potensiële oortreders kennis van die funksionering van die kriminele regstelsel dra - en ook weet watter strawwe vir oortredings uitgemaak word. Studies in Kalifornië in die Verenigde State van Amerika het getoon dat die oorgrote meerderheid individue geen of weinig kennis gedra het oor presiese strawwe wat vir bepaalde misdade geld nie. Die groep wat die meeste kennis gehad het, was oortreders wat reeds in gevangenisse gewees het (Conklin, 1986:395).

'n Ander belangrike aspek is die feit dat professionele misdadigers soos dwelmhandelaars en wapensmokkelaars asook dwelmverslaafdes nie deur wetlike sanksies afgeskrik word nie (Bartol & Bartol, 1986:287).

Conklin (1986:414) maak die stelling dat, hoewel die resultate van sommige studies oor die weerhoudende effek van die doodstraf om verskeie redes teenstrydig is, dit tog wil voorkom asof die doodstraf vir moord en verkragting nie werklik weerhoudend is nie. Bartol en Bartol (1986:287) argumenteer dat veral geweldsmisdade soos moord meestal onder hoogs emosionele omstandighede gepleeg word sonder dat die misdadiger enigsins vooraf oor die langtermyngevolge van die daad besin.

Navorsers het, in die moordsake wat by hierdie ondersoek betrek is, ook tot die gevolgtrekking gekom dat die oortreders nie, tydens die pleging van die misdaad, oor die langtermyngevolge van hulle misdade besin het nie. Hoewel die meeste van die betrokke moorde wél onder hoogs emosionele omstandighede gepleeg is, het ander faktore 'n bydraende rol gespeel, naamlik:

- Presipiterende gedrag van die slagoffer (S v Kruger; S v Laurent; S v Briel; S v Stümke; S v Propheta; S v Ruebin).
- Biologiese faktore (S v Oliver; S v Scheepers en andere (bylae 5); S v Mitchell (bylae 6)).
- Kriminogene faktore in die gesinsagtergrond van die beskuldigde (S v Briel; S v Laurent; S v Stümke).
- Die invloed van subkulture (S v Mitchell (bylae 6); S v Matloga).

Die misdade wat by hierdie ondersoek betrek is en wat met bedrog en diefstal verband gehou het, het getoon dat die konteks waarin die misdade plaasgevind het, 'n belangrike rol gespeel het. Bedrog, waar die werkgewer bestee is, het veral plaasgevind waar daar in die werkplek waarneembare tekens van laksheid met betrekking tot die beheer van finansiële sake was of waar ander werknemers hulle ook aan onwet-

tige bedrywighede skuldig gemaak het (S v Viviers; S v Gafenowitz; S v Somjen; S v Lazarus; S v Bosman; S v Badenhorst; S v Laurent; S v Slabbert; S v Davis).

Navorser het verder bevind dat kriminogene aspekte in die agtergrond van persone wat hulle aan bedrog skuldig gemaak het, 'n belangrike rol gespeel het (S v Graham; S v Odendaal; S v Adams; Staat v Viviers; S v Gafenowitz; S v Bosman; S v Lazarus).

Uit bostaande bespreking blyk dit dat die forensiese kriminoloog oor die unieke geleentheid beskik om 'n rol in die voorkoming van misdaad te speel. Wanneer straf in die ware sin van die woord geïndividualiseer word, het dit 'n langtermyn invloed op die oortreder. 'n Aantal kriminoloë (in Conklin, 1986; Bartol & Bartol, 1986 en Reid, 1982) meen dat dit noodsaaklik is dat wette en die kriminele regsplegingstelsel as regverdig waargeneem word, anders sal dit nie deur die gemeenskap gerespekteer word of nagekom word nie. Verder berus die effektiwiteit van straf op faktore soos wanneer, hoe dikwels, hoe en waarom. Wanneer straf as onregverdig beleef word, sal gedrag ook negatief beïnvloed word. 'n Alternatiewe aanvaarbare gedragsrespons is belangrik alvorens die oortreder sy aanvanklike gedragsvorm sal kan verander.

Die forensiese kriminoloog speel veral in bostaande verband 'n rol. Oortreders ten opsigte van wie voorvonnis-evalueringsverslae opgestel is, en veral die oortreders aan wie gemeenskapsdiensvonnis-e uitgemeet is, voel oor die algemeen dat hulle, wat die strawwe betref, regverdig aangehoor en gestraf is. Diegene wat reeds uit die gevangenis ontslaan is, behou steeds kontak met die forensiese kriminoloë. Hierdie individue (17) het almal weer begin werk en staan hulle plek in die gemeenskap vol. Die forensiese kriminoloë het (sedert 1986) 18 versoeke tot gemeenskapsdiensvonnis-e gerig. Drie gevalle is geweier en 15 versoeke is toegestaan. Die oortreders wat gemeenskapsdiensvonnis-e uitgedien het, het almal ná die verstryking van hulle straf, volgehou om hulle dienste gratis aan die instellings waar hulle verpligte gemeenskapsdiens verrig het, te lewer. Slegs twee oortreders (twee

broers) het twee jaar nadat hulle hulle gemeenskapsdiens voltooi het weer met die gereg gebots. In hierdie verband het die forensiese kriminoloë wel bygedra tot regverdige, geïndividualiseerde straf. Met die uitsondering van twee kliënte, het geen van die ander kliënte tot op datum van die skryf hiervan weer in misdaad verval nie.

Die intieme kennis wat die forensiese kriminoloog deur middel van intensiewe onderhoude met alle betrokke kliënte voer, dra ook daartoe by dat misdaadveroorsoekingsteorieë in die praktyk getoets kan word. Die unieke bydrae van die forensiese kriminoloog in die verhoor van 'n oortreder is juis die toepassing van teorie op praktyk. In hierdie sin kan navorser, na die hantering van 87 hofsake, reeds sekere patrone waarneem en op grond daarvan kan voorstelle met betrekking tot die beheer van misdaad - die einddoel van die strafregstelsel - maak.

Die Amerikaanse Commission on Law Enforcement and the Administration of Justice (soos bespreek in More, 1975: 12 e.v.) het misdaadvoorkoming as die belangrikste doelwit van die strafregplegingsstelsel gestel. Daar is voorgestel dat situasies waarin misdade die maklikste gepleeg word, verminder moet word. Die Amerikaanse amptenare wat die instellings wat bedrieg is verteenwoordig, woon normaalweg die verhore by en verneem op daardie wyse van die misdaadverklarings. Na aanleiding van die bevindings van navorser, het 'n aantal instellings ondersoek na sekere praktyke in hulle werkplekke ingestel. 'n Bank, 'n tyddeelfirma, 'n rekenaarfirma, 'n voedselvervaardiger en 'n staatsdepartement het sodanige ondersoeke geloods en dit het gelei tot die verskerping van sekere beveiligingsmaatreëls. Verdere vervolgings teen werknemers is ook, nadat wanpraktyke aan die kaak gestel is, ingestel.

In 'n aantal moordsake was die oortreders nog skoliere ten tye van die pleging van hul misdade, of was hulle slegs 'n jaar of twee uit die skool. Dit het navorser genoodsaak om persoonlik met die personeel van die betrokke skole in aanraking te kom en hulle samewerking te verkry ten opsigte van die verskaffing van vertroulike inligting oor die betrokke oortreders. In al die gevalle het die skoolhoofde kennis

geneem van die kriminogene aspekte wat in hul skool-omgewing bestaan het en het hulle 'n daadwerklike poging aangewend om verdere misdaad te voorkom. Die hoof van 'n skool aan die Wes Rand het byvoorbeeld 'n program saamgestel om sy leerlinge van die gevare van homoseksuele prostitusie bewus te maak en hy het 'n onderwyser met homoseksuele neigings van sy pos onthef (S v Briel). Navorsers het die leerlinge en hulle ouers van dieselfde skool oor die oorsake en gevolge van jeugmisdaad toegesprek en word steeds deur ouers wat probleme met hulle adolessente beleef, geskakel. Die hoof en personeel van 'n hoërskool in Edenvale het ook 'n lesing gereël waarby navorsers die leerlinge en hul ouers moes inlig oor die gevare van dwelm- en alkoholmisbruik (sien S v Scheepers en ander, bylae 5). Verder het navorsers die rol wat vryetydsbesteding in die voorkoming van jeugwangedrag kan speel met die leerlinge van 'n skool aan die Oos Rand bespreek (S v Nagel).

Die nuwe samewerking met die gesinslede van oortreders bring noodwendig insigte by die betekenisvolle ander persone in die lewe van die oortreder mee. Die aard van hierdie verbintenisse het 'n misdaadvoorkomende gevolg. Gesinne het daadwerklike pogings aangewend om probleme uit te skakel. Drie gesinne het van die gesinsterapie-eenheid van die Departement Maatskaplike Werk, UNISA, se dienste gebruik gemaak. 'n Aantal ouers het sielkundige terapie by privaatpraktisyns ondergaan en twee gesinne ontvang hulp van die Vereniging vir Geestesgesondheid. Vier egpare het die hulp van huweliksberaders ingeroep. Al sodanige optredes het tot gevolg dat kriminogene aspekte in gesinsverband daadwerklik verminder kan word.

Die gemeenskap baat ook by die getuienis van die forensiese kriminologie. Onderzoekbeamptes in die sake waarby navorsers betrokke was, het na afloop van die verhore versoek gerig dat lesings by hulle eenhede gelewer moet word. Navorsers het by John Vorster-Plein (Johannesburg) en die polisiestasies te Edenvale, Boksburg, Springs, Kempton Park, Delmas en Brooklyn (Pretoria) lesings oor misdaadvoorkoming gegee. Van hierdie onderzoekbeamptes het ook later met navorsers in verbinding getree oor probleme wat hulle in hulle eie gesinne beleef.

'n Verdere uitvloeisel is die rol wat hofverslaggewing speel. Nadat forensiese kriminoloë se getuienis en kruisverhoor afgehandel is, kan die voorvonnisevalueringsverslag aan die pers oorhandig word - dit is dan, volgens wet, indien die verhoor nie in camera geskied het nie, openbare besit. Koerante soos Sunday Tribune, 1992 02 16; Natal Witness, 1992 07; Sunday Times, 1991 07 07; Rapport, 1991 07 14 & 1992 04 26; Sunday Star, 1991 07 14 en Beeld, 1991 07 10 & 1992 04 27 berig dikwels die feit dat 'n forensiese kriminoloog getuig het. Berigte wat na aanleiding van verslae vrygestel word, maak oor die algemeen melding van die kriminogene aspekte wat deur die kriminoloë uitgelig is (sien bylae 3). Tydskrifte met groot sirkulasiesyfers het ook, na aanleiding van die koerantberigte, met navorsers in verbinding getree en artikels oor misdaadvoorkoming geplaas (sien bylae 4). Hierdie verskynsel kan as 'n opvoedings- en dus voorkomingsaksie gesien word.

'n Verdere faktor wat kan bydra om 'n terugval in misdaad te voorkom, is die feit dat deur middel van die voorvonnisevalueringsverslae, die forensiese kriminoloë versoek het dat beroepsleiding binne die gevangenis aan daardie kliënte van hulle wat oor swak of geen beroepsopleiding beskik, gegee word. Daar is aan hierdie versoeke voldoen en die gevangenisstraf kon dus op 'n produktiewe wyse benut word.

5.4.2 DIE BYDRAE VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG TEN OPSIGTE VAN STRAFALTERNATIEWE

Die Amerikaanse Commission on Law Enforcement and the Administration of Justice (soos beskryf in More, 1975:14) meen dat 'n doelstelling van die strafregplegingstelsel die ontwikkeling van 'n wyer reeks alternatiewe vir gevangenisstraf behoort te wees. Die toemeting van sodanige alternatiewe sal lei tot die doelwit van misdaadbeheer aangesien alternatiewe strawwe in sommige gevalle van 'n meer opbouende aard as gevangenisstraf sal wees.

Vonnisoplegging is 'n komplekse taak waarby 'n wye spektrum geregtelike oorwegings ter sprake kom. Twee belangrike elemente kan onder

andere onderskei word wanneer 'n vonnis uitgespreek moet word, naamlik 'waarom' (die vonnisteorieë), en 'hoe' (die straftoemeting, of die vorm van straf). Die 'waarom' het reeds in Hoofstuk 3 aandag geniet. 'n Enkel aspek van die 'hoe', naamlik vonnisalternatiewe, is hier ter sprake. Uiteraard beskik elke regterlike beampte oor 'n individuele aanvoeling en persoonlikheid wat binne die neergelegde beperkinge uiteenlopende interpretasies tot gevolg kan hê: daar bestaan wel verskille tussen geregtelike amptenare onderling ten opsigte van die regverdiging en oorweging van die vonnisteorieë.

In hierdie verband kan die mening van 'n Amerikaanse regter (in Duffe & Fitch, 1976:32) herhaal word: "Ek meen persoonlik dat die regbank - ons advokate wat regters word - nie ten volle bevoeg is en nie deur ervaring daarvoor gekwalifiseer is om vonnisse op te lê waar onderskeidingsvermoë aan die dag gelê moet word nie ... dit val nie binne die bestek van advokate se opleiding om te weet wat om met 'n man aan te vang nadat jy uitgevind het dat hy 'n dief is nie ... regsopleiding gee 'n mens nie sodanige kwalifikasie nie. Die funksies van die strafregspraak behoort geskei te word: advokate is mense wat bevoeg is om te bepaal of daar skuld of onskuld is. Die hele regterlike stelsel van die gemene reg - die reëls van getuienis, die vasstelling van wat toepaslik en wat ontoepaslik is en wat billik is, die hele vraag of mens vorige misdade kan ophaal om opset te bewys - dit is die taak waarvoor advokate by uitnemendheid geskik is. Al die vrae wat op die vasstelling van skuld volg, vereis egter verskillende en veel uiteenlopende kennis en talente as wat dit normaalweg waarskynlik is dat advokate en regters sal besit." (Eie vertaling).

Sommige kriminoloë (Reid, 1988; Conklin, 1986; Bartol & Bartol, 1986; Graser, 1975) huldig ook die mening dat die geregtelike beampte by uitstek bevoeg is om die oortreder voor die hof se skuld of onskuld te bepaal, maar dat hy nie voldoende opgelei is om vonnis op te lê nie, veral wanneer in ag geneem word dat vonnisoplegging en straftoemeting tot 'n hoogs gespesialiseerde en gekompliseerde proses ontwikkel het.

Reeds in 1914 het die Kriminele Rechtpleging Wet (wet 40 van 1914) die

oplegging van opgeskorte en uitgestelde vonnisse gewettig en in 1947 is riglyne vir die uitbreiding van alternatiewe vir gevangenisstraf neergelê (Lansdown verslag, 1947:81). Toe reeds is kritiek teen die afbrekende waarde van gevangenisstraf uitgespreek en is gemeenskapsdiens as alternatief vir korttermyngevangenisstraf voorgestel. Regter Viljoen (Viljoen-kommissie, 1976: 126 tot 127) bevind egter dat gemeenskapsdiensvonnisse vóór die verskyning van sy kommissie se verslag selde gebruik is. Van Gass (1981) poneer dat die gebruik van hierdie tipe vonnis 'n resente ontwikkeling is wat nog nie behoorlik inslag by vonnisopleggers gevind het nie.

Pieterse (1989:5) meen dat daar oor die afgelope jare 'n klemverskuiwing ten opsigte van straftoemeting plaasgevind het. Hy meld dat aspekte soos rehabilitasie eerder as vergelding; individualisering van straf; behandeling binne gemeenskapsverband; oorweging van die oorsakende faktore vir die pleeg van misdaad wat meebring dat ander professies (benewens regterlike amptenare) eweseer belangrik geword het, 'n aanduiding van verandering is. Die juridiese proses kan nie in isolasie plaasvind nie en diagnose, evaluering en behandeling sal deur 'n multi-dissiplinêre span gefokus moet word. So 'n werkswyse sal verseker dat die howe oor die beste moontlike beskikkingsmoontlikhede geadviseer word en dat die oortreder die maksimale hulp en behandeling ontvang. Dit sal ook bydra tot die voorkoming van misdaad.

Ook Krugel, toe streekhofpresident, (1989:5) spreek hom soos volg uit: " ... in die jongste tyd is die neiging al hoe meer om positiewe opskortingsvoorwaardes, soos vergoeding aan die slagoffer en gemeenskapsdiens by vonnisoplegging te gebruik. Dit gee dan ook nuwe geleenthede vir die opstellers van voorvonnisverslae om nuwe vindingrykheid met hulle aanbevelings aan die dag te lê ... gemeenskapsdiensvonnisse moet as 'n begin gesien word. Beskikkings binne die vrye gemeenskap is egter nie altyd moontlik nie. 'n Persoon wat nie in die vrye samelewing kan of wil funksioneer nie, moet van sy vryheid ontnem word om die samelewing te beskerm. Moet dit egter altyd meebring dat hy as 'n las op die staat in gevangesetting moet gaan?" Hy vra

verder of daar nie ander maniere is om sodanige persoon te plaas of te beperk sodat hy nie vir sy medemens 'n bedreiging sal wees nie en hy terselfdertyd 'n mate van vryheid het om sy lewe te leef volgens sy talente en die insigte waartoe hy in staat is. Een van die grootste uitdagings van ons tyd (op maatskaplike terrein) is volgens Krugel, om maniere te vind om sulke lede van die samelewing ten beste te akkomodeer.

Uit bogaande blyk dit dat vonnisalternatiewe 'n aanvaarbare oplossing vir 'n probleem blyk te wees. Die howe beskou verder voorvonnisevaluering as 'n noodsaaklike hulpmiddel. In die verband meen Krugel (1989:13-14): "... ek kan sonder enige vrees vir teenspraak sê dat die howe die voorvonnisverslag as 'n baie belangrike hulpmiddel beskou". Hy haal ook die opmerkings van Klopper, toe Hooflanddros van Pretoria, aan: "Volgens my oordeel kan die waarde van 'n gebalanseerde, ewewigtige en weldeurdagte voorvonnisverslag moeilik oorskat word".

Regter Steyn (in *S v Adams* 1971 4 SA 125 (K)) sê reeds in 1971 in hierdie verband die volgende: "... hierdie hof is die mening toegeedaan dat hy al hoe meer, as dit kom by die uitoefening van sy plig om die gemeenskap te beskerm en die individu te straf, sy vonnis in die lig en nie in die duisternis moet oplê nie. 'n Behoorlik saamgestelde voorvonnisverslag is waarskynlik die belangrikste enkele faktor wat die hof kan help om sodanige wyse sy straftoemeting te vervul. Ek onderskryf veral die feit dat, wat my aanbetref, die hof vir leiding soek en dat as hy betekenisvolle aanbevelings gebaseer op gegronde feite beskikbaar kan hê, die hof sy pligte op 'n baie beter en doeltreffende wyse sal kan uitoefen."

Soos reeds in hoofstuk 1 van hierdie verslag vermeld, het faktore soos die onrusbarende toename in misdaad, die oorbevolking van gevangnisse en die oënskynlike onvermoë van die regstelsel om nuwe patrone en dimensies in misdaad behoorlik te hanteer, bygedra tot die kontroversie oor gevangenisstraf. Selfs die man in die straat word van hierdie probleme bewus gemaak. Berigte in koerante herinner die gemeenskap

feitlik daaglik aan die moontlikheid van anargie. Die Sunday Tribune (1992 02 16) skryf byvoorbeeld twee bladsye vol oor die sogenaande 'derde mag' en 'conspiracy of violence within government agencies'. Die totale Suid-Afrikaanse strafregspieginstelsel word in berigte van hierdie aard vir die geweld in Suid-Afrika blameer (sien byvoorbeeld Natal Witness, 1992 03 07). Akademici (Reid, 1988; Vetter & Silverman, 1987; Bartol & Bartol, 1986; Brown, Esbensen & Geis, 1991; Conklin, 1986) verwys almal op die een of ander wyse na die inherente weerspreking van die bewakings- versus rehabilitasiefunksies van gevangenis. Toenemende kommer word uitgespreek ook die rol van faktore soos die invloed van totale afsondering op die persoonlikheid en toekomstige aanpasbaarheid van die gevangene in die gemeenskap; die verdieping van aggressie wat gevangenisstraf kan meebring; die totale afbreek van die selfbeeld en ander probleme wat nie binne die gevangenis aangespreek kan word nie. In die lig van bostaande, ontstaan daar 'n nuwe belangstelling in die hantering van oortreders buite gevangenis.

'n Studie van die literatuur toon dat baie lande, veral met die oog op alternatiewe vir gevangenisstraf, ingrypende veranderings in korreksionele wetgewing geïmplementeer het (sien Klein, 1988; Canadian Sentencing Reform Commission verslag, 1987; Reynolds & King, 1988; Rawson, 1984; Ruby 1987).

Klein (1988:ii) haal Alexis De Toqueville aan, wat gesê het " ... what we call necessary institutions are often no more than institutions to which we have grown accustomed". Klein argumenteer dat daar 'n rede is waarom alternatiewe tot gevangenisstraf op 'n groot skaal in die Verenigde State van Amerika veld wen: daar bestaan 'n definitiewe konsensus dat die tradisionele benaderings tot vonnis nie geslaag het nie. Dit het onder andere gefaal omdat die slagoffer nie vir sy verliese vergoed word nie, die gemeenskap toenemend onveilig voel omdat gevangenes te gou vrygelaat word en die oortreders deur die gevangeniservaring onmenslik is.

Die grootste dilemma bly egter die onteensêglike feit dat strafreg-

sisteme gefikseer raak op gevangenisstraf as die enigste wyse waarop die gemeenskap beskerm kan word. Dit het 'n krisis van oorbevolking tot gevolg, wat nie net vererger word deur die toenemende uitmeet van gevangenisstrawwe nie, maar ook deur 'n toename in die lengte van hierdie strawwe (Klein, 1988: iv tot vii; Ruby, 1987: 229 tot 251).

Oorvol gevangenisse maak die moontlikheid van rehabilitasie (een van die belangrikste doelwitte van die strafregspiegingsstelsel) feitlik onmoontlik. Om hierdie rede word residivisme 'n steeds groter wordende probleem. Maar nieteenstaande alle probleme word gevangenisstraf as die enigste uitweg gesien. " ... we continue to press on, even to the point of irrationality, adopting the 'revolving-door' policy " (Klein, 1988:10). Aangesien oorbevolking 'n wesenlike probleem is, word korrektiewe dienste soms daartoe gedwing om vir die voortdurende invloed van gevangenes plek te maak deur op 'n ondeurdagte wyse gevangenes vry te laat. Gedurende 1991 het die vrylating van groot getalle gevangenes ook in Suid-Afrika 'n storm ontketen (sien Sunday Times, 1991 07 07; Rapport, 1991 07 14; Beeld, 1991 07 10; Sunday Star, 1991 07 14).

Hierdie toedrag van sake toon duidelik 'n behoefte aan alternatiewe van gevangenisstraf. In daardie lig versoek navorser alternatiewe vir oortreders wat geen gevaar vir hulle gemeenskap inhou nie. Uiteraard moet die alternatiewe versigtig oorweeg word en moet sodanige alternatief steeds 'n behoorlike straf wees, werkbaar wees en onder streng supervisie uitgevoer word (S v Stümke).

5.4.3 GEMEENSKAPSDIENS AS STRAFALTERNATIEF

Gedurende 1972 het die Britse parlement, wat ten tye te kampe gehad het met 'n gevangenisoorbevolkingsprobleem, wetgewing aangeneem wat aan die houe die mag verleen het om gemeenskapsdiensvonnisse uit te spreek. In 1975 is die konsep deur Wallis aangeneem. Die sukses van die Britse model het die regspiegingsstelsel van die Verenigde State van Amerika aangespoor om ook daar te lande hierdie vonnisalternatief

te begin toepas. Teen 1985 toon inligting wat deur Chamlee (1987:3) van die Federal Probation Sentencing and Supervision System verkry is dat 16,6% van alle persone wat in die Verenigde State van Amerika gevonniss moes word, gemeenskapsdiensbevele gekry het.

Gemeenskapsdiens as vonnisalternatief verleen aan die howe 'n buigsame vonnisopsie wat so toegemeet kan word dat dit aan 'n verskeidenheid vonnisteorieë voldoen. Motiewe soos rehabilitasie, vergoeding, restitusie en straf kan almal gelyktydig aangespreek word.

Indien rehabilitasie die belangrikste doel van die straf is, kan gemeenskapsdiens rehabiliteer deur:

- die bevordering van 'n sosiale verantwoordelikeheidsin;
- die sinvolle gebruikmaking van vryetyd;
- langtermyn belangstellings, nuwe vaardighede en moontlike nuwe beroepsmoontlikhede te ontwikkel en bevorder;
- die gewoonte om te werk by werksku persone aan te kweek; en
- die verbetering van die selfbeeld deur middel van positiewe versterking wat verkry word uit die lewering van diens aan die gemeenskap.

Gemeenskapsdiens bevorder 'n sin van sosiale verantwoordelikheid in oortreders omdat die persoon se kontak met die inrigting waar die gemeenskapsdiens gedoen word aan hulle 'n belegging in die gemeenskap gee. Die beklemtoning van die oortreder se vaardighede en talente werk antisosiale neigings teë, aangesien die oortreder die geleentheid gegun word om op 'n wettige wyse te presteer.

Gemeenskapsdiens kan verder gesien word as 'n plaasvervanger van vergoeding aan individuele slagoffers of as 'n simboliese vorm van restitusie aan 'n deel van die gemeenskap wat as slagoffer van die oortre-

ding beskou kan word. Deur gemeenskapsdiens te verrig, vergoed die oortreder vir sy wandaad. Dit fasiliteer die herintegrasie van die oortreder in die gemeenskap, aangesien wetsgehoorsame gedrag versterk word.

Gemeenskapsdiens dien, hoewel dit nie die persoon se vryheid in so 'n mate soos gevangenisstraf ontnem nie, wel as 'n straf omdat dit feitlik al die oortreder se vryetyd in beslag neem. Dit plaas ook beperkinge op sy vryheid van beweging terwyl hy die diens verrig. In die verband meen Chamlee (1987:11): "... whatever philosophical perspective is selected, each approach is rooted in the notion that to right a wrong through service is consistent with justice."

Gemeenskapsdiens sny, op 'n meer regverdige wyse oor sosiale en ekonomiese klasse heen. 'n Boete kan vir 'n vermoënde persoon moontlik nie veel betekenis inhou wat straf betref nie, maar 'n swaar straf vir 'n minder gegoede persoon wees. Aan die ander kant beskik alle mense, ongeag van hulle finansiële vermoë, oor sewe dae per week en vrye tyd is daarbinne aan alle mense beskikbaar. Gevolglik sal 'n sanksie wat die verlies aan vrye tyd meebring, 'n meer uniforme impak oor alle ekonomiese grense inhou en dus 'n groter gelykheid van straf meebring.

Gemeenskapsdiens veroorsaak verder dat mense, wat normaalweg nie geneig is om hulle dienste aan die gemeenskap te bied nie, in aanraking met vrywillige diens-netwerke kom. Dit dien tot 'n bewusmaking van die feit dat hulle daartoe in staat is om hulp aan ander te verleen. Voorts verleen die diens wat die oortreder aan die gemeenskap lewer waardevolle gratis hulp en talent aan nie-winsgewende organisasies wat dit andersinds nie sou kon bekostig nie. Gemeenskapsdiens bied ook aan die gemeenskap die geleentheid om in korrektiewe prosesse betrokke te raak.

Slagoffers verkry ook 'n mate van tevredenheid van die wete dat die oortreder wat 'n misdaad teen hulle gepleeg het, nie vrygespreek is van verantwoordelikheid vir sy dae nie; dat hy nie eenvoudig geld

inbetaal en die saak as afgehandel kan beskou nie, asook dat geld nie vir alle tipes skade kan vergoed nie.

Gemeenskapsdiens hou voordele vir die hof in, aangesien dit 'n waardevolle alternatief bied wat oor alle ekonomiese en sosiale grense sny. Wanneer gemeenskapsdiens aan 'n opgeskorte vonnis gekoppel word (navorsers rig ten alle tye die versoek dat daar 'n opgeskorte vonnis saam met die gemeenskapsdiensvonniss uitgespreek word), voldoen hierdie vorm van vonnis gelyktydig aan die vonnisteorieë van rehabilitasie, afskrikking en straf.

Dit is nie moeilik om gemeenskapsdiens te administreer nie en dit word oor die algemeen deur die gemeenskap as 'n straf aanvaar. Dit bied talle voordele aan die oortreder - waarvan die belangrikste die behoud van sy persoonlike vryheid, sy werk en kontak met sy gesin is. Die klem van gemeenskapsdiens val nie op die oortreder se afwykendheid of probleme nie, maar op sy positiewe hoedanighede. Dit voorsien 'n tasbare manier van boetedoening wat dit vir die oortreder moontlik maak om sy skuldige gewete te salf. Dit verhoog 'n gevoel van eie-waarde en tevredenheid dat hulle 'n waardevolle bydrae tot die welstand van die gemeenskap kan maak. Gevangenisstraf hou geen van hierdie voordele in nie.

Die keuringsproses wat navorsers volg wanneer 'n oortreder vir 'n aansoek om 'n gemeenskapsdiensvonniss oorweeg kan word, neem die oortreder se persoonlikheids-, fisieke, en finansiële omstandighede in ag. Die vereistes om aan 'n gemeenskapsdiensvonniss te voldoen, moet ook voldoende tyd laat om sy beroepsverpligtinge na te kom sowel as om aandag aan sy gesin te gee.

Sekere oortreders word uitgesluit van deelname aan gemeenskapsdiensvonnisse. In hierdie verband volg navorsers die riglyne wat Chamlee (1987:22 tot 30) uitspel, naamlik:

- huidige dwelm- of alkoholverslawing;

- 'n geskiedenis van gewelddadige gedrag of seksuele oortredings;
- ernstige emosionele of sielkundige probleme;
- gesondheidsprobleme wat die verrigting van gemeenskapsdiens onmoontlik mag maak;
- 'n geskiedenis van kroniese werkskuheid; en
- 'n beroep wat sodanige eise buite normale werkure stel dat die oortreder nie tyd vir die diens sal kan vind nie (die werk moet egter van so 'n aard wees dat dit verrig sal moet word om bo die broodlyn te kan leef).

Die vaardighede van die oortreder, sowel as die beskikbaarheid van gemeenskapsbronne moet in ag geneem word. 'n Fisiek gestremde persoon kan byvoorbeeld gemeenskapsdiens tuis verrig deur boekhou-werk vir welsynsorganisasie te verrig.

Uitsluitende kriteria word dus nie rigied toegepas nie en elke geval word individueel geëvalueer. Aangesien navorser hoofsaaklik in Johannesburg by verhoore betrokke is, word oortreders wat na navorser se mening geskik vir hierdie vonnis sou wees, na NIMRO aldaar verwys. Keuring deur hulle panele vergemaklik die administrasie van die vonnis. Hulle doen die plasinge by die verskillende organisasies en hulle maatskaplike werkers hou ook noukeurig toesig oor die vordering van die vonnis. Die maatskaplike werkers voorsien ook elke drie maande verslae oor die oortreder aan die hof. Wanneer hierdie procedure gevolg word, dien navorser NIMRO se verslag in en beantwoord vrae daarvoor onder kruisverhoor. Waar moontlik, is dit steeds verkieslik dat NIMRO hul eie verteenwoordigers na die hof stuur sodat hul self onder kruisverhoor vrae kan beantwoord.

Die Amerikaanse federale regter, Tauro (in Klein, 1988:187) versoek verdedigingsadvokate om, in plaas van pleidooie tot genade en strafversagting, ten tye van vonnisuitmeting liever gemeenskapsdiensvonniss-

se voor te stel: " ... the lawyer's responsibility is to focus the judge's attention on this particular defendant - that this defendant is salvageable - that it would be in the public's best interest for this defendant to be given the opportunity to redeem himself by community service ... the character, record and potential of the defendant are the significant factors". Dit is juis op hierdie gebied waar die forensiese kriminoloog 'n bydrae kan lewer om die doelwit van die hof om regverdige, sinvolle vonnisse toe te meet, te fasiliteer. Die forensiese kriminoloog kan nie alleen die verdediging oor hierdie aspek adviseer nie, maar kan ook in 'n voorvonnisevalueringsverslag al die nodige inligting verskaf.

5.4.4 BOETE AS ALTERNATIEWE STRAFVORM

Boetes is nie 'n moderne strafvorm nie, maar bestaan reeds eeue lank. In 1955 is die Strafproseswet, wet 56 van 1955 aangeneem. Die aanbevelings van die Lansdownkommissie het 'n besondere rol gespeel in die herformulering van die ouer wet. Hierdie wet reël onder meer die toepassing van boetestraf, die opskorting, uitstel, afbetaling, invordering en die inwerkingstelling van gevangenisstraf by die wanbetaling daarvan. In 1976 het die Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika, beter bekend as die Viljoenkommissie, by implikasie ook aandag gegee aan die kwessie van boetes, soos dit beliggaam is in die Strafproseswet. Die doel van die kommissie was onder meer om die regsbepalings met betrekking tot straf deur middel van 'n boete te hersien en om aandag te gee aan die meriete van 'n boete as 'n strafvorm. Ondersoek is ook ingestel na die beginsels wat toegepas moet word wanneer 'n boete opgelê word, die invordering van boetes en hoe die tenuitvoerlegging van 'n vonnis van gevangenisstraf oor die algemeen vermy kan word. Verskillende boetes kan, volgens Artikel 276 (1) van die (nuwe) Strafproseswet, wet 51 van 1977, as 'n strafvorm uitgemeet word. Tipes boetes is byvoorbeeld skulderkenningsboetes en afkoopboetes.

Volgens Du Toit (1981:304 e.v.) moet die verhoorhof, soos met alle

ander strawwe, nie in sy diskresie-uitoefening deur vaste reëls gebind word nie. Sekere beginsels moet egter oor die algemeen ten opsigte van boete as straf gehandhaaf word. Dit is belangrik dat die verhoorhof by die oplegging van 'n boete sy diskresie daadwerklik sal uitoefen. Die straftoemeter moet dus eers bepaal of 'n boete, teen die agtergrond van al die omstandighede van die saak, 'n 'gepaste vonnis' is. Ten einde dit te kan doen, moet al die relevante feite in ag geneem word en moet hy homself die volgende afvra, naamlik:

- Bied die boete as straf genoegsame of voldoende beskerming aan die gemeenskap?
- Pas die boete by die misdaad wat gepleeg is?
- Is die boete wat opgelê word in ewewig met die alternatiewe gevangenisstraf wat opgelê word?
- Is dit nie onder of bo die betaalvermoë van die beskuldigde nie?
- Tref dit daadwerklik die oortreder en nie miskien 'n derde persoon nie? Daar moet gewaak word dat ouers byvoorbeeld hulle kinders se boete betaal of eggenotes die straf moet dra omdat hulle die boete namens die oortreder betaal nie.

Dit is belangrik dat die straftoemeter by die oplegging van 'n boete-straf ook 'n bevel tot gevangenisstraf uitreik om by wanbetaling van die boete in werking te tree.

Daar is heelwat voordele aan boetes as strafvorm (vergeleke met die uitdien van 'n gevangenisstraf). Boetes het of kan 'n misdaadvoorkomingswaarde; 'n afskrikwaarde, 'n hervormingswaarde en 'n beskermingswaarde hê. Daarby is boetes 'n ekonomiese straf, dit skakel kontaminasie met ander misdadigers uit en het weinig stigmatiserende effek. Die oplê van boetes is 'n buigsame straf, versteur nie gesinsverhoudinge nie, is herroeplik, veroorsaak geen fisieke leed aan die oortreder nie en 'n belangrike voordeel, bied die moontlikheid om oorbevolking van gevangnisse te verlig.

Boetes speel 'n belangrike rol in die soeke na alternatiewe vir gevangenisstraf. Soos die geval met opgeskorte vonnisse, dien boetes as 'n waarskuwing en vorm dit 'n eerste linie verdediging teen sekere misdade. Boetes vervul 'n noodsaaklike funksie in die repressie van ekonomiese misdade, veral as die boete 'n substansiële som geld behels.

Monetêre sanksies bied aan verdedigingsadvokate sterk geleenthede om te pleit vir alternatiewe vir gevangenisstraf. Boetes bring geld na die staatskas, vermy die hoë kostes wat met gevangesetting gepaard gaan en hou die voordeel in dat die oortreder met sy eie beroep kan voortgaan - hyself en sy gesin word nie 'n las vir die staat nie.

Uit bostaande bespreking blyk dit dat, ook ten opsigte van boetes as alternatiewe vir gevangenisstraf, die forensiese kriminoloog weer eens 'n fasiliterende rol ten opsigte van die doelwitte van die regsplegingstelsel kan speel.

Die voorafgaande bespreking van die twee belangrikste vonnisalternatiewe vir gevangenisstraf wat deur die forensiese kriminoloë voorgestel word wanneer voorvonnisevalueringsverslae ingedien word, beteken nie dat dit die enigste alternatiewe is wat oorweeg word nie. Navorser het, in een geval, lyfstraf in plaas van gevangenisstraf vir 'n jeugdige voorgestel. Die versoek is deur die hof toegestaan (S v Herschell). 'n Opgeskorte vonnis word in elke geval waar gemeenskapsdiens voorgestel word, gevra. Gekoppel aan gemeenskapsdiens of 'n boete kan 'n opgeskorte vonnis as 'n voorkomende maatreël ten opsigte van residivisme dien.

5.4.5 ANDER ALTERNATIEWE VONNISSE

Ondertoesigstelling is 'n opsie wat dikwels deur proefbeamptes aangevra word. Terwyl die navorsing vir hierdie ondersoek aan die gang was, is daar nie van die nuwe Wet op Proefdienste, wet 98 van 1986, wat kriminoloë in sekere omstandighede toelaat om as proefbeamptes te funksioneer, gebruik gemaak nie. Die nuwe ondertoesigstellingsalter-

natief wat sedert 1991 in Pretoria op 'n proefbasis geïmplementeer is, is ook nie as alternatief gebruik nie, aangesien navorser slegs drie voorvonnisevaluerings voor Pretoriase howe gelê het. Al drie hierdie evalueringe is voor 1991 gedoen. Volgens Krugel en Terblanche (1992: 2) gaan bepaalde vorme van korrektiewe toesig spoedig na ander dele van Suid-Afrika uitbrei, maar al die bepalings van wet 122 van 1991 sal egter steeds nie oral in die land geld nie, vanweë 'n tekort aan personeel om die nodige toesig te onderneem. Die inwerkingstelling behoort in 1992 geproklameer te wees.

'n Belangrike aspek van ondertoetsigstelling is die bepaling van terugverwysing na die hof vir heroorweging van vonnis (art.276 van die Strafproseswet wet 51 van 1977). Dit bepaal dat die Kommissaris van Korrektiewe Dienste sommige gevangenes na die hof waarin die vonnis opgelê is, terugverwys vir heroorweging van hulle vonnisse. Forensiese kriminoloë sal egter in die toekoms waardevolle bydraes ten opsigte van voorafgenoemde vonnisalternatiewe kan maak.

Navorser het nie periodieke gevangenisstraf (slegs gedurende naweke) as alternatief in enige voorvonnisevalueringsverslag aanbeveel nie. Periodieke gevangenisstraf se grootste bate is dat die oortreder nie uit die gemeenskap verwyder word nie. Hy behou 'n betrekking, die geleentheid om sy gesin te versorg, en word nie op groot skaal aan die gevangenissubkultuur blootgestel nie. Die beperkte kennismaking met die gevangenis (gedurende naweke) kan ook as afskrikking dien. Navorser meen egter dat gemeenskapsdiens oor die algemeen meer voordele inhou. Periodieke gevangenisstraf kan teenproduktief wees en hou geen persoonlike rehabiliterende voordele vir die oortreder in nie. Periodieke gevangenes word nie by programme in die gevangenis ingeskakel nie en hierdie strafvorm se enigste voordele is in die straf- en afskrikwaarde geleë. Oortreders wat hul egter aan drank-gerelateerde misdade skuldig gemaak het en van gemeenskapsdiens uitgesluit behoort te word, kan effektief afskrik word deur hulle vir 'n tydperk op ononderbroke wyse naweekstraf te laat ondergaan (Du Toit, 1981:286).

In verband met die bespreking vooraf ten opsigte van vonnisalternatiewe

tiewe vir gevangenisstraf, neem die opmerking van Marais (in Krugel & Terblanche, 1992:6) 'n besondere betekenis aan: "... by developing the minds of people, deeper insight into social and human complexities become a tool to solve the many current intricate social and human problems which in turn leads to development at all levels". Regspleging en vonnisoplegging wat uit elke hoek gesien vir die gemeenskap en die individu bekostigbaar is, is só 'n werktuig.

5.4.6 GEVANGENISSTRAF

In sekere gevalle, na oorweging van die misdaad, die oortreder en die belange van die gemeenskap, bly gevangenisstraf die enigste vonnis wat toegemeet kan word. Die doel van gevangenisstraf is om een of 'n kombinasie van die volgende doelwitte te bereik, naamlik vergelding, individuele of algemene afskrikking, beskerming van die gemeenskap, en rehabilitasie. Die essensiële doel van gevangenisstraf is die rehabilitasie van gevangenes met die oog op suksesvolle heraanpassing in die gemeenskap. Die vraag ontstaan egter of hierdie doel binne die raamwerk van gevangenisstraf bereik kan word.

Om hierdie vraag te beantwoord, moet die volgende faktore in aanmerking geneem word, naamlik:

- Gevangenisstraf maak heraanpassing in die gemeenskap moeilik - soms selfs onmoontlik. Dit is moeilik om mense in 'n geslote omgewing vir aanpassing in 'n vrye gemeenskap voor te berei.
- Die gevangenis het dikwels 'n desosialiserende en kriminaliserende uitwerking en kan selfs meehelp om gevangenes verder te kriminaliseer. Die gevangenissubkultuur is 'n werklikheid waarby nuwelingte moet aanpas. Gevangenisnorme, -waardes en -praktyke word, ter wille van oorlewing en aanpassing by die mede-gevangenes, geïnternaliseer en tegnieke om misdade te pleeg word oorge-dra.

- Korttermyngevangenisstraf maak gewoonlik slegs vir veilige bewaring voorsiening en die korttermyngevangene word selde aan rehabilitasieprogramme blootgestel. Dit is juis in hierdie kategorie waar vonnisalternatiewe die sinvolste toegepas kan word.
- Die sosiale stigma wat aan die oud-gevangene kleef, bemoeilik sy herinskakeling in die gemeenskap in sommige gevalle só dat dit bykans onmoontlik is om suksesvol aan te pas en 'n wetsgehoorsame en produktiewe lewe te lei. Die toestand is bevorderlik vir 'n terugval in misdaad en die residivisme syfer is hoog.
- Daar is hoë kostes aan aanhouding verbonde. Uitgawes vir die bou en instandhouding van aanhoudingsfasiliteite is hoog en moeilik om binne 'n begroting te akkommodeer, veral gesien teen die agtergrond van oënskynlike onvermoë van gevangenisstraf as meganisme teen residivisme.
- Die aanspraak dat gevangenisstraf die gemeenskap beskerm, vervaag in die lig van die tydelike aard daarvan en die ideaal dat langtermynbeskerming na vrylating hand aan hand gaan met rehabilitasie tydens aanhouding. Die illusie bestaan dat, deur aanhouding van die 'misdadige' deel van die bevolking in 'n gevangenis, die gemeenskap se veiligheid verseker word. Amptelike statistieke bied, volgens Naser (1990:225) 'n onbetroubare beeld van die omvang van misdaad en in werklikheid verkeer 'n groot persentasie van die werklike en potensiële oortreders op 'n gegewe tydstip in die gemeenskap, en nie in aanhouding nie.

5.4.7 DIE BYDRAE VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG TEN OPSIGTE VAN DIE UITSKAKELING VAN ONREGVERDIGHEID EN VERANTWOORDELIKHEID TOT VERANDERING

Literatuur oor vonnistoeemeting toon dat kritiek uitgespreek word oor die feit dat die verdediging dikwels nalaat om hulself behoorlik ten opsigte van vonnis voor te berei en dat die vervolging nie moeite doen

om die hof voldoende oor vonnis toe te spreek nie (De Villiers, 1990; Du Toit, 1981; Hiemstra, 1987; Gitchoff, 1990). Die probleme van die hof met betrekking tot die proses van regverdige vonnis word vererger deur aanduidings dat gevangenisstraf in baie gevalle misluk en desnieteenstaande die enigste opsie is wat aan die voorsittende beampte vir oorweging voorgelê word (Gitchoff, 1990; Neser et al, 1990).

Twee oplossings vir voorgaande probleme begin geleidelik meer deur die Suid-Afrikaanse howe gebruik word, naamlik eerstens 'n toenemende uitspraak van alternatiewe vonnisse soos gemeenskapsdiens, ondertoesigstelling, boetes, opgeskorte vonnisse, vergoeding en restitusie. Tweedens, waarskynlik as 'n natuurlike uitvloeisel van die eerste, is die verdediging se toenemende gebruik van deskundige getuies (soos forensiese kriminoloë) om, met behulp van voorvonnisevaluering, die hof by te staan in 'n poging om straf te individualiseer sodat dit aan die behoeftes van die oortreder en die res van die gemeenskap sal voldoen.

Individualisering- of die individualisasieproses, kan volgens Cloete (1972:6) op twee maniere benader word, naamlik:

- 'n Prosedure waardeur kennis van die misdadiger se persoonlikheid verkry kan word. Die uitgangspunt is dat die geregtelike beslissing op alternatiewe strafmetodes in ooreenstemmende kriminaliteit wat op die subjektiewe persoonlikheidsaspekte van die individuele oortreder sal berus, gebaseer moet wees.
- Die ander fundamentele benaderingswyse is dat die juris enersyds aandag aan die beskikbare strafmetodes moet skenk en andersyds op die beoogde gevolge van regs- en administratiewe prosedures let vir sover dit die individuele misdadiger in die besonder en kriminaliteit in die algemeen kan beïnvloed.

In die breë gesien, behels individualisering volgens Salleiles (1968: 12) eerstens daardie stappe wat gedoen moet word om in die hof 'n omvattende beeld van die beskuldigde of veroordeelde te konstrueer.

Aandag moet aan sy maatskaplike en persoonlikheidsagtergrond, misdaad-kapasiteit, medies-biologiese anomalieë, verwagte toekomstige gedrag en ander relevante aspekte gegee word ten einde 'n geskikte vonnis vir die betrokke individu te bepaal. Tweedens, het dit ook te make met die aard, duur en voorwaardes van strafuitdienting en die bepaling van regs- en maatskaplike behandelingsmetodes wat effektief in die hantering van die misdadiger aangewend kan word.

Salleiles (1968: 13) poneer verder dat individualisering 'n omvattende begrip is wat aansluiting vind op alle vlakke van die regspleging en veral deur die strafregtelike funksie van die regsprekende gesag, dit behels 'n stelsel van juridiese individualisering. 'n Administratiewe stelsel van individualisering word gevind wanneer die aangeleentheid aan die gevangenisowerhede oorgelaat word as deel van die uitvoerende gesag.

Voorafgaande toon dat die forensiese kriminoloog kan bydra om straf te individualiseer om die doelwit tot 'n meer regverdige straf te bereik. Sommige juriste (Hiemstra, 1987; De Villiers, 1990) meen dat die verdediging sowel as die vervolging nie goed voorberei op voorvonnisvoorleggings is nie. Navorsers meen egter dat nóg die verdediging, nóg die vervolging opgeleide sosiaal-wetenskaplikes is wat op daardie gebied sinvolle voorleggings kan maak. Dit is tot die voordeel van die strafregplegingsproses dat die forensiese kriminoloog die hof ten beste kan bystaan om tot 'n besluit te kom. Die forensiese kriminoloog beskik oor die vermoë om, vanweë sy gespesialiseerde kennis, 'n evaluering van die oortreder in sy sosiale konteks te maak. Verder kon die forensiese kriminoloog wat kennis van die kriminele regplegingsstelsel moet dra, 'n vonnis voorstel wat faktore soos gevaarlikheidsvoorspelling, residivisme, potensiaal tot rehabilitasie asook die beperkings en voordele van relevante vonnisalternatiewe kan aanspreek.

'n Belangrike bydrae wat die forensiese kriminoloog in bostaande verband lewer, is dat die hof, deur middel van die voorvonnis-evalueringverslag sowel as die getuienis onder kruisverhoor, nie slegs op

proefbeamptes of sielkundiges - wat nie gespesialiseerde kennis van misdaadveroorsaking het nie - se opinies alleen hoef staat te maak nie (Gitchoff, 1990:651).

Volgens Krugel (1989:4 e.v.) het dit, in 'n ondersoek wat hy in Pretoria geloods het, geblyk dat vier tot soms ses proefbeamptes van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn wat die blanke gemeenskap in Pretoria moes bedien, in die eerste ses maande van 1989 altesame 326 voorvonnisevalueringsverslae ingedien het. Gedurende 1988 is daar 146 sodanige verslae ingedien. Die aanvraag na sodanige verslae is landwyd so groot dat dit meer is as wat die beskikbare personeel kan hanteer - die vraag oorskry die aanbod. Gedurende die jaar 1 Julie 1986 tot 30 Julie 1987 is 2,2 miljoen strafsake in die laerhowe aange-teken (Krugel, 1989:5). Gedurende die ses maande waartydens voormelde 326 voorvonnisverslae deur proefbeamptes in Pretoria se howe ingedien is, is daar dus 'n aansienlike getal vonnisse opgelê - ook in hooger-regshowe. Dit is duidelik dat, behalwe vir die feit dat meer proef-beamptes beskikbaar behoort te wees, daar voldoende geleentheid vir voorvonnisevaluerings deur forensiese kriminoeloe in die howe is.

Ten einde by 'n gepaste vonnis uit te kom, en om daardeur die gestelde doelwitte te bereik, is dit nodig vir die hof dat die volgende vrae volledig beantwoord word, naamlik:

- Presies wie is die persoon voor die hof?
- Watter soort mens is hy/sy?
- Watter faktore het tot die pleging van die misdaad aanleiding gegee?
- Wat is die beste dispensasie wat, met die oog op die tweeledige doelwitte van die beskerming van die gemeenskap en die rehabilitasie van die oortreder wat bereik moet word, uitgemeet kan word?

Die vonnisoplegger mag nie nalaat om erns te maak met antwoorde op hierdie vrae nie en moet bereid wees om, sover dit prakties en menslik moontlik is, deskundige advies daarvoor in te win. In hierdie verband meen Krugel (1989:8) dat enige bevoegde spesialishulp wat aan

die regspleger gegee kan word om oor 'n vonnis te besluit, nie net welkom is nie, maar ook noodsaaklik: " ... die beste wat hy kan kry is uit die aard van die saak die soort deskundige hulp wat 'n opgeleide persoon kan gee. Spesialisadvies wat uit die hart van die gemeenskap aangebied word, moet tog gewig dra. Die oortreder is per slot van rekening iemand uit die bestaande gemeenskap en nadat hy sy straf uitgedien het, moet hy weer op 'n ordelike en bevredigende manier na die gemeenskap terugkeer". Met of sonder 'n voorvonnisverslag bly dit moeilik om 'n gepaste vonnis te vind, maar dit is tot almal se voordeel as daar 'n behoorlike verslag en aanbeveling beskikbaar is, want slegs dan is alles gedoen wat moontlik gedoen kon word.

Forensiese kriminoloë kan 'n betekenisvolle rol met betrekking tot 'n verandering in die strafregplegingsstelsel ten opsigte van individualisering van straf (met die gepaardgaande doelwitte) speel. Sodoende kom hulle dan ook terselfdertyd hulle verantwoordelikheid tot die meebring van positiewe veranderinge na.

5.5 SLOTSOM

Die kriminele-regsplygingsstelsel bestaan uit identifiseerbare komponente wat elk 'n verskeidenheid funksies verrig om hulle doelwitte te bereik. Saam vorm die Suid-Afrikaanse Polisie, die strafhof en die Departement Korrektiewe Dienste 'n stelsel met die doelwit om reg en geregtigheid te laat geskied deur middel van die beskerming van die gemeenskap, die handhawing van die reg, regstoepassing en misdaadvoorkoming: die beheer van misdaad. Die globale stelsel plaas beperkinge op elke afsonderlike komponent - slegs indien die akteurs in die regsplygingsstelsel in elke afsonderlike komponent tot die einddoel saamwerk, sal daar doelbereiking wees. Inderwaarheid sal geeneen van die hoofkomponente sonder die insette van die ander kan funksioneer nie. Of hierdie komponente gladweg funksioneer al dan nie, bly hulle steeds aan mekaar verbind.

Indien elke komponent afsonderlik, sonder in agname van die parameters wat die oorkoepelende doelwitte van regsplygingsstelsel sou funksio-

neer, sal fragmentasie plaasvind en sal die doelwitte nie bereik kan word nie. Elke komponent moet daarvan bewus wees dat daar binne 'n globale sisteem gefunksioneer moet word. Die forensiese kriminoloog kan as 'n komponent binne die hoofkomponent slegs 'n bydrae lewer indien die oorkoepelende doelwit van misdaadbeheer voor oë gehou word. Wanneer dit gedoen word, kan die bydrae van die forensiese kriminoloog, veral ten opsigte van die verklaring van misdaad, betekenisvol wees.

Forensiese kriminoloë wat dus sodanig binne die kriminele regsplegingsisteem optree, beantwoord aan Parsons se imperatief van doelbereiking. Die sisteem van forensiese kriminoloë voldoen dus in dié opsig aan die vereistes vir die bestaan en voortbestaan van die sisteem.

HOOFSTUK 6

INTEGRASIE AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR DIE VOORTBESTAAN VAN FORENSIESE KRIMINOLOË AS KOMPONENT VAN DIE KRIMINELE REGSPLEGINGSISTEEM

6.1 INLEIDING

Integrasie, as funksionele voorvereiste vir die voortbestaan van 'n sisteem, hou met die bereiking van en beheer oor sosiale en emosionele solidariteit onder lede van die sosiale groep verband. Haralambos (1984:528) wys daarop dat volgens Parsons is die oplossing van integrasie-probleme geleë in die 'aanpassing van konflik' (adjustment of conflict) wat betrekking op die koördinerings en onderlinge samewerking van die komponente van die sosiale sisteem het. Die integrasie-optrede is, met betrekking tot die sisteem, gerig op die handhawing van die interne wedersydse aanpasbaarheid van komponente van die sisteem as 'n geheel. In hierdie ondersoek is die sosiale sisteem die kriminele regplegingsisteem, met die forensiese kriminoloog as 'n komponent van die hof-subsisteem.

Die reg is die mees formele instelling in die samelewing wat die integrasie-behoefte bevredig. Parsons (in Brownstein, 1982:44) stel dit dat in 'n hoogs gedifferensiëerde samelewing word die primêre fokus van die integreringsfunksie in die sisteem van regsnorme, en die agente wat die bestuur daarvan beheer, gevind. Regsnorme en prosedures definiëer en standaardiseer gedrag en verhoudings tussen individue onderling, asook tussen individue en instellings, en verminder sodoende konflikpotensiaal. Indien konflik wel ontstaan, word dit deur die regsisteem opgelos en hierdie konflik lei dus nie tot die disintegrasie van die sosiale sisteem nie. Die integreringsfunksie, wat verrig word wanneer oplossing van 'n aanpassingsprobleem bereik word, sluit formele en informele beheermaatreëls oor samestellende komponente en individue in om hulle samewerking in die proses van doelbereiking te verseker.

Die forensiese kriminoloog, as komponent in die kriminele regsplegings-sisteem, word ook deur dieselfde beheermaatreëls as dié wat die ander komponente van die kriminele regsplegings-sisteem rig, beheer, naamlik: Die polisie, die howe en die korektiewe dienste. Die 'grondwet', wat die prosedures en reëls wat by hierdie ondersoek betrokke is duidelik uitspel, is die Strafproseswet. Hierdie wet vorm die meganisme wat opdragte en optredes van al die komponente in of met betrekking tot die hof ordelik rig.

Die funksionaliste argumenteer dat 'n mate van beheer en die stabiliteit wat deur dié beheermaatreëls bevorder word, essensiëel vir effektiewe funksionering van enige sisteem is - vandaar hulle beklemtoning van die funksie van sosiale stratifikasie, wat 'n bydrae tot die onderhoud en welsyn van 'n gemeenskap lewer. Parsons (in Haralambos, 1984:31) poneer dat orde, stabiliteit en samewerking in 'n sisteem op waardekonsensus berus, en hierdie konsensus oor wat goed en die moeite werd is, word algemeen deur lede van die sisteem aanvaar. Eensgesindheid hieroor dra by tot die voortbestaan van die betrokke sisteem. Wanneer forensiese kriminoloë in die hof optree, betuig hulle eensgesindheid met die Suid-Afrikaanse kriminele regsplegingstelsel.

6.2 WAARDEKONSENSUS

Die reg omskryf uitdruklik en sistematies die gedrag wat van elke lid van die samelewing verwag word. Indien die rolverwagtings van alle lede van die samelewing nie duidelik omskryf word nie, sou sosiale beheer onmoontlik wees. Hoewel formeel van aard, gee regsreëls uitdrukking aan waardes wat deur mense hoog geag word. Dus omskryf die reg die waardes en bepaal dan ook hoe daar volgens hierdie waardes opgetree moet word.

6.2.1 DIE INTEGRASIE VAN WAARDES

Een van die funksies van die reg is om as arbiter op te tree wanneer optredes bots. Die formulering en vertolking van gedragsreëls

deur die reg lei tot belangebeskerming en belangebeveiliging, en hierdie belange wat beveilig en beskerm word, verteenwoordig bepaalde waardes. Een van die belangrikste doelstellings van die reg is dus die balansering van botsende belange. Samelewingsveranderings noodsaak 'n herformulering van reëls omdat die ekwilibrium versteur word. Daar moet dus 'n nuwe balans tussen die botsende belange verkry word. Hierdie proses is dinamies en word nooit voltooi nie. Die integrasie van waardes is aaneenlopend en nou verbonde aan die herformulering van bestaande regsreëls en die skepping van nuwes. In hierdie verband poneer Parsons (1968:385) dat die regsprofessie een van die belangrikste meganismes is waardeur 'n relatiewe balans van stabiliteit in 'n dinamiese dog onsekere samelewing behou word.

6.2.2 DIE VOORKOMING VAN MISDAAD

Die ordelike oplossing van dispute en effektiewe handhawing van wet en orde is instrumenteel in die veroorsaking van wetsgehoorsame gedrag. In hierdie sin is dit so dat 'n belangrike gedeelte van die reg voorkomend van aard is. Die bestaan van bepaalde regsreëls en die doeltreffende toepassing daarvan speel 'n afskrikkende rol. Dit is nie net die swaarheid van die straf wat voorkomend inwerk nie, maar ook die sekerheid van straf en die doeltreffende toepassing van die straf wat 'n belangrike sosiale beheermaatreël vorm.

•

6.2.3 SOSIALISERING

Volgens Parsons se struktureel-funksionele siening is die samelewing 'n sisteem wat in stabiele ekwilibrium moet verkeer (sien par. 4.3 en 4.4). In hierdie verband kan die reg 'n bepalende invloed op die persoonlikheidsstruktuur van elke mens uitoefen. Regsreëls dui die weg aan ten opsigte van watter groepsnorme geïnternaliseer moet word, met ander woorde, konformering aan die norme van die samelewing. Van jongs af reeds word kinders geleer dat dit moreel korrek is om die reg te gehoorsaam. Die reg moet nie net herlei word tot reëls wat neerge-

lê word om botsings (dispute) tussen partye op te los nie, maar dit bestaan primêr uit duisende onuitgesproke en dikwels onbewustelik aanvaarde reëls wat die lede van die samelewing saamvoeg. Die reg is niks anders nie as die innerlike ordening wat binne 'n gemeenskap bestaan nie: die handhawer van die ekwilibrium.

Die reg groei dus uit die gemeenskapslewe en val nou saam met die funksionele organisasie van die groep. Die doelstellings van die reg ten opsigte van sosiale beheer is dus om die interaksieproses tussen mense in die samelewing te reguleer; gedrag wat afwyk van die normatiewe interaksiepatrone te beheer; en om die konflik wat uit sodanige afwykings voortspruit, op te los.

6.3 STRATIFIKASIE

Stratifikasiesisteme word van gemeenskaplike waardes afgelei, en aangesien bepaalde waardes binne die groep aanvaar word, sal komponente en individue daarvolgens geëvalueer en in een of ander vorm van rangorde geplaas word. In hierdie verband poneer Parsons (in Haralambos 1984:30 tot 32) dat stratifikasie, as waardebepler, die rangskikking van eenhede in 'n spesiale sisteem in ooreenstemming met die algemene waardesisteem is. Verskillende sisteme sal verskillende waardestelsels hê, en die wyses waarop magposisies verkry kan word, sal van sisteem tot sisteem verskil.

Parsons poneer dat organisasie, wat 'n fundamentele kenmerk van 'n sisteem is, sentralisasie en differensiasie van leierskap en outoriteit behels, en dit bring mee dat sommige lede byvoorbeeld bestuursverantwoordelikhede sal moet aanvaar en ander weer opdragte sal moet uitvoer. Dit sal bykans onmoontlik wees om, sonder sosiale ongelykheid, die lede van 'n sisteem effektief en in samewerking met mekaar te laat funksioneer en Parsons maak die stelling dat: "Finally, inequalities of power and prestige benefit all members of society since they serve to further collective goals which are based on shared values." (in Haralambos, 1984:33).

6.3.1 SENTRALISASIE EN DIFFERENSIASIE

Sonder 'n deeglike kennis van die hiërargie van die hofsisteem, sal die reg moeilik begryp word. Daar is 'n duidelike rolverdeling van die beamptes binne die struktuur van die hofproses. Hierdie beamptes vervul 'n belangrike taak in die ordelike verloop van die hofverrigtinge en elkeen se taak en bevoegdheid word volgens die voorskrifte van die wetgewing beoefen. Dit bevorder integrasie en ekwilibrium. Die verloop en hiërargie van die hofsisteem kan soos volg beskryf word, naamlik:

6.3.1.1 STRAFJURISDIKSIE

Die hof wat 'n straf oplê, moet uiteraard ook bevoeg wees om die betrokke straf uit te spreek, dit wil sê die strafjurisdiksie van die hof moet die opgelegde straf insluit. Verskillende howe in Suid-Afrika het dus verskillende jurisdiksie, naamlik:

- Die distrikslanddroshof kan gevangenisstraf van 12 maande, 'n boete wat R1,000 nie te bowe gaan nie en lyfstraf van hoogstens ses houe oplê.
- Die streekhof kan egter benewens lyfstraf, gevangenisstraf van 10 jaar en 'n boete van R10 000 oplê.
- Geen beperkings bestaan op die strawwe wat die hooggeregshof mag oplê nie, behalwe dat die maksimum strawwe deur die wetgewer vir misdrywe neergelê, nie te bowe gegaan mag word nie; en die strawwe deur die Strafproseswet erken, opgelê moet word (Du Toit, 1981: xxvii tot xxviii).

Na-verhoorkontrole deur middel van hersiening, word deur provinsiale afdelings van die hooggeregshof (en nie plaaslike afdelings nie) uitgeoefen op gepaste of voorgeskrewe verrigtinge van laer howe, dit wil sê beide landdros- en streekhowe. Die hersiening self bestaan uit

die deurgaans van die oorkonde van die verrigtinge van die laer hof wat voor die hersieningshof gelê word. Die betrokke regter gaan die stukke deur met die oog op die bepaling of die verrigtinge ooreenkomstig die reg was. Volgens Du Toit (1981:408) het die hersieningsprosedures saam 'n unieke kontrole tot gevolg, 'n unieke proses waardeur reg en geregtigheid in die algemeen gedien word en benadeling deur growwe onreëlmatigheid of ander soortgeleke gebreke voorkom word.

Die tweede vorm van na-verhoorkontrole wat ten aansien van vonnis in die Suid-Afrikaanse strafprosesreg erken word, is appél. 'n Beskuldigde wat deur sy vonnis verontreg voel, kan onder vasgestelde omstandighede en op neergelegde wyse teen sy vonnis na 'n hoër hof appelleer. Die hoër hof, bekend as die hof van appél in sulke gevalle, sal op die oorkonde van die verrigtinge van die verhoorhof, en na aanhoor van betoë deur advokate vir die twee partye, beslis of daar met die vonnis ingemeng moet word, al dan nie. Tydens die oorwegingsproses vervul die hof van appél 'n besondere funksie wat streng voorgeskryf is.

Ten laaste beskik die Suid-Afrikaanse Staatspresident oor 'n algemene begenadigings- en kwytskeldingsbevoegdheid wat deur die Grondwet aan hom opgedra word. Die Staatspresident het 'n onbeperkte bevoegdheid, behalwe dat hy slegs op die advies van die uitvoerende raad mag handel (Du Toit, 1981:505).

6.4 DIFFERENSIASIE VAN HOFBEAMPTES

In die hofproses speel die hofbeamptes 'n baie belangrike rol en ter wille van reg en geregtigheid word die hoogste graad van objektiwiteit verwag. Die regterlike amp is een van die oudstes wat aan die beskawing bekend is - hierdie instelling was reeds by die Jode in die Ou-Testamentiese tyd bekend (Ferreira, 1979:1). Vandag het die hofbeamptes in Suid-Afrika aansienlike jurisdiksie, en die gemeenskap verwag dus optrede van hulle wat by hul jurisdiksie pas.

6.4.1 DIE VOORSITTENDE BEAMPTTE

Onder die begrip voorsittende beampte, word beide 'n regter of 'n landdros bedoel. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die bevoegdhede van jurisdiksie van die regter as verteenwoordiger van die staat in hoër howe en die bevoegdhede van jurisdiksie van die landdros as verteenwoordiger van die staat in die laer howe, aansienlik verskil ten opsigte van strafvorm en strafmaat.

Ingevolge die bepalings van die Wet op die Hooggeregshof, wet 59 van 1959, word 'n regter van die hooggeregshof deur die Staatspresident aangestel. 'n Landdros word ingevolge die bepalings van die Wet op Landroshowe, wet 32 van 1944, deur die Minister van Justisie aangestel. Beide 'n regter en 'n landdros lê by aanstelling 'n eed af dat hulle aan alle persone op gelyke voet reg sal laat geskied sonder vrees, begunstiging of vooroordeel. Die aanstelling van 'n regter geskied gewoonlik uit die korps van praktiserende advokate, terwyl 'n landdros vir 'n streekafdeling uit die korps van landdroste aangestel word (Cilliers & Neser, 1990:10 tot 11).

Die rol van die voorsittende beampte kan gesien word as dié van 'n beoordelaar van al die feite wat, in 'n adversatiewe proses, voor hom gebring word. Schmidt (1990:254) meen dat die voorsittende beampte die rol van 'n skeidsregter vertolk. Die voorsittende beampte moet beslissings maak deur die toepassing van al die regsvoorskrifte in elke besondere geval. Die rolvertolking van die amptenaar is nie willekeurig nie, maar sy diskresionêre bevoegdhede word deur die reg voorgeskryf, ingeperk en selfs uitgeskakel. As eerste vereiste geld uiteraard kennis van die reg en geskooldheid in die regswetenskap. Opleiding en ervaring in regsprosedures is ook 'n vereiste (Ferreira, 1979:24). Die regspleging is 'n maatskaplike instelling, wat saamgestel is uit mense vir mense. Die voorsittende beampte verrig 'n psigo-sosiale funksie waarin menslike hoedanighede en tussen-menslike verhoudinge sterk op die voorgrond staan.

Die regsprekende beampte moet veral aan die eise van integriteit, regverdigheid, onpartydigheid, waardigheid en goeie oordeel voldoen.

6.4.2 DIE VERHOUDING VAN DIE VOORSITTENDE BEAMPTTE TOT DIE ANDER PARTYE IN DIE HOF

Steyn (Salem 1987 (2) PH H98 (A) het die volgende opmerkings gemaak: "Hierdie insident het die voorkoms van 'n grimmige speletjie van die landdros ten koste van die advokaat en derhalwe ook van die appellant. Hy het klaarblyklik vergeet van die eise van regverdigheid en van veral van die nou reeds eerbiedwaardige vermaning deur hierdie hof in R v Hepworth 1929 (AA) 265 by monde van Curlewis AR op 277: 'A criminal trial is not a game where one side is entitled to claim the benefit of any omission or mistake made by the other side, and a Judge's position in a criminal trial is not merely that of an umpire to see that the rules of the game are observed by both sides. A Judge is an administrator of justice, he is not merely a figure head.' 'n Regspreker kan sy veeleisende en maatskaplik belangrike pligte slegs na behore nakom as hy ook wagstaan oor homself, aandagtig is aan sy eie swakhede en persoonlike sienings en nukke, en hulle steeds betueel."

Dit moet gesien word dat reg geskied. Die wyse waarop alle beamptes in howe met mekaar omgaan, behoort 'n atmosfeer te skep wat aan elke individu die geleentheid bied om sy beste te lewer om op daardie wyse by te dra daartoe dat reg en geregtigheid geskied. Die verhoudings sien soos volg daar uit, naamlik:

6.4.2.1 REGSPRAKTISYNS

Elke beskuldigde in 'n strafsak is op regsverteenvoordinging geregtig. Die voorsittende beampte moet deurgaans hoflik teenoor regspraktisyns wees, omdat hulle as beamptes van die hof verplig is en feitlik altyd bereid is om die voorsittende beampte met eerbied te bejeën. Geduld en selfbeheersing is noodsaaklik aangesien dit die hoekstene van die regspleging is (Ferreira, 1979:32).

6.4.2.2 STAATSAANKLAERS

Wat ten opsigte van die verhouding tussen die voorsittende beampte en die regsverteenvoordigers vermeld is, geld uiteraard ook vir die

verhouding tussen die voorsittende beampte en die staatsaanklaer. Indien die staatsaanklaer nie so bedrewe met hofprosedures is nie, is dit die voorsittende beampte se plig om onderrig te gee (Ferreira, 1979:36).

6.4.2.3 DIE PUBLIEK

Daar kan nie genoeg klem op die verhouding tussen die voorsittende beampte en die publiek gelê word nie. Die waardigheid van die hof moet ten alle tye behou word.

6.4.2.4 DIE BESKULDIGDE

Die beskuldigde is die sentrale figuur in 'n strafverhoor en die voorsittende beampte moet, waar moontlik, 'n onverdedigde beskuldigde bystaan. Bevoegde uitsprake in 'n spesifieke saak moet ook aan 'n onverdedigde beskuldigde verduidelik word, en dit moet met die nodige waardigheid gedoen word (Ferreira, 1979:46).

6.4.2.5 GETUIES

Die voorsittende beampte het 'n plig om getuies te beskerm teen 'n regsverteenvoerder wat die perke van kruisverhoor oorskry. Die waardigheid waarmee in sodanige gevalle opgetree word, sal sonder twyfel agting afdwing.

6.4.3 BEHEER VAN HOFVERRIGTINGE DEUR DIE VOORSITTENDE BEAMPTE

Die belangrikste manier waarop die voorsittende beampte beheer kan uitoefen, is om toe te sien dat alles in die hof ordelik verloop (Ferreira, 1979:57). Sake word gewoonlik in die openbaar verhoor, maar die voorsittende beampte kan in die belang van goeie orde en openbare sedelikheid bepaal dat 'n verhoor in camera (privaat) moet geskied.

Soms gee die pers heelwat publisiteit aan strafverhore. Tog het die

pers nie onbeperkte bevoegdheid hiertoe nie. By verhore wat in camera geskied of in gevalle waar die beskuldigde van sekere misdrywe aangekla word, word 'n beperking op die publikasie van sodanige getuienis geplaas. Verder is die voorsittende beampte by magte om enige persoon wat minagtend in die hof optree, te vervolg. Volgens Ferreira (1997: 58) is dit die magtigste wapen in die hande van die voorsittende beampte om verrigtinge in sy hof ordelik te reël.

6.4.4 DIE AMP VAN DIE STAATSAANKLAER

Die staatsaanklaer tree nooit in sy eie belang op nie, maar altyd in belang van die gemeenskap wie se regte en vryhede deur misdaad bedreig word. Die staatsaanklaer vervolg sonder aansiens des persoons.

6.4.4.1 DIE ROL VAN DIE STAATSAANKLAER

Alvorens die aanklaer die staat se saak voor die hof lê, moet hy die saak deeglik bestudeer. Gardiner en Lansdown (in Ferreira, 1979:28) noem die aanklaer 'n 'minister of truth' en daarom is dit ook die plig van die staatsaanklaer om ook inligting wat gunstig vir die beskuldigde sou wees, voor die hof te lê. Uiteraard moet die aanklaer oor 'n deeglike kennis van die bewysreg beskik, anders sal hy nie die staat se saak behoorlik kan hanteer nie. Staatsaanklaers behoort geen emosie tydens vervolgings te toon nie, en daar word van hulle verwag om te alle tye hoflik en waardig op te tree. Hulle moet daarteen waak om nie oordrewe gretig te wees om skuldigbevindings te kry nie. Hulle moet slegs daarmee besiel wees om die waarheid - dit wil sê alle relevante feite - voor die hof te lê. Sodanige optrede sal die hof beter toerus om 'n regverdige oordeel te vel. Die kern van die staatsaanklaer se taak is dus om sover moontlik die waarheid in elke klag voor die hof, te laat seëvier.

6.4.4.2 DIE FUNKSIE VAN DIE STAATSAANKLAER

In ons reg word die aangeklaagde onskuldig geag totdat die teendeel bewys is. Die taak van die staatsaanklaer is dus om, met behulp van

getuienis, hierdie veronderstelling van onskuld te weerlê en om die hof bo alle redelike twyfel te oortuig dat die beskuldigde wel skuldig is. Die aanklaer pas nie die reg toe nie, maar bring slegs bewyse voor die hof om die voorsittende beampte in sy besluit te fasiliteer. Volgens Ferreira (1979:338 e.v.) lê daarin vir die aanklaer, uit die aard van sy beroep, groot gevare opgesluit. Aangesien hy deurentyd vervolgt, het hy inderdaad 'n eensydige opdrag wat sy oordeel later so subjektief kan beïnvloed dat hy nie meer die individu en sy belange raaksien nie. Die beroep kan dus ook 'n invloed op die aanklaer as mens uitoefen - hy kan van die oortuiging raak dat elke aangeklaagde noodwendig altyd skuldig is en sy hele vervolging kan dus vanuit hierdie vooropgestelde oortuiging geloods word. Cilliers en Naser (1990:22) kritiseer die houding van sommige aanklaers wat die veronderstelling dat 'n aangeklaagde onskuldig geag word totdat die teendeel bewys word, eenvoudig oorboord gooi. Die gevolg van hierdie houding is dat dit 'n vooropgestelde idee van skuld versterk en 'n oordrewe waarde daaraan toegesê word, terwyl die feite wat op onskuld dui, verontagsaam word. Indien die beskuldigde dan, ten spyte van al die aanklaer se pogings, onskuldig bevind word, kan hierdie aanklaers dit as 'n persoonlike nederlaag beskou.

Dit is duidelik dat die reg die gedragsreëls bepaal en gesag toeken aan alle amptenare in die strafregstels. Die taak wat die beampte moet verrig, word omskryf en die omvang van die beperkings van sy gesag word aangedui.

6.5 DIE BEHEER VAN STRAF

Strafreg is, volgens Du Toit (1981:xix) in die eerste plek publiekreg, dit wil sê, deel van daardie regsreëls wat die verhouding tussen die staat en sy onderdane beheers. Strafreg word in materiële en formele strafreg onderverdeel. Onder materiële strafreg word verstaan daardie regsreëls wat betrekking op strafbare handeling het, dit wil sê, wat gedraging of optredes as misdrywe omskryf. Die materiële reg verbied sekere omlýnde en omskewe handeling en stel dit van owerheidsweë

strafbaar. Strawwe word deur die materiële strafreg vir bepaalde misdrywe voorgeskryf. In Suid-Afrika word bepaalde strawwe vir bepaalde misdrywe in die gemenerereg aangetref, asook in wetgewing. Die formele strafreg bestaan uit die regsreëls wat betrekking het op strafproses, dit wil sê dit het betrekking op die verhoor van 'n beskuldigde. Dit skryf die wyse voor waarop die strafverhoor gevoer moet word, en lê neer watter getuienis op watter wyse deur die betrokke partye voor die hof geplaas mag word. Betreffende vonnisoplegging word die voorskrifte ten aansien van bevoegde strawwe in die materiële strafreg gevind. Die prosedure van vonnisoplegging tydens die verhoor self word deur die formele strafreg (strafprosesreg) beheer. Die hele verhoor geskied in ooreenstemming met die reëls van formele strafreg en dit sluit die stadium van straftoemeting in. Waar integrasie, as funksionele imperatief, met die bereiking van beheer oor die sosiale en emosionele solidariteit onder lede (of komponente) van 'n sosiale groep verband hou, is die formele Suid-Afrikaanse strafreg dan die formele beheer oor die vonnisopleggingsproses. As komponent binne die hof-subsisteem van die kriminele regsplegingsisteem, word die forensiese kriminoloog dus ook beheer deur die formele Suid-Afrikaanse strafprosesreg.

In Suid-Afrika lys die Strafproseswet (wet 51 van 1977) self bepaalde strawwe en bepaal die misdrywe, dit wil sê wanneer 'n formele strafregreël inderdaad 'n materiële voorskrif en magtiging vervat (Du Toit, 1981:xx). Suid-Afrikaanse geregshowe is nie geregtig om nuwe misdrywe of strawwe te skep nie. Alleen die wetgewer kan misdrywe en strawwe na gelang van omstandighede wysig of aanpas. Die forensiese kriminoloog moet dus uiteraard binne hierdie parameters funksioneer. Sodoende word die doelwit van strafindividualisering georden en beheer.

Die forensiese kriminoloog se funksie is om in die hof getuienis af te lê en om 'n deskundige opinie uit te spreek. Nadat die hof die getuienis van die staat en die verdediging aangehoor het, asook argumente deur beide partye, sal die voorsittende beampte 'n uitspraak op die meriete van die saak gee waartydens die beskuldigde skuldig soos aangekla, of onskuldig bevind sal word. Nadat die vorige veroor-

delings erken/bewys is, of nadat die aanklaer die hof meegedeel het dat die beskuldigde geen vorige veroordelings het nie, kan die verhoorhof, alvorens hy vonnis oplê, die getuienis aanhoor wat hy goedvind om tot 'n gepaste straf te kom. Die staat en die verdediging kan toegelaat word om getuienis aan te bied.

Normaalweg sal die verteenwoordiger van die staat of die verdediging aandui dat hulle wens om getuienis met betrekking tot vonnis aan te bied en sodanige versoek sal nie deur 'n verhoorhof geweier word nie, behalwe waar die hof die mening toegedaan is dat die getuienis irrelevant sal wees (Du Toit, 1981:138 e.v.; Schmidt, 1989:235 e.v.). Selfs waar die relevansie van die getuienis bevraagteken word, sal die verhoorhof selde 'n party die geleentheid ontsê om getuienis met betrekking tot vonnis aan te bied. Net soos in die stadium toe die meriete van die saak beoordeel is, moet beide partye in 'n strafszaak die geleentheid gebied word om relevante feite voor die hof te lê.

Die verteenwoordiger van die beskuldigde (die verdediging) sal tydens die onderhawige stadium trag om versagende faktore deur middel van getuienis voor die verhoorhof te lê, terwyl die aanklaer, in gepaste gevalle, getuienis ter strafverswaring sal aanbied. Waar die beskuldigde onverdedig is, is dit die gebruik dat die aanklaer eers versagende en daarna verswarende faktore tydens sy argument voor die hof sal lê. Feite ter versagting of verswaring kan op twee wyses aangebied word, naamlik deur getuienis onder eed (spesifiek tydens die stadium van vonnisoorweging of tydens die oorweging van die meriete), óf deur die hof toe te spreek met betrekking tot vonnis.

Volgens beide Du Toit (1981:138) en Schmidt (1989:245) moet feite ter versagting of verswaring van vonnis streng gesproke by wyse van getuienis onder eed voor die hof geplaas word, met ander woorde die betrokke party moet getuies roep om na aflegging van die eed feite in verband met 'n gepaste vonnis voor die hof plaas. Uiteraard is die getuienis dan viva voce en moet in die teenwoordigheid van die publiek afgelê word en is onderhewig aan ondervraging (kruisverhoor).

Aangesien feite ter verswaring en versagting wat van die Balie af voor die hof gelê word, nie op die ondersoek betrekking het nie, word dit nie bespreek nie. In hierdie verband noem Du Toit (1981:139) dit egter dat versagtende of verswarende omstandighde wat ex parte (van die Balie af) deur die regsverteenwoordigers onder die aandag van die hof gebring word, by gebrek aan erkenning van die teenparty nie meer werd is as blote betoog of argument nie. By erkenning deur die teenparty verkry die ex parte stellings dieselfde gewig as getuienis onder eed en sal die hof dit oorweeg asof dit deur middel van getuienis bewys is. Indien die hof die ex parte stellings betwyfel, word die party se verteenwoordiger aldus in kennis gestel, sodat hy die aanbieding van getuienis onder eed kan aanbeveel.

Dit is derhalwe duidelik dat die faktore ter versagting of verswaring verkieslik deur getuienis onder eed voor die verhoorhof geplaas moet word. Versuim deur die verhoorhof om die beskuldigde die geleentheid te bied om getuienis ter strafversagting aan te bied, of om die hof met betrekking tot die aangeleentheid van vonnis toe te spreek, sal normaalweg 'n onreëlmatigheid daarstel wat tot tersydestelling van die vonnis sal lei (Du Toit, 1981:140).

6.6 DIE STRAFPROSESWET, WET 51 VAN 1977: VERWANTE AANGELEENTHEDE

Hoofstuk 23 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977 het betrekking op die aangeleentheid van getuies. Vanaf artikel 179 tot en met artikel 207 word aspekte soos getuiedagvaarding, kostes van getuies, aanhouding van sekere getuies, bevoegdhede van die hof met betrekking tot weerspannige getuies, geloofwaardigheid van getuies, bevoegdheid/onbevoegdheid van getuies, privilegie, inkriminerende getuienis en die afneem van getuienis, bespreek.

Hoofstuk 24 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977 het betrekking op die aangeleentheid van getuienis. Vanaf artikel 208 tot en met artikel 253 word aspekte soos die ontoelaatbaarheid van irrelevante getuienis, skriftelike verkларings, getuienis by voorlopige ondersoek,

bekentenis deur beskuldigdes, erkennings, en getuienis van karakter, bespreek.

Hoofstukke 28 tot 33 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977 is inderdaad 'n belangrike deel van die "grondwet" van forensiese kriminoël - dit stel duidelik die parameters waarbinne vonnisse opgelê mag word. Die forensiese kriminoloog moet dus ten volle op die hoogte van artikel 274 tot en met artikel 345 van hierdie wet wees.

Die belangrikste artikel (artikel 274) wat op die forensiese kriminoloog betrekking het, handel oor getuienis met betrekking tot vonnis, naamlik:

" (1) 'n Hof kan, voordat hy vonnis oplê, die getuienis aanhoor wat hy goedvind ten einde homself in te lig oor die gepaste straf om op te lê".

6.7 DIE VERLOOP VAN DIE VERHOOR

Die adversatiewe aard van die Suid-Afrikaanse strafregspiegling bepaal die verloop van die hofverrigtinge. Die verdeling van die hof in laer- en hoërhowe, geskied volgens die voorskrifte van wetgewing in hierdie verband. Die belangrikste wetgewing is die Strafproseswet (wet 51 van 1977), die Wet op die Hooggeregshof (wet 59 van 1959), die Wet op Landdroshof (wet 32 van 1944), die Hooggeregshofreëls en die Landdroshofreëls.

'n Belangrike beginsel van die Suid-Afrikaanse strafprosesreg is dat die hofverrigtinge in 'n ope hof moet plaasvind. Hofverrigtinge wat in 'n ope hof plaasvind is toeganklik vir alle persone bo die ouderdom van 18 jaar. Die vereiste van 'n ope hof word voorgeskryf in artikel 152 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977. Voorts skryf artikel 5 (1) van die Wet op Landdroshof, wet 32 van 1944 ook reëls voor.

Streng voorskrifte word ook gestel aan die notulering van die hofver-

rigtinge. Die regsprekende beamptes van beide laer- en hoër houe is daarvoor verantwoordelik dat die verrigtinge noukeurig genotuleer word. Onder 'notuleer' word verstaan om skriftelik of op 'n meganiese wyse die hofverrigtinge af te neem. Hierdie oorkondes is die enigste betroubare bron waarvolgens bepaal kan word of reg en regverdigheid geskied het. Die notule word afgeneem in die amptelike landstaal wat op daardie gegewe oomblik in die hof gebesig word (Ferreira, 1979: 328). Die oorkonde is die amptelike verslag van die regsprekende beampte oor die hofverrigtinge waarin die name van partye, pleit, getuienis, bewysstukke, besware, betoë, uitspraak en vonnis genotuleer is. Enige persoon kan by kennisgewing aan die klerk van die hof 'n afskrif van die notule, teen die betaling van 'n vasgestelde bedrag, bekom.

6.7.1 BEHEER VAN DIE HOFVERRIGTINGE

Die regsprekende beampte is in beheer van die hofverrigtinge en die magtigste wapen in sy hande is om die hofverrigtinge ordelik te reël. Geen persoon mag met minagting teenoor die hof optree nie. De Wet en Swanepoel (1960:593) definieër minagting van die hof soos volg: "... dit bestaan in die wederregtelike, opsetlike aantasting van die waardigheid en agting van 'n regsprekende liggaam, of die wederregtelike, opsetlike verrigting van 'n handeling wat op sodanige aantasting bereken is."

Nadat die hofbeamptes en die publiek hulle plekke in die hof ingeneem het, word die hof tot orde geroep en almal staan terwyl die regsprekende beampte sy verskyning maak. Hy buig voor die hof en gaan sit. Vanaf daardie oomblik is die hofverrigtinge aan die gang met die regsprekende beampte in beheer. Tydens die verloop van die verrigtinge is daar slegs een persoon op 'n keer aan die woord, en sou die beskuldigde se regsverteenvoorder beswaar maak teen 'n handeling van die staatsaanklaer, word daar van die staatsaanklaer verwag om te sit terwyl die regsverteenvoorder sy saak stel. Hierdie prosedure is deel van die regsetiek om agting en goeie orde te verseker. Ook die

beskuldigde moet deurgaans staande bly, tensy hy toestemming verleen word om te sit. Wanneer enige persoon die hof tydens die verrigtinge wil verlaat, betuig hy gewoonlik sy agting deur te buig na die regsprekende beampte alvorens hy die hof verlaat.

6.7.2 DIE STAAT SE SAAK

Wanneer die hof in sitting is, word die beskuldigde deur die staatsaanklaer opgeroep en word die aanklag aan die beskuldigde gestel. Die staatsaanklaer maak gebruik van 'n dokument wat die beweerde misdaad en geskilpunte op 'n formele wyse formuleer en uiteensit. Hierdie dokument vorm die kern van die aanklag ten opsigte van die beweerde misdaad wat teen die beskuldigde vermoed word. In die laer howe word die dokument die klagstaat genoem en in die hoër howe die akte van beskuldiging.

Volgens Hiemstra (1977:137) word die doel van die aanklag saamgevat in die oorheersende vereiste vir 'n geldige aanklag, naamlik dat die beskuldigde op die hoogte gestel word van die saak wat teen hom aangevoer sal word. Die vereistes vir die klagstaat is saamgevat in artikel 76 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977. Ferreira (1979:212) beskou die funksie van die klagstaat om, benewens die beskuldigde, ook die hof oor die aanklag in te lig.

6.7.3 DIE PLEIT

Die algemene beginsel van ons strafprosesreg is dat die beskuldigde in die ope hof van die aanklag teen hom in kennis gestel moet word en dan dadelik daarop moet pleit (artikel 105 van wet 51 van 1977). Volgens artikel 85 moet formele besware teen die akte van beskuldiging (of die klagstaat) gemaak word voordat die beskuldigde gepleit het - nie daarna nie.

6.7.4 OPENINGSTOESPRAAK DEUR DIE STAATSAANKLAER

Nadat die beskuldigde gepleit het, maar voordat enige getuienis aange-

bied is, kan die staatsaanklaer ingevolge artikel 150 (1) van wet 51 van 1977 die hof toespreek. Hierdie inleidende toespraak word gebruik om aan die hof ter inleiding te toon waarop die staat die saak wat hy gaan poeg om te bewys, baseer is. Volgens Ferreira (1979:174) gebeur dit in die praktyk selde in die laer howe en dan slegs in lang en ingewikkelde sake. Hierdie prosedure word meer in die hooggeregshof gevolg.

6.7.5 GETUIENIS VIR DIE STAAT

Regter Davis in *R v Ndlovo* (1945 AA (368) sê "... in all criminal cases it is for the Crown to establish the guilt of the accused, not for the accused to establish his innocence. The onus is on the Crown to prove all averments necessary to establish his guilt." Die beginsel "hy wat beweet, moet bewys" plaas dus die bewyslas op die staat (Schmidt, 1990:23).

Gewoonlik begin die staat om sy saak deur middel van getuienis te bewys. Nadat die beskuldigde dus gepleit het en die staatsaanklaer sy openingstoespraak gelewer het, moet laasgenoemde sy getuies oproep en ondervra.

Alvorens die getuie enige getuienis kan lewer, word bepaal dat die getuie 'n eed moet aflê (Hiemstra, 1979:192). Dit is 'n metode om 'n gelowige persoon wat nie godsdienstige besware teen die neem van 'n eed het nie, onder 'n gewetensplig te plaas om die waarheid te praat. Die vorm wat die eedaflegging aanneem, kan aangepas word by die spesifieke godsdienst wat die persoon beoefen - die resultaat moet net wees dat die getuie subjektief die eed bindend op sy gewete ag (Schmidt, 1990:261). Wanneer hy besware teen die aflegging van 'n eed het, mag 'n getuie 'n voorgeskrewe plegtige verklaring aflê.

6.7.6 HOOFONDERVRAGING

Nadat die getuie die eed geneem het en daardeur onderneem het om die waarheid te praat, begin die staatsaanklaer om die getuienis te lei.

Die hoofondervraging is daarop gemik om die getuie se kennis aangaande feite wat relevant by geskilpunte is, aan die hof bekend te stel. Die party wat die getuie roep, behartig die ondervraging. Gewoonlik het hy reeds met die getuie gekonsulteer en het hy 'n verklaring van die getuie tot sy beskikking, sodat hy in staat is om deur sy vrae die getuie te beperk tot dit wat ter sake en toelaatbaar is, en om die soeklig op die belangrikste aspekte van die getuie se kennis te laat val (Schmidt, 1990:272). Die hoofondervraging is 'n belangrike gedeelte van die getuie se kennis. Ferreira (1979:340) haal Munkman aan, wat die volgende mening in hierdie verband huldig: "... it is clear that the examination-in-chief plays a central role ... no prosecution can succeed unless it is sustained by evidence. It is the role of examination-in-chief to present this evidence in a complete and convincing form, and the evidence-in-chief is therefore the pivot of the whole case."

Daar is belangrike verskille tussen hoofondervraging en kruisondervraging wat voorspruit uit die feit dat eersgenoemde behartig word deur die kant wat die getuie opgeroep het (of met wie se saak hy geïdentifiseer is) en laasgenoemde deur die teenstander. Dit bring mee dat die ondervraer by die hoofondervraging, anders as by kruisondervraging, nie leidende (suggestiewe) vrae kan vra nie en nie die getuie se geloofwaardigheid aanval nie.

6.7.7 KRUISONDERVRAGING

By die afsluiting van die hoofondervraging van die staatsgetuie, kry die beskuldigde (die verdediging) die geleentheid om die getuie onder kruisverhoor te neem volgens artikel 166 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977. Dit is gewoonlik 'n deurtastende ondervraging wat daarop gerig is om die swak punte in die gelewerde getuie se kennis te openbaar en om feite aan die lig te bring wat die ondervraer se saak versterk. Schmidt (1990:274) poneer dat 'n gedingparty effektief sy saak deur kruisondervraging bewys, in plaas daarvan dat hy self getuies roep, want wat hy voortbring is getuie se kennis.

Kruisverhoor geskied onder groot vryheid, maar die regsprekende beamp- te kan, wanneer dit volgens sy diskresie die perke oorskry en die hof se tyd onnodig in beslag neem, die kruisverhoor beëindig. Volgens Ferreira (1979:366) is kruisverhoor 'n belangrike maatstaf vir die hof om getuienis na waarde te skat.

Weiering van die reg om 'n getuie onder kruisverhoor te neem, is 'n ernstige onreëlmatigheid en kan tot tersydestelling van die skuldigbevinding lei.

Enige persoon wat as getuie ingesweer is (ook die forensiese krimino- loog), word aan kruisondervraging blootgestel, selfs al word hy net geroep om 'n dokument in te dien of al het hy om die een of ander rede nie die hoofondervraging ondergaan nie - mits hy wel bestempel kan word as 'n getuie van die teenstander of een van die ander gedingspar- tye. Selfs al is die teenstander se getuie simpatiek gesind teenoor die ondervraer se kant, kan die ondervraer kruisvrae aan hom stel. Die reg om kruisvrae te stel, hang dus volgens Schmidt (1990:276) af van wie die getuie opgeroep het en nie van die gesindheid van die getuie nie.

6.7.8 HERONDERVRAGING

Nadat die kruisverhoor deur die verdediging afgesluit is, kry die staataanklaer die geleentheid om die getuie te herondervra. Die doel van die herondervraging is om geskilpunte waaroor daar na die kruis- ondervraging twyfel bestaan, op te klaar en om 'n verkeerde indruk (wat tot nadeel van die staat se saak is) wat deur die kruisverhoor geskep is, uit te wis (Schmidt, 1990:293).

Nadat die staat al sy getuies geroep het en die getuienis gelei het, sal die staataanklaer opstaan en aan die hof meedeel dat die staat sy saak sluit.

Indien die beskuldigde nie na afsluiting van die staat se saak aansoek doen om ontslag nie, moet die regsprekende beamp- te die beskuldigde of

sy regsverteenwoordig (die verdediging) vra of hy van plan is om getuienis vir sy verdediging aan te voer (artikel 151 (1) van wet 51 van 1977).

Die gedingvoering (saak) van die beskuldigde (verdediging) verloop volgens dieselfde prosedure en voorskrifte as dié van die staat. Die posisie is nou net omgekeerd, want die verdediging kry nou die geleentheid vir die hoofondervraging van sy getuies en die staatsaanklaer kan elke getuie van die verdediging onderwerp aan kruisondervraging met dieselfde doelwit as toe die verdediging die staat se getuies onder kruisverhoor geneem het, naamlik om die swakplekke in die beskuldigde se verdediging uit te wys.

Die verdediging sluit sy saak nadat hy al die getuienis gelei het wat hy vir sy verdediging wil aanbied.

6.8. ONDERVRAGING VAN GETUIES DEUR DIE HOF

Dit is kenmerkend van die adversatiewe stelsel dat die regter of die landdros nie aktief tot die gedingstryd toetree nie. As skeidsregter en beoordelaar staan hy eenkant, vanwaar hy toesien dat die proses ordelik en volgens reëls verloop. Dit wil egter nie sê dat die regter onbevoeg is om vrae te stel nie. Hy mag, volgens Schmidt (1990:294), altyd vrae ter opheldering van die getuienis vra - trouens, daar rus 'n verantwoordelikheid en plig op hom om onduidelikhede uit die weg te ruim. Daar is geen beswaar daarteen as sy vrae die een party se saak ten koste van die ander bevorder nie. Maar hy mag nie oorgaan tot kruisondervraging nie (hoewel hy die teenstander mag aanspoor om kruisvrae te stel). Leidende vrae kan deur die hof gestel word (want die rede vir die verbod op leidende vrae in die hoofverhoor is hier afwesig), maar sulke vrae moet nie daarop gerig wees om die getuie se kant in die verleentheid te bring nie en die ondervraging mag nie knaend en aanhoudend gevoer word nie.

As die perke oorskry word, bestaan die gevaar dat dit minstens die indruk mag skep dat reg nie geskied het nie ("justice must be seen to

be done"); die ondervraging moet dus nie die indruk van partydigheid skep nie. Die gevaar bestaan ook dat die regter sy perspektief oor die getuienis sal verloor. By meer as een geleentheid is al gesê dat die regter wat tot die arena afdaal sal vind dat sy uitsig deur die stof van die gedingstryd versper word (Schmidt, 1990:294).

6.9 BETOË DEUR DIE STAATSAANKLAER EN DIE VERDEDIGING

Artikel 175 van die Strafproseswet magtig die staatsaanklaer om die hof toe te spreek nadat al die getuienis gelewer is. Nadat die staatsaanklaer die hof toegesprek het, het die verdediging ook die geleentheid om dit te doen. Die onderskeie partye betoog hoe hulle die geskilpunte sien na afloop van die getuienislewering. Van die staatsaanklaer word verwag om feite van die saak objektief te stel - steeds met die verpligting dat hy ook moet sorg dat geregtigheid geskied. Hierdie toesprake kan dus gesien word as 'n feitelike opsomming van die onderskeie partye se sake wat hulle aan die hof vir 'n beslissing opgedra het.

6.10 DIE UITSPRAAK OP DIE MERIETE VAN DIE SAAK

Nadat die verhoorhof die getuienis vir die staat en die verdediging aangehoor het, asook argumente deur beide partye, sal die voorsittende beampte 'n uitspraak op die meriete van die saak gee waartydens die beskuldigde skuldig bevind sal word soos aangekla, of onskuldig bevind sal word (Du Toit, 1981:130-131). Tydens sy uitspraak op die meriete sal die verhoorhof bevindinge maak wat betrekking het op die skuld of die onskuld van die beskuldigde, wat beide feitelike en regsgeleenthede raak en van groot belang by vonnisoplegging sal wees. Die uitspraak op die meriete hou nie slegs verband met die skuldig- of onskuldigbevinding van 'n beskuldigde nie, maar het direkte gevolge vir die straftoemeting wat daarop volg. Dit is so, omdat die feitelike bevindinge van die verhoorhof tydens die uitspraak op die meriete steeds van krag bly ook tydens vonnisoplegging, en deur die verhoorhof voor oë gehou sal word wanneer 'n vonnis ter sprake kom.

6.11 GETUIENIS OOR VONNIS

Wat die forensiese kriminoloog betref, is hierdie waarskynlik die belangrikste aspek met betrekking tot die verloop van 'n verhoor. Na skuldigbevinding en voordat vonnis opgelê word, kry sowel die beskuldigde as die staat die geleentheid om die hof oor vonnis toe te spreek. Die feite wat in die saak as bewese gevind is (die meriete van die saak) word vanselfsprekend in ag geneem sover dit vir straf-toemeting relevant is. Waar 'n voorlopige ondersoek gehou was en die beskuldigde skuldig gepleit het, kan die hof "by bewys van oorkonde" daarvan gebruik maak om hom op hoogte te plaas van enige omstandighede wat die vonnis mag beïnvloed. Maar terwyl feite, wat nie relevant vir die beoordeling of die beskuldigde skuldig was nie, vir die oplegging van die vonnis relevant kan wees, word die partye ook 'n geleentheid gebied om getuienis voor te lê. Benewens artikel 274 (1) van die Strafproseswet wet 51 van 1977, maak artikel 112 (3) daarvoor voorsiening dat geen bepaling van artikel 112 (wat ondervraging na 'n pleit van skuldig reël) die aanklaer verhinder om getuienis voor te lê, "of die hof om getuienis aan te hoor, met inbegrip van getuienis of 'n verklaring deur of ten behoeve van die beskuldigde, ten opsigte van vonnis, of om die beskuldigde oor enige aspek van die saak vir die doeleindes van die bepaling van 'n paslike vonnis te ondervra nie." (Schmidt, 1990:234).

Wat opvallend van artikel 274(1) is, is dat dit nie gebiedend is nie. Die hof **kan** getuienis aanhoor **wat hy goedvind**. In die praktyk het die hof egter min diskresie sover dit getuienis ter versagting vanaf die beskuldigde se kant aangaan. Benewens die statutêre reëling is dit gebruiklik dat die hof aan 'n beskuldigde die reg toeken om getuienis voor te lê; en as die beskuldigde nie verteenwoordig word nie, moet die hof hom inlig dat hy daarop geregtig is (Schmidt, 1990:234).

In verskeie sake is beslis dat as 'n beskuldigde nie regsverteenvoording het nie, die hof hom moet inlig dat hy geregtig is om getuies te roep (S v Leso 1975 3 SA 694 A; S v Bresler 1967 2 SA 451 A; S v Booyen 1974 1 SA 333 K).

Billikheid teenoor die beskuldigde is die belangrikste oorweging. Enige prosedure wat op enige wyse onregverdig teenoor die beskuldigde kan wees, is onreëlmatig (S v Jabavu 1969 2 SA 466 (A) 472). Ook Scoble (1952:462 beroep hom op R v Mbuyase 1939 NPD 228 en beweer dat die voorsittende beampte die reëls van natuurlike geregtigheid moet nakom in soverre dat die beskuldigde 'n regverdige geleentheid gebied moet word om getuienis wat hom benadeel, te weerlê. Dieselfde geld wanneer, byvoorbeeld, 'n proefbeampte skadelike bewerings oor 'n beskuldigde maak (R v Chin Moodley 1949 1 SA 703 N).

Die beskuldigde kan egter nie op 'n informele wyse feite aan die hof meedeel en verwag dat die hof die gewig van getuienis daaraan sal verleen nie. Die hof sal wel met die versweë toestemming van die aanklaer mededelings omtrent versagende omstandighede wat op onbedigde hoorsê neerkom, van die balie af aanhoor en dit in oorweging neem, maar as daar wesenlike feite is en as die aanklaer enige daarvan betwis, is die aangewese weg om hulle by wyse van getuienis onder eed aan die hof voor te lê. Volgens Schmidt (1990:234) sal die versuim om dit te doen die kliënt erg benadeel.

Die feit dat artikel 274 (1) ('n Hof kan, voordat hy vonnis oplê, die getuienis aanhoor wat hy goedvind ten einde homself in te lig oor die gepaste straf op te lê) in reëlende eerder as gebiedende taal gestel is, beteken wel dat die hof getuienis kan aanhoor wat in die verhoorstadium ontoelaatbaar sou wees. Selfs andersins ontoelaatbaarbare hoorsê-getuienis word soms toegelaat (hoorsê is dikwels in die voorvonnisverslag van die forensiese kriminoloog onvermydelik), maar word dan versigtig benader en waar doenlik, moet bronne genoem word. In die praktyk word wesenlik verswarende feite nie in ag geneem as dit op hoorsê berus nie (Schmidt, 1990:235).

Artikel 277 (2) van die Strafproseswet, wet 51 1977 bepaal dat 'n hof wat by skuldigbevinding van 'n persoon aan moord, van oordeel is dat daar versagende omstandighede is, 'n ander vonnis as die doodstraf kan oplê. Vir die toepassing van hierdie bepaling word die verhoor in twee fases afgehandel. Eers word vasgestel of die persoon aan die

moord skuldig is. Indien wel, word nagegaan of daar versagtende omstandighede was. Ten opsigte van die tweede vraag rus die bewyslas op die beskuldigde. In hierdie verband speel die forensiese kriminoloog dan 'n integrale rol ten opsigte van versagtende omstandighede.

6.12 DIE TOELAATBAARHEID VAN OPINIES AS GETUIENIS

'n Aspek wat aandag verdien is die mate waarin 'n getuie (soos 'n forensiese kriminoloog) se opinie omtrent die feite waaroor die hof moet beslis, toelaatbaar is. Wanneer opinie as getuienis aangebied word, is die opinie nie 'n feit in geskil nie, maar getuienis oor 'n feit in geskil. Die opinie word soos enige getuienis viva voce in die hof afgelê. Dit kan byvoorbeeld nie van die balie af ingehandig word of sonder meer deur 'n getuie voorgelees en as 'n skriftelike stuk bewys word nie.

Volgens Schmidt (1990: 438) is die reël dat 'n getuie nie sy opinie aan die hof mag stel nie, maar slegs die feite wat waargeneem is. Daar bestaan wel twee uitsonderings op hierdie reël, naamlik:

- 'n deskundige kan sy opinie lewer oor 'n saak wat binne sy vakgebied val, en
- 'n leek kan sy opinie lewer oor 'n feit wat moeilik anders as deur middel van opinie beskryf kan word.

As die praktyk in oënskou geneem word, blyk dit dat opiniegetuienis eerder in die reël toelaatbaar as ontoelaatbaar is. Dit is ook geensins 'n ongewenste situasie nie. In beginsel behoort 'n opinie toelaatbaar te wees as dit relevant is, dit wil sê as dit tot 'n juiste feitebevinding kan bydra. Aan die ander kant moet ook sorg gedra word dat 'n misleidende opinie nie uitgespreek word nie. Volgens Schmidt (1990:432) het daar deur die jare sekere riglyne, wat as toelaatbaarheidsvereistes bestempel kan word, ontstaan, naamlik: die getuie moet bevoeg wees om die opinie te lewer. Dit is 'n basiese vereiste dat 'n getuie bevoeg moet wees om 'n opinie oor die betrokke

onderwerp uit te spreek. Die vraag na sy kwalifikasies word gewoonlik pertinent geopper wanneer hy 'n deskundige is.

Dit is 'n probleem om die kwalifikasies waaroor 'n persoon moet beskik om as deskundige te kwalifiseer, presies te enumereer. Vandaar die gesonde benadering dat die hof die diskresie het om in elke geval te besluit of die getuie as deskundige aanvaar word, al dan nie. Wat egter vasstaan is, of die getuie se kundigheid vanuit 'n teoretiese of vanuit 'n praktiese bron ontstaan, moet dit direk op die aangeleentheid waaroor hy getuig, betrekking hê. 'n Geneesheer wat byvoorbeeld oor 'n skietwond getuig, is op grond van sy mediese kennis nie ook 'n deskundige oor die vuurwapen waarmee die skoot afgevuur is of oor hoe ver die persoon wat die skoot afgevuur het, van sy slagoffer gestaan het nie. Die geneesheer sou wel op grond van die trajek wat die koeël in die slagoffer se liggaam gevolg het, kan getuig uit watter rigting die skoot afgevuur is. Vir die forensiese kriminoloog is dit dus noodsaaklik dat hy hom tot die kriminologie beperk en, tensy hy besondere kennis daaroor het, hom nie byvoorbeeld op die gebied van die sielkunde of die psigiatrie begewe nie. Hy moet liewer sodanige deskundige inroep. Hoe meer sielkundige kennis 'n kriminoloog egter het, hoe beter sal hy die sielkundige of die psigiater se getuienis verstaan, en kan hy dit tot voordeel van die strafoplegger met sy eie onafhanklike opinie integreer. Kriminoloë wat hulle in die kriminalistiek (Polisiekunde) verdiep het, kan op hierdie gebied 'n bydrae lewer. Die jongste Amerikaanse literatuur verwys toenemend na sodanige deskundiges as "criminalists" eerder as "criminologists" (Gitchoff, 1990:651). Schmidt (1990:438) verskil van die standpunt dat die deskundige se kennis beide van 'n teoretiese en praktiese aard kan wees, maar die voorbeelde wat hy aanhaal, weerspreek in 'n mate sy eie opvatting. In *Van Heerden v SA Pulp and Paper Industries Ltd.* 1945 (2) PHJ14 W het die hof 'n deskundige se getuienis verwerp omdat hy ontoereikende praktiese kennis van die onderwerp gehad het.

Die gronde vir die opinie moet vermeld word. As hierdie vereiste nagekom word, is dit, behalwe soms in die geval van deskundige getuienis, moeilik vir die hof om mislei te word, want die hof is dan in

staat om die redenasie van die getuie te kontroleer en desnoods sy opinie te verwerp.

Deskundige opinie-getuienis is, volgens Murphy (1980:225) toelaatbaar om aangeleenthede wat gespesialiseerde kennis vereis, te bewys. Dit geld wanneer die hof nie sonder die deskundige se opinie tot 'n behoorlike gevolgtrekking sal kan kom nie. Die belangrikste rede waarom deskundige opinie vir die hof aanvaarbaar kan wees, is omdat die deskundige se besondere ervaring en kennis op die betrokke gebied hom meer as die hof bevoeg maak om op sy vakgebied 'n oordeel te fel.

Die deskundige se getuienis word nie voorgelê om as plaasvervanger vir die oordeel, gesonde verstand of lewenservaring van die straftoemeter te dien nie (S v Nel 1990 (2) SASV 136 (K); S v Williams 1985 (1) SA 75 (K)). Die vereiste dat die hof ingelig moet word omtrent die gewens en soms die redenasieproses waarop die opinie berus, geld uiteraard ook in die geval van 'n deskundige getuie. Die deskundige se getuienis moet aan die feite van die saak gekoppel wees om van enige waarde vir die hof te wees. 'n Abstrakte teoretiese uiteensetting (soos byvoorbeeld oor epilepsie) is in S v Mngomezulu 1972 1 SA 797 A as nutteloos bevind. Eweneens word die gewig wat die hof aan 'n deskundige se getuienis toeken, verminder indien hy nie die gronde waarop die opinie gebasseer is, vir die hof uiteensit nie.

Hoewel die deskundige getuie se kennis van die betrokke onderwerp of vakgebied dikwels op hoorsê berus (mededelings in die lesingsaal, en in handboeke) moet die feite waarop hy sy kennis toepas, toelaatbare feite wees. Hy kan nie in dié opsig van hoorsê bronne gebruik maak nie.

Schmidt (1990:441) poneer dat die deskundige nie net bloot as geleibuis kan dien om 'n handboek se opinies aan die hof oor te dra nie. Hy moet persoonlik kennis dra van die onderwerp waaroor hy getuig en slegs die handboek gebruik om sy geheue te verfris of sy opinie mee toe te lig of te ondersteun, anders is sy getuienis hoorsê en sy opinie irrelevant. Die betroubaarheid van die handboek moet dus aan-

getoon word. Die blote feit dat 'n stelling in drukskrif verkondig en versprei word, maak dit nie betroubaar nie.

Die hof moet hom nie totaal aan die getuie se opinie onderwerp nie. Een van die redes wat vir die uitsluiting van opinie-getuienis aangevoer word, is dat dit die hof se funksie is om gevolgtrekkings uit die feite te maak en dat 'n getuie wat 'n opinie lewer hierdie funksie van die hof oorneem. Daaruit spruit voort wat soms die "ultimate issue doctrine" (Schmidt, 1990:433) genoem word. Die strekking daarvan is dat 'n opinie omtrent een van die uiteindelijke geskilpunte waaroor die hof moet beslis, ontoelaatbaar is, want die maak van afleidings oor hierdie geskilpunte (soos byvoorbeeld die vonnis van die beskuldigde) is die prerogatief van die hof en die getuie mag dit nie usurpeer nie. Die getuie moet egter gronde vir sy opinie gee in die gevalle waar 'n opinie wel toegelaat word, want as die hof nie oor die getuie se gegewens beskik nie, kan hy nie 'n selfstandige opinie vorm nie (Murphy, 1980:284).

Daar is wel een uitsondering op die reël dat die hof hom nie aan die opinie van die getuie mag onderwerp nie, en dit is die geval waar die getuie weens sy besondere kennis beter as die hof in staat is om 'n geskilpunt te beoordeel. Daar sal die hof hom noodwendig op die oordeel van so 'n deskundige getuie moet verlaat - hoewel hy steeds van sy kant sal probeer vasstel of daardie oordeel korrek is. Die hof moet egter oortuig wees dat die getuie bevoeg is om as deskundige oor die betrokke onderwerp te spreek, en die grondslag word gewoonlik gelê deur ondervraging van die getuie self, wanneer sy kwalifikasies en ervaring nagegaan word.

Daar is net een besondere oorweging wat die opinie-getuienis van 'n deskundige op eie grondslag plaas: dit is dat sy besondere ervaring en kennis hom meer bevoeg maak as die hof om op sy vakgebied 'n oordeel te fêl. Terwyl 'n leek se mening normaalweg irrelevant is, is die deskundige se mening relevant, want hy het inligting om mee te deel waaroor die hof nie beskik nie (Rothblatt, 1965:247).

6.13 INTEGRASIE VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG BY DIE REGSREËLS TEN OPSIGTE VAN DESKUNDIGE GETUIENIS

Die integreringsfunksie, wat verrig word wanneer oplossings van aanpassingsprobleme bereik word (sien in hierdie verband ook hoofstuk 7), sluit formele en informele beheermaatreëls oor samestellende komponente en individue in om hulle samewerking in die proses van doelbereiking en integrasie te verseker. In die voorafgaande paragraaf is die formele maatreëls wat al die komponente in die verloop van 'n strafverhoor beheer, bespreek. Die kriminoloog kan slegs binne daardie grense ("grondwet") funksioneer. Vervolgens word die toepassing van die reëls spesifiek op die forensiese kriminoloog, bespreek.

6.13.1 DIE DOEL EN FUNKSIES VAN VOORVONNISEVALUERING

Jacobs (1976:152) omskryf die doel en funksies van die voorvonnisondersoek soos volg: "... die voorvonnisondersoek (is) daarop gerig om die hof te help in sy oordeel van wie die oortreder is en wat die beste optrede teen hom sal wees. Dit bevat dus inligting wat in die algemeen nie by die bepaling van skuld of onskuld in aanmerking geneem word nie. Die inligting wat op hierdie wyse beskikbaar gestel word, is dus daarop gemik om die hof te help om die karakter en persoonlikheid van die beskuldigde te verstaan, om sy probleme en behoeftes bekend te maak, om lig te werp op sy maatskaplike omgewing en om die moontlike grondoorsake vir die pleeg van die misdaad bloot te lê. So gesien, moet die verslag dus as grondslag dien vir finale beslissing van die hof oor die wenslikheid al dan nie daarvan om die oortreder op proef te plaas."

Uiteraard het hierdie omskrywing betrekking op proefbeamptes (of maatskaplike werkers) gehad. Die forensiese kriminoloog se taak behels veral die voorstel van vonnisalternatiewe. Hierdie voorstel word ook gemaak op grond van 'n deeglike besinning oor wie die oortreder as mens is, en klem word op die oorsake van die misdaad gelê. In teorie behoort die forensiese kriminoloog vanweë sy vakspesialisasie beter

toegerus te wees om hierdie aspekte te hanteer as persone vanuit ander geesteswetenskappe, soos die sosiologie, die sielkunde en die maatskaplike werk. Daar is 'n verskil in die beklemtoning van die krimi-
noloog vis-á-vis die sielkundige, die sosioloog of die maatskaplike werker. Waar die benadering van die sielkundige vanuit 'n besondere psigologiese kennis tot menslike gedrag in die algemeen is, is die benadering van die kriminoloog multi-dissiplinêr (met sekere sielkundige, sosiologiese en antropologiese kennis) tot die spesifieke fenomeen, naamlik misdaad. Waar die sielkundige sy kennis van die persoon (die beskuldigde) beperk tot die psigologiese samestelling, met minder aandag aan die ander elemente van sy menswees; en die sosioloog insgelyks sy aandag meer op die sosiale omgewing van die oortreder toespits, met minder aandag aan die psigologiese samestelling, het die kriminoloog 'n holistiese benadering ten opsigte van die individueel-menslike faktore en ook die sosiale konteks wat 'n rol in misdaadveroor-saking, wat sy besondere spesialisasiegebied is, kan speel. Vir die kriminoloog is die misdaadverskynsel en die misdadiger van primêre belang, terwyl hy en sy daad vir die ander geesteswetenskappe een van 'n veelheid studie-objekte is.

Die benadering van die forensiese kriminoloog ten opsigte van voorvon-nisevaluering is dieselfde as die van byvoorbeeld die maatskaplike werker, proefbeampte of sielkundige, maar in die opleiding van vooraf-genoemde word nie gespesialiseerde aandag aan misdadige gedrag per se gegee nie. Die forensiese kriminoloog benader gedrag vanuit die per-spektief dat die gemeenskap daardie gedrag as afwykend beskou en dat die oortreder 'n besluit kan neem ten opsigte daarvan of hy aan die afwykende gedrag wil deelneem of nie. Die basiese benadering van die forensiese kriminoloog is dus dat hy op 'n objektiewe wyse pogings aanwend om die misdaad te verklaar en ook watter waarde geheg moet word aan die faktore wat hierdie gedrag kon beïnvloed het.

Die belangrikste bydrae van die forensiese kriminoloog is om die redes vir oortreders se gedrag uiteen te sit en om die hof in die besluit of hierdie redes versagtend of verswarend is, te fasiliteer. Die foren-siese kriminoloog kan, ter verdediging van die beskuldigde, versagten-

de faktore wat betrekking op die oortreder het, voor die hof lê. Dit is verder ook die plig van die ware objektiewe wetenskaplike om faktore wat deur die hof as verswarend beskou kan word, aan te dui. Hierdie faktore vorm immers ook deel van die oorwegingsproses by vonnisoplegging. Die forensiese kriminoloog kan ook vir die staat optree, waar sodanige optrede waarskynlik tot 'n swaarder straf kan lei.

6.13.2. DIE BEGRIP VERSAGTENDE FAKTORE

Du Toit (1981:49) onderskei tussen die begrippe versagtende faktore en versagtende omstandighede: "... versagtende **faktore**, anders as versagtende **omstandighede**, (is) nie beperk tot "feite" wat die subjektiewe gemoed van die beskuldigde ten tyde van die pleging van die misdryf dusdanig aangetas het dat hy daardeur met mindere verwyte bejeën word nie." Versagtende faktore strek veel verder as versagtende omstandighede en word regtens nie net aangetref in die veld wat suiwer betrekking op die subjektiewe gemoed van die oortreder ten tyde van die pleging van die misdaad het nie. Versagtende faktore is **alle** faktore of feite wat ter sake is by die bepaling van die morele verwytbaarheid van die beskuldigde en vasstelling van die laakbaarheid van sy daad. Hierdie faktore kan objektief wees - dit wil sê betrekking hê op die misdaad en die pleging daarvan, én subjektief, wat beteken dat dit verband hou met die gemoed van die oortreder toe die misdaad gepleeg is. Beide tipes feite kan versagting op die vonnis inwerk - dit word dus as versagtende faktore beskou.

Die versagtende uitwerking van 'n faktor word daaraan toegeskryf dat dit die morele verwytbaarheid van die beskuldigde as oortreder verminder en/of die laakbaarheid van sy daad verklein. As gevolg van die verminderde verwytbaarheid of laakbaarheid kan die regspreker dan 'n ligter, of 'sagter' vonnis uitmeet. Versagtende faktore werk dus op verminderende wyse op die graad van verwytbaarheid van die beskuldigde en laakbaarheid van die misdryf in. Of 'n faktor 'n versagtende faktor is, is uiteraard 'n vraag waarvoor slegs die verhoorhof in sy ongebonde diskresie sal oordeel na aanleiding van al die relevante feite van die betrokke saak.

Du Toit (1981:50) poneer dat, anders as in die geval van versagtende omstandighede, is daar nie in die geval van versagtende faktore van 'n onus in die ware sin van die woord sprake nie. Die beskuldigde dra nie 'n bewyslas om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat versagtende faktore aanwesig is nie. Dit is egter wel sy taak om deur voldoende en aanvaarbare getuienis aan te toon dat versagtende faktore bestaan. Een manier waarop die beskuldigde dit kan doen, is dan om van die dienste van 'n forensiese kriminoloog gebruik te maak.

6.13.3 DIE BEGRIP VERSWARENDE FAKTORE

Verswarende faktore is nie beperk tot die een of ander misdryf nie, maar is deel van die oorwegingsproses by vonnisoplegging ten aansien van alle misdrywe. Die begrip verswarende faktore het betrekking op daardie deel van die materiaal wat tydens straftoemeting oorweging geniet en verswarend op die vonnis inwerk. Verswarende faktore gee normaalweg aanleiding tot 'n swaarder vonnis, omdat

- die morele verwythbaarheid van die beskuldigde vergroot of verdiep;
- die morele verwythbaarheid van die oortreder in die oë van die gemeenskap vergroot; en
- die laakbaarheid van die beskuldigde se daad vergroot (Du Toit, 1981:85).

Verswarende faktore kan uiteraard verband hou met die gemoed van die beskuldigde ten tyde van die pleging van die misdaad, maar word ook in die objektiewe feite rondom die misdryf self aangetref. Dit kan 'n persoonlike faktor van die beskuldigde wees wat verband met die aard en die omvang van die misdaad hou, asook 'n faktor wat aangetref word in die belang van die gemeenskap. Die verswarende uitwerking van 'n faktor word daaraan toegeskryf dat die morele verwythbaarheid van die beskuldigde as oortreder vergroot en/of die laakbaarheid van sy misdaad in die algemeen verdiep.

Ook in hierdie verband is dit in die verhoorhof se ongebonde diskresie

om te bepaal of 'n faktor verswarend is, sowel as die graad van verswaring wat 'n gevolg op die vonnis sal hê. Die staat dra nie 'n onus om verswarende omstandighede te bewys nie, maar daar rus wel 'n las op die staat om deur middel van getuienis wat hy as ter sake by straf-toemeting beskou, voor te lê. Dit is dus die taak van die staat om relevante verswarende faktore deur voldoende en aanvaarbare getuienis op rekord te plaas. Die forensiese kriminoloog kan 'n bydrae lewer, nie bloot deur ter wille van 'n swaarder vonnis nie, maar veral ter bereiking van 'n gepaste (geïndividualiseerde) straf.

6.13.4 SPESIFIEKE FAKTORE WAT DEUR DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG TEN OPSIGTE VAN VOORVONNISEVALUERING IN AG GENEEM MOET WORD

Dit is voor die handliggend dat talryke faktore as versagtende of verswarende faktore by vonnisoplegging kan geld. Volgens Du Toit (1881:52) kan geen uitsluitende lys van sodanige faktore opgestel word nie, maar het daar deur die jare wel erkende versagtende en verswarende faktore in die praktyk ontwikkel. In Suid-Afrika het dit die gebruik geword om faktore of feite wat op die vonnis betrekking het, in drie kategorieë in te deel, naamlik:

- die persoonlike of subjektiewe faktore rakende die beskuldigde (die misdadiger);
- die aard en omvang van die misdryf (die misdaad); en
- die belange van die gemeenskap.

Tans word die benadering nog grootliks gevolg dat versagtende faktore slegs (of hoofsaaklik) bestaan uit die persoonlike faktore van die beskuldigde, terwyl die verswarende faktore te vinde is in die aard en omvang van die misdaad en die belange van die gemeenskap. Du Toit (1981:53) argumenteer egter dat hierdie benadering foutief is, omdat verswarende en versagtende faktore in al drie die kategorieë te vinde is. In hierdie verband haal hy hoofregter Rumpff aan wat vanaf 1969 reeds verskeie male aangedui het dat balans tussen die drie basiese oorwegings van belang is en dat die een nie ten koste van die ander benadruk behoort te word nie. Die hoofregter het ook aangedui dat 'n

basiese oorweging, soos byvoorbeeld die belange van die gemeenskap, in een saak kan vereis dat die beskuldigde gevangenisstraf ondergaan, maar in 'n ander saak weer kan vereis dat 'n totale opgeskorte vonnis opgelê word. Aldus kan enige van die drie basiese oorwegings versag-tend of verswarend op die vonnis inwerk.

In *S v Scheepers en ander* (bylae 5) het die regter byvoorbeeld die huislike agtergrond van al vier die beskuldiges wat deur die foren-siese kriminoloog uiteengesit is, as verswarend beskou. Die forensie-se kriminoloog kon geen kriminogene faktore in die gesinsagtergrond van die oortreders vind nie, aangesien al vier die oortreders uit funksioneel en struktureel normale gesinne kom. Navorsers het dus ook bevind dat versagtende en verswarende omstandighede nie slegs tot een kategorie beperk is nie.

6.13.5 PERSOONLIKE FAKTORE VAN DIE BESKULDIGDE

Wanneer 'n voorvonnis-evalueringsverslag opgestel word, moet die foren-siese kriminoloog aandag aan die volgende faktore gee, naamlik:

Die verhoorhof moet die beskuldigde wat voor hom verskyn, straf, en niemand anders nie. Daarom sal die besondere persoonlike faktore van die **beskuldigde** van groot belang wees wanneer oor 'n gepaste straf beslis moet word. Die verhoorhof sal altyd op die hoogte moet wees van die besondere en individuele faktore van die oortreder, omdat deeglike kennis van die **persoon** van die beskuldigde onontbeerlik is vir geïndividualiseerde straftoemeting. Individualisering is sonder inagneming en kennis van die beskuldigde se persoonlike faktore en feite nie moontlik nie, en sal vonnisoplegging nie regverdig wees nie. Uiteraard kan persoonlike faktore van die beskuldigde verskeie vorme aanneem, maar almal het een gemeenskaplike eienskap: naamlik dat dit deel uitmaak van die algemene persoonlikheid van die oortreder se besondere samestelling. Die afsonderlike omstandighede wat aandag moet geniet, is die volgende:

- Die ouderdom van die beskuldigde.
- Die karakter van die beskuldigde (eerste oortreder al dan nie).
- Die gesondheidstoestand en fisieke voorkoms van die beskuldigde.
- Verantwoordelikheid teenoor gesin/afhanklikes.
- Posisie in die gesin.
- Beroepslewe (indien van toepassing).
- Algemene agtergrond/sosiale status.
- Geestesgesteldheid (indien daar geestesgebreke vermoed word, moet die hulp van 'n sielkundige of psigiater ingeroep word om die nodige diagnose te maak).
- Inname van drank of dwelmmiddels.
- Die motivering tot die daad.
- Moontlike provokasie (die rol van die slagoffer).
- Moontlike emosionele konflik.
- Intelligensie (indien daar 'n vermoede bestaan dat die beskuldigde oor sub-normale verstandelike vermoëns beskik, moet 'n korrekte meting deur 'n deskundige gedoen word alvorens die forensiese kriminoloog hierdie faktor ter versagting mag aanbied).
- Die moontlikheid van dwang of intimidasie.
- Berou (of pleit van skuldig).
- Regsonkunde.
- Geloof in towerkuns.
- Beïnvloeding deur 'n ander.
- Vergoeding/herstel deur die beskuldigde.
- Graad van deelname deur die beskuldigde.
- Die graad van voorsienbaarheid.
- Die rehabilitasie-moontlikhede van die beskuldigde.
- Enige ander relevante persoonlike faktore. Die forensiese kriminoloog gee ook aandag aan die invloed van die kinderjare, die huidige gesinslewe, vryetydsbesteding, waar van toepassing, skoolervarings, invloede van subkulture of bendes, gevaarlikheidsvoorspelling en ander faktore wat op elke besondere geval van toepassing mag wees en wat die besondere persoon se handelwyse kon beïnvloed het en tiperend van sy persoonlike lewensfeer is. Die verhoorhof sal dan die nodige regterlike, redelike en

gebalanseerde oorweging ten opsigte van vonnistoemeting daaraan skenk.

Du Toit (1981:78) meen dat die versagtende uitwerking van elke faktor uiteraard van die invloed wat dit by die bepaling van die morele verwyttbaarheid van die beskuldigde, asook die laakbaarheid van sy oortreding het, sal afhang.

Betreffende die aard, omvang en wyse waarop die misdaad gepleeg is, moet die forensiese kriminoloog aandag aan die volgende gee, naamlik:

- Die erns van die daad.
- Die deelname van die besondere beskuldigde.
- Die gevolge van die misdaad.
- Die motivering (voorbedagte rade of beplanning).

Belange van die gemeenskap en 'n swaarder straf word dikwels saam beskou. Die belange van die gemeenskap kan wel in sommige gevalle tot 'n swaarder straf lei, maar dit is die taak van die forensiese kriminoloog om vas te stel of 'n alternatief tot gevangenisstraf nie die belange van die gemeenskap beter sou kon dien nie.

In hierdie verband moet die voorvonnisevaluering aandag aan die volgende faktore gee, naamlik:

- Indien gevangenisstraf betrokke is, moet die positiewe en behoudende elemente (soos sy werk en gesinslewe) uitgelig word aangesien dit belangrik in die toekomstige weerhouding van residivisme kan wees.
- 'n Alternatief tot gevangenisstraf wat byvoorbeeld verpligte terapie insluit kan die oortreder se geestes- of liggaamlike probleme oplos. Verder kan dit tot sy eie voordeel sowel as die van die gemeenskap aangewend word.
- 'n Alternatief tot gevangenisstraf, of 'n korter termyn gevangenisstraf wat om welke rede ookal die gemeenskap beter sal dien as die swaarder vonnis.

6.13.6 VERSWARENDE OMSTANDIGHEDE

Volgens Hiemstra (1977:477) lê dit voor die hand dat die volgende faktore strafverswarend by vonnisoplegging kan inwerk, naamlik:

- Vorige veroordelings, altans weens dieselfde of soortgelyke misdaad, kan uiters verswarend op 'n vonnis inwerk. Dit dui daarop dat vorige straf ontoereikend was om die oortreder tot inkeer te bring. Selfs al was dit 'n geringe misdaad, sal 'n herhaling daarvan na die waarskuwing van die vroeëre vonnis, 'n swaar straf regverdig. Dit is ook van belang om daarop te let dat wanneer 'n beskuldigde wat ernstige en talryke vorige veroordelings het, tog daarin geslaag het om 'n lang tyd uit die moeilikheid te bly, dit 'n belangrike oorweging vir genade is. Selfs al was hy 'n groot deel van die tyd in die gevangenis, is dit nogtans van belang, aangesien misdade ook in die gevangenis gepleeg word.
- Die misdaad wat met voorbedagte rade gepleeg is, word veel swaarder gestraf as die een wat in 'n onbesonne oomblik of in die hitte van emosie begaan word. 'n Misdaad wat oor 'n lang tyd telkens herhaal word, soos planmatige bedrog, kan ook swaarder gestraf word.
- Die ingevaarstel van ander se lewens is uiters verswarend, soos byvoorbeeld die veroorsaking van 'n bomontploffing. Die strafmotief wat in sodanige gevalle by vonnisoplegging geld, is veral afskrikking vir ander om soortgelyke misdade te pleeg.
- Die gevaar dat die beskuldigde in die toekoms 'n ernstige misdaad kan herhaal, word ook by vonnisoplegging in ag geneem, maar selfs in sodanige gevalle moet billikheid teenoor die individu opgeweeg word teen die noodsaaklikheid daarvan om die publiek te beskerm (Hiemstra, 1977:479).
- Waar 'n dader gehandel het in die volle besef dat hy 'n menslike lewe in gevaar stel, is dit verswarend. Waar 'n lewe werklik

geneem is, werk dit verswarend selfs al is dit slegs as gevolg van nalatig geneem.

- Die motief waarmee die daad gepleeg is, sal bepaal hoe swaar die straf moet wees. Waar die veiligheid van die gemeenskap of die staat betrokke is, kan van die hoogste vonnisse opgelê word - soos byvoorbeeld in die geval van sabotasie.
- Wanneer 'n misdaad veelvuldig voorkom of ernstig toeneem, is dit geoorloof om dit te probeer bestry met swaarder vonnisse. 'n Individu behoort egter nie slegs as "voorbeeld" swaar gestraf te word nie.
- Wanneer 'n persoon in 'n vertrouensposisie in sy werk was en hiervan misbruik gemaak het, sal hy swaarder gestraf word.
- Wanneer die slagoffer van die misdaad weerloos is, byvoorbeeld 'n kind, 'n bejaarde of 'n gestremde persoon, kan daar uit deernis met die slagoffer met afkeer reageer word.

6.14 DIE OPSTEL VAN DIE VOORVONNISEVALUERINGSVERSLAG (BINNE DIE GRENSE VAN DIE REG)

Die voorafgaande bespreking het aangedui dat die forensiese kriminoloog kennis moet dra van die vereistes wat die reg stel ten opsigte van deskundige getuienislerwing en die uitspreek van 'n opinie. Slegs met daardie kennis sal die forensiese kriminoloog met die strafregstelsel kan integreer en sodoende aan 'n funksionele imperatief voldoen. Benewens die feit dat kennis gedra moet word oor die algemeen geldende reëls en beginsels, sowel as die doelwitte van die strafregstelsel, is dit noodsaaklik dat die deskundige getuie absolute duidelikheid oor sy instruksies met betrekking tot die spesifieke opdrag het.

Die voorvonnisevalueringsverslag word opgestel met die doel om as

instrument te dien om die vonnisopleggingstaak van die vonnisoplegger te fasiliteer. Inderwaarheid is dit dikwels die enigste hulpmiddel wat prakties, objektief en wetenskaplik gefundeer is wat tot die hof se beskikking met betrekking tot die uitmeet van 'n geïndividualiseerde straf is. Die redes daarvoor is omdat dit 'n in-diepte verslag is wat onder andere die volgende funksies moet verrig, naamlik:

- om aan die hof 'n geheelbeeld van die oortreder en sy probleem-situasies te verskaf;
- om die hof te help in sy besluitneming van wat die gewenste optrede onder spesifieke omstandighede sal wees;
- om as basis vir die voortgesette behandeling van die oortreder te dien;
- om die inhoud van die verslag sodanig aan te bied dat dit as bron van inligting aangewend kan word in die voorbereiding en beplanning van die oortreder se behandelingsprogram.

6.14.1 BASIESE BEGINSELS TEN OPSIGTE VAN 'N VOORVONNISEVALUERINGSVERSLAG

Die verslag self moet op die volgende basiese beginsels berus, naamlik:

- Buigsaamheid. Hierdie beginsel bepaal dat elke oortreder en sy omstandighede uniek is.
- Relevansie. Slegs relevante inligting moet weergegee word.
- Wetenskaplikheid. Verder moet die verslag aan die vereistes van absolute eerlikheid, korrektheid van inligting en betroubaarheid voldoen.
- Vertroulikheid. Die verslag bevat gewoonlik persoonlike en intieme besonderhede omtrent die oortreder. Die inhoud daarvan moet dus vertroulik hanteer word alvorens dit in 'n ope hof voorgelê word.
- Objektiviteit. Die inhoud van die verslag moet 'n ware en getroue weergawe van die ware omstandighede van die oortreder wees.
- Die forensiese kriminoloog moet die voorskrifte van die hof volg

en alle moontlike pogings aanwend om die opdraggewende regspraktisyns se wense ten opsigte van die formaat van die verslag na te kom. Die deskundige moet tevrede wees met elke stelling wat in die evalueringsverslag gemaak word - hy moet sy standpunte onder kruisverhoor kan verdedig. Indien die regspraktisyns veranderinge aan die verslag voorstel, moet die deskundige slegs sodanige veranderinge aanbring wat hy bereid is om onder eed en kruisverhoor te verdedig.

6.14.2 DIE UITEENSETTING VAN DIE VERSLAG

Die formele regsreëls is die parameters waarbinne die formele optrede van die forensiese kriminoloog gerig word. Die opstel van 'n voorvonnisevalueringsverslag is 'n informele beheermaatreël: hoewel daar geen formele riglyne bestaan vir die opstel en formaat van sodanige verslag nie, is dit nodig dat die forensiese kriminoloog sekere beginsels en maatstawwe handhaaf om kredietwaardigheid, en dus integrasie, te bewerkstellig.

Dit is nie moontlik om 'n model riglyn ten opsigte van die uiteensetting van kriminologiese voorvonnisevalueringsverslae te gee nie, aangesien elke oortreder en elke misdaad oor unieke eienskappe sal beskik en van elke ander oortreder en oortreding sal verskil. Daar is egter sekere essensiële vereistes waaraan in alle verslae voldoen moet word, naamlik: '

6.14.2.1 DEKBLADBESONDERHEDE

Die dekblad moet volledige, relevante, besonderhede van die deskundige getuie bevat. Dit is 'n opsommende curriculum vitae, waarin besonderhede soos kwalifikasies en ervaring, beroep, lidmaatskap van professionele verenigings en rade, status binne eie vakgebied, publikasies, deelname aan simposia en vakverwante bedrywighede uiteengesit word. Die deskundige se naam en posadres, asook telefoonnommers moet bygevoeg word.

6.14.2.2 INLEIDING TOT VERSLAG

Ter inleiding moet daar vermeld word wie die opdrag vir die voorvonnisevaluering gegee het. Daarna verduidelik die deskundige presies hoe 'n forensiese kriminoloog die evaluering benader en watter aspekte in die verslag aandag gaan geniet. 'n Noukeurige uiteensetting van die wyse waarop inligting versamel is, byvoorbeeld hoeveel onderhoude met watter persone gevoer is, waar die onderhoude gevoer is en wie teenwoordig was, asook hoe lank elke onderhoud geduur het.

6.14.2.3 DIE INHOUD VAN DIE VERSLAG

Die volgende aspekte moet, ongeag die aard van die oortreding, aandag geniet, naamlik:

- Identifiserende besonderhede - alle persoonlike gegewens ten opsigte van die oortreder.
- Gesinsagtergrond.
- Skoolagtergrond.
- Vryetydsbesteding.
- Beroepservaring.
- Huidige gesinsagtergrond.
- Status in die gemeenskap.
- Gesondheidstoestand.
- Die misdaad self.
- Die slagoffer van die misdaad.
- Misdaadverklarings - die feite van die verslag word met misdaadverklaringsteorieë in verband gebring en elke toepaslike teorie word uiteengesit en op die besondere misdaad en misdadiger toegepas.
- Berou.
- Gevolgtrekking/aanbevelings ten opsigte van 'n gepaste vonnis.
- 'n Volledige bibliografie.
- Die verslag moet geteken en gedateer word.

6.14.2.4 AANBIEDING VAN DIE VERSLAG

Die verslag moet maklik lees en in gewone, keurige taal (verkieslik in die landstaal wat die kliënt besig), geskryf word: "Jargon must be avoided and all technical terms must be explained simply and clearly" (Reynolds & King, 1988:112). Daar moet 'n logiese volgorde wees waarin elke afdeling tot die volgende lei. Verder behoort elke afdeling van 'n opskrif voorsien te word en alle bladsye moet duidelik genommer word.

6.15 PROSEDURE NA VOLTOOING VAN DIE VOORVONNISEVALUERING

Sodra die verslag voltooi is, word dit aan die regspraktisyns voorgelê. Die regspraktisyns behoort nie deel te hê aan die skryf van die verslag nie. Hulle taak is om die deskundige ten opsigte van regsaspekte en getuienis te adviseer. Die deskundige kan egter die regspraktisyns adviseer oor kriminogene aspekte en kriminologiese teorie, waaroor hulle moontlik min kennis dra. Reynolds en King (1988:111) waarsku dat indien 'n deskundige sterk standpunt oor sekere sake inneem en dit so in die verslag gestel het, hy versigtig moet wees oor veranderings van opinie: "He should not be tempted in any way to say things simply to please his client or the lawyers and he should, as a matter of duty, resist any attempt to change his evidence for the sake of tactics. There is a grave danger that if he does so, he will regret it when he stands in the witness box under cross-examination, having sworn to tell the truth, the whole truth and nothing but the truth."

Indien die regspraktisyns waarsku dat sekere stellings die deskundige kwesbaar onder kruisverhoor sal maak omdat die getuienis twyfelagtig blyk te wees, dit raadsaam sal wees om sodanige stellings uit te laat en liever te konsentreer op aspekte wat aanvaarbaar is en deur middel van getuienis bewys kan word. Dit berus op die diskresie van die regspraktisyns of die verslag, voor die deskundige se getuienis, aan die staatsaanklaer en die voorsittende beampte beskikbaar gestel moet

word. (Wanneer die verslag lank en ingewikkeld is, word die verslag gewoonlik vroeër ingehandig sodat die staat op kruisondervraging kan voorberei).

6.16 VOORBEREIDING VIR DIE HOF

Die forensiese kriminoloog moet deeglik met die opdraggewende regspraktisyns konsulteer alvorens getuienis gelewer word. Verkieslik moet die deskundige soveel as moontlik van die verhoor bywoon. Indien die opdrag vir 'n voorvonnisevaluering vóór uitspraak ontvang is, is dit wenslik om die uitspraak by te woon en om daarna met die regspraktisyns en die kliënt te konsulteer ten einde die uitspraak deeglik te ontleed.

Verskeie gesaghebbendes (Nietzel & Dillehay, 1986: 109; Reynolds & King, 1988:119; Gitchoff, 1990:645; Blau, 1984:26) voorsien riglyne vir die optrede van deskundige getuies. Hoewel hierdie riglyne van toepassing op proefbeamptes, medici en sielkundiges gemaak is, kan die riglyne met vrug deur die forensiese kriminoloog gevolg word. Die riglyne is die volgende:

- Daar moet onthou word dat dit die deskundige se plig is om 'n eerlike, bondige en duidelike siening oor die saak weer te gee.
- Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat alle moontlike vrae onder kruisondervraging beantwoord kan word.
- 'n Deel van die deskundige se verpligting is om die regspraktisyns by te staan ten tye van die verhoor om moontlike vrae wat aan die ander party se getuies gevra kan word, te verskaf.
- Na die neem van die eed mag die deskundige met niemand, insluitend die regspraktisyns en die kliënt, praat, alvorens die getuienis afgehandel is nie.
- Beantwoord slegs die vraag wat gevra word en moet nooit inligting verskaf tensy uitdruklik daarvoor gevra word nie.
- Die verslag moet noukeurig, reël vir reël gelees word en elke vraag moet noukeurig en geduldig beantwoord word. Daar mag na

handboeke, wetenskaplike artikels en so meer verwys word. Hierdie bronne moet beskikbaar gehou word sodat die hof insae daarin kan hê indien die versoek gerig word.

- Wanneer getuienis gelewer word, word die regspreker direk aangespreek, en nie die persoon wat die vraag gevra het nie. (Hou die regter of landdros dop en gee hulle geleentheid om nota's af te neem).

Geen deskundige sal veel in 'n hof bereik, al is die verslag ook hoe duidelik, georganiseerd en effektief ten opsigte van die oordra van idees, as die getuie nie kredietwaardig en betroubaar is nie. Nietzel en Dillehay (1986:128) definieer kredietwaardigheid as "... expertness and trustworthiness, vital to the effectiveness of testimony."

Inkonsekwentheid in getuienis kan kredietwaardigheid afbreek. Die deskundige moet voortdurend pogings aanwend om steeds die logiese inhoud van kommunikasie te verbeter, om betekenis duidelik oor te dra, en om inkonsekwenthede uit te skakel. Ander faktore wat kredietwaardigheid kan verminder, is styl van oordrag (byvoorbeeld om te haastig en onduidelik te lees, disrespek teenoor die hof te betoon deur nie professioneel aangetrek te wees nie, deur nie die hof korrek aan te spreek nie, deur nie te wag vir die aanklaer om sy vraag klaar te stel nie, deur 'n meerderwaardige houding aan te slaan). Uiteraard sal die verdraaiing van feite, onwaarhede, valse stellings en oordrywings veroorsaak dat die getuie se kredietwaardigheid verlore gaan.

6.17 SLOT

Die forensiese kriminoloog kan die regspleger op 'n unieke wyse bystaan om 'n regverdige, toepaslike (dus geïndividualiseerde) vonnis uit te meet. Die bydrae kan egter misluk indien die deskundige nie 'n basiese kennis van die reëls waarbinne hy funksioneer, dra nie. Die formele reëls word deur die reg bepaal. Ook die informele reëls, soos die opstel van die voorvonnisevalueringverslag en die houding van die

deskundige in die hof, moet steeds binne die oorkoepelende regsreëls val. Die mees omvattende en besvoorbereide voorvonnisevaluering kan waardeloos wees indien die deskundige nie daarin slaag om kredietwaardigheid te bewys nie, of indien die forensiese kriminoloog buite die reëls van die reg optree. Om by die reëls te hou, bevorder interne, wedersydse aanpasbaarheid tussen al die komponente van die strafregspiegingsstelsel, wat integrasie ('n funksionele voorvereiste) bewerkstellig.

HOOFSTUK 7**AANPASSING AS FUNKSIONELE IMPERATIEF VIR DIE SISTEEM VAN DESKUNDIGE
GETUIENISLEWERING DEUR FORENSIESE KRIMINOLOË BY STRAFTOEMETING
IN SUID-AFRIKAANSE STRAFHOWE****7.1 INLEIDING**

Die funksionele imperatiewe, of funksionele voorvereistes wat Talcott Parsons aan 'n sisteem stel, is nie net op sosiale organisasies van toepassing nie, maar ook op individuele akteurs in die sisteem (Cuff & Payne, 1979:35).

Sisteme is hiërargies georganiseer, selfregulerend, geneig tot interne harmonie en konstant in 'n poging om 'n standvastige verhouding tussen die sisteem en die omgewing te bewerkstellig (Brownstein, 1982:1). Elke komponent van die sisteem bestaan uit 'n pluraliteit van akteurs, byvoorbeeld, die akteurs in die strafhof is die regter of landdros wat die straf toemeet, die staatsaanklaer, die beskuldigde en sy verdedigingspan, en die getuies. Hulle is in direkte interaksie met mekaar in 'n situasie waarbinne hulle in die nastrewing van bepaalde doelwitte gemotiveer handel om sekere bevredigings, soos om misdaad te beheer, te verkry (sien hoofstuk 5). Hulle interaksies en onderlinge verhoudings funksioneer in terme van 'n sisteem van kultureel gestruktureerde en gedeelde simbole.

Enige sosiale sisteem moet by sy sosiale en nie-sosiale omgewing aanpas. Volgens Parsons (Johnson, 1971:53) vervul die ekonomiese sisteem, byvoorbeeld, in soverre dit die gemeenskap aangaan, hierdie behoefte. Dit beheer gedeeltelik die omgewing en pas gedeeltelik

daarby aan. Elke 'permanente' sosiale sisteem, selfs die wat kleiner as 'n totale samelewing is, beskik oor werksverdeling. Roldifferensiasie blyk noodsaaklik vir die produksie van goedere en die voorsiening van dienste te wees. Selfs indien elke persoon die kennis en vaardighede sou kon opdoen om diverse take mee uit te voer, sal daar steeds roldifferensiasie wees, want geen enkele persoon kan gelyktydig al die take wat uitgevoer moet word, verrig nie. Parsons argumenteer verder dat " ... role differentiation also makes possible a higher average degree of skill than would otherwise be possible." (Johnson, 1972:53). (Sien par. 6.4).

Voordat die forensiese kriminoloog op die toneel verskyn het, was die hof by vonnisoplegging aangewese op die getuienis van deskundiges op gebiede soos die sielkunde, sosiologie en maatskaplike werk. Nie een van hierdie deskundiges se spesialisingsgebied was die mens as misdadiger per se nie. Die forensiese kriminoloog daarenteen is juis 'n spesialis op die gebied.

Uit voorafgaande blyk dit dat, wanneer die rol van die forensiese kriminoloog by straftoemeting ontleed word, en indien die kriminoloog sy taak kundig uitvoer, daardie kennis en vaardighede tot die voordeel van alle akteurs in die strafsisteem kan strek. Waar 'n sosiale item soos 'n reël of amp in 'n lewenskragtige sisteem voorkom, en waar hierdie item funksioneel geïntegreer is, beteken dit dus dat positiewe bydraes tot die sisteem gelewer word.

In paragraaf 4.9 is aangedui watter komponente van die hofproses saam met die forensiese kriminoloog by die verhoor van 'n misdadiger onderskei kan word en tot mekaar in wedersydse wisselwerking staan. Dit is die taak van die forensiese kriminoloog om die behoeftes van elkeen van daardie komponente, naamlik die voorsittende beampte, die staatsaanklaer en diegene wat hom by die vervolging van die oortreder bystaan, die beskuldigde en sy regsvertegenwoordigers, en die ander getuies aan te pas in die sin waarin aanpassing deur Parsons bedoel word. Hierdie aspekte sal nou in oënskou geneem word.

7.2 AANPASSING VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG BY DIE BEHOEFTE VAN DIE KLIËNT

Een van die onfeilbaarste toetse ten opsigte van die beskawingspeil van 'n land is die wyse waarop die gemeenskap misdaad en misdadigers benader. In hierdie verband kan die woorde van Winston Churchill aangehaal word: " A calm and dispassionate recognition of the rights of the accused against the State, and even of convicted criminals against the State, a constant heart-searching by all charged with the duty of punishment, a desire and eagerness to rehabilitate in the world of industry all those who have paid their dues in the hard coinage of punishment, tireless efforts towards the discovery of curative and regenerating processes, and an unfaltering faith that there is a treasure, if you can only find it, in the heart of every man - these are the symbols which in the treatment of crime and criminals mark and measure the stored-up strength of a nation, and are the sign and proof of the living virtue in it" (Du Toit, 1981:viii).

Die forensiese kriminoloog het 'n verantwoordelikheid teenoor die oortreder wat 'n kliënt word. Daar is 'n nuwe verantwoordelikeheidsgevoel teenoor die misdadigers in ons land aan die ontwaak, en 'n eens verwaarloosde stadium van die strafverhoor begin toenemend verdiende en gesofistikeerde aandag geniet. Daarom behoort die forensiese kriminoloog daarna te strew om effektiewe straftoemeting te fasiliteer. Een van die doelwitte van straf is dat die beskerming van die gemeenskap in ag geneem sal word en dat dit ook tot voordeel van die gemeenskap toegepas sal word. Die oortreder is ook 'n lid van die gemeenskap en in die verband poneer Gardiner (in Du Toit, 1981:ix) dat dit maklik is om die rug op diegene wat aan misdaad skuldig bevind is, te draai en dat die gemeenskap oor die algemeen die strafsisteem het wat hy, vanweë sy belangstelling in die onderwerp, verdien.

In Hoofstuk 6 word die reëls wat al die akteurs in die hof se aktiwiteite ten opsigte van vonnistoemeting rig, meer volledig uiteengesit. In hierdie verband word die forensiese kriminoloog se aanpassing by daardie reëls nader toegelig. Alvorens die hof 'n vonnis oplê, het

die beskuldigde die reg om die hof toe te spreek met betrekking tot vonnis. Die reg om die verhoorhof ná skuldigbevinding en voor vonnisoplegging toe te spreek, is nie 'n onbeperkte reg nie. Die hof kan toegesprek word oor getuienis wat ten opsigte van vonnis aangebied is en, ten tweede, betreffende die aangeleentheid van vonnis in die algemeen.

Regter Van Dijkhorst (S v De Villiers, 1990:39) poneer dat die opinie van die deskundige slegs vir die hof van betekenis kan wees indien dit behoorlik gemotiveer is en genoeg besonderhede bevat om aan die hof die geleentheid te bied om dit te evalueer. In aansluiting hierby meen Milne (in S v Ramgobin 1986 (4) SA 117 (N)) dat, wanneer 'n deskundige getuienis in 'n hof lewer, dit klaarblyklik onvoldoende is indien hy bloot in algemene terme na die aard van sy ondersoek verwys en nie duidelik stel hoe hy tot sekere gevolgtrekkings geraak het nie. Die deskundige moet in besonderheid beskryf hoe hy tot 'n slotsom gekom het en hy moet verder ook 'n akkurate beskrywing van die stappe wat met die ondersoek gevolg is, gee.

Die uitsprake van bogenoemde twee regters toon dat die deskundige getuie, om 'n aanvaarbare opinie in die hof aangaande die omstandighede van die beskuldigde uit te spreek, homself deeglik moet voorberei. Indien die deskundige se opinie verwerp word omdat daar nie behoorlike verslag gedoen is nie, het die getuie in die eerste instansie nie by die behoefte van die beskuldigde aangepas nie. Daar is dan ook nie by die behoefte van die regspreker aangepas nie (sien par. 6.14).

Die dilemma van die forensiese kriminoloog is dat daar, minstens in die Suid-Afrikaanse literatuur, géén riglyne bestaan ten opsigte van die voorbereiding van 'n kriminologiese agtergrondverslag nie. Die afwesigheid van sodanige inligting kan daaraan toegeskryf word dat kriminoloë oor die algemeen oor 'n gebrek aan kennis en ervaring ten opsigte van die belangrikheid van hierdie aspek beskik. In hierdie verband kan die kriminoloog wel, in sy voorbereiding, van bestaande literatuur in die sielkunde en die maatskaplike werk gebruik maak.

Relevante aspekte soos onderhoudvoering, rapport, kommunikasie, die interpretasie van nie-verbale gedrag soos liggaamstaal en interpersoonlike prosesse kan met vrug deur die forensiese kriminoloog gebruik word. Persoonlike blootstelling aan die hofervaring en ondervinding ten opsigte van getuienislewering blyk egter van onskatbare waarde te wees.

Die insameling van die tipe inligting wat deur die forensiese kriminoloog by straftoemeting gebruik word, word uiteraard bepaal deur die wyse waarop sodanige inligting uiteindelik gebruik word om kriminologies relevante faktore in die betrokke saak aan te dui. Dit is veral hierdie feite wat 'n aanduiding ten opsigte van die individualisering van straf gee. Om hierdie faktore vas te stel, moet daar 'n besondere vertrouensverhouding tussen die forensiese kriminoloog en die kliënt bestaan, terwyl objektiwiteit terselfdertyd behoue moet bly.

7.2.1 DIE FEITE VAN DIE SAAK

Getuienis ter strafversagting of strafverswaring (individualisering van straf) moet, om by die behoeftes van die hof aan te pas, nie net verband hou met die betrokke beskuldigde, sy agtergrond en persoonlike omstandighede nie, maar dit moet ook in verband gebring word met die feite van die saak. Dit is noodsaaklik dat die kriminoloog, alvorens onderhoude met die kliënt gevoer word, homself vergewis van dié feite wat in die hof as bewese in sy uitspraak op die meriete van die saak bevind is. Die deskundige getuie moet, aldus Du Toit (1981:142) volkome op hoogte gebring word van die feite van die saak en die bevindinge van die verhoorhof op die meriete van die saak. Slegs dan kan die getuienis sinvol met die feite van die verhoorhof saamhang en vir die hof van waarde wees. Indien die kriminoloog nie behoorlike kennis van hierdie aspekte dra nie, kan hy nie by die behoefte van die kliënt, naamlik dat die hof bygestaan word om tot 'n gepaste vonnis vir die besondere individu te kom, aanpas nie. Die forensiese kriminoloog moet dus by die behoefte van die kliënt aanpas deur daarop aan te dring dat die opdraggewende prokureur (of indien dit 'n pro deo saak is, die advokaat vir die verdediging) minstens die volgende

dokumente ter beskikking sal stel:

- die klagstaat/akte van beskuldiging
- die uitspraak van die hof of 'n behoorlike opsomming daarvan, aangesien die verkryging van sodanige uitsprake tydrowend en duur is;
- die SAP 69 (die sertifikaat waarop alle vorige veroordelings en vonnisse van die betrokke kliënt aangedui word);
- indien van toepassing, die SAP dossier, wat inligting bevat ten opsigte van die uitwysing van die misdaadtoneel, geregsgeneeskundige verslae en foto's.

7.2.2 DIE EERSTE KONSULTASIE MET DIE KLIËNT

Aanpassing van die forensiese kriminoloog moet by die behoefte van die beskuldigde gemaak word ten opsigte van die feit dat die deskundige getuienis met die betrokke beskuldigde en die betrokke misdryf in verband gebring moet word. Sodanige getuienis kan nie bloot algemene getuienis wees wat in die lug hang, en dus vir die hof van geen waarde sal wees wanneer vonnis vir die besondere beskuldigde vir sy besondere oortreding oorweeg word nie. Du Toit (1981:141) poneer dat sorg gedra moet word dat deskundige behoorlike konsultasies met die beskuldigde voer alvorens getuienis aangebied word.

7.2.3 DIE PLEK VAN ONDERHOUDVOERING

Hierdie aspek is belangrik (sien par. 2.2.4). Minstens een onderhoud behoort, indien enigsins moontlik, by die woonplek van die beskuldigde gevoer te word. Indien die kliënt in aanhouding is, behoort daar 'n poging aangewend te word om in elk geval die woning waar hy ten tye van die misdaadpleging gewoon het, te besoek. Die kriminoloog moet egter by die behoeftes van die beskuldigde aanpas en 'n tyd reël wat die minste ontwrigting sal veroorsaak. Aspekte wat by die keuse van die plek van onderhoudvoering in aanmerking geneem moet word, is die volgende:

- **Werksure:** Dit is nie altyd vir die kliënt moontlik om lang tye van die werk afwesig te wees nie en onderhoude moet dikwels ná werksure of oor naweke gereël word.
- **Privaatheid:** Sorg moet gedra word dat die kliënt se gesinslede, huisvriende, familie of woonstelmaats, kamermaats en dies meer nie in dieselfde vertrek tydens onderhoude teenwoordig is nie aangesien privaatheid belangrik is. Aanpassings moet gemaak word indien die kliënt, vanweë persoonlike redes, nie die onderhoude tuis wil voer nie.

7.2.4 VAARDIGHEDE TEN OPSIGTE VAN ONDERHOUDVOERING MET DIE KLIËNT

Alvorens hierdie vaardighede bespreek word, verdien die etiese aspekte met betrekking tot die verhouding tussen die forensiese kriminoloog en die kliënt aandag.

7.2.4.1 ETIESE ASPEKTE

Die beskuldigde is 'n persoon wat in 'n krisissituasie verkeer en die forensiese kriminoloog kom met hom in aanraking terwyl 'n probleem beleef word.

Die interaksie tussen die mens-in-krisis (die beskuldigde) en die forensiese kriminoloog is een van die aspekte wat etiese vraagstukke laat ontstaan. Die forensiese kriminoloog, as deskundige getuie, verteenwoordig 'n wetenskap wat objektief is en akkuraatheid in navorsingsprosedures nastreef. Alhoewel die forensiese kriminoloog normaalweg deur die beskuldigde vir sy dienste betaal word, is dit sy plig om verslag van alle gevolgtrekkings - of hierdie gevolgtrekkings tot voor- of nadeel van die betalende kliënt strek - te lewer.

Om objektief te bly, is egter geen maklike opdrag nie. 'n Deskundige getuie kan in die versoeking kom om simpatie met die betalende kliënt te hê. Hierdie simpatie kan onbewus wees. Wrightsman (1987:39) poneer dat "... the (expert witness) may simply filter the facts of the case

through perceptions motivated by a spirit of helpfulness to his or her client."

Die deskundige getuie moet verder voortdurend daarop bedag wees dat daar druk uitgeoefen kan word om bevindinge op 'n sekere wyse te interpreteer. Hierdie druk kan bewustelik of onbewustelik vanuit die forensiese kriminoloog se eie persoonlikheidsamestelling kom, byvoorbeeld omdat die beskuldigde van dieselfde geslag of ras as die deskundige is. Druk kan ook vanuit die opdraggewende prokureur of advokaat ontstaan of van naasbestaendes, soos 'n ouer of eggenoot wat die regskostes betaal, kom. Sorg moet ook gedra word dat daar nie misbruik van die getuie gemaak word om ten alle koste 'n saak te 'wen' nie. Parsons (sien par.4.7) waarsku teen toegee aan sodanige druk.

Wanneer die forensiese kriminoloog aan druk van enige aard sou toegee en 'n subjektiewe verslag uitbring, is sy optrede onprofessioneel en word daar benewens die vereistes met betrekking tot die waarheid wat deur die hof gestel word, nie aan die ware behoeftes van die kliënt voldoen nie. Die forensiese kriminoloog moet dus nie net by die etiese kodes van die regspraktisyns aanpas nie, maar ook by die etiek van sy eie professie.

7.2.4.2 DIE OOREENKOMS TUSSEN DIE KLIËNT EN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG

Beide implisiete sowel as eksplisiete ooreenkomste reël die transaksie tussen die kliënt en die forensiese kriminoloog. Eksplisiete ooreenkomste behels aspekte soos die ooreenkoms van die forensiese kriminoloog dat alle inligting wat deur die kliënt verskaf word - dit sluit bandopnames van onderhoude in - as vertroulik hanteer sal word en dat die rol van die forensiese kriminoloog duidelik gestel sal word sodat die kliënt se verwagtinge realisties sal wees. Die doel en die aard van die kriminoloog se taak moet dus onomwonde aan die kliënt gestel word - verkieslik tydens die eerste onderhoud. Daar moet begrip by die kliënt ten opsigte van die doelwitte sowel as die prosedures wees. Hierdie begrip verleen uiteindelik struktuur aan die verhouding tussen

die twee partye sonder om oorweldigend of vreesaanjaend vir die kliënt te wees. Egan (1982:24) meen dat eksplisiete kontrakte (ooreenkomsste), wat geskrewe of verbaal kan wees, veel tot die duidelikheid van wedersydse verwagtinge ten opsigte van doelwitte en metodes kan bydra. Rigiditeit moet egter vermy word. 'n Optimale vorm van ooreenkoms sal eksplisiete wedersydse verwagtinge behels en sal ook ruimte vir periodieke herevaluering en hersiening laat.

Dit is nodig dat die kliënt deur die forensiese kriminoloog ingelig word dat die kriminoloog sigself van die saak kan onttrek. Onttrekking kan gebeur wanneer die forensiese kriminoloog byvoorbeeld vasstel dat die kliënt nie die waarheid praat nie of die feite van die oortreding verdraai. Die kriminoloog kan ook uit die saak onttrek as daar druk deur die regspraktisyns of ander persone toegepas word om voorstelle ten opsigte van 'n onrealistiese vonnis voor te lê, of indien die opdraggewende prokureur of advokaat vir die verdediging meen dat die kriminologiese agtergrondverslag 'n oorwig van verswarende feite bevat. Navorsers het ook van sake onttrek waar die prokureurs nie die noodsaaklike inligting ten opsigte van die meriete van die saak, soos byvoorbeeld die voorsittende beampte se uitspraak, betyds ter beskikking gestel het nie.

Dit is uiteraard ook die kliënt se reg om die kontrak te enige tyd te beëindig. Dit kan gebeur wanneer daar 'n botsing van persoonlikhede ontstaan; die kliënt nie saamstem met vonnisvoorstelle nie of indien die kliënt nie die fooi van die kriminoloog wil of kan betaal nie. 'n Belangrike deel van die ooreenkoms is die voorafbepaling van fooie - hierdie bedrag mag nie bepaal word in samehang met, byvoorbeeld, die verkryging van 'n 'ligte' vonnis, met ander woorde die 'wen' van 'n saak nie. Daar moet dus, indien dit nie 'n pro deo-saak is nie, voor of by die aanvang van die eerste onderhoud op 'n fooi besluit word. Die rekening wat by die opdraggewende prokureur ingedien word (hy verhaal die gelde van die kliënt) moet alle kostes wat die forensiese kriminoloog aangegaan het ten opsigte van die voorvonnisevaluering duidelik uiteensit. Dit sluit byvoorbeeld brandstof-, telefoon-, fotostaat-, en skryfbehoeftekostes in. Verder moet die rekening die

aantal ure wat die forensiese kriminoloog gebruik het om die evaluering te doen, bevat en daar moet aangedui word hoeveel ure in die hofdeurgebring is. Daar word deur die deskundige en die prokureur ooreengekom watter bedrag per uur gevra sal word. Tans is daar nog geen vasgestelde fooie nie.

7.2.4.3 VAARDIGHEDE MET BETREKKING TOT ONDERHOUDVOERING

Vaardige en kundige onderhoudvoering (en rapport met die kliënt) is 'n noodsaaklike voorvereiste vir aanpassing by die behoeftes van die kliënt, en by implikasie, by die behoeftes van al die ander akteurs in die straftoemettingsproses. Die forensiese kriminoloog moet sy kliënt vanuit 'n holistiese perspektief benader. Nie alleen moet die kriminoloog, na die opbou van 'n vertrouensverhouding, soveel as moontlik van die kliënt te wete kom nie, maar die kriminoloog moet dit ook voor oë hou dat die kliënt in 'n ernstige krisissituasie verkeer en dat dit soms gebeur dat die kriminoloog die kliënt (en soms die betekenisvolle ander persone in die lewe van die kliënt) sal moet bystaan om krisissituasies ten beste te hanteer. Dit beteken dat die kliënt bygestaan sal moet word om die sterk emosies wat met uiterste krisissituasies gepaard gaan, te beheer (Egan, 1987:4). Hoewel die forensiese kriminoloog nie as berader ten opsigte van die emosionele toestand van die kliënt optree nie en dus nie in emosionele berading opgelei hoef te wees nie, bring die besondere verhouding tussen die kriminoloog en kliënt tog mee dat kundigheid met betrekking tot menslike hulpverleningsvaardighede voordelig is. Hierdie vaardighede kan slegs bydra tot beter onderhoudvoering, wat lei tot meer volledige assessering van die omstandighede van die oortreder. Dit verskerp ook die forensiese kriminoloog se waarnemingsvermoë, aangesien 'n individu selde 'n probleem sistematies, analities en tot volle konsekwensies ontleed, tensy hy spesifiek daarvoor opgelei is (Egan, 1982:8).

Van die vaardighede wat aangeleer behoort te word, is die volgende:

7.2.4.3.1 LUISTER OP 'n AKTIEWE WYSE

Om behoorlik georiënteerd teenoor die kliënt te wees, moet die forensiese kriminoloog daartoe in staat wees om aandag te gee aan en werklik te luister na die kliënt - soos dit soms gestel word: hy moet nie net na die kliënt luister nie, maar moet ook hóór wat hy sê; selfs hoor wat hy nie sê nie. Om die kliënt gerus te stel en aanvaar te laat voel, moet aandag aan die volgende aspekte gegee word:

- Die kliënt moet voel dat die kriminoloog, ten minste vir die duur van die onderhoud, al sy aandag by die onderhoud sal hou. Dit word bevorder wanneer die onderhoudvoerder op eie liggaamshouding (wat oop en ontspanne moet wees) let en oogkontak behou.
- Die kriminoloog moet aktief en aandagtig luister na wat gesê word en ook op nie-verbale boodskappe bedag wees. Dit beteken dat daar met volle aandag geluister moet word na wat die kliënt sê - en probeer sê - al praat die kliënt deurmekaar en is hy vanweë spanning gedisoriënteerd. Dit beteken dan ook dat noukeurige aandag aan die kliënt se stemtoon, stiltes, pouses, gebare en gesigsuitdrukkinge gegee moet word (Egan, 1982:36). Om aktief te luister, beteken dat die onderhoudvoerder homself moet afvra wat die kern van die kommunikasie van die kliënt is; wat die kliënt oor sy ervaring probeer sê; wat die kliënt se eie mening en verklaring oor sy gedrag is, en veral wat die persoon se eie gevoelens rondom die misdaad is.

7.2.4.3.2 REAKSIE VAN DIE ONDERHOUDVOERDER

Die kwaliteit van die onderhoud hang in 'n groot mate van die houding van die onderhoudvoerder jeens die kliënt af. Respek vir die kliënt as mens en aanduidings dat die onderhoudvoerder luister en aandag gee sonder om waarde-oordele uit te spreek (of om dit op ander wyses oor te dra) is van primêre belang. Respek is nie 'n vaardigheid wat aangeleer kan word nie, maar weerspieël 'n houding. Hierdie houding vind neerslag in aspekte soos vertroulikheid, weerhouding van manipulasie,

en respek vir die kliënt se eie waarde-sisteme en kultuur (al verskil dit van dié van die onderhoudvoerder). Die kundige onderhoudvoerder is opreg en skuil nie agter sy professionele rol nie "... they are spontaneous and open, remaining human beings to the human beings with whom they are working." (Egan, 1982:37).

Dit is ook belangrik om aan te toon dat die onderhoudvoerder verstaan wat die kliënt sê. Dit behels heelwat dialoog, en hierdie dialoog moet met spesifieke vaardighede gepaard gaan om die kliënt sodoende by te staan om sy probleme te ondersoek en insig daarin te verkry. Dit is dus nie voldoende om te verstaan nie, maar om daardie begrip deur middel van kommunikasie aan die kliënt oor te dra (Egan, 1982:36).

7.2.4.3.3 POLSING

Die onderhoudvoerder moet oor die nodige vaardighede beskik om die kliënt te pols om 'n probleemsituasie in spesifieke en konkrete terme te verwoord. Hierdie taak moet met empatie benader word. Dit behels 'n omsigtige kombinasie van empatie en polsing, 'n kombinasie wat by elke individuele kliënt sal verskil en waarby aangepas sal moet word. Polsing kan die kliënt fasiliteer om makliker oor homself te praat en om spesifieke, relevante ervarings, gedragswyses en gevoelens wat met sekere situasies verband hou, te verwoord (Egan, 1982:36). Dit is gewoonlik veral wanneer die aspek van berou aangeraak word dat die onderhoudvoerder vaardig, sonder om woorde in die kliënt se mond te lê, sal moet pols. Veral manlike oortreders vind dit moeilik om hulle gevoelens in hierdie verband te verwoord.

7.2.4.3.4 DIE INTEGRERING VAN GEGEWENS

Dit is noodsaaklik dat die forensiese kriminoloog oor die vermoë beskik om die inligting wat deur die kliënt verskaf word, te integreer en om die besondere omstandighede in die gedrag en omgewing van die kliënt met die misdaad en straf in verband te bring.

7.2.4.3.5 VERDERE BELANGRIKE VAARDIGHEDDE

Dikwels is die onderhoud met 'n kliënt moeilik omdat die kliënt geen begrip van die omstandighede toon nie of omdat die kliënt eenvoudig nie die kennis van sekere regsprosedures dra nie. Die forensiese kriminoloog moet dus uiteraard self oor genoegsame kennis beskik om die kliënt so volledig moontlik in te lig. Dit is dikwels nodig om 'n kliënt te konfronteer deur hom op diskrepansies in sy vertelling, verdraaiings van die gebeure, leuens en rookskerms te wys. Konfrontasie met 'n kliënt plaas swaar eise op beide die onderhoudvoerder en die kliënt. Dit moet dus met omsigtigheid en diskresie benader word.

7.2.4.4 ASPEKTE WAT AANPASSING TUSSEN DIE KLIËNT EN ONDERHOUDVOERDER BEMOEILIK

Onervare forensiese kriminoloë ondervind soms negatiewe gevoelens teenoor sekere kliënte. Negatiewe gevoelens van die kliënt teenoor die onderhoudvoerder veroorsaak ook gevoelens van paniek, skuld, verwerping of vyandigheid. Die onderhoudvoerder moet, in sulke omstandighede, veral waak teen:

- skuldgevoelens wat hom laat voel dat hy die kliënt ten alle koste tevrede moet stel;
- 'n toon van ongeduld of vyandigheid wat verbaal of nie-verbaal gemanifesteer word;
- oorvriendelikheid of -aanvaarding met die hoop dat die kliënt beter sal reageer;
- woede vir die kliënt wat in 'n magstryd kan ontaard; of
- simpatie met die kliënt wat tot manipulering kan lei.

Voorbeelde wat uit navorser se ervaring in hierdie verband genoem kan

word, is die volgende:

- Joodse en/of Engelssprekende kliënte het 'n weerstand teen navorsing, wat tot die Christelike geloof behoort en Afrikaanssprekend is, getoon.
- Swartmense het hulle wantroue en disrespek uitgespreek omdat navorsing wit is en tot die vroulike geslag behoort.
- Enkele mense het dit moeilik gevind om openlik oor gevoelens en emosionele belewenisse te praat en van die mense het openlik hulle vrese ten opsigte van die bekwaamheid van vroue uitgespreek.

Dit is belangrik dat die forensiese kriminoloog selfondersoek doen en kennis dra van sy eie vooroordele en vrese. Sodanige kennis kan daartoe bydra dat vooroordele (byvoorbeeld teenoor lede van 'n ras anders as dié van die forensiese kriminoloog) verwyder of die uitwerking daarvan minstens geminimaliseer word en die kliënt gefasiliteer kan word om by sy vooroordele en vrese aan te pas.

Die forensiese kriminoloog moet, sonder om onnodig skuldig te voel, voortdurend krities ten opsigte van homself en die wyse waarop kliënte benader word, wees. Hy moet op vyandige gevoelens bedag wees en daarteen waak dat hierdie gevoelens nie aan die kliënt oorgedra word nie. 'n Voorbeeld van hierdie probleem is die kliënt wat aan seksuele molestering van dogtertjies skuldig bevind is. Navorsing was daarop voorbereid dat subjektiewe gevoelens by haar kon ontstaan en moes bewustelik daarteen waak.

Die forensiese kriminoloog moet gebruik maak van ander hulpbronne, soos die betekenisvolle ander persone in die lewe van die kliënt, onderwysers, predikante, huisdokters, bure en vriende. Sodanige persone kan meehelp om moontlike weerstand van die kliënt af te breek.

Aanpassing by die behoeftes van die kliënt is vir die forensiese kriminoloog een van die moeilikste aspekte met betrekking tot foren-

siese werk (getuienislewering). 'n Belangrike taak van die forensiese kriminoloog is daarin geleë dat die kliënt "vermenslik" moet word: hy moet as persoon aan die hof voorgestel word. In hierdie verband meen Gitchoff (1990:662): "The planning process should aim to **humanize** the sentencing decision, namely to present to the court a picture of **"who the client is as a human being."** (Eie beklemtoning).

Om 'n mens van naderby te leer ken, verg 'n besondere verstandhouding en 'n vertrouensverhouding en bring besondere etiese verantwoordelikhede mee. Hoewel die standaard wetenskaplike prosedures steeds geld, is dit 'n betalende kliënt wat, tensy daar doelbewus teen gewaak word, met subjektiewe gevoelens bejeën kan word. Simpatie met die omstandighede van die oortreder kan tot sydigheid aan die kant van die forensiese kriminoloog lei. Die forensiese kriminoloog mag nie onder kruisverhoor die waarheid verdraai of fiktiewe data aanhaal of navorsingsresultate verkeerd interpreteer nie. Persoonlike waardesisteme en norme sal nie as wetenskaplike gevolgtrekkings voorgehou kan word nie. Die forensiese kriminoloog sal slegs kredietwaardigheid behou indien daar met groot verantwoordelikheid in howe opgetree word - "... as long as the experts maintain their responsibilities as data-based decision makers." (Wrightsmen, 1987:42).

In Hoofstuk 8 word die opleiding in vaardighede waarvoor 'n forensiese kriminoloog moet beskik om op 'n effektiewe en verantwoordelike wyse onderhoude te voer, meer volledig bespreek.

7.3 AANPASSING VAN DIE FORENIESE KRIMINOLOG BY DIE BEHOEFES VAN DIE STRAFTOEMETER

Dit word aanvaar dat die straffunksie waarskynlik die moeilikste taak van regters en landdroste is (Gitchoff, 1990:650). Die voorsittende beampte het 'n algemene plig tydens die proses van vonnisoplegging wat drieledig van aard is: eerstens moet hy deurgaans onpartydig bly; tweedens, moet beide partye tot die strafgeding die volle geleentheid gebied word om feite met betrekking tot vonnis voor hom te lê en hy moet, derdens, deur die hele prosedure van vonnisoplegging kalm en bedaard bly (Du Toit, 1981:157).

7.3.1 DIE ROL VAN DIE VOORSITTENDE BEAMPTTE IN 'n ADVERSATIEWE SISTEEM

Wanneer die straftoemeter die funksie van vonnisoplegging vervul, vereis die reëls van prosedure wat 'n verhoor beheer dat die straftoemeter die versoeking moet weerstaan om die moeilike rol waarin hy geplaas is, te ontwyk. Volgens Landsman (1984:1) is dit nie sy plek om kant te kies nie. Slegs nadat alle getuienis voor die hof gelê is en alle argumente aangehoor is, moet hy sy beslissing vel en dit in sy uitspraak bekend maak.

Die adversatiewe sisteem maak staat op 'n neutrale en passiewe besluitnemer wat dispute, nadat dit deur die adversatiewe partye tydens die hofprosedure gelug is, beoordeel. Daar word van hom verwag om hom van enige beslissings te weerhou totdat die adversatiewe partye hulle sake klaar gestel het. Die voorsittende beampte word ook nie toegelaat om aktief by die insameling van gegewens betrokke te raak nie. Indien hy van hierdie passiewe rol sou afwyk, ontstaan 'n ernstige risiko ten opsigte van 'n premature verbondenheid tot een of ander weergawe van die feite. Daarmee gepaardgaande sal hy dan ook toon dat hy tot 'n beslissing gekom het alvorens alle getuienis aangehoor is, en nie beide partye gelyk voor die hof behandel het nie.

Landsman (1984:3) poneer dat die adversatiewe teorie vereis dat neutraliteit en passiwiteit noodsaaklik is. Dit is belangrik om nie alleen gelyke beregting van elke saak in die hand te werk nie, maar ook om die groter gemeenskap daarvan te oortuig dat die kriminele regsplegingsisteem betroubaar is. Wanneer 'n regspreker dus aktief kruisondervra of op 'n ander wyse aan die saak deelneem, kan hy bevooroordeeld in plaas van neutraal, voorkom. Passiwiteit aan die kant van die voorsittende beampte bevorder die indruk van regverdigheid.

Daar word dus van die voorsittende beampte verwag om 'n neutrale en passiewe rol te speel - hy moet, uit die botsing van die adversatiewe partye in 'n hoogs gestruktureerde forensiese omgewing, inligting versamel waarop 'n beslissing gebaseer kan word wat deur beide partye en ook die gemeenskap aanvaar sal word. Die forensiese kriminoloog

moet, in sy verslag sowel as in sy antwoorde in die hof, sorg dra dat hy by die behoeftes van die straftoemeter aanpas. Indien die deskundige se verslag (of antwoorde) onduidelikhede bevat of te tegnies van aard is, noop hy die voorsittende beampte om vrae te vra wat uiteindelik die indruk mag skep dat die straftoemeter nie neutraal is nie.

7.3.2 DIE TOEPASSING VAN DIE NEUTRALE EN PASSIEWE BEGINSEL IN DIE SUID-AFRIKAANSE STRAFHOWE

Die forensiese kriminoloog het 'n plig om sy getuienis op so 'n wyse aan die hof voor te lê dat dit duidelik en ondubbelsinnig is. Die regspreker moet nie, as gevolg van die optrede van die deskundige, verplig word om aan die kruisondervraging deel te neem nie.

In Zulu 1990 (1) SA 655 (T) redeneer regter Kriegler soos volg: "Die vraag is ... of daar ... 'n plig op die voorsittende beampte rus om die onbekwame beskuldigde van sinvolle raad te bedien. Die tweestrydfiksie wat ons stelsel van strafregspiegling onderlê, verg van die regterlike beampte veel meer as neutrale skeidsregterskap. Waar die geregtigheidskaal oorhel vanweë die relatiewe onmag van die party aan die een of ander kant moet die voorsittende beampte daarvan kennis neem en moet hy waar en sover nodig die onewewig probeer teëwerk. Die eise van kennelike onpartydigheid verg nie dat hy hom blind staar op die fiksie van 'n tweestryd tussen gelykes nie. Wat dit dan van die voorsittende beampte verg, hang van die omstandighede af. Dit is egter altyd nodig dat die beskuldigde die verrigtinge en sy regte wat daarmee saamhang, verstaan."

In Sibeko 1990 (1) SASV 206 (T) poneer dieselfde regter verder: "Dit is fundamenteel tot ons regsproses dat 'n voorsittende beampte 'n onpartydige, onbevange en oningeligte beoordelaar moet wees in die sin dat die enigste feite aangaande die saak wat hy kan inwin is dié wat in die hof voor hom bewys word op die gewone wyse" (Eie beklemtoning). Hieruit kan afgelei word hoe belangrik die rol van die forensiese kriminoloog in die hof kan wees - hy moet dus by die regterlike beamptes se behoeftes aanpas deur soveel relevante feite as moontlik

in sy verslag ter beskikking van die hof te stel.

Regter Eksteen spreek die rol van die voorsittende beampte in Maseko 1990 (1) SASV 107 (A) soos volg aan: " 'n Verhoorregter is geregtig, en dikwels verplig, om tydens 'n verhoor vrae aan 'n getuie te stel. Hy moet egter deurentyd waak teen enige optrede wat die indruk kan skep dat hy tot die strydperk neerdaal. Sodanige optrede kan die verdere indruk wek dat hy partydig is ... ek het goeie begrip vir die gevoel van irritasie en ongeduld wat soms by 'n Verhoorregter oplaai waar 'n getuie, tydens 'n lang verhoor, onnosele of onlogiese antwoorde op vrae gee, of 'n irriterende houding in die getuiebank aanslaan ... hoe ongeduldig 'n regterlike beampte ookal mag raak, is dit sy dure plig om, ter wille van die onbesprokenheid van die regspraak wat hy moet bewaar, nie op die Regbank uiting aan sy ongeduld te gee nie".

Die forensiese kriminoloog moet by die behoeftes van die regterlike beampte aanpas deur byvoorbeeld nie onduidelik te praat nie, nie onlogiese antwoorde te verskaf nie en om ten alle tye 'n houding van respek vir die hof te handhaaf. Sy houding en gedrag moet sodanig wees dat hy nie sal bydra tot irritasie of ongeduld nie.

Slegs deur volkome onpartydigheid is die voorsittende beampte in staat om tot 'n gepaste vonnis te kom. Du Toit (1981:157) argumenteer dat partydigheid tot 'n té ligte of 'n té swaar vonnis wat deur mistastings of wanvoorligting aangetas is, sal lei.

Die forensiese kriminoloog moet dus by die voorsittende beampte aanpas deur 'n objektiewe, onpartydige dog volledige verslag aan die hof voor te lê. Waninligting vanuit die kant van die deskundige getuie kan die oorwegingsproses met betrekking tot die uitspraak van 'n gepaste vonnis negatief beïnvloed. Reg en geregtigheid in 'n strafsak kan slegs geskied indien 'n gepaste vonnis uitgespreek word. In hierdie verband het die forensiese kriminoloog 'n belangrike plig om by te dra tot die bevrediging van die behoefte van die voorsittende beampte om 'n gebalanseerde benadering tot vonnis te handhaaf.

Volgens Du Toit (1981:159), is dit eerstens die plig van die voorsittende beampte om nie vonnis op te lê sonder dat hy oor die basiese feite met betrekking tot die beskuldigde en die misdryf waarvoor hy gestraf gaan word, beskik nie. Om sonder die nodige feite en kennis te straf, is om in die duister vonnis op te lê. 'n Gepaste vonnis sal selde opgelê kan word sonder dat die voorsittende beampte oor 'n diepgaande kennis van die persoonlike omstandighede van die beskuldigde beskik. Ingevolge artikel 186, gelees met artikel 274 (1) en (2) van die Strafproseswet 51 van 1977 is die voorsittende beampte verplig om getuies te dagvaar om te kom getuig indien hulle getuienis noodsaaklik blyk te wees vir die regverdige beregting van die saak. Du Toit (1981:161) meen dat regverdige beregting sonder twyfel die oplegging van 'n gepaste vonnis insluit en dat geen hof met die minimum van getuienis behoort te vonnis nie. Versuim om belangrike verswarende of versagtende feite in ag te neem, sal uiteraard beteken dat die vonnis wat opgelê word, nie gepas is nie. Die verhoorhof moet, benewens die feit dat bewese en relevante feite by vonnis oorweeg is, ook toesien dat feite nie oor- of onderbeklemtoon word nie. Die verhoorhof moet ook die feite wat ten opsigte van vonnisoplegging ter sake is, korrek benader en moet dus nie op verkeerde of onbewese feite vonnis nie.

Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat die forensiese kriminoloog 'n bydrae kan lewer ten opsigte van die voorlegging van relevante inligting oor die beskuldigde. In hierdie opsig kan die forensiese kriminoloog aan 'n belangrike behoefte van die voorsittende beampte voldoen deur met behulp van 'n volledige evaluering daarby aan te pas. Daar is reeds op die etiese verantwoordelikheid wat met sodanige taak gepaard gaan gewys (sien par. 7.2.4.1). Maar die uitvoering van hierdie taak behels veel meer as net 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die hof.

Die opstel van 'n volledige kriminologiese agtergrondverslag met die uiteindelige doel om vonnis te individualiseer, verg noukeurige en toegewyde aandag, vaardighede en vakwetenskaplike kennis. Hierdie aspek word in Hoofstuk 5, wat oor doelbereiking handel, en Hoofstuk 8,

wat oor patroonhandhawing handel, vanuit daardie oogpunte bespreek.

Om by die behoeftes van die verhoorhof aan te pas, kan die kriminologiese agtergrondverslag nie op 'n lukrake wyse opgestel word nie. Die verhoorhof het 'n behoefte daaraan dat die forensiese kriminoloog sy verslag so sal aanpas dat al bogenoemde faktore volledig en in diepte, vanuit 'n kriminologiese raamwerk, ten opsigte van 'n bepaalde oortreder behandel sal word. Tot die mate waarin die forensiese kriminoloog aan hierdie behoefte voldoen, sal die aanpassing dus bepaal word.

7.4 AANPASSING VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG BY DIE BEHOEFTE VAN DIE STAATSAANKLAER

Volgens Hiemstra (1987:611) het daar 'n neiging by aanklaers ontstaan om hulle neutraal te hou oor vonnis. Hy haal die uitsprake van drie regters oor hierdie aspek aan: "Hierdie passiewe houding van die Staat strek nie altyd tot voordeel van die regspleging nie. Dit is weliswaar ongewoon vir die vervolging om toe te spreek in strafverswaring, maar ons wil niks sê wat aanklaers kan ontmoedig om die hof se aandag te vestig op dinge wat ter sake by vonnis is nie. Net soos by enige ander geskilpunt is dit ook by straftoemeting wenslik dat die hof die beskouing van albei kante kry."

Wanneer die beskuldigde getuienis aflê oor vonnis is dit nie alleen wenslik nie, maar ook noodsaaklik dat die staatsaanklaer nie net passief toekyk hoe die beskuldigde 'n eensydige weergawe voor die hof plaas nie. Hiemstra benadruk die plig van aanklaers, wat deur die appélhof in *R v Motehen* 1949 2 SA 547 (A) 550 soos volg gestel is: "It is the duty of the Crown to place all such facts before the trial court as are necessary to enable the court to pass an appropriate sentence. The duty is, I am afraid, not realised by many public prosecutors, who are apt not to call any evidence in rebuttal of evidence led in mitigation of sentence."

Dit is duidelik dat die staat behoort te voorkom dat daar 'n eensydige

relaas van feite voor die hof kom van die beskuldigde af. Die Viljoen-kommissie (Hiemstra, 1987:611) sê ook dat die aanklaer 'n meer aktiewe rol teenoor vonnis moet vervul. Dit sal nie alleen vir die hof tot hulp wees nie, maar ook die gemeenskap, indien getuienis of inligting voorgelê word oor die veelvuldigheid van die misdaad, die euwel wat dit verteenwoordig, die houding van die staat daaromtrent en in die algemeen, die raadsaamheid van 'n swaar of ligte vonnis.

Die Viljoen-kommissie (1976) se duidelike aanbeveling dat daar statu-têre voorsiening vir die aanklaer gemaak moet word om die hof by vonnisoplegging toe te spreek, is in die Strafproseswet, wet 51 van 1977 opgeneem. Die aanklaer het dus die reg verkry om die verhoorhof oor vonnis toe te spreek (sien par. 6.4.4)

Die verhoorhof sal gebalanseerde aandag skenk aan die houding van die staat ten opsigte van vonnis. In gepaste gevalle sal die prokureur-generaal, of sy verteenwoordiger, tydens die oorwegingsproses by vonnisoplegging aan die hand doen dat die een of ander faktor 'n swaarder vonnis vereis. Verder sal die staat ook gewoonlik in gepaste gevalle die verhoorhof se aandag vestig op die besondere gemeenskapsbelang wat deur die misdaad bedreig of benadeel is (Du Toit, 1981:96). Desnieteenstaande is die straftoemeter nie gebonde aan die houding van die staat nie, maar oefen uiteindelik sy eie diskresie uit.

Daar behoort, derhalwe, geen twyfel te wees dat die aanklaer 'n wesenlike plig te vervul het tydens die proses van vonnisoplegging nie. Juis om daardie rede kan die forensiese kriminoloog ook, deur middel van aanpassing, aan die behoeftes van die staatsaanklaer voldoen.

Die plig van die aanklaer kom nie neer op die verkryging van die swaarste moontlike straf nie. Sy plig lê in bystand aan die hof - hulpverlening ten opsigte van dié faktore wat die verdediging nie onder die hof se aandag sal bring nie. Du Toit (1981:144) argumenteer dat die uiteindelijke plig van die aanklaer by vonnisoplegging een is wat versigtig en met deernis vervul moet word, hoewel daar nie gehuiwer moet word om strafverswarende faktore onder die aandag van die hof

te bring nie. Nieteenstaande hy in wese die regsverteenvoerder van die klaer is, moet die aanklaer ook sy plig nakom om strafversagtinge faktore wat uitsluitlik binne sy kennis val, onder die verhoorhof se aandag te bring. Strafversagtinge getuienis behoort dus, indien dit op die vonnis kan inwerk, ook deur die aanklaer aan die hof voorgelê word. Al die betrokke getuienis is immers gemik op 'n 'gepaste' vonnis waardeur geregtigheid geskied.

Die forensiese kriminoloog kan die staat bystaan met die lewering van deskundige opinie ten opsigte van strafverswaring. Navorser het, sedert 1986 op ses verskillende geleenthede op versoek van staatsaanklaers viva voce in verband met verkragtingsake getuig (sien par. 2.4, tabel 2). Onderhoude is met die klaagsters, sowel as met ander relevante persone, gevoer. Getuienis is veral met betrekking tot die psigologiese gevolge van die verkragting op die slagoffer gelewer. In twee van die verhore was navorser onder kruisverhoor ten opsigte van die motiewe van verkragting in die algemeen.

In sommige van die verhore waarby navorser deskundige getuienis gelewer het, het die staatsaanklaers die kruisverhoor met die bystand van staatspsigiaters gevoer, byvoorbeeld in *S v Scheepers* en andere, (bylae 5) het die staatsaanklaer van twee staatspsigiaters gebruik gemaak. Dit het duidelik geblyk dat sodanige omstandighede nie noodwendig tot voordeel van die staatsaanklaer strek nie. Psigiaters dra beperkte (indien enige) kennis van die kriminologie en andersom. Dit sou vir die staatsaanklaer van optimale waarde wees dat 'n forensiese kriminoloog hom bystaan wanneer die verdediging van die dienste van 'n forensiese kriminoloog gebruik maak. Sover navorser se kennis strek, maak staatsaanklaers tot dusver in hierdie verband nog nie van die dienste van forensiese kriminoloë gebruik nie. Dit is ook verkieslik dat getuienis ter strafverswaring, net soos getuienis by strafversagting, onder eed afgelê moet word. Die wyse van aanbidding van strafverswarende getuienis is dieselfde as dié by getuienis ter versagting van straf (Du Toit, 1881:144).

Om die staat se houding met betrekking tot vonnis bekend te maak,

moet die aanklaer, behalwe om getuienis aan te bied, uiteraard die getuienis van die verdediging met kruisondervraging betwis. In hierdie verband sê Du Toit (1981:145) dat dit onverklaarbaar sou wees indien die aanklaer die getuienis vir die verdediging onbetwis in kruisverhoor laat en dan deur middel van getuienis aanval.

Die forensiese kriminoloog moet homself daarop voorberei dat die aanklaer, onder soms strawwe kruisverhoor, sy getuienis sal betwis. Tot 'n mate sal die hof toesien dat die kruisverhoor minstens redelik is. 'n Aantal regters in Suid-Afrikaanse howe spreek hierdie aspek direk aan, naamlik:

In *S v Maseko* 1990 (1) SASV 107 (A) meen regter Eksteen dat: "In ons Howe is dit die gebruik dat die advokaat van die teenparty 'n getuiese getuienis sal aanval deur dit aan hom te stel dat wat hy getuig het nie waar is nie en dat 'n ander toedrag van sake inderdaad die waarheid is. Dit is trouens 'n erkende en toelaatbare vorm van kruisverhoor veral waar die geloofwaardigheid van 'n getuie aangeval word."

Regter Kriegler maak die volgende uitspraak in *S v M* 1989 (4) SA 421 (T) : "Oor kruisondervraging, sy doel, doeltreffendheid, deugde, gevare, grense en tegnieke in 'n akkusatoriese verhoorstelsel soos ons s'n is stellig biblioteke vol geskryf. Ek haal Wigmore, daardie regsreus op die gebied van bewysreg, in die verband aan: "experience of human nature, judgment of chances, knowledge of the case, tact of manner, all those things and more have to do with the art" ... Bowenal moet onthou word dat bekwame of dan tenminste volledige kruisondervraging 'n magtige instrument vir ontbloting van die waarheid is."

In *S v Tswai* 1988 (1) SA 851 (K) redeneer regter Marais soos volg: "In similar vein it may not be inappropriate to emphasise that belligerent assertions to the contrary by a cross-examiner are no substitute for pertinent, properly focused and accurate cross-examination ... Indeed it is his duty, in the interests of justice, to cross-examine him as intensively, and, if needs be, as vigorously as the circumstances require but such questioning must always be fair. Another tendency

which appears to be growing is for prosecutors and practitioners to personalise their cross-examination and inflict their own opinions upon the witness and the court. Remarks such as 'I find that answer unacceptable' or cruder variations such as 'nou lieg jy' are not permissible".

Voorafgaande onderstreep die belangrikheid van die wye kennis waaroor die forensiese kriminoloog moet beskik indien hy in 'n hof onder kruisverhoor steeds 'n sinvolle bydrae tot die soeke na die waarheid wil maak. Die kriminologiese agtergrondverslag wat ingedien word en deur die forensiese kriminoloog viva voce gelewer word, dien gewoonlik slegs as 'n basis waarop die staat die kruisverhoor kan voer. Die verslag gee aan die hof 'n aanduiding van die rigting waarin 'n forensiese kriminoloog getuig, maar die kruisverhoor bepaal die waarde van die forensiese kriminoloog se kennis en veral sy kredietwaardigheid.

Die forensiese kriminoloog moet nie net 'n diepgaande kennis oor sy wetenskap beskik nie, maar moet ook oor insig in aanverwante sake beskik. Hy moet daarvan bewus wees dat sy integriteit en kwalifikasies getoets sal word. Aangesien die forensiese kriminoloog se bydrae tot die straftoematingsproses hoofsaaklik op die uitspraak van deskundige opinie berus, sal die hof verwag dat die deskundigheid van die getuie eerstens bewys sal moet word alvorens die opinie aanvaar (of minstens oorweeg) kan word. (Sien bylae 1).

Navorsers is telkens, tydens kruisverhoor, oor haar kwalifikasies in die kriminologie uitgevra. Die hof het verduidelikings gevra oor die betekenis van begrippe soos viktimologie en psigokriminologie en daar moes breedvoerig verduidelik word wat die studie van kriminologie behels.

Nie alleen rus daar 'n plig op die forensiese kriminoloog om by die behoeftes van die staatsaanklaer aan te pas deur hom te oortuig van sy eie deskundigheid nie, maar dit gebeur ook dikwels dat, byvoorbeeld, gesaghebbendes in die kriminologie (wat in die getuienis aangehaal word) verdedig moet word en is dit nodig om bewyse te lewer dat

hulle deur ander kriminoël as gesaghebbendes aanvaar word.

'n Aspek wat meermale verdedig moes word, is die feit dat die forensiese kriminoël vir hulle dienste betaal word. Navorser is telkens gekonfronteer met stellings soos "u erken dat u vir hierdie verslag betaal word. Word u betaal om sekere stellings te maak?"

Die forensiese kriminoloog moet daartoe in staat wees om 'n diepgaande redenasie oor ingewikkelde begrippe te voer. Voorbeelde van sodanige redenasies waarvoor navorser onder kruisverhoor geneem is, is:

"Verduidelik aan die hof hoe u berou meet."

"Verduidelik wat u as verminderde toerekeningsvatbaarheid beskou. Hoe verskil dit in betekenis van verminderde morele blaamwaardigheid?"

"Wat is eerlikheid?"

"Hoe voorspel u die gevaarlikheidsgraad van die oortreder?"

"Wanneer beskou u die misbruik van alkohol as verswarend en wanneer sou u dit as versagtend beskou?"

"Wat beskou u as luuks?"

"Wat beskou u as armoedig?"

"Hoe meet u norme en waardes?"

In *S v Gidi* 1984 (4) SA 188 (NK) poneer regter Rose-Innes dat dit 'n plig van die aanklaer is om 'n deskundige behoorlik onder kruisondervraging te neem sodat die ware feite vorendag kan kom. Indien die forensiese kriminoloog dus nie daartoe in staat is om alle redelike vrae van die staatsaanklaer na wense onder kruisverhoor te kan verdedig nie, sal daar nie by die behoeftes van die staatsaanklaer (wat wil

toesien dat reg en geregtigheid geskied) aangepas kan word nie.

Die forensiese kriminoloog behoort 'n volledige kriminologiese agtergrondverslag 'n redelike tyd (verkieslik een week) voor die datum waarop sy getuienis aangehoor sal word, aan die staatsaanklaer beskikbaar te stel. Dit bied aan hom die geleentheid om sy kruisondervraging behoorlik voor te berei. Indien hy dit nodig ag, kan hy ook betyds reël dat deskundiges hom tydens kruisondervraging bystaan of dat hy ook deskundige getuienis roep wat die forensiese kriminoloog se getuienis toets.

Die staatsaanklaer moet egter ook by die forensiese kriminoloog aanpas. In *S v Azov* 1974 (1) SA 808 (T) sê regter Snyman die volgende: "It must be made clear to him (the prosecutor), and perhaps to others, that witnesses who come into court, be they police witnesses, or any other kind of witnesses, are entitled to the courtesy one extends to decent people. Witnesses who give evidence are assisting the court in arriving at the truth and in carrying out the administration of justice. No cross-examiner is entitled to insult a witness. I do not wish to be understood to say that a witness may never be attacked, but before you can attack a witness you must at least lay a foundation to the satisfaction of the presiding officer that you have grounds for attacking the witness ... one is not rude to people when you speak to them during ordinary social intercourse, so why should it be any different in a court of law?"

Uit voorafgaande blyk dit dat die aanklaer nie die deskundige getuie mag intimideer nie. Hy moet dus ook, in hierdie verband, by die behoeftes van die hof en die getuie aanpas.

7.5 AANPASSING VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG BY DIE BEHOEFTE VAN DIE OPDRAGGEWENDE PROKUREUR EN DIE ADVOKAAT VIR DIE VERDEDIGING

Wrightsman (1987:19) meen dat die waarheid ontwykend is, daarom is die belangrikste prioriteit die voorsiening van 'n ruimte waarin alle

belanghebbende partye "hulle dag in die hof" kan hê. Geregtigheid vir almal het die waarheid as die belangrikste doelwit vervang.

Die regsverteenwoordigers van die partye wat in die verhoorhof in konflik met mekaar verkeer, streef nie noodwendig altyd na die waarheid nie - hulle gee ook nie voor dat hulle objektiwiteit verteenwoordig nie. Elkeen se doel is primêr om sy kliënt se saak op die beste manier aan die hof voor te lê. Hulle reflekteer, volgens Wrightsman (1987: 19) ander waardes: die noodsaak om, vir alle partye, die beste moontlike regsverteenwoordiging te bied. Wrightsman sê dan ook dat " ... the Code of Ethics of the American Bar Association even instructs attorneys that they are to defend clients zealously."

Die verdediging beskou die doel van 'n verhoor as oplossing van 'n dispuut van een of ander aard. Hulle argumenteer op so 'n wyse in 'n verhoorhof dat hulle kliënte se perspektief ondersteun word en hulle ondersteun hulle argumente met die beste moontlike getuienis.

Sommige skrywers (Wrightsmen, 1987; Middelton, 1983; Freckelton, 1987; Nietzel & Dillehay, 1986; Murphy, 1980 en Landsman, 1984) meen dat die belangrikste voordeel van 'n adversatiewe sisteem, waarin elke party 'n eie regsverteenwoordiger het soos, byvoorbeeld, die staatsaanklaer vir die staat en die advokaat en die opdraggewende prokureur vir die beskuldigde, juis daarin geleë is dat die betrokke regslui aangemoedig word om alle getuienis wat relevant tot die saak is, voor die hof te bring. Wanneer beide partye, wat in konflik met mekaar in die hof is, glo dat alle relevante feite wel tydens die verhoor voorgelê is, sal die deelnemende akteurs meer geneig wees om te voel dat die sisteem hulle regverdig behandel het, en sal hulle die sisteem as effektief beskou.

Wrightsmen (1987:19) meen dat konflikresolusie en die soeke na die waarheid nie doelwitte is wat met mekaar onversoenbaar is nie. Indien elke deelnemer toesien dat sy belange en ondersteunende dokumentasie voor die hof gelê word, bestaan daar 'n groot moontlikheid dat die doelwit van die waarheid meer bereikbaar is.

Omdat die volle waarheid nie in alle gevalle absoluut bereikbaar is nie, bestaan die gevaar dat die soeke daarna gestaak word. Die noodsaak van die soeke na die waarheid, al is dit nie altyd ten volle bereikbaar nie, bly egter staan. Hoewel die bereiking van beide doelwitte, naamlik die waarheid enersyds, en geregtigheid andersyds, nie onversoenbaar is nie, kan daar wel spanning tussen die twee ontstaan. Indien konflikresolusie ten koste van die waarheid gesoek word, is die uiteindelijke resultaat 'n onvanpaste vonnis vir die beskuldigde.

'n Regsisteem is 'n burokrasie - en in elke burokrasie bestaan die versoeking om oorlewing (soos die 'wen' van 'n saak) bo doeltreffendheid te stel. Hierdie versoeking hou 'n groot gevaar vir die soeke na die waarheid in. Die forensiese kriminoloog behoort alles binne sy vermoë te doen om aan te pas by die behoefte van die verdediging om reg en geregtigheid deur middel van die waarheid te laat geskied.

Die forensiese kriminoloog moet egter van meet af aan daarop bedag wees om nie deur sommige regslui gemanipuleer te word om die waarheid op enige wyse te verdraai sodat hulle sake ten alle koste gewen word nie. Verder moet die deskundige getuie wat reeds kredietwaardigheid in strafhowe verdien het, nie toelaat dat hy misbruik word deur as 'n soort truuk deur regsfirmas aangewend te word nie. Dit kan gebeur dat sekere firmas dit bekend laat word dat hulle sake 'wen' of die ligste vonnisse verkry omdat hulle oor die dienste van forensiese kriminoloë beskik.

Die opdraggewende praktisyns het die behoefte dat die forensiese kriminoloog sy pligte op 'n professionele wyse sal nakom. Dit is die kriminoloog se plig om 'n voorlopige voorvonnisverslag op skrif te stel en betyds aan sy kliënt se prokureurs en advokaat vir kommentaar beskikbaar te stel. Dit is voorts ook nodig om genoeg tyd te laat sodat die nodige veranderinge betyds op die verslag aangebring kan word. Die forensiese kriminoloog is gewoonlik nie akademies in die regte opgelei nie en dit is dus sy plig om leiding ten opsigte van regsaspekte van die opdraggewer te aanvaar. Dit is die absolute pre-

rogatief van die opdraggewer om te besluit of die evalueringsverslag aan die hof voorgelê gaan word al dan nie. Die forensiese kriminoloog is nie by magte om daarop aan te dring dat sy verslag aanvaar moet word nie.

Dit is ook die forensiese kriminoloog se plig om die veranderings waarmee hy saamstem, aan te bring. Wanneer daar verwag sou word dat onwaarhede, verdraaiings of manipulering van feite op die verslag aangebring word, moet die kriminoloog weier. So iets is 'n aantasting van sy integriteit, wat die eerste vereiste van professionaliteit is.

Navorsers het onder die indruk gekom dat daar, minstens onder suksesvolle regspraak, nie sprake van normale 'kantoor-ure' is nie. Hierdie aspek verg aanpassing. Normaalweg bevind regspraktisyns hulle gedurende die dag in die verhoorhale en is hulle nie vir konsultasies beskikbaar nie. Vooraf konsultasies vind dus hoofsaaklik nadat die hof om 16:00 verdaag het, plaas. Wanneer die verhoor 'n aanvang geneem het, vind konsultasies gedurende die aand, oor naweke en op openbare vakansiedae plaas. Die forensiese kriminoloog moet homself dus by die tye van die regspraktisyns aanpas.

Nadat die voorvonnisverslag gefinaliseer is, is dit die plig van die forensiese kriminoloog om voldoende kopieë van die verslag gereed te maak. Kopieë moet aan die opdraggewers, die staatsaanklaer, die voorsittende beampte, assessore en, indien relevant, sielkundiges en/of proefbeamptes voorsien word. Dit spreek vanself dat hierdie verslag professioneel moet vertoon.

7.6 AANPASSING TUSSEN PROFESSIONES

Die optimale werkswyse in die bepaling van 'n gepaste vonnis is 'n multi-dissiplinêre benadering. Dit is wenslik dat 'n kriminologiese agtergrondverslag in samehang met die bevindings (en dikwels viva voce getuienis) van ander deskundiges aan die hof voorgelê word. Sedert navorsers met voorvonnisevaluering begin het, het sy met

neuroloë, patoloë, medici, psigiaters, chemici, ekonome, 'n deskundige op die gebied van menslike genetica, kliniese sielkundiges, opvoedkundige sielkundiges, opvoedkundiges, 'n volkekundige, sosioloë, 'n teoloog, maatskaplike werkers en proefbeamptes op 'n multi-dissiplinêre wyse saamgewerk.

Hierdie samewerking dui op die aanpassing van al die akteurs ten opsigte van die oorkoepelende doelwit van misdaadbeheer deur middel van die individualisering van vonnis. Samewerking en aanpassing by mekaar se behoeftes is dus 'n noodsaaklike doelstelling. Waar die forensiese kriminoloog 'n deskundige opinie in die hof uitspreek, kan dit dikwels slegs met behulp van diagnoses en bevindings van deskundiges vanuit ander dissiplines gedoen word.

7.6.1 NEUROLOË

In *S v Oliver* het navorser tydens onderhoude vasgestel dat die kliënt (wat aan moord skuldig bevind is) aan epilepsie ly. Ten tye van die moord het Oliver 'n middel wat gebruik word om epilepsie te beheer, geneem. Uit getuienis voor die hof het dit ook geblyk dat hy 'n paar uur voor die pleging van die moord alkohol gebruik het. Kriminoloë is nie bevoeg om mediese uitsprake te maak nie, maar die moontlike verband tussen neurologiese afwykings (soos epilepsie) en misdaad word wel bestudeer. Deurlopende navorsing in hierdie verband poog om vas te stel of daar 'n patroon van misdadige en/of aggressiewe gedrag by epileptici teenwoordig is. Verder word daar ook aandag gegee aan die moontlike verband tussen epilepsie en geestesafwykings.

Teenstrydige bevindings word gemaak, maar 'n beduidende aantal resente ondersoekte het geen duidelike verskil tussen misdadige of aggressiewe gedrag van epileptici en nie-epileptici gevind nie. Wat wel sonder twyfel vasgestel is, is die feit dat die soort medikasie wat geneem word, die gebruik van alkohol (met of sonder medikasie), bloedsuikervlakke en 'n gebrek aan genoeg slaap, faktore is wat die gedrag van epileptici nadelig kan beïnvloed (Moffitt & Mednick, 1991; Louw, 1989). Volgens Moffitt & Mednick (1991:55) kan hierdie aspekte wel

skielike aggressiewe optredes voorafgaan.

Met bostaande inligting in gedagte, is 'n onderhoud met 'n neuroloog gereël. Die neuroloog het volledige enkefalogram-toetse op die kliënt gedoen en grand mal-epilepsie gediagnoseer. Hierdie bevindings is in die kriminologiese agtergrondverslag met betrekking tot misdaadveroorsteking gebruik. Die neuroloog is volledig oor die doel van die konsultasie ingelig en was bereid om, indien nodig, in die hof getuie- nis af te lê. Die hof het egter die forensiese kriminoloog se verslag oor die kliënt se toestand aanvaar en die neuroloog is nie geroep om te getuig nie. Navorser het volledig oor die neuroloog se bevindings verslag gedoen en het dit duidelik gestel dat dit nie, wat die neuro- logiese aspekte betref, die diagnose van 'n kriminoloog is nie, maar wel van 'n neuroloog. Die neuroloog se verslag is ook aan die einde van die verslag wat by die hof ingedien is, aangeheg. Die hof het hierdie getuie- nis in ag geneem as versagtende omstandighede en het bevind dat die gebruik van medikasie saam met alkohol wel 'n rol in die misdaad kon gespeel het en dus die morele blaamwaardigheid van Oliver verminder het. Dit was 'n bepalende faktor in die vonnis wat hy opgelê is.

In S v Scheepers en andere het die moeder van een van die vier jeug- diges wat aan moord skuldig bevind is, ook tydens onderhoude gemeld dat hy 'n paar epileptiese aanvalle gehad het. Navorser het 'n afspraak met die neuroloog wat hom behandel het, gemaak. Dit het aan die lig gekom dat kliënt nie gereeld aanvalle kry nie omdat sy moeder, wat 'n verpleegkundige is, sorg gedra het dat die mediese voorskrifte noukeurig nagekom word. Die neuroloog het medikasie vir een jaar gestaak, maar kliënt moes veral geen alkohol gebruik nie, korrek eet en genoeg rus kry. In die 24-uur tydperk wat die moord voorafgegaan het, het kliënt saam met die ander oortreders partytjie gehou. Dit was die langnaweek voor hulle met hulle matriekeksamen sou begin. Gedurende daardie naweek het die jeugdige feitlik niks geëet nie, glad nie geslaap nie en het hulle groot hoeveelhede alkohol gebruik. Ook in dié geval is die verslag van die forensiese kriminoloog ten opsigte van hierdie feite aanvaar en die neuroloog het nie viva voce

getuienis afgelê nie. Hoewel hierdie feite nie deur die hof as versagtende omstandighede aanvaar is nie, is dit wel in ag geneem as die waarskynlike rede waarom kliënt nie presies kon onthou wat tydens die moord gebeur het nie. Die hof het aanvaar dat kliënt nie leuenagtig is nie, en het hom geglo toe hy onder kruisverhoor gesê het "I blacked out totally" en "It was really all very black and empty." Dit dien vermeld te word dat nóg die proefbeampte, nóg die sielkundige wat vir die staat opgetree het, tydens enige van hulle onderhoude met die kliënt vasgestel het dat hy aan epilepsie ly.

In hierdie verband poneer Gitchoff (1990:651) dat: "Investigating probation officers who prepare presentence reports are usually subject to time and organizational pressures; as a result of staggering case loads and insufficient resources, many presentence reports are based merely on a perfunctory records check, a few phone calls and a very brief interview with the defendant in their offices."

Hierdie waarneming ten opsigte van die situasie in die Verenigde State van Amerika blyk ook in die Republiek van Suid-Afrika die geval te wees. Die betrokke proefbeampte (in *S v Olivier*) het geen persoonlike onderhoud met Oliver gevoer nie en het haar afleidings gebaseer op een telefoniese onderhoud met hom en een telefoongesprek met 'n vriend van hom. Die tweede geval wat bo genoem is het navorser eers na vyf diepgaande onderhoude sodanig vertrou dat hy gewillig was om oor sy epilepsie te praat. Hy het geglo daar kleef 'n stigma aan die siekte en niemand behalwe sy ouers en dokter, was daarvan bewus dat hy aan epilepsie ly nie. Ook het hy nie hierdie feit aan die kliniese sielkundige genoem nie, terwyl sy onderhoud met die proefbeampte minder as vyf minute geduur het - hy is bloot gevra om eenkant in haar kantoor by die landdroshof te sit en 'n vorm in te vul.

Navorser het dit ook nodig gevind om met neuroloë onderhoude te voer ten opsigte van moordsake waarin die oorsaak van dood nie in die staatspatoloëse verslae duidelik uitgespel is nie. Ten einde sekerheid te hê oor die weergawe van die kliënte, was dit dus nodig om 'n deskundige se opinie te verkry. In *S v Gemmel en Teasdale* is kliënte

aan moord skuldig bevind. Nadat navorser die nadoodse verslae en die polisie-dossier noukeurig bestudeer het, en nadat onderhoude met die kliënte gevoer is, het dit voorgekom asof die slagoffer se dood deur 'n val teen 'n randsteen veroorsaak kon gewees het. Hierdie moontlikheid is nie deur die staatspatoloog genoem nie en hy het aangevoer dat die dood veroorsaak is deur 'n vuishou. Die neuroloog het die nadoodse verslag en die polisiefoto's bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n sterker moontlikheid bestaan dat die dood deur die stamp teen die randsteen as deur 'n vuishou veroorsaak is. Hierdie feite is in die kriminologiese agtergrondverslag gebruik om verminderde morele blaamwaardigheid te bewys. Sonder die hulp van die neuroloog sou dit nie moontlik gewees het nie.

7.6.2 MEDICI (Ander as neuroloë)

Wanneer 'n forensiese kriminoloog 'n voorvonnissverslag opstel, is een van die belangrikste aspekte wat noukeurig bestudeer moet word, veral indien die oortreder 'n moord gepleeg het of aan strafbare manslag of verkragting skuldig bevind is, alle beskikbare geregsgeneeskundige verslae en dokumente. 'n Kriminologiese voorvonnissverslag en die daaropvolgende viva voce getuienis van die forensiese kriminoloog handel nie oor die meriete van die saak nie. Getuienis en beslissings oor die meriete is enkel en alleen die taak van alle betrokke regslieders en die straftoemeter en is reeds afgehandel wanneer die forensiese kriminoloog getuig. Die forensiese kriminoloog se bydrae tot die prosedure in die verhoorhof fasiliteer die straftoemeter se taak om die vonnis te individualiseer. Ten einde dit te bereik, vorm die besinning oor die waarskynlike oorsake van die beskuldigde se gedrag en al die faktore wat daarmee saamhang, die grondslag vir 'n betoog oor 'n gepaste vonnis.

Die forensiese kriminoloog moet ook, in sy verslae, aandag gee aan die oortreder, die oortreding en die belange van die gemeenskap. Dit is ook, onder andere, die verantwoordelikheid van die kriminoloog om ten minste 'n elementêre begrip van die geregsgeneeskunde te bekom.

Alvorens daar 'n aanvang met die onderhoude met kliënte wat van moord aangekla is gemaak is, het navorser die beskikbare geregsgeneeskundige verslae en foto's van die polisiefoto's noukeurig bestudeer. Dit is 'n noodsaaklike stap in die proses wat die forensiese kriminoloog moet nakom. Volgens Shapiro en Smith (1989:vi) is geregsgeneeskundige verslae en dokumente hoofsaaklik toegespits op die kliniese aspekte en patologie van geneeskunde vir sover dit betrekking op die behoeftes van die howe het. Kliniese geregtelike geneeskunde behels die geneeskundige toestand van die **lewende** slagoffer en/of misdadiger wat voortspuit uit die aanranding, gebruik van alkohol of verdowingsmiddels, sowel as aspekte soos ouderdomsbepaling, identiteit, vrugafdrywing en seksuele misdade.

Geregtelike patologie, aan die ander kant, het te make met die **nadoodse** mediese ondersoeke in die geval van dood wat oënskynlik nie die gevolg van natuurlike oorsake is nie, en met die patologielaaboratorium prosedures en -ondersoeke wat nodig is vir sowel kliniese geregtelike geneeskunde as nadoodse ondersoeke. Dit sluit onder meer in die mikroskopiese ondersoek van weefsel, mikrobiologiese en biochemiese toetse en bloed- en weefselgroepering.

Die forensiese kriminoloog moet weet wat die presiese oorsaak van die dood was (die lykskouingsverslag moet noukeurig bestudeer word). Verder moet hy hom vergewis van ander aspekte, soos die toneel, omgewing, en omstandighede van die dood, die moordtegnieke, bydraende toestande of oorsake, predisponerende omstandighede of oorsake, presipiterende toestande of oorsake. Om hierdie faktore te begryp, het die forensiese kriminoloog verder dan ook 'n basiese kennis van die algemene struktuur en funksionering van die menslike liggaam nodig.

'n Verdere rede waarom die forensiese kriminoloog 'n basiese kennis oor bostaande aspekte moet dra, is omdat dit 'n belangrike hulpmiddel is om die kliënt se weergawe van die misdaad aan die waarheid te toets. Dit is navorser se beleid om nie aanvanklik aan die kliënt te meld dat sy kennis van die geregsgeneeskundige verslae dra óf insae in, byvoorbeeld, die polisie-dossier gehad het nie. 'n Beduidende

aantal voornemende kliënte is nie aanvaar nie omdat die weergawe van die kliënt oor die gebeure en omstandighede van die moord of aanranding totaal of in 'n groot mate van die geregsgeneeskundige bevindings verskil het. Die forensiese kriminoloog het dus afgelei dat die kliënt die waarheid verdraai en leuenagtig is. Hierdie bevindings (met volledige motiverings) is aan die opdraggewende prokureurs oorgedra. In al die gevalle is daar ooreengekom dat die forensiese kriminoloog haar van die saak onttrek.

'n Ander rede waarom die forensiese kriminoloog die geregsgeneeskundige aspekte moet bestudeer, is dat dit belangrike aanduidings ten opsigte van die mate van geweld, die tipe instrument en die tydsduur van die gebeure, en voorafbeplanning, wat met die motief van die oortreder verband kan hou, voorsien.

Aangesien voorvonnisverslae deur die verdediging aangevra word, kan die forensiese kriminoloog nie onderhoude met die staat se geregsgeneeskundiges voer nie. In 'n aantal sake was dit nodig om meer inligting te bekom byvoorbeeld oor faktore soos presies wanneer die dood kon ingetree het, of 'n lyk na 'n tydperk van rigor mortis weer kan verslap, en of 'n persoon na die intrede van dood steeds kan bloei.

7.6.3 PSIGIATERS EN SELKUNDIGES

Om by die behoeftes van die hof aan te pas, moet die forensiese kriminoloog minstens oor 'n basiese kennis van die sielkunde en die psigiatrie beskik. Die kriminoloog se kennis moet hom minstens sodanige insig in die menslike psige bied dat hy psigiese afwykings of persoonlikheidsprobleme by die kliënt kan raaksien en dan na 'n psigiater of sielkundige vir 'n professionele diagnose kan verwys. Gitchoff (1990: 650) meen dat sosiaal-wetenskaplikes die hof van 'n evaluering van die oortreder in sosiale konteks kan voorsien waarvoor 'n prokureur of 'n advokaat eenvoudig nie die tyd het of oor die kundigheid beskik nie. Dieselfde geld vir die oortreder se persoonlikheid en karakter.

Die forensiese kriminoloog behoort byvoorbeeld nie 'n stelling in die hof te maak oor die verstandelike vermoë van die klient nie. Indien

hierdie aspek relevant tot die verhoor is, moet 'n sielkundige, deur middel van aanvaarde, gestandaardiseerde toetse die intelligensie-koëffisiënt van die kliënt meet. Hierdie stap is van die uiterste belang in verhore waar verminderde toerekeningsvatbaarheid by die beskuldigde bevind is. Die faktore hang dikwels met intelligensie saam en kan aangevoer word as 'n faktor wat sy morele blaamwaardigheid, en dus straf, behoort te verminder.

In twee sake is navorser versoek om vóór die uitspraak van die voorsittende beampte 'n verslag in te dien. Tydens die onderhoude met die betrokke oortreders het dit duidelik geblyk dat die kwessie van toerekeningsvatbaarheid alvorens uitspraak gelewer word, ter sprake sal moet kom. Beide hierdie sake was pro deo verhore en die advokate vir die verdediging het ten tye van hulle eerste onderhoude met die oortreders nie hierdie probleme raakgesien nie. In die een saak het navorser die advokaat oor die omstandighede ingelig. 'n Psigiater in privaatpraktyk het die kriminoloog se vermoede ten opsigte van die geestesgesteldheid van die kliënt bevestig deur skisofrenie te diagnoseer. Navorser het voor uitspraak getuig en na aanleiding van haar verslag, wat die psigiater se bevindings bevat het, is die kliënt vir 'n tydperk van 30-dae waarneming na 'n psigiatryse inrigting vir evaluering verwys. Die kliënt is as ontoerekeningsvatbaar bevind en is as Staatspresidents-pasiënt na die Sterkfontein Psigiatryse Hospitaal gekommitteer. Dit dien vermeld te word dat die aansoek om 30-dae verwysing deur die staat teengestaan is. 'n Staatspsigiater het die staatsaanklaer in hierdie verband bygestaan. Indien navorser oor geen kennis van die sielkunde beskik het nie, sou dit haar kredietwaardigheid in die hof aangetas het.

In *S v Esterhuizen* is die oortreder daaraan skuldig bevind dat hy as pediater gepraktiseer het sonder die nodige kwalifikasies. Die staatspsigiater het getuig dat sy nie 'n definitiewe diagnose ten opsigte van Esterhuizen kon maak nie: "I had no facts regarding the activities of the accused before the age of eighteen and you would need that in order to come to a diagnosis. One cannot look to psychometric testing in isolation - one has to relate it to the facts of the case as well

as to the background of the accused. I always find it very useful to have some kind of social report rather than simply relying on the version of the accused. A social report regarding family, work record, use of leisure time." Die betrokke psigiater het 'n duidelike aanduiding gegee dat sy, om die beste by die hof se behoeftes aan te pas, verkies om multi-dissiplinêr te werk te gaan.

In *S v Rohlands* het dit geblyk dat die kliënt 'n analfabeet is. Weer eens het die pro deo advokaat hierdie probleem misgekyk. Die psigiater waarheen die kliënt deur navorser verwys is, het vasgestel dat die kliënt 'n intelligensie-koëffisiënt van slegs 70 het. Ten tye van die onderhoude was Rohlands reeds twee jaar in aanhouding as verhoorafwagte aangesien hy nie die borggeld kon betaal nie. Gedurende die tydperk van verhoorafwagting het hy met talle regsbegrippe bekend geraak en kon hy voorgee dat hy meer verstaan as wat inderdaad die geval was. Die betrokke psigiater was bereid om in die hof te getuig. Belangrike getuienis van die staat het daarop gedui dat Rohlands verskeie dreigbriewe voor die moord aan die oorledene geskryf het. Nadat vasgestel is dat Rohlands nie kon lees of skryf nie, is daar gevind dat hy nie die betrokke dreigbriewe kon geskryf het nie, en dat die werklike moordenaar dus nog op vrye voet is. Beide die psigiater en navorser het voor uitspraak getuig en Rohlands is vrygespreek.

In 'n aantal bedrogsake was die verstandelike vermoëns van die oortreders ter sprake en is hulle deur navorser vir evaluering na sielkundiges verwys. In die meeste gevalle is die kriminologiese agtergrondverslae, wat alle evaluerings en diagnoses van die sielkundiges vervat het, deur die hof aanvaar. In enkele gevalle is die sielkundiges ontbied om viva voce getuienis te lewer.

In *S v Cosanni* en *S v Vivier* was dit vir die forensiese kriminoloë nodig om vas te stel of die betrokke oortreders se wanaanpassing op skool aan leerprobleme te wyte was, al dan nie. Beide is na opvoedkundige sielkundiges verwys. Met betrekking tot *Cosanni* is bevind dat hy aan 'n vorm van minimale breindisfunksie, wat sy aanpassing op skool bemoeilik het, ly. In die geval van *Vivier* is vasgestel dat sy

wanaanpassing op skool met sy disfunksionele gesinsagtergrond in verband gebring kon word en nie aan leerprobleme toegeskryf kon word nie.

Dit spreek vanself dat daar 'n goeie verstandhouding tussen die forensiese kriminoël en die psigiaters en sielkundiges na wie hulle kliënte verwys, sal wees. Die forensiese kriminoël stel hulle verslae aan die lede van ander professies beskikbaar en pas dus op daardie wyse by hulle behoeftes aan. Sedert 1986 het daar nog nie 'n enkele situasie ontstaan waar daar 'n wesentlike verskil van opinie ten opsigte van kliënte ontstaan het nie. In die gevalle waar die forensiese kriminoël of die regsvertegenwoordigers die sielkundiges se hulp ingeroep het, het hulle in hul verslae en kruisverhoor na die verslae en bevindings van die forensiese kriminoël verwys en andersom. Sodanige samewerking getuig van aanpassing by mekaar se behoeftes en hierdie aanpassing kan slegs tot die hof se voordeel strek.

7.6.4 OPVOEDKUNDIGES

In *S v Botha* het navorser 'n onderhoud met die hoof van die Nywerheidsskool Emmasdal op Heidelberg (Transvaal) gevoer. Kliënt was 'n 17-jarige jeugdig wat aan moord skuldig bevind is. As 'n alternatief tot gevangenisstraf het navorser hertoelating tot bostaande skool oorweeg. Hoewel hierdie alternatief nie normaalweg oorweeg word nie, was dit in *Botha* se geval aangewese aangesien hy reeds ten tye van die pleging van die misdaad 'n leerling van Emmasdal was. (Die moord is tydens 'n vakansie, toe *Botha* tuis was, gepleeg). Navorser moes haarself egter vergewis van die presiese omstandighede wat by die betrokke skool heers. Na 'n aantal onderhoude was dit duidelik dat 'n verwysing terug na die betrokke skool die beste vonnisalternatief sou wees. Die skoolhoof het, in samehang met navorser en opvoedkundige sielkundiges, getuienis oor die oortreder se algemene gedrag en akademiese vordering in die hof afgelê. Die hof het *Botha* na die nywerheidsskool terug verwys.

Wat *S v Briel* en *S v Scheepers* en andere betref, het die forensiese kriminoël ook onderhoude met die betrokke skoolhoofde gevoer. *Briel*,

sowel as die ander vier jeugdiges, was almal ten tye van die pleging van hulle misdade (moord) skoliere. Intensiewe onderhoude met Briel se skoolhoof het waardevolle relevante inligting na vore gebring. Die skoolhoof was, onder andere, daarvan bewus dat van die ander leerlinge in sy skool hulself aan homoseksuele prostitusie skuldig maak. Hy het sy volle samewerking gegee, alle dokumente rakende Briel is ter beskikking gestel en hy het ook saam met die kriminoloë in die hof getuig. Die skoolhoof van die ander vier jeugdiges het ook alle samewerking gegee. Die inligting wat hy verskaf het, tesame met die van die voog-onderwysers van elkeen van die jeugdiges, is in die kriminologiese voorvonnisverslag opgeneem. Die hof het die getuienis van navorser aanvaar en het dit nie nodig gevind om die onderwysers as getuies te roep nie. Die inligting wat deur hulle verskaf is, het 'n belangrike rol ten opsigte van die vonnisse van die jeugdiges gespeel.

Samewerking met opvoedkundiges het egter nie in elke geval vlot verloop nie. Nadat die media die getuienis van Briel se skoolhoof oor die homoseksuele prostitusie gepubliseer het, het 'n ander skoolhoof geweier om die kriminoloë te woord te staan oor een van sy leerlinge. Hy het aggressief opgetree en dit duidelik gestel dat hy nie sy skool aan sulke negatiewe beriggewing sal blootstel nie. Die hof het hierdie skoolhoof deur middel van 'n subpoena gedwing om getuienis af te lê.

7.6.5 ANDER PROFESSIONS

Samewerking met 'n deskundige op die gebied van menslike genetica was noodsaaklik in die saak van S v Scheepers en andere. 'n Sielkundige het getuig dat die een beskuldigde van jongs af gedragsprobleme getoon het. Hy kon egter nie 'n diagnose maak nie. Die staat het, met behulp van twee staatspsigiaters, probeer aantoon dat die jeugdige 'n psigopaat is. Met die aanvang van die verhoor was die betrokke jeugdige nie 'n kliënt van navorser nie. Nadat die staatsaanklaer navorser se verslag oor die ander drie beskuldigdes, wat van dieselfde moord aangekla is, ter insae gehad het, het hy 'n versoek aan die hof gerig dat 'n kriminologiese agtergrondverslag ook oor die vierde

jeugdige uitgebring word. Hierdie versoek is toegestaan. Tydens die verhoor het navorser gemerk dat hierdie jeugdige 'n duidelike ritmiese senuwee-trekking (tic) openbaar. Sy het hom na die genetikus, wat oor 'n diepgaande kennis van Tourette Sindroom, ('n spektrum afwyking) beskik, verwys.

Die bevinding van die genetikus/medikus was dat kliënt vermoedelik as 'n geval van Tourette sindroom beskou kon word, aangesien daar motoriese afwykings, elemente van aggressie, hiperaktiwiteit, angs, 'n verkorte aandagspan en kompulsiewe obsessionele gedrag teenwoordig was. Verder ondersteun sy familiegeskiedenis die diagnose. Aangesien daar ten tye van die hofsaak nog geen akkurate biochemiese toetse vir hierdie toestand in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar was nie, kon die hof nie kliënt as ontoerekeningsvatbaar of verminderd ontoerekeningsvatbaar bevind nie. Die hof het egter wel die toestand in ag geneem om verminderde morele blaamwaardigheid te bevind - 'n aspek wat 'n belangrike rol by die individualisering van straf gespeel het (sien ook par. 4.8).

In *S v Gafenowitz* moes die forensiese kriminoloë die hulp van ekonome inroep om hulle met sekere aspekte van die misdaad by te staan. Die oortreder is skuldig bevind aan bedrog wat meer as 'n miljoen rand behels het. Die wyse waarop die misdaad gepleeg is, was so ingewikkeld dat die staat ook die bystand van deskundiges moes inroep om die misdaad te verklaar.

Die saak *S v Matloga* het 'n COSATU-moord behels. In hierdie verband moes die kriminoloë die hulp van 'n volkekundige inroep om hulle by te staan oor stamgewoontes, verskillende etniese groepe in Suid-Afrika en hulle bygelowe. Dieselfde volkekundige het ook hulp verleen in *S v Magadza* en *S v Mololeke*, wat beide van menseroof en moord aangekla is. Ook in hierdie sake het die forensiese kriminoloë dit nodig gevind om meer te wete te kom oor die gewoontes, waardes en norme van ander kulture ten einde volledige inligting wat by die oplegging van die vonnis relevant was, aan die hof voor te lê.

Die kundigheid van 'n sosioloog oor groepe en groepsverbande was in 'n verhoor waarin jeugdige in groepsverband 'n moord gepleeg het, nodig. In twee sake is die kennis van 'n chemikus gebruik aangesien die misdaad, onder andere, die misbruik van verdowingsmiddels behels het. Die chemikus moes byvoorbeeld getuig oor hoe lank spore van cannabis in die menslike liggaam gevind kan word.

Dit het ook geblyk dat die forensiese kriminoël kennis moet dra ten opsigte van die werking van die Suid-Afrikaanse Polisie en hulle ondersoekmetodes. Samewerking en aanpassing wedersyds is onontbeerlik. 'n Houding van respek teenoor polisiebeamptes fasiliteer aanpassing, veral waar forensiese kriminoë dikwels onderhoude in polisieeselle moet voer. Die kriminoël moet aanpas by tye en omstandighede wat by die behoeftes van die polisie aanpas en kan nie aandrang om onderhoude op ongeleë tye te voer nie.

Samewerking en aanpassing by die maatskaplike werker kan slegs die waarde van 'n voorvonnisevalueringsverslag verhoog. Navorsers werk byvoorbeeld sedert 1985 nou saam met die maatskaplike werkers wat aan NIMRO (Johannesburg) verbonde is. Hulle bystand ten opsigte van die administratiewe reëlins ten opsigte van gemeenskapsdiensvonnisse is onontbeerlik. Dit verhoog die kredietwaardigheid van 'n voorvonnisevalueringsverslag indien daar volledig verslag gedoen kan word oor die moontlike plasing van die oortreder en oor presiese maatreëls wat getref kan word om die hof op 'n gereelde basis op hoogte van die uitvoering van die bevel te hou.

7.7 AANPASSING VAN FORENSIESE KRIMINOLOË BY DIE BEHOEFTE VAN VERSKILLENDE RASSEGROEPE

Navorsers het daarvan bewus geword dat die wyse waarop sy kliënte van ander rasse benader, op ongetoetste aanvaardings berus. Die diens wat aan hulle gelewer word is bloot intuïtief van aard en word deur goeie bedoelings gerig, maar lei gebrek aan empiriese ondersteuning. Die grootste gevaar met betrekking tot hierdie toestand is die feit

dat voorvonnisevaluering oor ander rasse "kultuurgebonde", dit wil sê vanuit 'n blanke oogpunt, mag wees. 'n Voorvonnisverslag oor 'n Indiër of swartman, byvoorbeeld, moet geskied teen die agtergrond van verskillende kulture waar individuele misdade binne die konteks van 'n ras-gestratifiseerde samelewing gepleeg word. Blote bewussyn van hierdie probleem is nie voldoende nie en daar bestaan 'n leemte in hierdie verband.

Dit is veral ten opsigte van NIMRO (Johannesburg) se gemeenskapsdienspanele, waarop kundiges vanuit alle rassegroepe dien, waar probleme ontstaan. 'n Afrikaanssprekende, ongesofistikeerde manlike jeugdige het byvoorbeeld 'n onderhoud gehad met 'n paneel wat uit twee swart en twee kleurling vroulike maatskaplike werkers en een swart manlike prokureur bestaan het. Die paneel het hom as stuurs en leuenagtig beleef. Hyself het aan navorser beken dat hy "vernederd en beledig gevoel het omdat hy sy derms voor 'n spul swartes op die vloer moes gooi". Hy het voorts gesê "ek het gelieg. Hoe kon ek, 'n witmens, nou vir hulle staan en vertel wat ek gedoen het?". Andersom wou twee manlike swart oortreders nie kommunikeer tydens 'n paneelonderhoud nie. Hulle het uitgestap en woedend aan navorser gesê: "How can you do this. We blacks do not trust women. You are all female, and some are white. We insist on help from black men. We are in enough trouble already."

7.8 AANPASSING BY DIE BEHOEFTES VAN DIE DEPARTEMENT KORREKTIEWE DIENSTE

'n Volledige voorvonnisverslag kan nie deur 'n forensiese kriminoloog wat geen kennis van al die sub-sisteme binne die regsisteem dra, opgestel word nie. 'n Grondige kennis van, en goeie samewerking met die Departement Korrektiewe Dienste is onontbeerlik. Die forensiese kriminoloog moet daartoe in staat wees om sinvolle vonnisvoorstelle te maak. Dit kan nie gedoen word sonder kennis van vonnisalternatiewe nie. Verder moet die forensiese kriminoloog daartoe in staat wees om, vanweë sy besondere kennis, voorspellings ten opsigte van toekomstige gevaarlikheids-, residivisme en rehabilitasiepotensiaal te maak. Insig in die gebreke en beperkinge van tradisionele strawwe, korrek-

tiewe instellings en -programme is noodsaaklik.

Ten einde aan die behoeftes van die straftoemeter te voldoen, is kennis van die gevangenisstelsel noodsaaklik. Die forensiese kriminoloog moet byvoorbeeld weet watter kategorieë gevangenes bestaan; wat die hantering van eerste oortreders behels; watter sielkundige en mediese dienste beskikbaar is en watter studiemoontlikhede en opleidingsprogramme aan gevangenes gebied word. Die forensiese kriminoloog het in hierdie verband 'n taak om, aangesien individualisering van straf 'n doelwit van 'n kriminologiese agtergrondverslag is, noukeurig aan te dui watter programme vir die betrokke kliënt aangewese is.

Navorsers het dit nodig gevind om 'n kontakpersoon by die Departement Korrektiewe Dienste te nader. Ten eerste is gereël dat sy verskillende tipes gevangenissoeke besoek. Onderhoude met verhoorafwagende oortreders word dikwels in die polisie-selle by die verskillende howe of by die Diepkloof-gevangenis in Johannesburg gevoer. Hierdie situasie bied egter geen geleentheid om kennis oor die gevangenisstelsel per se op te doen nie. Dit was nodig om eerstehandse kennis oor byvoorbeeld die behandeling van vroulike gevangenes, eerste-oortreders, jeugdiges en terdoodveroordeeldes te bekom.

Dit het mettertyd ook geblyk dat die voorvonnisevalueringsverslae van die forensiese kriminoloë aan die Departement Korrektiewe Dienste beskikbaar gestel word en op die lêers van die gevangenes gehou word. Op grond hiervan het maatskaplike werkers en sielkundiges wat aan die Departement verbonde is, met die forensiese kriminoloë in verbinding getree. Veral kort voor vrylating, het hierdie reëling voordele ingehou. Die forensiese kriminoloë kon die gesinne van die gevangenes op die hoogte hou oor belangrike ontwikkelings en hulle kon ook kontak met die kliënt behou. Dit het die geleentheid gebied om die rehabilitasie van die kliënt te evalueer.

In een geval het goeie samewerking, en dus wedersydse aanpassing, daartoe gelei dat die Departement Korrektiewe Dienste, op aanbeveling van die navorser, die dienste van 'n privaat mediese praktisyn inge-

roep het. Die gevangenis dokter het geen kennis van die behandeling van Tourette sindroom gedra nie. Navorser het gemeen dat haar kliënt, indien sy behandeling nie in die gevangenis sou voortgaan nie, weer tot aggressiewe en afwykende gedrag kon terugval en sodoende probleme in die gevangenis veroorsaak. Hierdie spesialis-behandeling word dus, in samewerking tussen die privaatpraktisyn en die medikus wat aan die gevangenis verbonde is, voortgesit.

Ondersoeker is verder deur die hoof van die Pretoriase Sentrale Gevangenis genooi om op 'n multi-dissiplinêre komitee te dien wat oor die rehabilitasie programme van vier jeugdige oortreders wat aan moord skuldig bevind is te besluit en om hulle vordering te monitor.

7.9 SLOTSOM

Wanneer 'n kriminologiese agtergrondverslag opgestel word, moet die forensiese kriminoloog kennis dra van die behoeftes van al die akteurs wat by 'n betrokke saak belang het. Ook die waardes en norme (die regsreëls) van die omgewing (die hof) waarin die diens gelewer word, moet in ag geneem word. Verder is dit noodsaaklik om vas te stel of die inligting wat gebruik word, betroubaar genoeg is om in 'n hof kredietwaardig te wees. Effektiewe aanpassing moet by die behoeftes van die verskillende professies asook by verskillende kulture en rasse gemaak word. Koördinasie kan slegs deur middel van gemeenskaplike en wedersydse aanpassing geskied. Hierdie koördinasie deur gemeenskaplike aanpassing behoort veral kommunikasie tussen al die verskillende akteurs in te sluit sodat almal - vanweë hulle interafhanklikheid - aanpassings kan maak.

Volgens die funksionele voorvereiste vir die voortbestaan van 'n sisteem soos forensiese kriminoloë, wat Parsons aanpassing noem, is dit duidelik dat navorser, sowel as alle ander betrokke akteurs, pogings aanwend om noodsaaklike aanpassings te maak. Hierdie wedersydse aanpassings dra by tot meer doeltreffende straftoemeting en die werkzaamhede van die forensiese kriminoloë het bygedra tot die aanvaarding van sodanige deskundige getuies in Suid-Afrikaanse strafhewe.

HOOFSTUK 8

**PATROONHANDAWING EN SPANNINGSBEHEER AS FUNKSIONELE VOORVEREISTE VIR
DIE BESTAAN VAN FORENSIESE KRIMINOLOË AS KOMPONENT VAN DIE KRIMINELE
REGSPLEGINSGISTEEM**

8.1 INLEIDING

Patroonhandhawing en spanningsbeheer is die vierde funksionele voorvereiste vir die bestaan van 'n sosiale sisteem wat deur Parsons onderskei word. Hy omskryf dit as die instandhouding van die basiese patroon van waardes wat in die sisteem geïnstusionaliseer is en die vorming van die toepaslike motiverings van die akteurs in die groep (in Cuff & Payne, 1979:38). Wanneer 'n sisteem soos dié waarin forensiese kriminoël deskundige getuies in strafhowe lewer, daarin slaag om ook basiese patrone te handhaaf en individuele lede tot professionele optrede te motiveer, vorder dit op die weg van ekwilibrium binne die sisteem, wat vir die voortbestaan daarvan nodig is.

Parsons se gebruik van die begrip ekwilibrium dui daarop dat die normatiewe aard van die sosiale struktuur sentraal aan sy konseptuele raamwerk is. Parsons glo dat 'n sisteem in 'n staat van ekwilibrium is wanneer daar geen konflikte in voorkom nie en waarin elke akteur weet wat van hom in die rol wat hy speel, verwag word. 'n Toestand van perfekte ekwilibrium kan nooit bereik word nie, maar word geag 'n toestand te wees wat deurentyd nagestreef behoort te word (Cuff & Payne, 1979:39).

Een van die belangrikste prosesse in die bereiking van die teoretiese toestand van perfekte ekwilibrium is in die geval van forensiese kriminoël geleë in die opleiding van dié persone. Dit beteken dat elkeen geleer moet word wat die verwagting is wat van sy besondere rol gekoester word. Omdat daar meer as een akteur in die hofsisteem is, en die verskeie akteurs in interaksie met mekaar is, kan dit tot bot-

sings en spanning in die sisteem aanleiding gee. Vir die forensiese kriminoloog om as deel van die sisteem te bly voortbestaan, moet hy sorg dra dat hy behoorlik vir sy rol voorberei is. Hy moet dus nie net weet wat van hom verwag word nie, maar moet behoorlik toegerus wees om aan die verwagtings te voldoen.

In strafhove word reëls en regulasies noulettend toegepas omdat die oortreding van die regstelsel, as formele sosiale beheersmeganisme, se reëls onmiddellike nagevolge vir die oortreder inhou, anders as by sommige ander vorme van sosiale beheer. Daar word ewe streng teen funksionariese van die hof opgetree wat die formele regsreëls wat op die hof betrekking het, oortree. Vanweë hierdie subkultuur van die hove gebeur dit ook dat die regsprofessie nie onprofessionele gedrag in sy geledere of in sy werksmilieu duld nie. Onbevoegde akteurs in die regsisteem wat nie aan hulle rolverwagtinge voldoen nie, word uit die sisteem geweier deurdat hulle nie weer opdragte ontvang om namens kliënte in die hof op te tree nie.

In hierdie hoofstuk word die **opleiding** wat forensiese kriminoël toerus om verwagte gedragpatrone as deskundige getuies te handhaaf, bespreek. Ten einde uiteindelik enkele aanbevelings oor verbeterde opleiding van forensiese kriminoël te kan maak, moet die beperkinge op opleidingsmoontlikhede wat deur die universiteitesisteem gestel word, kortliks nagegaan word. Amptelike staatsbeleid bepaal dat universiteite fundamentele opleiding en voorbereiding vir 'n professie verskaf, maar nie beroepsopleiding doen nie. Die lewering van deskundige getuienis deur forensiese kriminoël is die beoefening van 'n professie in die praktyk. Omrede dié verskil in benadering, moet 'n manier gevind word waarop die eise van die akademie met die eise van die praktyk versoen kan word sodat akteurs - forensiese kriminoël - opgelei word om aan die besondere rolverwagtings in die hof te voldoen. Cheit (1975:143) vat die probleem soos volg saam: "The basic internal problem has been described by Clark Kerr ... that 'the applied department, oriented toward an external problem, rather than a central discipline with a theory, is inherently in a difficult position'. The applied field lives in both worlds and is pulled in many directions."

'n Universiteitsdepartement wat dus professionele voorbereiding - nie beroepsopleiding nie - vir die praktyk doen, is aan besondere eise onderhewig.

8.2 STAATSBELEID MET BETREKKING TOT AKADEMIESE OPLEIDING

Daar bestaan 'n breë konsensus (volgens SANSO-115:43 e.v.) dat 'n universiteitsgraad slegs uitgereik word aan kandidate wat 'n genoegsame peil van wetenskaplike kennis en vaardigheid in 'n vakgebied opgedoen het. Die finale oordeel berus by universiteite wat in 'n bepaalde omgewing en tyd besluit watter maatstawwe neergelê moet word in die ontwerp van leergange en in die opstel van leerplanne, studiemateriaal, voorlesings en eksamens. Daar is ooreenstemming oor veral twee sake wat essensieel in 'n leergang ingebou moet wees alvorens 'n graad daarvoor toegeken kan word. In die eerste plek moet 'n graadleergang aan 'n student 'n breë algemene skoling en opvoeding bied en in die tweede plek moet dit 'n persoon deeglik en fundamenteel in die grondbeginsels van 'n vakgebied of studierigting begrond. Een van die mees opvallende kenmerke van die inhoud van graadleergange is dat dit in die geheel of gedeeltelik bestaan uit 'n studie van dié wetenskappe wat as basiese wetenskappe bestempel kan word en wat as grondliggend ten opsigte van die toegepaste wetenskappe geag word, omdat hulle die beginsels waarop in die bestudering van die toegepaste wetenskappe voortgebou word, bevat.

Dié algemene siening vind neerslag in die staatsbeleid oor 'n Kwalifikasiestruktuur vir Universiteite in Suid-Afrika (NASOP 02-116, 89/01). Hierin word die breë filosofiese uitgangspunte ten opsigte van die wese van, die doel met en die inhoud van universiteitstudie uiteengesit. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek na die opleiding van forensiese kriminoloë, is veral die eerste twee doelwitte van die voorgeskrewe kwalifikasiestruktuur van belang. Hulle lui soos volg:

- " 'n Kwalifikasiestruktuur moet gebou word rondom die vaste uitgangspunt dat dit die primêre taak van die universiteit is om op die hoogste vlak akademies bedrywig te wees. Derhalwe moet uni-

versiteite hul studente wetenskaplike vorming van 'n hoë gehalte bied. Dit behoort te geskied deur 'n skoling wat die grondliggende beginsels van die wetenskaplike denk- en werkwyse inskerp aan die hand van dié vakinhoud wat tot die basiese, die konteksmatig basiese en die toegepaste wetenskappe gereken word".

- "Omdat universitêre studie, naas die soeke na die waarheid, gerig is op nuttige burgerskap en beoog om studente voor te berei vir die beoefening van 'n verskeidenheid hoëvlak beroepe, moet by wyse van sinvolle en gebalanseerde kurrikula aan sowel die eise van wetenskaplike vorming as die redelike skolingsbehoefte van die beroepswêreld voldoen word."

Alhoewel daar buiteliggame is wat bepaalde vereistes aan universiteite stel, onder meer op grond van hul wetlike bevoegdhede, berus die samestelling van graadleergange by die individuele universiteite. Alhoewel 'n breedgeformuleerde owerheidsbeleid vir 'n universitêre kwalifikasiestruktuur noodsaaklik is, is dit eweneens nie die taak van die owerheid om op universiteitsvlak te kurrikuleer nie. Die Departement van Nasionale Opvoeding aanvaar die volgende ses riglyne vir die beoordeling van aansoeke vir die instelling van grade, wat beteken dat die riglyne die vereistes daarstel waaraan graadleergange behoort te voldoen:

- Daar moet van die doelwitte wat met die graad beoog word, uitgegaan word. Die graaddoelwitte behoort ook in ooreenstemming te wees met die doelwitte van universiteitsopleiding in die algemeen. Verder behoort die doelwitte rekening te hou met die vereistes wat vir graadopleiding gestel word. Die hoofdoelwit van universitêre onderrig is die fundamenteel/teoretiese en wetenskaplike skoling van studente met die oog op uiteindelijke hoëvlakberoepsbeoefening. 'n Verdere vereiste vir graadopleiding wat hieruit voortvloei is dat graadstudie 'n persoon eerstens 'n breë algemene skoling en opvoeding moet bied, en tweedens deeglik en fundamenteel in die grondbeginsels van 'n studierigting of vakgebied waarin gespesialiseer word, moet begrond (SANSO-115, :43). Verder behoort studente in die geval van beroepsgerigte

grade bykomend ook vir die behoeftes van die professies waarvoor opleiding verskaf word, voorberei te word. Dit sluit in 'n opleiding in die etiese en kennisstandaarde van daardie professies.

- Daar moet klem geplaas word op die bestudering van die beginsels wat grondliggend aan die bepaalde studierigting is. Enige wetenskap of akademiese dissipline bestaan uit fundamenteel-teoretiese en toegepaste vakinhoud. Indien die kennisgeheel as uitgangspunt geneem word, kwalifiseer sekere vakinhoud as fundamenteel of universeel-wetenskaplik - die sogenaamde basiese vakinhoud - terwyl ander as minder basies of toegepas beskou kan word. Die staat aanvaar dat die basiese wetenskappe die beginsels bevat of lewer wat vir die skoling en opleiding van toekomstige professionele praktisyns nodig is. Binne die opset van 'n bepaalde studierigting kan vakinhoud aangetoon word wat binne die konteks van daardie studierigting 'n meer fundamentele karakter vertoon - die sogenaamde konteksmatig basiese vakinhoud. 'n Indeling in basiese en konteksmatig basiese vakinhoud is tyd en plek gebonde. Die grense wat tussen die kategorieë getrek word, kan dus met verloop van tyd verander.

Die Kriminologie word as 'n konteksmatig basiese vakinhoud beskou (NASOP 02-116:16).

- Die grootste gedeelte van 'n graadleergang moet uit leerstof bestaan wat die beginsels wat grondliggend aan die wetenskaplike denk- en werkwyse is, inskerp. Daar moet aanvaar word dat die wetenskaplike vorming van studente nie slegs deur die bestudering van 'n sisteem van reeds verworwe wetenskaplike kennis meegebring word nie, maar ook bereik kan word deur studente in die beginsels grondliggend aan die wetenskaplike denke en werkwyse, te onderlê. Dit word dus vereis dat graadstudie die student in die grondbeginsels van die wetenskap in die algemeen, en van 'n spesifieke onderdeel daarvan, en hul toepassing moet inlei en wel op so 'n wyse dat dit 'n bydrae lewer tot ontwikkeling van studente se

vermoëns tot analise, sintese, redenasie, oordeelsvorming, definisie, beplanning en metodevorming.

- Die eenheid van die wetenskap moet gehandhaaf word. Hierdie doelwit kan bereik word deur versigtige kurrikulering ten einde studente 'n perspektief te bied op die onderlinge verbande tussen onderafdelings van die totale kennisveld en 'n aanvoeling van die noodwendige beperktheid van die individuele visie op die wetenskapsgeheel. Die beklemtoning van die metodologiese aspekte van wetenskapsbeoefening kan egter 'n ewe belangrike grondslag vir die handhawing van die eenheid van die wetenskap bied.
- 'n Graadleergang word gebou om een of meer hoofvakke en kan deur aanvullende vakke ondersteun word. 'n Graadleergang word nie net gekenmerk deur die inhoud daarvan nie, maar veral deur die wyse waarop die totale inhoud gestruktureer is. Die strukturering van die leerstof, wat veral in beroepsgerigte grade van die uiterste belang is, moet so geskied dat die wyse waarop verskillende vakinhoudes in 'n leergang gestruktureer is, 'n beplande geheel vorm, en mekaar ondersteun in die bereiking van die graad-doeleindes.
- 'n Balans moet in graadleergange tussen die basiese en die minder basiese vakinhoudes gehandhaaf word.

Met betrekking tot honneurs-baccalaureusgrade word deur die Departement van Nasionale Opvoeding as algemene riglyn aanvaar dat enige nagraadse graad op 'n hoofvak of hoofvakrigting van 'n vorige graad moet voortbou. Honneursgrade moet ook akademiese verdieping of spesialisasie in 'n hoofvak of hoofvakrigting behels (NASOP 02-116:12).

8.3 OPLEIDINGSVEREISTES VIR FORENSIESE KRIMINOLOË

In hierdie paragraaf word die vereistes met betrekking tot akademiese opleiding en praktiese opleiding van forensiese kriminoloë, wat gemik is op patroonhandhawing en spanningsbeheer in die sisteem waarvan hulle deel uitmaak, bespreek. Daar word kortliks op die behoefte aan akademiese sowel as praktiese opleiding gewys.

8.3.1 AKADEMIESE OPLEIDING

Benjamin Bloom (1974:7) onderskei drie terreine van leerdoelwitte in sy breë taksonomie, naamlik die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese of manipulatiewe terreine.

In die algemeen kan gestel word dat die akademiese opleiding van die forensiese kriminoloog die meedeel van 'n gespesialiseerde universum van kennis, bepaalde sistematies geordende teoretiese beginsels asook die toepassing van sodanige kennis en teorie op die oplossing van probleme, insluit. Dié tipe akademiese opleiding val binne die kognitiewe terrein van die breë taksonomie van leerdoelwitte van Bloom (1974:201). Sy ses hoofkategorieë van leerdoelwitte is kennis, begrip, toepassing, analise, sintese en evaluering (Bloom, 1974:201-207). Volgens Bloom verteenwoordig die rangskikking van hierdie kategorieë 'n hiërargie wat gebaseer is op die toenemende kompleksiteit van handeling wat nodig is om elke opvolgende doelwit te bereik. Die hiërargie is kumulatief in die sin dat bereiking van 'n bepaalde doelwit in 'n sekere mate afhang van die bemeestering van die voorafgaande doelwit of doelwitte (Bloom, 1974:18). Die huidige kursusse in die kriminologie val op hierdie kognitiewe terrein van Bloom se taksonomie.

Naas die kognitiewe terrein onderskei Bloom ook 'n affektiewe terrein. Die affektiewe terrein val ook binne die akademiese opleiding van forensiese kriminoloë, omdat dit doelstellings insluit wat verandering in belangstelling, houdings en waardes asook die ontwikkeling van aanpassing insluit. In terme van die opleiding van forensiese kriminoloë is voorbeelde van doelstellings op die affektiewe terrein dat die student bewus gemaak moet word daarvan dat sy optrede in die hof die lewens van mense beïnvloed, asook dat hy as forensiese kriminoloog die legitimiteit van die hof en die vonnis moet aanvaar. Die insluiting van etiese en praktykreëls in die kursus sal verder die eise van opleiding op hierdie terrein bevredig.

Bloom onderskei 'n derde terrein wat minder relevansie vir die akade-

miese opleiding van forensiese kriminoloë het. Dit is die terrein wat Bloom die psigomotoriese of manipulatiewe noem. 'n Voorbeeld hiervan is onderhoudvoering, wat 'n belangrike aspek van voorvonnisevaluering is. Opleiding in hierdie vaardighede kan buite die universiteit by ander instansies wat daarop spesialiseer, verkry word.

In die lig van Bloom se taksonomie behoort 'n student wat 'n graad in kriminologie behaal het dus in staat te kan wees om :

- die belangrikste gegewens in 'n gevallestudie wat aan hom voorgehou word, te kan identifiseer (hier word na die kennis-aspek verwys);
- die relevante misdaadetiologiese teorie(ë) wat betrekking op die geval het, te kan verduidelik (hier word na die begrip-aspek verwys);
- die betrokke teorie op die geval te kan toepas (toepassing-aspek);
- 'n ontleding te maak van die invloed en betekenis van persoonlike en omgewingsfaktore op die gedrag van die individu en hoe daardie faktore sy morele blaamwaardigheid ten opsigte van vonnisoplegging raak (analise-aspek);
- 'n verslag vir die hof oor die geval te kan opstel (sintese-aspek); en
- 'n gemotiveerde aanbeveling ten opsigte van 'n gepaste vonnis aan die hof te kan maak (evaluerings-aspek).

Forensiese kriminoloë wat aan hierdie vereistes voldoen, sal in staat wees om die vereiste gedragspatrone te handhaaf en spanning wat as gevolg van druk van die ander akteurs ontstaan, te kan hanteer.

8.3.2 PRAKTIESE OPLEIDING

Teorie en praktyk word soms as twee konsepte wat geen direkte verwantskap met mekaar het nie, gesien. So 'n siening verontagsaam egter die feit dat 'n teorie die resultaat van waarneming van konstanthede in die praktyk is en dus 'n manier is waarop sulke konstanthede verklaar kan word.

Omgekeerd is dit net so foutief van die praktisyn om nie kennis te neem van teoretiese verklarings nie, aangesien hy hom dan sal blind staar teen elke betrokke geval sonder om 'n holistiese beeld oor die probleem in sy totaliteit te kry. Om dié rede is praktiese opleiding vir die forensiese kriminoloog, in terme van Parsons se imperatief van patroonhandhawing en spanningsbeheer, nodig.

Dit is ook nie buitengewoon dat 'n praktiese komponent by die opleiding vir 'n professie aan 'n universiteit ingesluit word nie. Die praktiese werk wat deur mediese studente tydens hulle studies gedoen word, en die kliniese jaar wat hulle aan 'n hospitaal moet deurbring na hul formele universiteitstudies, is algemeen bekend. Church (1987:165) het ook 'n ontleding van die leergange van regstudente aan al die Suid-Afrikaanse universiteite gemaak, en tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n algemene beweging na die integrasie van praktiese komponente by regsopleiding te bespeur is. Die soort praktiese opleiding wat regstudente kry, wissel van 'n praktiese vraestel in die finale studiejaar tot die deurbring van 'n bepaalde tydperk by die regs-kliniek van 'n universiteit. Daarby kan gevoeg word die tydperk van pupilskap wat afgestudeerde regstudente onder leiding van 'n praktiserende advokaat moet deurgaan voordat hulle die toelatingseksamen kan skryf wat hulle tot die praktyk toelaat. Eweneens moet kliniese sielkunde studente vir hulle magister-studies 'n jaar internskap by 'n inrigting wat 'n bepaalde vlak van diens lewer, deurgaan.

'n Voordeel van die insluiting van 'n praktiese komponent by teoretiese opleiding is dat dit begrip van die teorie bevorder. Dit bied 'n kommunikasie-geleentheid waar teoretici en praktisyns idees en erva-

rings kan uitruil wat die wantroue wat tussen hulle mag bestaan en die weerstand teen verandering sal afbreek. Die integrasie van teorie en praktyk sal bydra tot die begrip by studente dat die 'ware' wêreld soms anders daar uitsien as wat dit in teksboeke neerslag vind. Uit hul kennismaking met die praktyk word studente ook makliker bewus gemaak daarvan dat probleme meesal nie enkelvoudig is nie, maar wel multidimensioneel. Dit kan lank neem om nie-akademiese vaardighede te bemeester, en die geleidelike invoering daarvan oor die volle studietydperk sal assimilasië vergemaklik, en die noodwendig hoër kostes wat aan praktiese opleiding verbonde is, versprei. Om laasgenoemde rede is dit aangewese dat die praktiese opleiding, waar moontlik, binne bestaande strukture en infrastrukture geskied.

'n Uitvloeisel van die integrering van praktiese by teoretiese opleiding van forensiese kriminoloë, is die daarstelling van 'n koördineringsliggaam uit die universiteite en die regspraktyk om kriteria vir opleiding vas te stel.

8.4 AKADEMIESE OPLEIDING OP DIE KOGNITIEWE TERREIN

Akademiese opleiding van kriminoloë geskied aan verskeie universiteite in Suid-Afrika. Ten einde 'n beeld te verkry van hoe die huidige leerplanne in die algemeen daar uitsien, word die leerplanne van die twee grootste kriminologie departemente, naamlik dié aan die Universiteit van Suid-Afrika en dié van die Universiteit van Pretoria kortliks in oënskou geneem. Dit is nodig ten einde in die slothoofstuk tot 'n gevolgtrekking te kan geraak of die huidige opleiding in kriminologie aan die vereistes vir die opleiding van forensiese kriminoloë beantwoord.

8.4.1 UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)

Volgens Cloete (in Conradie, Stevens, Naudé & Labuschagne, 1991:10) word aan die Universiteit van Suid-Afrika die standpunt gehuldig dat kriminologie misdaad in sy totaliteit bestudeer. Die vakinhoud sentreer om die juridiese misdaadbegrip. Penologie en polisiekunde

word aan hierdie universiteit as afsonderlike vakke aangebied en vorm dus nie deel van studie in die kriminologie nie.

Die eerstejaarleerplan sluit die volgende in, naamlik: fundamentele kriminologie, wat 'n algemene oriëntering tot die studiegebied van die kriminologie, vakwetenskaplike struktuur, die juridiese elemente van misdaad en die komponente van die kriminologiese studieterrein is. Verder word die benaderings tot die verklaring van misdaad, 'n inleiding tot die verskillende misdaadverklarings- en voorkomingsmodelle; 'n oorsig van die misdaadprobleem in Suid-Afrika en basiese kriminologiese navorsing, bestudeer. Die student maak ook op inleidende vlak kennis met die spesialiseringrigtings: jeugkriminologie, verkeerskriminologie, viktimologie, misdaadvoorkoming en studies van besondere misdade.

In die tweede studiejaar word daar van die studente verwag om 'n verpligte vraestel in die fundamentele kriminologie af te lê. Hierdie vraestel bestaan kortliks uit denkrigtings in die kriminologie; biofisiese-, intrapsigiese- en milieufaktore wat tot misdaad kan lei; benaderings tot misdaadvoorkoming; die hantering van die oortreder in die regsplegingstelsel asook metodologie. Die tweede vraestel omvat die spesialiseringrigting wat deur die student gekies is. 'n Keuse kan tussen jeugkriminologie, verkeerskriminologie, viktimologie en misdaadvoorkoming (wat studies van besondere misdade insluit), gemaak word.

Die derdejaar-leerplan omsluit drie vraestelle. Die eerste verpligte vraestel handel oor die grondslae van misdaadverklaring aan die hand van verskeie teorieë. Individueel-menslike en milieu-gerigte teorieë geniet eweveel aandag. Die tweede verpligte vraestel oor fundamentele kriminologie handel oor die biologiese, die psigiese en die sosiale dimensie van misdaad en kriminologiese navorsing. Die derde vraestel dek die spesialiseringrigting (jeugkriminologie, verkeerskriminologie, viktimologie, of misdaadvoorkoming) wat die student reeds in die tweede jaar gekies het. In die honneurs studietydperk word daar verpligte vraestelle afgelê in die fundamentele kriminologie, krimino-

logiese metodologie en in die gekose spesialiseringsrigting. Die student moet ook 'n artikel (ter voorbereiding van magisterstudies) slaag.

8.4.2 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Aan die Universiteit van Pretoria word kriminologie ook vanuit die benadering van misdaad in sy totaliteit bestudeer. Penologie word nie afsonderlik aangebied nie en word, soos kriminalistiek, as deel van die kriminologie-kursus doseer.

Die departement kriminologie bied geen keusevraestelle op voorgraadse- of nagraadse vlak aan nie. Die eerste studiejaar behels 'n studie van die fundamentele kriminologie, kriminele gedragspatrone en jeugmisdaad. In die tweede studiejaar word viktimologie, kriminalistiek, penologie en misdaadvoorkomingstrategieë aangebied. Die derde jaar bestaan uit die bestudering van die aard en voorkoms van ekonomiese misdrywe; kenmerke van vroue-oortreders en tipes misdade wat deur vroue gepleeg word; en psigokriminologie. Die honneurskursus sluit navorsingsmetodologie, kriminologiese teorieë, viktimologie, jeugmisdaad, penologie sowel as psigokriminologie in.

Vanaf 1993 verander hierdie leerplan. Die eerste studiejaar sal uit twee semesterkursusse, naamlik fundamentele kriminologie en jeugkriminologie, bestaan. Die eerste semester van die tweede studiejaar sal kriminalistiek en die ondersoek van misdaad sowel as misdaadvoorkoming behels, en viktimologie en ekonomiese misdrywe word in die tweede semester bestudeer. Die derde studiejaar beslaan ook twee semesters, wat metodologie, psigokriminologie en penologie sowel as die vrou en misdaad insluit. Die honneurskursus beslaan ses modules, naamlik metodologie, teorie, viktimologie, psigokriminologie, jeugkriminologie en penitensiêre kriminologie. (Vanaf 1994 verval die laaste module en word met die opleiding van forensiese kriminoloë vervang).

Wanneer die **huidige** kriminologie-leerplanne van dié twee universiteite

egter beskou word, ontstaan die vraag of 'n student, in die lig van Bloom se taksonomie, in staat sal wees om as forensiese kriminoloog te praktiseer. Professionele voorbereiding moet 'n hoë peil van wetenskaplike kennis en vaardigheid insluit. Beide universiteite bied 'n breë algemene skoling en begrond hulle studente fundamenteel in die kriminologie.

Tans word daar egter nie voorsiening vir al die behoeftes van die professionele forensiese kriminoloog gemaak nie. Volgens dié taksonomie is 'n student (ook van die forensiese kriminologie) se leerdoelwitte kennis, begrip, toepassing, analise, sintese en evaluering (sien par. 8.3.1). Hoewel 'n student aan UNISA, byvoorbeeld, deeglik kennis van die misdaadverklaringsteorieë neem, word die klem op die uitgangspunte van die teorieë geplaas. Die forensiese kriminoloog moet egter daartoe in staat wees om die teorieë in die praktyk toe te pas. Om dit te kan doen, moet teorie krities en evaluerend benader word.

Omdat die forensiese kriminologie 'n relatief nuwe rigting is, en daar ook nie praktiese opleiding aan die twee universiteite gebied word nie, is daar uiteraard nie integrasie tussen praktiese komponente en teorie nie.

Die huidige leergang vir 'n graad in kriminologie sluit nie die strafprosesreg in nie en studente word nie in aspekte soos tipes vonnisse of die beginsels van straf begrond nie.

Die kriminoloog se huidige leerplanne sluit 'n breë opleiding in ander geesteswetenskappe soos die sielkunde, sosiologie en antropologie in. Dit word gedoen om die student in staat te stel om die diverse risikofaktore wat tot misdaad bydra, uit te ken. Dit sou wenslik wees dat die forensiese kriminoloog wat voorvonnisevaluering doen, egter oor 'n meer diepgaande kennis van sosiologie en sielkunde beskik.

Voorstelle met betrekking tot die opleiding van forensiese kriminoloë word in Hoofstuk 9 van hierdie verslag gedoen.

8.5 AKADEMIESE OPLEIDING OP DIE AFFEKTIEWE TERREIN

In 1927 het Landis (1972:26) reeds by implikasie aanvaar dat die nakoming van die etiese waardes van 'n professie deur opvoeding daarin meegebring word. Hy het die beswaar geopper dat daar geen eenvormigheid in opvoedkundige pogings was om die nakoming van professionele standaarde te verseker nie.

Akademie se onderrig van dié waardes wat deur forensiese kriminoloë gehuldig word, val op die affektiewe terrein van Bloom se taksonomie van leerdoelwitte (Bloom, 1973:7). Die mate waarin 'n persoon die sisteem se waardes deur aanvaarding daarvan aanleer, word deur die affektiewe doelwitte weerspieël. Net soos by kognitiewe leer, moet toepaslike geleenthede vir die aanleer van en vereenselwiging met affektiewe gedragpatrone en doelwitte geskep word. Dit vereis dat die waardes en doelwitte duidelik geformuleer is en dat die persoon se groei in aanpassing daarby gereeld evalueer word.

Toegepas op die forensiese kriminoloog, kan gesê word dat Bloom se taksonomie daarop dui dat die student se internalisering van die waardes deur 'n groeiproses van verskillende stadia gaan:

- vanaf blote bewus wees van so 'n stel waardes
- tot bereidwilligheid om aandag daaraan te gee
- tot 'n reaksie daarop deur 'n bepaalde gevoel daaromtrent te huldig
- tot 'n reaksie dat dit die moeite werd is om positief daarop te reageer
- tot die organiseer van sy gevoelens in 'n bepaalde struktuur
- wat groei totdat dit sy lewensuitkyk weerspieël en rig.

Die noodsaak vir gedragstandaarde wat professionele optrede beheer, berus op die erns van die belange wat gewoonlik by professionele optrede in gedrang is. Dit handel in die geval van forensiese kriminoloë oor die vryheid en soms selfs die lewe van die kliënt wat van 'n ernstige misdaad aangekla word. Die klient wil hê dat sy belange

beskerm word en verlang dat hy êrens die reg moet verwerf om teen die professionele persoon wat nie sy beste dienste aan hom lewer nie, op te tree. Die kliënt is telkens in 'n ondergeskikte posisie teenoor die professionele persoon en het hy nie die kennis en insig om te kan oordeel of hy die beste professionele diens verkry het nie. Die vraag ontstaan dan as die kliënt nie daardie oordeel kan fel nie, wêre beheer moet uitoefen oor moontlike onbevoegdheid, nalatigheid en eksploitasie deur professionele persone. Rueschemeyer (in Dingwall & Lewis, 1983: 41) se funksionele antwoord is dat dit die deskundige professionaliste self moet wees. As individue of in verenigings georganiseer, is dit die professionaliste self wat moet waarborg dat hulle met bevoegdheid en integriteit sal optree en onbevoegde persone uit die profesie sal weer.

Deur die wetenskaplike onderrig van gedragskodes, die aard en inhoud daarvan asook die verskillende tipes kodes wat opgestel kan word, dra die universiteit daartoe by dat die onderskeie professies gedragskodes opstel, bekendstel en die voorskrifte daarvan nakom. Sodoende kan gepoog word om te verseker dat konflik tussen professionele persone en hul kliënte asook konflik tussen professionele persone onderling, uitgeskakel word. Dit sal ook meebring dat wanneer sulke konflikte wel ontstaan, dit op 'n bevredigende wyse opgelos word.

Uit Landis (1972:ix) se ondersoek blyk dit dat vier soorte gedragskodes onderskei kan word, naamlik 'n kode wat

- 'n versameling van spesifieke gedragsvoorskrifte is;
- twee tipes voorskrifte bevat - naamlik spesifieke reëls van optrede asook algemene beginsels waarop optrede behoort te berus;
- slegs algemene beginsels wat by optrede in ag geneem moet word, bevat (hierdie tipe is die een wat die algemeenste voorkom); en
- 'n kode wat algemene beginsels bevat, maar waarby beslissings van die beheerliggaam in spesifieke gevalle ingesluit is.

Kodes kom tot stand deur die opstel van 'n konsepkode deur 'n komitee

van kundiges. Daarna word die konsep deur die beheerliggaam aanvaar, en vir kennisname en kommentaar onder die lede van die groep versprei. Die beheerliggaam moet toesien dat die professionele groep die gedragsreëls verstaan, sodat oortredings daarvan behoorlik ondersoek en effektief daarteen opgetree kan word. Gedragskodes funksioneer die beste in gevalle waar professionele groepe goed geïntegreer en georganiseer is.

By die onderrig van gedragskodes behoort studente aangemoedig te word om hulle besondere professionele kode krities te ontleed. Aandag behoort veral gegee te word aan die struktuur en beheermeganismes, die probleme verbonde aan die opstel van 'n etiese kode asook wat uit die kodes van ander professies geleer kan word. Studente moet ook kennis dra van hoe die professionele bepaalde situasies hanteer en moet aangemoedig word om opinies uit te spreek oor hoe sulke kodes by veranderende omstandighede behoort aan te pas.

By ontstentenis aan so 'n formele gedragskode van forensiese kriminoë word geen sodanige onderrig tans aan enige Suid-Afrikaanse universiteit gegee nie.

8.6 PRAKTIESE OPLEIDING OP DIE PSIGOMOTORIES/MANIPULATIEWE TERREIN

In paragraaf 8.3 word verwys na die belangrikheid van opleiding in vaardighede wat op die psigomotories/manipulatiewe terrein val. Die onderhoude met die klient en ander persone wat feite ten opsigte van die klient self, en die konteks waarin die misdaad plaasgevind het, is een van die belangrikste take wat met betrekking tot voorvonnis-evaluering uitgevoer moet word. Indien dit nie vaardig en effektief geskied nie, is die voorvonnis-evaluering verslag van min waarde. Daarbenewens sal die forensiese kriminoloog onder kruisverhoor alle kredietwaardigheid verloor as hy nie vrae oor die klient en die misdaad op 'n volledig ingeligte en korrekte wyse kan beantwoord nie.

Sodanige opleiding kan nie op 'n lukrake wyse geskied nie. Dit moet

gestruktureerd wees en binne 'n bepaalde raamwerk geskied. Hierdie raamwerk word bepaal deur die vrae wat in die hof beantwoord moet word, naamlik wie, wat, waar, en veral hoekom? Die verantwoordelikheid om volledige antwoorde op hierdie vrae te verkry, rus op die skouers van die onderhoudvoerder. Verder is dit ook belangrik om binne tydsgrense te werk aangesien tyd vir alle mense 'n duur kommoditeit is. Die forensiese kriminoloog mag niemand se tyd verspil omdat hy nie vaardig in onderhoudvoering is nie.

Ten einde vaardig in onderhoudvoering en berading te wees, moet die forensiese kriminoloog eerstens oor 'n begrip van die doelwitte van regsonderhoudvoering en -berading beskik. Hy moet ook kennis dra van die faktore wat 'n klient sal motiveer om ten volle aan die onderhoud deel te neem. Met onderhoudvoering word bedoel interaksie met die klient om probleme te identifiseer, die versameling van feite, die konteks waarin die gebeure plaasgevind het en om veral die aard van die misdaad en die misdadiger te bepaal. Berading beteken, in hierdie sin, die proses waarin die forensiese kriminoloog die oortreder bystaan om insigte in sy gedrag te verkry en om die trauma van die verhoor te hanteer.

Tweedens moet die forensiese kriminoloog self aan basiese onderhoudvoering en berading blootgestel word. Daar behoort geleentheid geskep te word waar hierdie tegnieke onder omstandighede waar terugvoer oor effektiewe en oneffektiewe basiese tegnieke beskikbaar is, geoefen kan word. Met ander woorde, onderhoudvoering met die oog op voorvonnisevaluering behels nie slegs die intellektuele bemeestering van 'n stel reëls nie. Dit omsluit bekendheid met die basiese konsepte en tegnieke en dán ook konstruktiewe terugvoer ten opsigte van die toepassing van hierdie konsepte en tegnieke.

Onderhoudvoering en berading is, soos enige proses wat menslike interaksie behels, kompleks. Daarom is dit nodig om die doelwitte van die forensiese kriminoloog, die dryfvere wat kliënte motiveer om aan die proses deel te neem, asook die basiese tegnieke wat sukses fasiliteer, te beskryf. Die forensiese kriminoloog moet egter daarvan bewus wees

dat onderhoudvoering 'n vloeiproses is wat voortdurend by elke individu en sy unieke samestelling aangepas moet word. Daar kan dus nie absolute, rigiede reëls wat vir alle mense geld, bestaan nie. Vaardighede kan dus nie slaafs volgens 'n spesifieke resep toegepas word nie. Die onderhoudvoerder wat hom hieraan skuldig maak, sal al gou besef dat verhoudings met kliente 'n gebrek aan warmte en spontaneïteit - noodsaaklik in alle menslike interaksies - toon en sal daar nie vertrouwe geskep word en spontane mededelings plaasvind nie.

8.6.1 DOEL VAN DIE ONDERHOUD

Die doel van 'n onderhoud tussen die forensiese kriminoloog en die kliënt is om 'n voorvonnisevaluering vir die hof te doen. Die opdraggewende regspraktisyn sal (behoort), alvorens die eerste onderhoud gevoer word, 'n aanduiding gee van die tipe feite wat hy benodig, watter bronne geraadpleeg kan word om feite te bevestig en watter informele ondersoeke benodig word. Benewens hierdie opdragte, moet die forensiese kriminoloog ook feite versamel om sy eie opinie te substansieer en om die optrede van die oortreder met misdaadverklaringsteorieë in verband te bring. Feite oor die oortreder is ook belangrik vir vonnisvoorstelle ten opsigte van die spesifieke individu (die individualisering of verpersoonliking van straf).

In die oplossing van 'n dispuut sal daar noodwendig weersprekende weergawes wees oor "wat inderwaarheid gebeur het." As gevolg daarvan behoort die forensiese kriminoloog, in samewerking met die betrokke regspraktisyns, se feiteversamelingsplan dus ten minste die volgende stelle feite te omvat, naamlik:

- feite wat die bestaan van versagtende of verswarende omstandighede met betrekking tot die oortreder bevestig;
- feite wat die kliënt se weergawe van die saak en elemente wat op homself betrekking het, korroboreer;
- feite wat die staatsaanklaer se saak raak; en dus
- feite wat die staat se saak kan weerspreek.

8.6.2 MOTIVERING VAN DIE KLIËNT

'n Kliënt sal slegs ten volle saamwerk indien hy werklik gemotiveerd is om te kommunikeer. Die belangrikste taak van die forensiese kriminoloog, in hierdie verband, is om rapport met die kliënt en ander persone wat ondervra moet word, te bewerkstellig. Die meeste mense voel hulself bedreig deur enige verteenwoordiger van die strafstelsel (Binder & Price, 1977:126; Nietzel & Dillehay, 1986:117; King, 1986: 7). Redes daarvoor is gewoonlik omdat mense oor die algemeen nie diepgaande begrip van die werksaamhede van hierdie sisteem het nie. Vrese soos "ek kan dalk aangekla word oor wat ek sê en dit beteken net moeilikheid", of "ek gaan my vaspraat", of "ek het nie tyd om in die hof te verspil nie en alles is tog verniet," veroorsaak dat mense soms nie graag saamwerk nie en verkies om onbetrokke te bly. Die oortreder self het uiteraard geen keuse nie - hy is betrokke.

Die eerste taak van die forensiese kriminoloog is dan om die persoon op sy gemak te stel deur presies te verduidelik waarom sy samewerking noodsaaklik is en hoe die feite wat hy verskaf, deur die onderhoudvoerder gebruik gaan word. 'n Beroep kan gewoonlik op altruïstiese gronde gemaak word. S v Mitchell kan as voorbeeld gebruik word. Kliënt, 'n gewese bevelvoerder van 'n polisiestrasie, is op elf klagtes van moord skuldig bevind. Die misdaad het met gevegte tussen lede van die ANC en Inkatha verband gehou. Navorsers het, onder andere, die neutraliseringstegnieke van Matza en Sykes (in Brown, Esbensen & Geis, 1991:364) ter verklarings van hierdie misdaad gebruik. Wanneer hierdie teorie ter verklarings van 'n misdaad gebruik word, is dit essensiëel dat die neutralisering die oortreding moes voorafgaan, anders is dit blote rasionalisering - 'n soeke na verskonings - ná die pleging van die misdaad. Die forensiese kriminoloog het dus 'n primêre taak om soveel moontlik kennis van die rasionaal agter die optredes van die oortreder vóór die pleging van die misdaad op te doen. Die feit dat slegs die oortreder sê wat sy normale patroon van optrede was, sal ook nie in 'n hof van enige waarde wees nie. Sy mededelings moet bevestig word. Dit kan alleen gedoen word deur intensiewe onderhoude met persone wat die oortreder goed ken.

In *S v Mitchell* is onderhoude met 17 boere in die omgewing waar die oortreder sy polisiëringstaak uitgevoer het, gevoer. Hoewel hulle kon bevestig dat die oortreder op elkeen se plaas as vredemaker opgetree het in gevegte tussen die ANC en Inkatha, was hulle aanvanklik nie geneë om onderhoude aan navorser toe te staan nie. Die rede daarvoor was dat indien dit bekend sou word dat hulle die betrokke oortreder 'gehelp' het, sou hulle plaaswerkers staak - 'n gevolg wat hulle nie kon bekostig nie. Navorser moes die versekering gee dat hulle name slegs aan die regter gegee sou word. Daarna is volle samewerking verkry.

Toepaslike motiverende tegnieke kan nie volgens 'n bepaalde orde geskied nie. Tog behoort die forensiese kriminoloog eers, om vertroue te wen, sake van 'n algemene (veilige) aard te bespreek. Nadat rapport bewerkstellig is, kan aspekte wat 'n gevoel van bedreiging by die kliënt laat ontstaan, aangeroe word.

'n Basiese kennis van die sielkunde is noodsaaklik. Dit is nodig vir die onderhoudvoerder om te weet watter prosesse veroorsaak dat die kliënt die vloei van inligting blokkeer en watter sielkundige behoeftes en konflikte onderliggend aan die betrokke individu se optredes is. Die forensiese kriminoloog beskik selde oor diepgaande gespesialiseerde kennis, maar 'n kennis van psigologiese prosesse kan wel tydens onderhoudvoering bekom word. In hierdie verband poneer Binder en Price (1977:9) "... the lawyer can develop some expertise in dealing with needs that typically block motivation for full participation in the interview. There exist some identifiable psychological factors which commonly inhibit client participation, and other psychological factors which, when appropriately brought into play, tend to satisfy or overcome those factors which inhibit participation."

Hierdie beskouing geld eweseer die forensiese kriminoloog. Dit is nie nodig om spesifieke behoeftes van elke kliënt te oorweeg nie, maar 'n kennis van die algemene faktore wat mense motiveer kan 'n bevredigende basis vir onderhoudvoering bied.

'n Volledige raamwerk van psigologiese prosesse is nie in hierdie navorsingsverslag ter sake nie, maar 'n kort bespreking van algemene faktore wat volle deelname aan 'n onderhoud kan inhibeer óf fasiliteer, word gegee. 'n Begrip van hierdie faktore en hulle potensiële effek kan bydra tot effektiewe onderhoudvoering.

8.6.3 INHIBERENDE FAKTORE TEN OPSIGTE VAN ONDERHOUDVOERING

Inhiberende faktore word oor die algemeen tydens onderhoude gevind en moet deur die forensiese kriminoloog uit die weg geruim word alvorens maksimum kliënt-deelname gestimuleer kan word. Die onderhoudvoerder kan hierdie faktore gebruik om onwillige persone by te staan sodat hulle wel sal deelneem. Daar is sewe inhiberende faktore, naamlik ego-bedreigings, vrees, rolverwagtings, kulturele probleme, trauma, irrelevansie en behoeftes van mense.

8.6.3.1 EGO-BEDREIGINGS

Mense is geneig om inligting wat hulle as skadelik vir hulle eie ego beskou, te weerhou en negatiewe gevoelens en belewenisse uit hulle verlede te verswyg. Wanneer hulle daarvoor uitgevra word, beleef hulle sterk skuldgevoelens en skaamte en wil hulle nie reageer nie, omdat hulle meen die onderhoudvoerder sal minder van hulle dink. 'n Waarheidsrespons bedreig dus hulle ego.

8.6.3.2 VREES

Vrees vir die hof veroorsaak dat die kliënt (of ander persone) glo dat deur die verskaffing van inligting, die saak benadeel kan word. Hulle sal byvoorbeeld nie wil erken dat hulle op die toneel van die misdaad was nie, of hulle sal feite verdraai om 'goed' voor te kom. Die oortreder sal vorige veroordelings verswyg sodat die onderhoudvoerder hom nie sal verwerp nie. Ander persone sal feite oor die oortreder verswyg om hom 'beter' in die oë van die forensiese kriminoloog te laat voorkom.

8.6.3.3 ROLVERWAGTINGS

Die meeste mense koester sekere rolverwagtings van ander, byvoorbeeld ouers sal negatiewe feite oor hulle kinders verswyg, en andersom. Rolverwagtings beïnvloed mense se persepsies en verander hulle gedrag om tot hierdie persepsies te konformeer. Veral wanneer die oortreder in 'n leiersposisie was, sal diegene wat laer op die ranglys was, moeilik met die waarheid vorendag kom.

Kliënte het ook rolverwagtings ten opsigte van die forensiese kriminoloog - meesal word die kriminoloog as 'n persoon met gesag beskou. Dit veroorsaak terughoudendheid. Indien die onderhoud sekere sake nie aanraak nie, sal die kliënt intuïtief of onbewustelik dit verswyg omdat hy meen dat die kriminoloog hierdie feite nie as relevant beskou nie. Ander kan weer meen dat die forensiese kriminoloog 'n primêre taak het om bloot te luister: die onderhoudvoerder was nie by toe die misdaad gepleeg is nie en behoort dus nie volledig ingelig te word nie en behoort ook nie uit te vra nie. Die kliënt sal gemotiveer moet word om te praat. Geen onderhoudvoerder kan alle aspekte rakende die misdaad aanraak nie. Die impetus moet vanuit die kliënt self kom om soveel as moontlik te kommunikeer. Dit moet duidelik aan hom oorgedra word dat hy alle beskikbare feite moet meedeel en dat dit die taak van die forensiese kriminoloog is om oor die relevantheid van die gegewens te besluit.

8.6.3.4 KULTURELE PROBLEME

Dikwels beskik 'n individu oor inligting wat hy slegs aan sekere persone beskikbaar sal stel. Vroue sal sekere inligting aan ander vroue meedeel, maar nie aan mans nie, en andersom; swartmense aan swartmense; witmense aan witmense. Inligting word as veilig beskou wanneer dit aan portuur of dieselfde geslag, ras, kerkverband of politieke oortuiging weergegee word. Die persoon voel hy verloor onder daardie omstandighede geen aansien of sy eie self-agting nie. Verder sal sommige kliënte inligting weerhou as hulle meen dit sal die onderhoudvoerder skok. 'n Adollesente seun sal byvoorbeeld moeilik aan 'n ouer

vrou inligting oor sy seksuele aktiwiteite verskaf. Navorsers het byvoorbeeld moeite ervaar om 'n onderhoud te voer met 'n jong man wat sy slagoffer se vaginale area geskend het. Hy het navorsers later meegedeel dat hy dit moeilik gevind het om alles te vertel omdat hy bevrees was dat hy haar sou skok. Wanneer die forensiese kriminoloog merk dat die onderwerp sensitief is, moet die klient gerusgestel word. Indien die onderhoudvoerder nie die inisiatief neem nie, sal die klient voortgaan om inligting te weerhou.

8.6.3.5 TRAUMA

Alle mense beleef trauma wanneer hulle skokkende ervarings moet herleef en in besonderhede moet weergee. Vrees, woede, vernedering en hartseer moet verwerk word. Hierdie gevoelens demotiveer 'n persoon om uit te praat en motiveer hom om dit te vermy deur nie daaroor te praat nie. Die forensiese kriminoloog moet fasiliterend optree en die persoon met begrip en empatie ondervra.

8.6.3.6 IRRELEVANTHEID

Dikwels meen kliënte dat daar geen grondige rede is om oor alles met die forensiese kriminoloog te praat nie, daar is niks by te baat om hulself bloot te stel nie. Vrae oor byvoorbeeld hulle kinderdae, skoolbelewenisse, vryetyd- en sosiale aktiwiteite kom vir hulle as irrelevant tot die saak voor, en die klient is dus nie gemotiveerd om die inligting te verskaf nie.

8.6.3.7 KLIËNT-BEHOEFTES

Meermale het die klient 'n behoefte om uit te praat oor onderwerpe wat nie relevant tot die onderhoud is nie. Die persoon kan dus nie op die vrae konsentreer nie en sal nie volledige antwoorde verskaf nie. 'n Moeder wat byvoorbeeld inligting oor haar seun moet verskaf, is bekommerd oor die uitwerking wat haar kind se misdaad op haar huwelik en die ander gesinslede gaan hê. Sy beskou nie die forensiese kriminoloog se vrae as irrelevant of as 'n bedreiging nie, maar sy is te

'besig' met ander dinge, sodat die vrae vir haar sekondêr tot die probleem onder bespreking is. Die onderhoudvoerder moet in staat wees om op versigtige wyse die onderhoud te kan rig.

8.6.4 FASILITERENDE FAKTORE TEN OPSIGTE VAN ONDERHOUDVOERING

Daar is vyf hoofkategorieë waarop forensiese kriminoloë kan staatmaak om die kliënt tot volle deelname aan die onderhoud te motiveer, naamlik empatiese begrip, die vervulling van verwagtings, erkenning, 'n beroep op altruïsme en belonings.

8.6.4.1 EMPATIESE BEGRIP

Kommunikasiekanaal kan met die effektiewe gebruik van empatiese begrip, geopen word. Volgens Binder en Price (1977:14) is daar in die samelewing min geleenthede om gevoelens te openbaar teenoor iemand wat oor die vermoë beskik om te luister, begrip te toon, en nie te oordeel nie. Die onderhoudvoerder moet oor bogenoemde drie vaardighede beskik. Ongevraagde advies en ontledings van die persoon se gedrag moet buitewêë gelaat word. Opmerkings soos "moenie bekommerd wees nie, tyd heel alle wonde" of "jy moes darem geweet het dat wat jy doen verkeerd (of gevaarlik of onwettig) is" sal veroorsaak dat die kliënt min motivering sal hê om met die onderhoud voort te gaan. Daar is weinig voordeel daarin geleë om 'n poging aan te wend om gevoelens en idees uit te druk wanneer daar raad gegee word oor hoe om jou gevoelens te verander of te ignoreer.

Carl Rogers (in Hjelle & Ziegler, 1981:399) meen dat wanneer mense voel dat hulle onvoorwaardelik aanvaar word, hulle sonder dat hulle besef, sal neig om steeds meer van hulself bloot te lê en dat hulle toenemend meer inligting, hoe vertroulik ookal, sal verstrek. Hy sê verder: "Precisely why the presence of non-judgmental understanding results in increased inducement to communicate is not known. However, the fact that it does have this self-propelling effect has been frequently noted."

Indien iemand aanvaardend en sonder vooroordeel en met begrip optree, dus 'n luisteraar is wat empatiese response gee, sal die kliënt (en ander mense) oor die algemeen positief reageer en gewillig wees om met die onderhoud voort te gaan. Die mate waaroor die forensiese kriminoloog dus oor die vermoë beskik om te wys dat hy beide feite en gevoelens wat vermeld word, verstaan, sal die hoeveelheid inligting en mededelings wat uit die onderhoud voortvloei, bepaal.

8.6.4.2 DIE VERVULLING VAN VERWAGTINGS

Een van die belangrikste magte in sosiale interaksie blyk die neiging van een persoon te wees om, verbaal of nie-verbaal, sy verwagtinge aan 'n ander oor te dra. Die tweede persoon neig dan om, onbewustelik of bewustelik, op hierdie verwagtings te reageer. Dit kan as manifestasie van die meer algemene menslike neiging om te konformeer tot die groep, beskou word (Rogers in Hjelle & Ziegler, 1981:407). Indien dit blyk dat inhibeerders veroorsaak dat 'n kliënt huiwerig is om inligting te verskaf, kan die tegniek hierbo beskryf, gebruik word. Indien die forensiese kriminoloog huiwering by die kliënt bespeur, kan hy verbaal aan die kliënt oordra dat hy sterk verwagtings koester dat die gesogte data openbaar behoort te word. In sommige gevalle sal die behoefte om aan die wense van die forensiese kriminoloog te voldoen, swaarder weeg as die huiwering om te reageer.

Daar is, volgens Binder en Price (1977:16) twee verdere aspekte aan die fenomeen van vervulling van verwagtings verbonde. Ten eerste kan die tegniek nuttig wees om probleme met geheue sowel as ander inhibeerders te oorkom. Tweedens kan dit onbedag gebruik word om die verwagting te skep dat die gewenste data nie ontbloot hoef te word nie. Die volgende voorbeeld kan gebruik word om beide punte te illustreer:

Indien 'n klient aandui dat hy glad nie die gebeure rondom die misdaad kan onthou nie, is dit die plig van die onderhoudvoerder om hierdie probleem te probeer oorkom: "Ek verstaan hoe swaar dit vir jou moet wees om alles te onthou. Dit kom my dikwels oor. Ek vind dat, as ek hard konsentreer, kan ek tog sekere dinge onthou. Wil jy nie ook

probeer nie?" Hierdie benadering bevat twee fasiliteerders ten opsigte van die vloei van die onderhoud. Ten eerste toon die onderhoudvoerder empatie en tweedens maak die aanduiding dat die kliënt sal saamwerk, 'n vervulling van verwagting moontlik.

Indien egter slegs gesê word "ek verstaan hoe swaar dit vir jou moet wees om te onthou", kan die empatie teenproduktief wees. Die stelling kan aan die kliënt die boodskap oordra dat daar nie verdere antwoorde verwag word nie. Om dit te vermy, moet die gedagte oorgedra word dat daar van die kliënt verwag word om alles in die stryd te werp en om saam te werk.

8.6.4.3 ERKENNING

Alle mense toon 'n behoefte aan erkenning en aandag van ander, ook buite hulle gesins- en vriendekring. Dit is, volgens Gorden (1969: 87) nodig om belangrik te voel. Hierdie skrywer se studies toon dat wanneer 'n onderhoudvoerder 'erkenning' aan 'n respondent verleen, die persoon meer gemotiveerd sal wees om saam te werk en om eerlik en openhartig op te tree. Dit is nie 'n moeilike taak nie. Die onderhoud moet direkte, eerlike lof vir hulp en samewerking vanaf die kliënt bevat.

8.6.4.4 BEROEP OP ALTRUISME

'n Beroep op altruïsme is veral belangrik wanneer onderhoude met ander persone oor die kliënt gevoer moet word. Volgens Gorden (1969:88) blyk dit 'n menslike eienskap te wees om met hoër waardes of 'n saak wat buite self-belang lê, te identifiseer. Dit kan die vorm van identifikasie met die doelwitte van 'n groter groep aanneem. Die groep kan werklik of in die verbeelding bestaan. Altruïstiese dade verhoog normaalweg self-agting, of die daad openbaar gemaak word of nie. Dit onderskei altruïsme van erkenning. 'n Beroep op altruïsme kan gemaak word deur byvoorbeeld te sê: "Soos u weet, word X oor 'n paar weke gevonniss. Wat u my vertel, sal my taak vergemaklik wanneer ek 'n vonnis wat by X sal pas, aan die hof moet voorlê. Ek is seker u sal wil help om toe te sien dat X regverdig gestraf word."

8.6.4.5 BELONING

Wanneer individue beseft dat sekere gedrag in hulle eie belang sal wees, is hulle gewoonlik gemotiveerd om sodanige gedrag te openbaar. Indien die forensiese kriminoloog dit onomwonde aan die kliënt stel dat samewerking in sy eie belang is, sal dit kommunikasie fasiliteer. Hierdie konsep verskil van die vorige fasiliteerders, wat die kliënt motiveer deurdat psigologiese behoeftes bevredig word. Dit word bevredig deur empaties, begrypend en erkennend op te tree. Beloning motiveer egter omdat eksterne behoeftes bevredig word, byvoorbeeld 'n regverdige vonnis.

Vir die kliënt lê die beloning duidelik daarin dat hulle van die dienste van 'n forensiese kriminoloog gebruik maak met die verwagting van die beloning van 'n gepaste vonnis.

8.6.5 PERSOONLIKHEIDSKONFLIKTE

Forensiese kriminoloog - kliënt kommunikasie kan deur 'n botsing van persoonlikhede belemmer word. Indien die kliënt die kriminoloog waarneem as 'n persoon by wie hy ongemaklik voel of as iemand wat te aggressief, te passief of te dominerend is om die hofsak effektief te hanteer, sal hy nie gemotiveerd ten opsigte van die onderhoud optree nie. Omgekeerd kan die kriminoloog ook kliënte kry wat om die een of ander rede te aggressief, te passief, oneerlik of gedisorganiseerd voorkom en interaksie met die kliënt kan, vanweë sodanige redes, geïnhibeerde wees.

Daar is geen ideale persoonlikheidstipe met betrekking tot forensiese kriminoloë nie. Wat een persoon gelukkig maak, kan 'n ander afstoot. Met behulp van gespesialiseerde opleiding en self-ondersoek, kan die forensiese kriminoloë egter vaardighede internaliseer wat hulle daartoe in staat sal stel om meer effektief te kommunikeer en om die volle waarde uit onderhoude te put.

Effektiewe onderhoudvoering is die basis van 'n voorvonnisevaluering.

Deur by die reëls te hou, slaag die forensiese kriminoloog daarin om basiese patrone te handhaaf en is die optrede professioneel. Indien hierdie aspek nie gehandhaaf word nie, kan die sisteem van voorvonnisevaluering nie slaag nie.

8.6.6 ANDER VAARDIGHEDE BEHALWE ONDERHOUDVOERING EN BERADING

Benewens kundige onderhoudvoering, moet die forensiese kriminoloog vaardig wees in die administrasie van sy werk as deskundige getuie. Administratiewe prosedures sluit in die tegniese vereistes wat aan 'n voorvonnisevalueringsverslag gestel word, die veilige bewaring en die liasering van dokumente en ander materiaal en die opstel van rekenings.

8.7 PROFESSIONALITEIT

Patroonhandhawing en spanningsbeheer word bevorder wanneer die forensiese kriminoloog wat deskundige getuienis met betrekking tot vonnisoplegging in strafhowe lewer, se optrede aan die vereistes wat aan professionaliteit gestel word, beantwoord. Du Plessis (1982:2) stel, met verwysing na Bobbert (1976:133-155), wie se omskrywing deur die hof in Die Prokureursorde van die OVS v Schoeman 1977 4 SA 588 aanvaar is, die volgende vereistes aan 'n professie, naamlik:

- Dit moet op 'n intellektuele basis gegrond wees. So 'n persoon funksioneer dus op grond van 'n akademiese opleiding op 'n bepaalde studiegebied, en beskik oor kennis waaroor mense buite die professie nie beskik nie. Praktiese opleiding is nie voldoende nie. Pavalko (1972:5) beweer in die verband dat die intellektuele vaardighede wat die beoefening van 'n professie onderlê, van 'n besondere aard is, naamlik dat dit in 'n deurlopende sisteem georganiseer is, te wete in 'n eenheid van teorieë in die betrokke professionele veld. Die algemene abstrakte teorieë dien as basis vir die professionalise optrede in konkrete situasies.

"Acquisition of the professional skill requires ... mastery of

the theory underlying that skill. Preparation for a profession, therefore, involves considerable preoccupation with systematic theory, a feature virtually absent in the training of the non-professional ... Because understanding of theory is so important to professional skill, preparation for a profession must be an intellectual as well as a practical experience." (Pavalko, 1972:5).

- Dit moet in privaatpraktyk beoefen word. Die belangrike aspek van 'n privaatpraktyk is nie dat die professie vir eie rekening bedryf word nie, maar eerder dat professionele status gekenmerk word deur die relatiewe onafhanklikheid van die professionalis in die neem van besluite, die gee van advies en die verrigting van funksies. Onafhanklikheid is relatief omdat selfs die privaat praktiserende professionele mens aan bepaalde reëls, norme en gedragsvoorskrifte onderhewig is. In die neem van besluite behoort hy egter nie aan eksterne kontrole, soos 'n toesighouer of komitee, gebonde te wees nie.
- Dit moet adviserend sowel as uitvoerend van aard wees. Hiermee saam gaan 'n bepaalde vlak van onderhandeling, bestuur en spesialisasie.
- Dit moet oor 'n tradisie van dienslewering beskik. Dienslewering is 'n belangrike kenmerk - en dan veral dienslewering in openbare belang op so 'n wyse dat daar 'n vertrouensverhouding tussen die professionele diensleweraar en sy kliënt ontstaan.
- Dit moet georganiseer word. Die lede van die professie moet via 'n verteenwoordigende liggaam 'n meganisme daarstel om die bevoegdhede, bekwaamhede, standarde en gedrag van die beoefenaars van die professie te toets, te beskerm en te ontwikkel.
- Dit moet oor 'n afdwingbare gedragskode wat deur 'n beheerliggaam neergelê is, beskik.

Hierdie stel vereistes word, volgens Halmos (1973:25-29) in een of ander ooreenstemmende bewoording ook by, onder andere, Parsons(1937), Hughes(1958), Wilensky (1964) en Moore (1970) aangetref.

In die lig van hierdie vereistes kan verder verwag word dat die forensiese kriminoloog oor karaktereienskappe moet beskik wat hom sal noop om geregtigheid en waarheid na te streef, ongeag wat die nagevolge daaraan verbonde sou wees. Dit sou onprofessioneel van 'n forensiese kriminoloog wees om te weier om in 'n saak op te tree as hy meen dat dit hom in sekere kringe ongewild sou maak, dat hy deur die media afgekraak sal word of dat hy afkeurenswaardig vir bepaalde magsgroepe sou wees. Vandaar ook die noodsaaklikheid van integriteit, kennis, vaardighede, objektiwiteit en waardigheid.

8.8 SLOTSOM

Patroonhandhawing en spanningsbeheer deur forensiese kriminoël, wat as 'n komponent in die kriminele regsplegingsstelsel funksioneer wanneer voorvonnisevaluering deur middel van deskundige getuienislewering gedoen word, geskied deur die opleiding aan universiteite. Die lewering van sodanige diens is 'n professie. Tog bepaal amptelike universiteitsbeleid dat universiteite nie beroepsleiding doen nie, maar fundamentele opleiding en professionele voorbereiding verskaf. 'n Universiteitsdepartement soos dié van kriminologie, wat professionele voorbereiding, en nie beroepsopleiding doen nie, is aan besondere eise onderhewig. In hierdie hoofstuk is gevind dat daar wel 'n moontlikheid van verenigbaarheid tussen die vereistes van die akademie en die behoeftes van die praktyk bestaan. Die korrekte opleiding sal tot homeostase lei en 'n konformiteit tot groepsnorme meebring wat spanning sal beheer en gedragspatrone sal kan handhaaf.

Norme is reëls wat bepaalde gedragswyses vir spesifieke rolle en kollektiwiteite voorskryf. Norme is situasiegebonde en ontstaan en funksioneer binne 'n bepaalde groep. Dit is dus 'n idee wat in die gedagtes van lede van 'n groep ontstaan. Hierdie idees kan dan in stellings wat spesifiseer wat die lede van die groep behoort te doen,

moet doen, en wat daar in bepaalde omstandighede van hulle **verwag** word om te doen, vorm aanneem. Hierdie aspekte moet in die forensiese kriminoloog se opleiding vervat word. Enige afwyking van hierdie gedrag, wat deur norme gespesifiseer word, word deur die een of ander vorm van afkeur deur 'n beheerliggaam gevolg. Die norme van die kriminele regplegingsstelsel, sowel as dié van universiteite, word eksplisiet en implisiet in die Strafproseswet, wet 51 van 1977 sowel as deur die universiteitsopleiding uitgespel.

Searle (1986:229) poneer dat "a profession develops a code of ethics to which all members subscribe. The code is a unifying mechanism which brings persons of diverse cultures, religious beliefs and practices into a common system of behaviour according to which they subscribe to the same norms and values within a given context."

Groepsnorme ontwikkel, onder andere, uit die norme wat individue tydens die proses van sosialisering deur middel van opleiding sowel as deur middel van die hofervaring geïnternaliseer het en wat dan na die groep teruggevoer word. Daarmee saam bring groepslede ook 'n sensitiviteit vir groepsnorme en vir die noodsaaklikheid om daarmee te konformeer (Palazzolo, 1981:247-248). Hoewel patroonhandhawing in die Parsoniese sin op aspekte binne 'n diens betrekking het, het die feit dat die forensiese kriminoloog ook met die norme binne die kriminele regplegingsstelsel moet konformeer, 'n positiewe uitwerking op die handhawing van interne patrone. Ooreenstemmende norme bevorder dus, te midde van 'n diversiteit van komponente binne die stelsel, patroonhandhawing. Groepsprosesse, byvoorbeeld straf wat sosiale beheer as doelwit het, bevorder ook solidariteit (patroonhandhawing).

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

9.1 INLEIDING

In hierdie ondersoek is Talcott Parsons se paradigma van strukturele funksionalisme gebruik om struktuur aan die ontleding van die rol van die forensiese kriminoloog as komponent van die kriminele regsplegingstelsel te gee. Die rol van dié deskundiges in die hof is in terme van Parsons se funksionele imperatiewe, ontleed. Hierdeur sou die minimum vereistes waaraan forensiese kriminoloë as deskundige getuies behoort te voldoen, vasgestel kon word.

Na 'n algemene samevatting van die teoretiese aspekte gemaak is, word die versamelde data aan die hand van die gestelde doelstellings en hipoteses ontleed om te bepaal of die forensiese kriminoloog as komponent van die kriminele regsplegingstelsel 'n bestaansreg het. Daarna volg die aanbevelings wat uit die ondersoek voortvloei.

9.2 SAMEVATTING

In hierdie studie word uitgegaan van die standpunt dat drie partye by die pleging en beregting van misdaad betrokke is, naamlik die slagoffer, die misdadiger en die gemeenskap. Elkeen van hulle kan daarop aanspraak maak dat geregtigheid met betrekking tot hulle onderskeie belange geskied. Om daarin te slaag is wetenskaplike kennis van elke faset van die misdaadvraagstuk nodig.

Misdaad is besig om in omvang en erns toe te neem, en die gemeenskap reageer daarop ten einde hulle belange te beskerm deur die misdadiger te straf. Omdat die wyse waarop die misdadiger bestraf word 'n weerspieëling van die ontwikkelingspeil van daardie samelewing is, is 'n vereiste waaraan die hoogs ontwikkelde Suid-Afrikaanse samelewing moet voldoen dat sy beregting van misdadigers gekenmerk word deur die toe-

passing van die jongste kennis op daardie betrokke gebied. Erkenning moet verleë word aan die feit dat misdadigers onderling verskil en dat dit tot voordeel van die gemeenskap strek wanneer elke veroordeelde misdadiger individueel volgens erkende wetenskaplike oorwegings hanteer word.

Die kriminologie is die wetenskap wat hom op die misdaadverskynsel toespits deur 'n studie van misdaad, misdadiger, slagoffer en kriminele regspleging te maak. Die strafhowe is 'n komponent van die kriminele regsplegingsstelsel. Die forensiese kriminoloog se belangstelling in die strafhowe is nie gerig op 'n evaluering van die betrokke regsbeginnels nie, maar lê eerder op die wyer terrein van persoonserigte aspekte van die verloop van hofverrigtinge en veral vonnisoplegging. Vir die kriminoloog gaan dit dus om die misdadiger as mens en word in hierdie navorsingsverslag besin oor die grondslae van straf, die problematiek van geïndividualiseerde vonnisoplegging en die gevolge van straf vir die oortreder. Die onderhawige navorsing handel oor die bydrae wat die kriminoloog in die hof, dus die forensiese kriminoloog, kan lewer om die vonnisoplegger ten beste oor die persoon wat hy moet straf, in te lig.

Deskundige getuïenis word lank reeds in Suid-Afrikaanse strafhowe gelewer. In die verlede was dit hoofsaaklik medici, chemici, ingenieurs, psigiaters, sielkundiges en maatskaplike werkers wat professioneel deskundige getuïenis gelewer het. Nie een van daardie profesies het die misdadiger per se as studie-objek nie, maar pas hulle deskundige kennis op 'n betrokke faset van sy optrede toe. Aangesien elkeen 'n ander faset van die misdadiger se persoon of omgewing beklemtoon, word die misdadiger selde in sy totaliteit as misdadige mens beskryf en beoordeel. Hierdie tekortkoming word vererger deur die adversatiewe aard van die Suid-Afrikaanse strafhofverrigtinge.

In die adversatiewe proses voer elke party daardie getuïenis aan wat vir sy kant van die saak die voordeligste is. Dit is die taak van die neutrale en passiewe besluitnemer - regter of landdros - om die voorgelegde inligting te gebruik om tot 'n oplossing van die litigeerde

dispuut te kom wat aanvaarbaar vir die slagoffer, die misdadiger en die gemeenskap sal wees. Dit is een doelstelling van die onderhawige navorsing om aan te toon dat dit in die belang van regverdige regspleging is dat 'n wetenskaplik-verantwoorde holistiese siening van die oortreder aan die hof voorgelê word.

Ondersoeker het gedurende die verslagperiode 87 voorvonnisevalueeringsverslae as deskundige forensiese kriminoël opgestel. Een van die gestelde doelstellings van die ondersoek is om te bepaal of die huidige werkswyse van forensiese kriminoël aan die behoeftes van die hof en al die akteurs daarin, voldoen. Daarvoor is 'n ontleding van, onder andere, die opleiding van kriminoël, hulle aanspraak op deskundigheid, hulle verwerwing van kredietwaardigheid, hulle skakeling met en inskakeling by die ander akteurs in die hofsisteem gemaak. Op grond daarvan kan, soos in die doelstellings in vooruitsig gestel, enkele aanbevelings gemaak word aangaande die aanpassing van die algemene opleiding van kriminoël sodat hulle ook as forensiese kriminoël kan optree, asook die norme waarvolgens hulle behoort op te tree. Verder kan probleme en tekortkominge wat in die stelsel teëgekóm is, die grondslag vir verdere navorsing oor die vraagstuk vorm.

Aangesien die forensiese kriminologie 'n nuwe rigting in die kriminologie verteenwoordig, was dit nodig om betekenis aan sentrale begrippe wat gebruik word, te gee. Ten einde die rol van die forensiese kriminoël in die hofproses te bepaal, was dit noodsaaklik om te weet wat met adversatiewe stelsel bedoel word; aan watter vereistes deskundige getuies moet voldoen; wat die aard van 'n deskundige opinie is; wat alles binne die studiegebied van die kriminologie val; wat met kliënt bedoel word, wat die kriminele regsplegingsstelsel behels; en wat straf beteken.

Die ondersoek dek die tydperk 1 Maart 1986 tot 30 April 1992 en is organisatories beperk tot daardie fasette van die kriminele regsplegingsstelsel wat betrekking het op die rol van die forensiese kriminoël by vonnisoplegging.

'n Vonnis word op 'n beskuldigde wat aan 'n misdryf skuldig bevind is, gelê, en beteken dat hy 'n straf opgelê word. Die totale optrede van die forensiese kriminoloog is dus daarop gerig om by te dra dat 'n regverdige straf toegemeet word. Wat straf is, hoe dit deur die eeue toegepas is en ontwikkel het tot wat dit vandag is, asook wat die filosofiese fundering daarvan is, is sentrale temas van die onderhawige navorsing en kennis daarvan is onontbeerlik wanneer 'n sisteem wat gerig is op die regverdige oplegging daarvan, ontleed word.

Aanvanklik is onbeteuelde wraak geneem teen die oortreder. Die wraakneming is uitgevoer deur diegene wat aan die benadeelde se groep behoort het - wat dus van dieselfde bloed as hy was - en het geen perke geken nie. Dit was ook nie noodwendig teen die oortreder gerig nie, maar teen enigeen in sy groep - dus kollektiewe wraakneming en kollektiewe verantwoordelikheid. Namate 'n sentrale staatsgesag tot stand gekom het, is eers die taliese eweredigheidsbeginsel van 'n oog-vir-'n-oog - letterlik toegepas - deur Hammurabi ingevoer, en het dit deur die tydperk van Moses voortgeduur. Die Romeine het 'n meer gesofistikeerde regstelsel ontwikkel waar die strafreg die karakter van 'n quasi private vervolging begin dra het en 'n onpartydige arbiter as regter begin optree het. Wrede strawwe is egter steeds toegepas. Met die vestiging van die Germaanse reg het gemeenskappe begin ontwikkel waar sosiale beheer wegbeweeg het van private vergelding tot groeparbitrasie. Dit is bewerkstellig deur die uitbreiding van die plekke en tye waar die 'vrede van God' geheers het en die beskuldigde kon skuil teen sy vervolgers omdat private optrede teen hom gedurende daardie tye ten strengste verbied was. Ten einde geskille bevredigend opgelos te kry, het groepe onderling begin kompensasië betaal om onregte wat gepleeg is, te vergoed.

Die feodale tydperk en die middeleeue is gekenmerk deur agteruitgang op strafgebied. Die regte van beskuldigdes is hulle ontnem en tydens die Inkwisisie is bekentnisse op wreedaardige wyses in die naam van die gode afgedwing. Die doodstraf was die mees algemene straf. Gedurende die renaissance het die belangstelling in straf verskuif na die prosedures van verhoor. Beskuldigdes is nog gemartel,

maar as hulle die marteling kon weerstaan, is hulle as onskuldig beskou. Beccaria, Bentham en ander klassici se opvattinge het 'n verandering meegebring. Straf is in ooreenstemming met die skade wat veroorsaak is, opgelê, marteling is afgeskaf en gevangenisstraf het na vore getree as 'n straf waarvan die lengte gerieflik volgens die omvang van die skade aangepas kon word. Daar is geglo dat die reg om te straf op 'n maatskaplike verdrag gebaseer is. 'n Belangrike ontwikkeling in die strafteorie van daardie tyd was die opvatting dat die beskuldigde ook regte het wat beskerm moes word. Die neo-klassici het hierdie uitgangspunt verder gevoer met die teorie dat 'n oortreder se straf op sy verantwoordelikheid berus, en sy verantwoordelikheid berus weer op sy vryheid. Versagter omstandighede is eers ten opsigte van kinders en later ook ten opsigte van geestesgekreuktes ingevoer, en grade van aanspreeklikheid is op grond van die oortreder se graad van wilsvryheid erken.

In die laaste ontwikkelingsfase van straf voordat die huidige opvattinge posgevat het, het Lombroso en die positivistiese skool op grond van Darwin se geskrifte oor evolusie in opstand gekom teen die vryewil-leerstelling van die neo-klassici. Vir die positiviste was misdaad die noodwendige gevolg van natuurlike omstandighede waarvoor die mens geen beheer kon uitoefen nie. Straf was vir hulle slegs 'n middel om gedane skade te herstel, en indien dit nie moontlik was nie, moes die oortreder uit die gemeenskap verwyder of geëlimineer word.

Die moderne benadering tot straf word beïnvloed deur die opkoms van die geesteswetenskappe wat misdaad in die twintigste eeu toenemend as 'n maatskaplike verskynsel sien. Dit word gekoppel aan 'n utilitaristiese regverdiging van vonnisoplegging en straftoepassing in teenstelling met die retributiewe siening van die verlede. In die filosofiese besinning oor straf is die stryd tussen vergelding en utilitarisme egter nog net so min opgelos as die stryd tussen vryewil en determinisme.

Daar is tans algemene aanvaarding dat die wesenskenmerke van straf is dat dit vir die oortreder onaangenaam moet wees, dat dit vir 'n oortreding slegs op die oortreder toegepas moet word, dat die optrede dié

van menslike instansies moet wees en dat diegene wat dit oplê en toe-
pas die nodige bevoegdheid moet hê om dit te doen.

Onaangenaamheid word as vereiste gestel om aan te dui dat die klem nie
meer op fisieke leedtoevoeging val nie. Dit is eerder die ontneming
van dít waaraan die oortreder waarde heg - sy lewe, vryheid of besit-
tings - wat kenmerkend van hedendaagse straf is, as wat die veroorsa-
king van pyn die motief is. Straf volg per definisie ook net op die
pleeg van 'n misdaad, dit wil sê 'n handeling of nalating van 'n
handeling wat deur die owerheid as onregmatig geëtiketteer is. Sou
die gewraakte optrede nie deur die reg as sodanig gedefinieer word
nie, maar byvoorbeeld deur die kerk, is die oortreding 'n sonde, maar
nie 'n misdaad nie. Die persoon wat die misdaad pleeg, moet ook vol-
gens die heersende siening oor straf, skuldig wees aan die pleging
daarvan. Sou hy om een of ander rede nie vir die pleging van die
misdad aanspreeklik gehou kan word nie, is enige leedtoevoeging wat
daarop volg, nie straf in die kriminologiese betekenis van die begrip
nie. In hierdie verband word in die jongste tyd gepoog om 'n versoe-
ning tussen die teorieë van vryewil en determinisme te bewerkstellig
as die fundamentele grondslag waarop menslike verantwoordelikheid be-
rus. Die aanvaarding dat 'n mens se wil nie absoluut vry is nie, aan
die een kant, en die definiëring van determinisme in die vorm van
sagte determinisme aan die ander kant, maak 'n versoening tussen die
twee benaderings moontlik. Sagte determinisme beteken slegs dat elke
handeling 'n oorsaak het, maar die mens is nie aan daardie oorsaak
uitgelewer sonder dat hy 'n keuse kan uitoefen nie.

Straf kry eers betekenis as aanvaar word dat menslike gedrag beïnvloed
kan word. Dit sou geen waarde vir die hof hê om ingelig te word oor
die persoon wat gevonnissen moet word, as die straf wat hom opgelê moet
word nie verpersoonlik word nie en slegs 'n vergelding van sy optrede
in die verlede is. Ten einde te kan straf, moet die leedtoevoeging
ook 'n menslike handeling wees. Maagpyn wat op die eet van te veel
gesteelde vrugte volg, is nie straf in die kriminologiese sin nie.
Laastens word die vereiste gestel dat straf toegepas moet word deur 'n
instansie wat die nodige bevoegdheid daartoe het. Sodoende word

verhoed dat leed wat een persoon 'n ander wat hom benadeel het, self aandoen deur die reg in eie hande te neem, ook as wettige straf geag kan word.

Wanneer 'n forensiese kriminoloog die bostaande vereistes van straf ken en in ag neem, kan hy 'n sinvolle aanbeveling aan die hof maak oor die vonnis wat 'n skuldigbevinde misdadiger opgelê behoort te word. Binne die maksimum strawwe wat die reg voorskryf, het 'n vonnisoplegger wye diskresie oor die aard en omvang van straf. Die bevoegdhede van laer en hoër hofe met betrekking tot vonnisoplegging word volgens wet voorgeskryf. Dit is die taak van die forensiese kriminoloog om met inagneming van die feite van die oortreding, soos deur die hof bevind, die misdaadrekord van die oortreder asook sy persoonlike, sosiale en gesinsagtergrond, die hof by te staan by die bepaling van wat 'n regverdige straf sal wees.

Die forensiese kriminoloog word dus ook 'n funksionaris in die hofstelsel en ten einde op 'n wetenskaplike wyse te bepaal of hy bestaansreg daar het en as komponent daarvan sal kan bly voortbestaan, is van Talcott Parsons se vierfunksie-paradigma van imperatiewe vir voortbestaan van 'n stelsel gebruik gemaak. Die Parsoniese model van substelsels is gebruik om struktuur aan die ondersoek te gee.


Die waarde van Parsons se struktureel-funksionele teorie lê in die omvattendheid daarvan en dit verskaf 'n kontrole-lys vir die beskrywing en ontleding van 'n sosiale stelsel. Dit stel 'n ondersoeker in staat om die onderskeie strukture en elemente van die stelsel, die wyses waarop konformiteit bereik kan word, en die aanpassingstrukture daarin, te identifiseer. Parsons se teorie berus op die uitgangspunt dat 'n aksie-siklus begin met doelgerigte optrede en eindig by bereiking van die doel. Dit vind binne 'n stelsel van sosiale aksie plaas. 'n Aksie-stelsel sluit ook objekte in - dit wil sê konkrete, maar nie noodwendig tasbaar nie, sake soos akteurs, fisiese objekte, kulturele objekte, waarby ook kulturele simbole ingesluit is, persoonlikheid- en sosiale stelsels. Die objekte is van tweërlei aard: kognitief, dit wil sê dit wat die objek is, en kateties, dit wil sê waarvoor die objek goed of sleg is.

Omdat Parsons se struktureel-funksionele teorie poog om die dinamika van aksie in terme van die idee van stabiliteit te konseptualiseer, speel die gedagte van ekwilibrium 'n belangrike rol daarin. Parsons het 'n visie gehad wat uit 'n oorkoepelende sisteem, wat kultuur, sosiale struktuur, persoonlikheid en organisme as die samestellende subsisteme insluit, bestaan het. Onder dié vier subsisteme het Parsons die idee van die hiërargie van beheer op die gedrag van die individu na vore gebring. Kulturele waardes reguleer die bestek van variasies in die norme ten opsigte van 'n besondere sosiale situasie. Op hulle beurt beperk die norme die bestek van besluite en motiewe van die persoonlikheidsisteem. Die persoonlikheidsisteem behou beheer oor die behaviouristiese organisme. Kortliks gestel, word fisieke gedrag beheer deur persoonlikheid, wat op sy beurt gereguleer word deur sosiale norme wat deur kulturele waardes gedefinieer is.

Die bestaande postulate van die funksionele analise sluit die konsep van 'n sosiale sisteem, die funksionele eenheid van die samelewing, die waardekonsensus in die samelewing, universele funksionalisme, funksionele onvervangbaarheid, en die ekwilibrium-model in. Parsons het sy funksionele voorvereistes vir die bestaan en voortbestaan van 'n samelewing in die lig daarvan vasgestel, dit wil sê vereistes wat deur 'n groep nagekom moet word indien daardie groep ekwilibrium wil behou en wil bly voortbestaan. Hy noem hierdie vier vereistes aanpassing, doelbereiking, integrasie en patroonhandhawing (wat spanningsbeheer insluit). Elk van die primêre subsisteme word gedefinieer op die basis van teoretiese abstraksie. Gevolglik bestaan elke empiriese sisteem tegelyk ook uit al die subsisteme. Die onderhawige navorsing het die forensiese kriminoloog as komponent van die Suid-Afrikaanse kriminele regsplegingsisteem aan die hand van hierdie vierfunksie-paradigma ontleed.

Die toepassing van Parsons se vierfunksie-paradigma op die forensiese kriminoloog as komponent van die strafhofsisteem, wat 'n subsisteem van die kriminele regsplegingsisteem is, kan skematies soos volg voorgestel word:

FIGUUR 4: PARSONS SE VIERFUNKSIE PARADIGMA TOEGEPAS OP DIE FORENSIESE KRIMINOLOG AS KOMPONENT VAN DIE KRIMINELE REGSPLEGGINGSISTEEM



Hierdie aspekte word onder die gevolgtrekkings waar die beantwoording van die hipoteses behandel word, beskryf.

9.3 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE DOELSTELLINGS

Die gevolgtrekkings waartoe in die onderhawige navorsing geraak is, word as gevolgtrekkings met betrekking tot die doelstellings en as gevolgtrekkings met betrekking tot die hipoteses van die ondersoek aangebied.

In hierdie paragraaf word die gevolgtrekkings waartoe met betrekking tot die doelstellings van die ondersoek gekom is, uiteengesit.

9.3.1. DOELSTELLING 1: FUNDERING VAN DIE OORTREDER SE VERANTWOORDELIKHEID

Navorsers meen dat vir straf om sinvol te wees, moet aanvaar word dat oorsaak en gevolg 'n rol in menslike gedrag speel. Wanneer die bestrawwing van 'n misdadiger moreel slegs op die feit dat hy 'n vrye wilsbesluit geneem het om die daad te pleeg, berus, is vergelding die

enigste vonnisteorie wat sin sou maak. Die rede waarom vergelding as enigste vonnisteorie verwerp word is die volgende: Tot sy logiese konsekwensie deurgevoer, impliseer die vryewil-teorie dat elke wilsbesluit van die mens nuut is en dat geen vorige straf hom van misdadpleging in die toekoms sal weerhou nie. Straf het dus geen toekoms-waarde nie, en al wat ten opsigte van 'n oortreder gedoen moet word, is om die onreg wat hy in die verlede gepleeg het, regtens op die beste wyse te probeer regstel.

In die geesteswetenskappe van die laaste dekades van die twintigste eeu word egter aanvaar dat menslike gedrag volgens bepaalde invloede gerig word. Determinisme - en by name sagte determinisme - beteken nie fatalisme of predestinasie waar alles deur faktore buite die mens se beheer veroorsaak word nie. Dit beteken slegs egter dat elke gebeurtenis veroorsaak word. Dit sluit in dat een van die veroorsakende faktore vir 'n handeling, die mens self kan wees.

Die teorie of wette van die geesteswetenskappe bepaal nie menslike gedrag nie, maar is eerder 'n beskrywing van waargenome menslike optrede wat oor 'n tydperk bepaalde konstanthede getoon het. Op grond van die argumente in paragraaf 3.5.4 genoem, kom navorser tot die gevolgtrekking dat die utilitaristiese teorieë van, byvoorbeeld, rehabilitasie en afskrikking net so geldig soos die vergeldingsteorie is.

In die oplegging van straf, moet die toepassing van utilitarisme dus met die beperkende eweredigheidsbeginsel van die vergeldingsteorie getemper word. Versoening tussen die vergeldingsbenadering, wat op die vryewil-teorie gegrond is, en utilitarisme, wat uit determinisme vloei, is volgens navorser moontlik en behoort deur forensiese kriminoloë as basiese filosofiese uitgangspunt by die opstel van voorvonnisverslae aanvaar te word.

Die ondersoek het dus voldoen aan die doelstelling in paragraaf 1.6.1 gestel, deurdat vasgestel is wat die filosofiese fundering van die verantwoordelikheid van die oortreder is ten einde vonnisoplegging op etiese gronde te regverdig.

9.3.2 DOELSTELLING 2: WAARDE VAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG SE GETUIENIS

Navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat regterlike beamptes in die sake waarin sy opgetree het, voldoende en behoorlike aandag aan die verslae van die forensiese kriminoël gegee het. Die regbank het 'n gebalanseerde uitkyk op die verslag gehandhaaf - dit is nie sonder oorweging slaafs nagevolg nie en dit is ook nie summier en sonder rede verwerp nie. Al die funksionariese wat ondervra is, het geantwoord dat die optrede van die forensiese kriminoël groot waarde gehad het.

Penrod en Cutler (1989:70) spreek besorgdheid uit oor die invloed wat deskundige getuienis in die Verenigde State van Amerika op 'n jurie mag hê. Hulle kan oorweldig word deur die teenwoordigheid van 'n deskundige of hulle kan so 'n persoon se getuienis aanvaar omdat hulle nie die insig het om daarvan te verskil nie of hulle verwerp dit juis omdat hulle dit nie verstaan nie. Hofbeamptes, geskool in die regte, is oor die algemeen nie kenners van kriminologiese teorieë nie. Dit kan veroorsaak dat hulle 'n weerstand teen nuwe inligting opbou of te veel waarde daaraan heg. Die forensiese kriminoël mag ook nie onvoorwaardelik aanvaar dat die nuwe kennis wat hy aan die hof voorlê slegs voordele inhou nie. Verder mag hy ook nie die houding weerspieël dat sy getuienis slegs voordeel vir die hof kan inhou nie of dat sy getuienis in ag geneem moet word wanneer vonnis uitgespreek word nie. Die forensiese kriminoël moet veral daarteen waak dat hy nie skade aan die verloop van die verhoor aanrig nie.

Die waarde wat 'n verslag vir 'n regter of landdros se beslissing het, word deels bepaal deur antwoorde wat verskaf kan word op aanklaers se bevraagtekening van die feit dat forensiese kriminoël hoofsaaklik vir die verdediging optree, wat die indruk kan wek dat hulle verskonings vir die beskuldigde soek. Hierdie persepsie word deur bepaalde faktore veroorsaak, naamlik dat die forensiese kriminoël 'n tweeledige taak het, dit is om te poog om aan te dui wat die waarskynlike veroorsakende faktore vir die beskuldigde se gedrag was asook of daardie faktore 'n vermindering of vermeerdering in sy morele blaamwaardigheid beteken. Daarby moet besef word dat in gevalle waar die forensiese

kriminoloog 'n verslag wat eerder verswarend as versagtend van aard is, skryf, daardie verslag nie deur die verdedigingsadvokaat in die hof gebruik sal word nie. Navorser kon aanvoer dat sy wel al in sake namens die staat om strafverswaring getuienis gelewer het waar getuienis met betrekking tot die gevolge van die misdaad vir die klaagster (in verkrachtingsake) en die gemeenskap aangevoer kon word.

'n Probleem wat hom in die verband voordoet is dat, om rede die adversatiewe aard van die hofverrigtinge, deskundige getuies van die een kant nie sonder toestemming toegang tot die getuies van die ander kant het nie. Die beskuldigde is 'n getuie van die verdediging en deskundige getuies, soos die forensiese kriminoloog, wat aan vervolgingskant wil getuig kan nie sonder meer die nodige onderhoude met die beskuldigde voer en ander tersaaklike ondersoeke wat vir die opstel van 'n voorvonnisverslag nodig is, uitvoer nie. In Suid-Afrika is forensiese kriminoël nog nie sodanig gevestig dat die hof 'n beskuldigde na 'n forensiese kriminoloog sal verwys, soos wat in die geval van psigiaters gedoen word wanneer die beskuldigde byvoorbeeld vir dertig dae waarneming met betrekking tot hulle geestestoestand na 'n staatshospitaal verwys word nie.

Die ondersoek het in die doelstelling in paragraaf 1.6.2 geslaag deurdat die moontlike waarde wat die getuienis van die forensiese kriminoloog vir die vonnisoplegger in die strafhofsisteem het, aangedui is.

9.3.3 DOELSTELLING 3: VERWAGTINGE WAT AAN DIE FORENSIESE KRIMINOLOOG GESTEL WORD

'n Verdere gevolgtrekking waartoe navorser gekom het, is dat van die mede-akteurs in die hofsisteem soms onrealistiese verwagtinge van die forensiese kriminoloog koester. Voorbeeld hiervan is dat vrae soos: "presies waarom het die oortreder die misdaad gepleeg?", of "presies hoeveel invloed het spanning/vrees/dwang op die gedrag van die oortreder gehad?" aan haar gestel is met die verwagting dat 'n eksakte antwoord gegee sal word. Dit is wel waar dat 'n kundige en ervare forensiese kriminoloog waarskynlik die beste in staat is om antwoorde op sulke vrae te kan gee, maar eksakte antwoorde is op die gebied van

menslike gedrag nie moontlik nie. Die forensiese kriminoloog is aangewese op sy kennis van die verskillende misdaad-etologiese teorieë en sy vermoë om hulle met betrekking tot 'n betrokke geval in verband te bring en sinvol daarop toe te pas.

Twyfel oor die geldigheid en betroubaarheid van misdaadverklaringsteorieë word deur staatsaanklaers geopper. Die forensiese kriminoloog moet dus ook van die wetenskaplike besware wat teen teorieë geopper is, bewus wees asook hoe daardie besware weerlê kan word. Slegs met behulp van geldige teenargumente sal die forensiese kriminoloog die hof van die geldigheid van teorieë kan oortuig. Selfs waar staatsaanklaers nie sodanige besware opper nie, is dit nodig dat die forensiese kriminoloog self op bepaalde leemtes wys. Misdaadverklaringsteorieë is nie waterdigte kompartemente waarin mense perfek pas nie - en 'n bepaalde teorie mag in sommige gevalle nie alle verklarings bied nie, maar volgens die mening van die forensiese kriminoloog tog toepaslik wees. Ten einde sy wetenskaplike benadering, objektiwiteit en professionaliteit te illustreer, moet die forensiese kriminoloog die bestaan van so 'n situasie aan die hof uitwys.

Die forensiese kriminoloog moet ook besef dat hy nie in 'n lugleegte getuig nie, maar ook sodanig by die behoeftes van die ander komponente van die sisteem moet aanpas dat sy getuienis in 'n geheelbeeld geïnterpreteer kan word. Hy moet byvoorbeeld daarteen waak om wetenskaplike terminologie wat vir die hof en die funksionariese in die hof onverstaanbaar is, te gebruik. Doen hy dit, laat hy die hof in dieselfde posisie as voor hy begin getuig het, en het sy getuienis geen waarde nie omdat hy sake nie sinvol bymekaar gebring het nie. Die forensiese kriminoloog behoort nie slegs patologiese toestande by die oortreder te skets nie. Die uitwerking van die patologieë moet op die regsvereistes van toepassing gemaak word en die invloed en betekenis daarvan op sy gedrag verduidelik word. Dit help byvoorbeeld nie om die simptome van Tourette-sindroom wat by 'n oortreder aanwesig is op te noem sonder om die invloed wat dit op sy morele blaamwaardigheid het, te skets nie. Regterlike beamptes het byvoorbeeld aan navorser genoem dat die waarde van sielkundige getuienis soms geminimaliseer word wanneer hulle aan 'n psigiater vra of 'n beskuldigde toereke-

ningsvatbaar is en hulle die antwoord kry dat hy aan 'nie-geestesgekrenkte outomatisme' ly.

Die ondersoek beantwoord dus aan die derde doelstelling (par. 1.6.3) deurdat aangedui is dat die forensiese kriminoloog deur middel van deskundige getuienislewering voldoen aan die realistiese verwagtinge wat deur die ander komponente van die strafhofsisteem aan hom gestel word.

9.3.4 DOELSTELLING 4: GETUIENIS OOR MORELE BLAAMWAARDIGHEID

Een van die belangrikste take van die forensiese kriminoloog is om die morele blaamwaardigheid van die oortreder aan te spreek. Spesifieke en toepaslike getuienis het meer waarde as getuienis van 'n algemene, bespiegelende aard. Die regsvereiste dat getuienis relevant tot 'n bepaalde geval moet wees, geld ook vir die deskundige getuie. Dit is nie die forensiese kriminoloog se taak om die skuld of onskuld van die oortreder te probeer bepaal nie - die hof se bevinding dat die oortreder skuldig is asook die bevinding oor wat die ware feite van die misdaad is, moet deur die forensiese kriminoloog aanvaar word. Sy taak is om die hof by te staan in die vonnisopleggingsproses sodat 'n balans wat andersins nie moontlik was nie, teweeggebring word (Du Toit, 1981:124). Daar moet ekwilibrium tussen die belange van die gemeenskap en dié van die oortreder bereik word. Appélregter Corbett stel (in *S v Rabie* 1975 (4) SA 855 (A)) die taak van die vonnisoplegger soos volg : "... nor should he strive after severity, nor, on the other hand, surrender himself to misplaced pity ... he should approach his task with a humane and compassionate understanding of human frailties and the pressures of society which contribute to criminality."

Die beoordeling van 'n oortreder se morele blaamwaardigheid moet daarop gerig wees dat geregtigheid geskied. In sy oorweging van die oortreder se morele blaamwaardigheid moet die forensiese kriminoloog 'n in-diepte verslag aan die hof voorlê wat gegrond is op die beginsels van wetenskaplikheid, objektiwiteit, vertroulikheid en buigzaam-

heid. Die verslag moet ten doel hê om aan die hof 'n geheelbeeld van die oortreder en sy probleemsituasies te verskaf, om die hof te help in sy besluitneming van wat die gewenste optrede onder spesifieke omstandighede sal wees en om as basis vir die voortgesette behandeling van die oortreder te dien. Die aspekte wat in die verslag aangeraak behoort te word, word in paragraaf 6.14.2.3 uiteengesit.

'n Belangrike beginsel van aanbevelings met betrekking tot vonnis is dat die straf proporsioneel tot die erns van die oortreding sowel as die graad van die betrokke oortreder se verantwoordelikheid vir die oortreding, bepaal moet word. 'n Spesifieke oortreder word vir 'n spesifieke oortreding gevonnissen - nie as tipe oortreder vir 'n tipe misdad nie. Die forensiese kriminoloog moet aanvaar dat hy hierdie doelwitte in sy evaluering konsekwent as 'n prioriteit beskou.

Deurdad aangedui is welke aspekte in 'n voorvonnisevalueringsverslag aangeraak behoort te word, voldoen die ondersoek aan die vierde doelstelling (par. 1.6.4).

9.3.5 DOELSTELLING 5: DIE AANBIEDING VAN GETUIENIS IN DIE HOF

Daar bestaan geen formele voorskrifte wat oor die algemeen die aanbieding van deskundige getuienis in strafsake reguleer nie. Na aanleiding van die voorskrifte in siviele sake en op grond van haar ervaring in die verhore wat die universum van hierdie ondersoek uitmaak, het navorser tot die gevolgtrekking gekom dat daar verskillende geldige redes bestaan waarom die forensiese kriminoloog sy getuienis viva voce in die hof behoort te lewer.

Schmidt (1990:234) noem dat die howe dikwels met die versweë instemming van die aanklaer mededelings omtrent versagtende omstandighede van die balie af aanhoor en dit in oorweging neem, maar dat as daar wesenlike feite is en as die aanklaer enige daarvan betwis, die aangewese weg is om hulle by wyse van getuienis onder eed aan die hof voor te lê. Versuim om dit te doen kan 'n kliënt erg benadeel.

Die algemene reël is egter dat getuienis mondeling in die hof afgelê word (Schmidt, 1990:245). Getuienis mag ook nie by voorbaat op skrif gestel word en dan sonder bevestiging of ratifikasie deur 'n getuie ingelewer word nie. Artikel 161 (1) van die Strafproseswet, wet 51 van 1977 bepaal uitdruklik dat "'n getuie by strafregtelike verrigtinge lê sy getuienis viva voce af, behalwe waar hierdie wet of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal." Dit is wel so dat hierdie artikel primêr handel oor die verhoor van die meriete van die saak waar dit oor die bewys van feite in geskil gaan. Deskundige getuienis oor vonnis is opinie-getuienis waar dit nie primêr oor die bewys van feite gaan nie, maar die bewoording van artikel 161 (1) is in gebiedende taal geformuleer wat die afleiding regverdig dat dit ook op deskundige getuienis oor vonnis van toepassing is.

Ander redes waarom die indien van 'n verslag oor die beskuldigde in die vorm van 'n beëdigde verklaring ongewens is, is dat hierdie tipe getuienis oor nie-tasbare sake handel en dit in die hof se belang is dat die persoon wat die opinie uitspreek self deur die hof waargeneem word. Die hof is dan beter in staat om die persoon self, asook sy deskundigheid, te beoordeel. Dit is ook onwaarskynlik dat alle moontlike vrae wat die aanklaer of die hof oor die opinie self mag hê, tot hul bevrediging in 'n verslag aangespreek sou word. Dan sou so 'n getuie in elk geval opgeroep moet word om te getuig as die getuienis van waarde geag moet word.

In die ondersoek is aangetoon dat viva voce getuienis aflegging deur die forensiese kriminoloog die beste wyse is om daartoe by te dra dat geregtigheid teenoor al die betrokke partye geskied. Sodoende is ook aan die doelstelling in paragraaf 1.6.5 beantwoord.

9.3.6 VERDERE DOELSTELLINGS

Die verdere doelstellings van die ondersoek wat oor die maak van aanbevelings handel word in paragraaf 9.6 beantwoord.

9.4 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE HIPOTESES

9.4.1 HIPOTESE 1: DOELBEREIKING AS FUNKSIONELE IMPERATIEF

In paragraaf 1.7.6 is die hipotese gestel wat lui dat **wanneer duidelike doelwitte deur forensiese kriminoloë wat deskundige getuienis voor vonnisoplegging lewer, geformuleer is, sal aan Parsons se doelbereikingsimperatief voldoen word.**

Volgens die Parsoniese model verwys doelbereiking na die behoefte van alle sisteme om langtermyn doelwitte wat sosiale aktiwiteite moet rig, te formuleer. Die forensiese kriminoloog funksioneer as komponent van die strafhofsisteem binne 'n hoogs gestruktureerde raamwerk. Die strafhof is op sy beurt weer 'n subsisteem van die kriminele regsplegingsisteem. Daarom is dit nodig om alvorens die spesifieke doelstellings van die forensiese kriminoloog bespreek word, ook van die doelstellings van die hoofkomponente van die kriminele regsplegingsisteem kennis te neem.

In paragraaf 5.2 is die oorkoepelende doelwitte en doelstellings van die totale kriminele regsplegingsisteem uiteengesit. Die einddoel van hierdie sisteem is die beheer van misdaad. Die spesifieke doelstellings van die Suid-Afrikaanse Polisie, naamlik die handhawing van wet en orde, is in paragraaf 5.3.1 uiteengesit. Die doelwit van die howe is om dispute op te los, met ander woorde die sisteem waar daar deur middel van 'n adversatiewe proses, 'n arbitrasie van geskille tussen die staat en individuele persone aangaande die oortreding van die reg gedoen word. In paragraaf 5.3.2 word aandag aan die oorkoepelende doelwitte van die strafhowe as komponente van die kriminele regsplegingsisteem gegee, naamlik die bereiking van openbare orde en die oplossing van basiese waardekonflikte en individuele dispute. Hierdie doelwit word in die howe bereik deur geregtigheid te laat geskied tussen die belange van die slagoffer en die misdadiger, asook om die geskende regsgevoel van die gemeenskap te probeer herstel.

Die doel en werksaamhede van die Departement Korrektiewe Dienste as

een van die hoofkomponente van die kriminele regsplegingsstelsel ge-
niet in paragraaf 5.3.3 aangedag. Die Departement Korrektiewe Dienste
se doelwit is om die gevangene wie se vryheid hom as straf ontnem is,
te help rehabiliteer tot nuttige burger van die samelewing, asook om
'n verdere utilitaristiese doel van straf, beskerming van die gemeen-
skap, na te streef deur die gevangene in veilige bewaring aan te hou.

As deel van die kriminele regsplegingsstelsel vereenselwig die foren-
siese kriminoloog hom met die doelstellings van dié stelsel. Hy stel
hom dus ook ten doel dat geregtigheid geskied, dat die goeie orde
gehandhaaf word en dat persone wat hulle aan gedrag wat die samelewing
as afwykend - misdadig- gedefinieer het, weer tot nuttige landsburgers
gerehabiliteer word. Die forensiese kriminoloog se spesifieke doel-
witte ter bereiking van die algemene oorkoepelende doelwitte van die
stelsel, is om op 'n wetenskaplike en professionele wyse voorvonniss-
evalueringsverslae aan die hof voor te lê. Die verslae is daarop
gemik om die vonnisoplegger in staat te stel om deur sy vonnis gereg-
tigheid te laat geskied. Met betrekking tot die Departement Korrek-
tiewe Dienste se algemene doelwitte, is aangetoon dat die forensiese
kriminoloog se verslag die basis kan vorm waarop daardie departement
sy behandelingsprogram kan begin.

Die bydrae wat die forensiese kriminoloog tot die doelbereiking van
die strafhofstelsel, en dus uiteindelik ook van die kriminele regsple-
gingsstelsel lewer, is die kern van die bespreking in paragraaf 5.4.
Die onderhawige ondersoek het dus aangedui dat die forensiese krimino-
loog die oorkoepelende doelwitte van die kriminele regsplegingsstelsel
as sy eie aanvaar. Voorvonnisevaluerings deur forensiese kriminoë
lewer 'n bydrae tot misdaadbeheer, aangesien die wetenskaplike bydrae
ten opsigte van die verklarings van individuele misdade, betekenisvol
is.

Die doelwitte van die forensiese kriminoloog, as 'n komponent van die
groter stelsel word bereik. Daardeur voldoen hy aan Parsons se impe-
ratief van doelbereiking as vereiste vir die voortbestaan van 'n
stelsel. Dié bevinding steun hipotese 1.

9.4.2 HIPOTESE 2: INTEGRASIE AS FUNKSIONELE IMPERATIEF

In paragraaf 1.7.2 lui die hipotese dat **wanneer die funksies wat die forensiese kriminoloog verrig met dié van die ander akteurs binne die geordende sisteem geïntegreer kan word, ten einde die sisteem beter te laat funksioneer, sal aan Parsons se integrasie-imperatief voldoen word.**

Integrasie hou verband met die bereiking van en beheer oor sosiale en emosionele solidariteit van 'n groep. Integrasie-optrede is, met betrekking tot 'n sisteem, gerig op die handhawing van die interne wedydse ineenskakeling van aparte komponente van die sisteem in 'n geheel. In die onderhawige ondersoek is die geheel die kriminele regsplegingsisteem, en die forensiese kriminoloog is as deel van die strafhofsub sisteem 'n komponent daarvan. Die reg is die mees formele instelling in die samelewing wat die integrasie-behoefte bevredig en regsnorme en prosedures definieer en gedrag standardiseer.

Die optrede van die forensiese kriminoloog word, soos in die geval van die ander komponente van die strafhofsub sisteem, deur die strafproses-reg, en by name die Strafproseswet, wet 51 van 1977, gerig. Regsreëls dui die weg aan ten opsigte van watter groepsnorme geïnternaliseer moet word, met ander woorde konformerings aan die norme van die samelewing. Dit is dus die innerlike ordening binne die gemeenskaps: die handhawer van ekwilibrium.

Parsons (in Haralambos, 1984:33) poneer dat organisasie (die sentralisering en differensiering tussen rolle) noodsaaklik is om kollektiewe doelwitte te bereik. 'n Deeglike kennis van die hiërargie binne die hofsisteem is vir die forensiese kriminoloog noodsaaklik (sien par. 6.4 tot en met 6.12). In paragraaf 6.13 word aangedui hoe die forensiese kriminoloog as deskundige getuie ten opsigte van die regsreëls integreer. Wanneer hulle in die hof optree, voldoen hulle aan die vereistes van die Strafproseswet soos dit deur die hof geïnterpreteer word. As deskundige getuies voldoen die huidige praktiserende forensiese kriminoë aan die relevante vereistes wat aan getuies, en des-

kundige getuies in die besonder, gestel word. Dit sluit in vereistes met betrekking tot bewys van deskundigheid, viva voce getuienisaflegging, relevantheid van getuienis en die feit dat hulle verklaarings aanbied en voorstelle maak, maar nie poog om die hof se funksies met betrekking tot vonnisbepaling vir hulleself toe te eien nie. Sodoende word hulle werksaamhede geïntegreer met dié van die staatsaanklaer, die verdedigingsadvokaat, die beskuldigde, die ander getuies en die regterlike amptenaar wat 'n regter of 'n landdros kan wees. Buite die hof integreer hulle ook met die voorskrifte wat vir die verskillende funksionariese in die span wat die beskuldigde se regsverteenvoording onderneem, vorm. Hulle ontvang hulle opdrag van 'n prokureur, waar dit nie 'n pro deo saak is nie, en konsulteer met hom en die advokaat asook die beskuldigde en ander persone, wat die beskuldigde se antwoorde op hulle vrae kan bevestig. Die doel en funksies van voorvonnisevaluering, versagtende en/of verswarende faktore met betrekking tot vonnis en ander spesifieke faktore wat by die voorvonnisevaluering in ag geneem moet word, geniet aandag.

Die voorvonnisevalueringsverslag moet aan basiese beginsels voldoen en die uiteensetting van die verslag, dekbladbesonderhede, die inleiding tot en inhoud van die verslag en die aanbieding daarvan word in paragraaf 6.14 uiteengesit. Die prosedure wat deur die forensiese kriminoloog na voltooiing van die voorvonnisevaluering gevolg word en die voorbereiding vir die hof word in paragrawe 6.15 en 6.16 gedek.

Deur by die reëls te hou, integreer die forensiese kriminoloog by die funksies en optredes van al die ander komponente van die strafhofstelsel. Wanneer dus binne die parameters van die 'grondwet', die Strafproseswet, funksioneer word, voldoen die forensiese kriminoloog as deskundige getuie dus aan die integreringsimperatief van Parsons.

Die bevindings steun hipotese 2.

9.4.3 HIPOTESE 3: AANPASSING AS FUNKSIONELE IMPERATIEF

Hipotese 3 lui soos volg: **Wanneer forensiese kriminoloë aan die behoeftes van die ander akteurs in die Suid-Afrikaanse strafhofstelsel**

voldoen, sal aan Parsons se aanpassingsimperatief voldoen word (par. 1.7.3). Die funksionele imperatiewe wat deur Parsons aan 'n sisteem gestel word, is nie net op die hoof-organisasiesisteem van toepassing nie, maar ook op individuele akteurs in die sisteem (Cuff & Payne, 1979:35).

Elke sosiale sisteem moet by sy milieu aanpas en soos in paragraaf 6.3.1 aangedui is, bestaan daar roldifferensiasie. Dit bevorder die ontwikkeling van vaardighede by die onderskeie komponente en die forensiese kriminoloog, as spesialis op die gebied van misdaad, stel sy kennis en vaardighede in die hof tot voordeel van ander akteurs in die strafhofsisteem beskikbaar - dit lei tot vernuwing in, en uiteindelijke verbetering van die sisteem as geheel.

Die onderskeie komponente in die strafproses verkeer in wedersydse wisselwerking met mekaar. Daarom is dit nodig dat die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die voorsittende beampte, die staatsaanklaer en diegene wat hom by die vervolging van die oortreder bystaan, die oortreder en sy regsvertegenwoordigers en alle ander getuies aanpas. In paragraaf 7.1 word die behoeftes van die kliënt uiteengesit en is daar gewys op die verantwoordelikheid wat die forensiese kriminoloog teenoor sy kliënt het om effektiewe straftoemeting ten opsigte van dié besondere persoon te fasiliteer. Objektiviteit moet behoue bly, maar daar moet 'n besondere vertrouensverhouding tussen die deskundige en die oortreder opgebou word. Dit word gekenmerk deur professionele empatie en nie persoonlike simpatie nie.

Aspekte wat aanpassing deur die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die akteurs in die strafhofsisteem bevorder, is kennis van die feite van die saak in dispuut asook praktiese riglyne ten opsigte van onderhoudvoering. Hierdie vaardigheid word in paragraaf 7.2 bespreek saam met die belang van die etiese aspekte ten opsigte van die ooreenkoms tussen die kliënt en die forensiese kriminoloog.

Daar bestaan ook negatiewe elemente wat aanpassing tussen die deskundige en sy kliënt kan bemoeilik. Die forensiese kriminoloog moet

daarvan kennis dra en voortdurend krities ten opsigte van sy eie optrede, asook dié van sy kliënt bly.

Die aanpassings wat die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die straftoemeter in 'n adversatiewe sisteem moet maak, word in paragraaf 7.3. uiteengesit. Om by die behoeftes van die regspreker aan te pas, kan voorvonnisevaluering nie op 'n lukrake wyse aangepak word nie en daar moet volledig en in diepte vanuit 'n kriminologiese perspektief gewerk word. Die verpersoonliking van straf verg noukeurige en toegewyde aandag van alle akteurs in die strafhof en dit is wanneer die forensiese kriminoloog daardie funksie kan fasiliteer dat sy belangrikste bydrae gemaak word.

In paragraaf 7.4 word aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die staatsaanklaer bespreek. Om daarby aan te pas, moet die deskundige nie net oor 'n diepgaande kennis van sy wetenskap nie, maar moet hy ook oor insig in aanverwante aangeleenthede beskik. Verder moet 'n diepgaande redenasie oor ingewikkelde begrippe, soos wat berou behels, gevoer kan word. Dit is die plig van die staatsaanklaer om 'n deskundige getuie deeglik te kruisondervra en indien die forensiese kriminoloog nie daartoe in staat is om alle redelike vrae na wense onder kruisverhoor te verdedig nie, sal nie daartoe bygedra word dat reg en geregtigheid geskied nie.

In paragraaf 7.5 word die behoeftes van die ander regspraktisyns uitgespel en word daar aangedui hoe die forensiese kriminoloog daarby aanpas. Dit blyk dat die waarheid en geregtigheid slegs sal seëvier indien elke deelnemer in die proses aanpas by die behoeftes en reëls van alle ander akteurs. Oorlewing op finansiële gebied mag nie bo doeltreffendheid gestel word nie, en alle pligte moet op 'n professionele wyse nagekom word.

Aanpassings wat die forensiese kriminoloog by professies anders as regspraktisyns maak, word in paragraaf 7.6 verduidelik. Voorbeelde van samewerking met byvoorbeeld neuroloë, psigiaters, genetici, ander medici en opvoedkuniges is met behulp van gevallestudies (sake waarin

navorser opgetree het) geïllustreer. Die probleem rondom die aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van verskillende rassegroepe, word in paragraaf 7.7 toegelig. Paragraaf 7.8 dui die aanpassings wat deskundiges ten opsigte van die Departement Korrektiewe Dienste maak, aan.

Koördinasie en kommunikasie blyk noodsaaklik vir die effektiewe aanpassing van die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die verskeidenheid van akteurs te wees. Dit is noodsaaklik indien die forensiese kriminoloog by die behoeftes van die ander akteurs in 'n strafsak wil aanpas. Wanneer die forensiese kriminoloog hierdie aanpassings maak, lei dit in die meeste gevalle tot meer doeltreffende straftoemeting. Bewys dat die ander akteurs wat deel van die onderhawige ondersoek was ook by die behoeftes van die forensiese kriminoloog aangepas het, is dat hulle die feit dat voorvonnisevaluering gedoen word, met goedkeuring aanvaar het. Dit dui daarop dat die forensiese kriminoloog op sy beurt ook aan hulle behoeftes voldoen het.

Hierdie bevinding steun hipotese 3 met betrekking tot Parsons se aanpassingsimperatief.

9.4.4 HIPOTESE 4: PATROONHANDAWING EN SPANNINGSBEHEER AS FUNKSIONELE IMPERATIEF

Hipotese 4 lui dat wanneer norme gedefinieer is wat aan die eise van deskundige getuienislewering deur forensiese kriminoë in die hofsisteem voldoen, sal aan Parsons se imperatief van latentheid (wat patroonhandhawing en spanningsbeheer omsluit) voldoen word.

Dié funksionele voorvereiste word omskryf as die instandhouding van die basiese patroon van waardes wat in 'n sisteem geïnstusionaliseer is en die vorming van die toepaslike motiverings van die akteurs in die groep om daardie patrone te handhaaf. Die belangrikste proses in die bereiking van die teoretiese toestand van ekwilibrium deur middel van patroonhandhawing en spanningsbeheer, is in die geval van forensiese kriminoë, in opleiding geleë.

Behoorlike en relevante opleiding rus die kriminoloog toe om aan verwagtinge te voldoen. Nie alleen word reëls en regulasies noulettend in strafhowe ten opsigte van oortredings van die reg teenoor die oortreder gehandhaaf nie. Daar word ewe streng teen funksionariese van die hof opgetree indien die formele regsreëls oortree sou word en verder word onprofessionele gedrag ook nie in die strafhofmilieu geduld nie. Die opleiding van die forensiese kriminoloog moet sorg dat hy met die nodige kennis hierdie professie betree en die voorgeskrewe en implisiete reëls daarvan nakom sodat hy deur gedragspatrone te handhaaf, spanning tussen die komponente van die sisteem voorkom. Die opleiding wat forensiese kriminoloë toerus om aan die verwagtings wat aan deskundige getuies gestel word, te voldoen, word in hoofstuk 8 bespreek. Die eise wat aan 'n universiteitsdepartement gestel word met betrekking tot die professionele voorbereiding (en nie beroepsopleiding nie) word in paragraaf 8.2 uitgelig. Die staatsbeleid in hierdie verband word aangehaal ten einde die akademiese opleiding wat forensiese kriminoloë tans kry, aan die standaard van daardie sisteem te meet. Sodoende word 'n raamwerk daargestel waarin voorstelle tot verbetering van opleiding gemaak kan word.

In paragraaf 8.3 word die opleidingsvereistes vir forensiese kriminoloë onder die hoofde akademiese opleiding en praktiese opleiding bespreek. Bloom (1974:201) se taksonomie bevat ses hoofkategorieë van leerdoelwitte, naamlik kennis, begrip, toepassing, analise, sintese en evaluering. Hulle is hiërargies en kumulatief van aard. Dit blyk uit die bespreking dat die huidige kursusse in die kriminologie (aan UNISA en UP) op die kognitiewe terrein van Bloom se taksonomie nie ten volle aan die opleidingsvereistes van forensiese kriminoloë voldoen nie.

Bloom onderskei verder 'n affektiewe terrein. Dit val ook binne die akademiese opleiding van forensiese kriminoloë aangesien dit doelstellings insluit wat verandering in belangstelling, houdings en waardes asook die ontwikkeling van aanpassing omvat. 'n Voorbeeld hiervan is dat die forensiese kriminoloog daarvan bewus gemaak moet word dat sy optrede in die hof die lewens van mense beïnvloed.

Die derde terrein wat deur Bloom ingesluit word, is die psigomotoriese of manipulatiewe, wat minder relevansie vir die akademiese opleiding van forensiese kriminoë het. In paragraaf 8.3.2 word egter die noodsaaklikheid van praktiese opleiding (wat tesame met teorie 'n eenheid moet vorm) toegelig. Die insluiting van 'n praktiese komponent by die opleiding van forensiese kriminoë bevorder 'n dieper begrip van teorie.

Die akademiese opleiding van kriminoë (sien par. 8.4) geskied aan verskeie universiteite in Suid-Afrika, maar UNISA en UP se leergange is uitgesonder aangesien dié universiteite oor die grootste kriminologie departemente beskik. Beide die universiteite bied 'n breë algemene skoling en begrond hulle studente fundamenteel in die kriminologie. Daar word egter nog nie voorsiening vir die spesifieke behoeftes van die professionele forensiese kriminoë gemaak nie. Die forensiese kriminologie is eerstens 'n nuwe rigting in Suid-Afrika, en tweedens word daar geen praktiese opleiding in die universiteite aan studente gebied nie. KRIMSA het die noodsaak van opleiding raakgesien en 'n eerste poging aangewend om 'n elementêre praktiese opleidingskursus aan 'n groep van sy lede aan te bied. Die kriminologie departement van UP bied gedurende 1992 ook 'n prakties gerigte kursus vir sy dosente aan. Daar bestaan dus tans geen doelgerigte integrasie tussen die praktiese komponente en die teorie nie. Verder sluit die leergange nie strafprosesreg in nie, en word studente wat in die forensiese kriminologie sou wou spesialiseer nie behoorlik in aspekte soos wat die komponente van die hofsisteem is en die betrokke reëls en prosedures wat by die beregting van die oortreder geld, opgelei nie.

Op hierdie gebied is daar dus 'n leemte in die opleiding van kriminoë wat as forensiese kriminoë wil spesialiseer en praktiseer. Die leemte is te wyte aan die feit dat die sistematiese en georganiseerde optrede van forensiese kriminoë in Suid-Afrikaanse strafhowe 'n nuwe ontwikkeling is en die behoefte aan sodanige opleiding dus nie vroeër bestaan het nie. Ondersoeker is daarvan oortuig dat die erkenning wat reeds vir die optrede van forensiese kriminoë in die strafhofsisteem deur regters, landdroste, advokate, prokureurs en kliënte verleen is,

voldoende bewys lewer dat hierdie nuwe vertakking van die kriminologie ontwikkel behoort te word.

Paragrafe 8.5 en 8.6 bespreek die akademiese opleiding op die affektiewe terrein en die praktiese opleidingsbehoefte op die psigomotoriese/manipulatiewe terrein. Veral die opleiding in onderhoudvoering moet op gestruktureerde en vaardige wyse geskied. Op hierdie gebied is daar 'n groot leemte in die opleiding van potensiële forensiese kriminoë. Navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat dit wel vir kriminologie departemente moontlik is om hierdie tipe opleiding te verskaf en dat dit nie net vir die opleiding van forensiese kriminoë van belang sal wees nie. Dit kan ook op ander terreine van kriminologiese wetenskapsbeoefening 'n positiewe uitwerking hê. Kundige onderhoudvoering is byvoorbeeld van belang by die wetenskaplike behandeling van gevangenes, want daarsonder kan nie behoorlike rapport met die gevangene as kliënt in die rehabilitasieproses opgebou word nie. Dit is eweneens die taak van 'n polisieman om die beste getuienis voor die hof te lê om die skuld van 'n verdagte te probeer bewys. Om dit te kan doen is ondervraging van moontlike getuies essensieel en kundigheid met betrekking tot regsprosedure sal ook in hierdie opsig tot verbeterde regspleging aanleiding gee.

Met betrekking tot professionaliteit, waarvan die kenmerke in paragraaf 8.7 behandel word, voldoen die bestaande praktiserende forensiese kriminoë op 'n informele en implisiete wyse daaraan. Uit Landis (1972) se bespreking van verskillende professionele organisasies blyk dit dat hy 'n voorstander daarvan is dat professionaliste aan 'n formele professionele vereniging behoort en hulle aan die etiese kodes daarvan ondergeskik stel. Hy bevind egter dat soms so min as 15% professionaliste aan hulle professionele vereniging behoort, maar in hulle optredes tog die vereniging se kode as riglyn navolg.

Deur hul samewerking met die Johannesburgse balieraad het die forensiese kriminoë in hierdie ondersoek by die etiese kode van die regsprofessie ingeskakel. Die behoefte bestaan egter aan 'n eie etiese gedragskode vir forensiese kriminoë. In dié opsig word dus bevind

dat die bestaande sisteem van praktiserende forensiese kriminoël wel indirek deur 'n etiese kode beheer word, maar dat namate die professie uitbrei en meer algemeen gevestig word, die behoefte aan 'n eie gedragskode groter sal word.

Die slotsom waartoe geraak word, is dat patroonhandhawing en spanningsbeheer by die forensiese kriminoël wat by die onderhawige ondersoek betrokke is, wel plaasvind en dat dié sisteem sal voortbestaan. Daar is egter 'n leemte ten opsigte van die huidige opleiding van potensiële forensiese kriminoël wat aangespreek moet word alvorens dié nuwe rigting wat in die kriminologie geskep is, sal voortbestaan. Waar dit die taak van universiteite is om studente vir 'n professie voor te berei en dit moontlik is om akademiese en praktiese opleiding te integreer, rus daar 'n taak op die universiteite.

Die ondersoek steun dus die nakoming van die vereistes in hipotese 4 ten opsigte van die situasie met betrekking tot die huidige praktiserende forensiese kriminoël, maar bevind dat verdere aandag aan die aangeleentheid gegee behoort te word as die sisteem binne die hofsub-sisteem wil uitbrei en voortbestaan.

9.5 AANBEVELINGS

Doelstellings 1.6.6 en 1.6.7 van die ondersoek was om na aanleiding van die bevindings voorstelle aan die hand te doen oor die verbetering van die opleiding en professionalisering van forensiese kriminoël.

Op grond van die bevindings in die ondersoek word aanbeveel dat:

- die honneurs-kursus in kriminologie aangepas word om voorsiening te maak vir opleiding in die spesifieke akademiese behoeftes van forensiese kriminoël;
- die praktiese opsie wat in die opleiding van forensiese kriminoël voorgestel word, die vorm van laboratoriumwerk aanneem; en

- 'n etiese gedragskode vir praktiserende forensiese kriminoël daargestel behoort te word.

9.5.1 AANPASSINGS IN DIE HONNEURS-KURSUS

Navorsers beveel aan dat die honneurs-kursus in kriminologie wat by die verskillende universiteite aangebied word, aangepas word om ook spesifiek vir die opleiding van forensiese kriminoël voorsiening te maak.

Uit die ondersoek is dit vir ondersoeker duidelik dat 'n leemte in die akademiese opleiding van forensiese kriminoël bestaan. Die leemte lê op die kognitiewe terrein van Bloom se taksonomie. Verskillende moontlikhede doen hulle voor om in die leemte te voorsien. Een daarvan is om die voorgraadse opleiding van kriminologie-studente uit te brei, en in ooreenstemming met staatsbeleid (NASOP 02 - 116:10) as 'n vierjarige beroepsgerigte baccalaureusgraad aan te bied. Ondersoeker meen egter dat dit nie die gewenste uitwerking sal hê nie en om praktiese redes ook nie nou doenlik is nie, aangesien die howe huiwerig sal wees om 'n persoon met slegs 'n baccalaureusgraad noodwendig as 'n deskundige getuie te aanvaar. Dit kan ook wees dat sulke studente nog nie oor voldoende ryphed beskik om voorvonnisevaluerings van die vereiste standaard te hanteer nie. Daarby word as vereiste vir 'n professionele eksamen, of 'n meestersgraad, gewoonlik die minimum vereiste wat vir kwalifisering tot 'n professionele eksamen gestel word. Die praktiese rede waarna verwys is, is dat by die instelling van 'n nuwe beroepsgerigte graad een van die vereistes wat die staat vir subsidiëring van onderrig stel, is dat so 'n nuwe graad lewensvatbaar moet wees - met ander woorde oor voldoende studente moet beskik. Dit word betwyfel of, as 'n beginpunt, aan die vereiste voldoen sal kan word. Namate die forensiese kriminologie ontwikkel, kan wel oorweeg word om so 'n spesifieke beroepsgerigte baccalaureusgraad as onderbou vir 'n meer gevorderde graad in te stel.

In die staatsbeleid oor honneursgrade (NASOP 02-116:11) word as alge-

mene riglyn gestel dat enige nagraadse studie op 'n hoofvak of hoofvakrigting van 'n vorige graad moet voortbou. Dit word ook as moontlikheid gestel dat nagraadse studie op 'n multidissiplinêre voorgraadse leerstofpakket gebou kan word. Honneursgrade moet akademiese verdieping of spesialisasie in 'n hoofvak of hoofvakrigting van 'n eerste baccalaureusgraad behels.

Staatsbeleid en die praktiese situasie met betrekking tot die aanbieding van honneursgrade aan die twee universiteite wie se leergange nagegaan is, bied 'n raamwerk waarin die voorstel dat vir 'n keuserigting in forensiese kriminologie voorsiening gemaak word, geakkomodeer kan word. Die honneurs-eksamen behoort in vyf afdelings afgelê te word. Navorsers is van oortuiging dat die bestaande vereistes van een vraestel elk in fundamentele kriminologie en navorsingsmetodologie behoue moet bly. Verdieping in fundamentele kriminologie is nodig, omdat die praktiserende forensiese kriminoloog se bydrae in die hof geleë is in die verklaring van die optrede van die misdadiger deur die toepassing van kriminologiese misdaadverklaringsteorieë op sy gedrag. Metodologie is eweneens noodsaaklik omdat die forensiese kriminoloog deurentyd bedag daarop moet wees dat sy optredes aan die eise met betrekking tot vasstelling van die waarheid, moet voldoen. Kennis van navorsingsmetodologie is ook 'n noodsaaklike voorvereiste vir wetenskaplike navorsing op magistervlak, wat die minimum vereiste vir erkenning as professionele forensiese kriminoloog behoort te wees. Eers dán is voldoende verdieping en rypheid in die vak bereik om as 'n ware deskundige aanvaar te word.

Die orige drie vraestelle wat die honneurskursus daarstel behoort gerig te wees op die spesifieke behoeftes van die forensiese kriminologie. Een van hulle behoort bepaalde psigokriminologiese aspekte aan te spreek sodat wanneer met 'n kliënt gehandel word wat moontlik aan een of ander afwyking ly, die bestaan van so 'n toestand geïdentifiseer kan word en die hulp van 'n psigiater of kliniese sielkundige aanbeveel kan word. Dit is nie die taak van die forensiese kriminoloog om psigopatologieë te diagnoseer, behandel of voor die hof te lê nie, omdat hy nie oor die nodige deskundigheid daartoe beskik nie. Hy

sal ook die riglyne vir professionaliteit skend omdat hy op die gebied van 'n ander professie oortree. Die forensiese kriminoël moet egter in staat wees om die moontlike bestaan van 'n patologie raak te sien en dan deskundige advies daarvoor in te win.

'n Verdere vraestel behoort die forensiese kriminoël se kennis oor straf te verdiep. Kennis van die ontstaan, ontwikkeling, definisie, filosofiese fundering en verskillende vorme van straf is vir hom in die praktyk noodsaaklik. Die moontlikheid kan selfs oorweeg word om 'n gedeelte van hierdie vraestel aan die bestudering van relevante gedeeltes van die strafprosesreg, in samewerking met die fakulteit regsgeleerdheid, af te staan. Hierdie vraestel is ook die aangewese plek om die etiese kode van professionele forensiese kriminoë te bestudeer.

Die laaste vraestel moet uit laboratoriumwerk bestaan. Hierdie aspek word volledig in die volgende aanbeveling behandel.

Deur 'n honneurskursus soos hierbo voorgestel, saam te stel word aan al die basiese opleidingsbehoefte van die forensiese kriminoël voldoen. Dit lê ook die grondslag en voorsien die nodige onderbou vir magister studie en -navorsing, soos deur staatsbeleid (NASOP 02 116: 12) vereis.

9.5.2 PRAKTIESE OPLEIDING VAN FORENSIESE KRIMINOË

'n Tweede aanbeveling, wat met die eerste verband hou, is dat die praktiese kursus wat in die opleiding van forensiese kriminoë voorgestel word, die vorm van laboratoriumwerk aanneem.

Verskillende moontlikhede bestaan vir die vorm waarin 'n praktiese komponent in die opleiding van forensiese kriminoë ingevoer kan word. Elkeen van die moontlikhede het voordele en nadele. Daar kan eerstens byvoorbeeld van studente wat op honneursvlak in dié rigting spesialiseer, verwag word om 'n voorgeskrewe getal hofsake waarin 'n praktiserende forensiese kriminoël optree, by te woon. Die student

moet dan saam met, en onder leiding van die forensiese kriminoloog, deur die verskillende stappe en prosedures wat vir die opstel van 'n voorvonnisevalueringsverslag nodig is, werk. Die ervaring wat die student omtrent elke saak opdoen moet hy dan in die vorm van 'n werkopdrag indien wat deur die dosent evalueer kan word om 'n uiteindelijke eksamenpunt daar te stel. Die voordeel van so 'n stelsel is dat die student ervaring in die ware praktyk opdoen. Die nadeel daaraan verbonde is van 'n praktiese aard, maar reël genoeg om dié moontlikheid aanvaarbaar te maak nie. Die nadeel is dat daar tans nog nie voldoende erkende praktiserende forensiese kriminoë is om as leiers op te tree nie. Dit mag ook wees dat nagraadse studente nie voltydse studeer nie, en gevolglik ook nie op 'n plek woon waar 'n leier beskikbaar is nie.

'n Tweede moontlike vorm wat praktiese opleiding kan aanneem is dat van die student verwag word om 'n bepaalde tyd by die regslyn van sy, of 'n nabygeleë universiteit deur te bring en sodoende in aanraking met die regspraktyk te kom. Hierdie opsie hou moontlikhede vir die toekoms in, maar vertoon tans nog die leemte aan geskikte forensiese kriminoë om as leiers op te tree. In hierdie ondersoek is ook nie van 'n kontrolegroep gebruik gemaak nie omdat persone wat nie reeds met forensiese kriminoë saam gewerk het nie, nie weet watter moontlikhede deskundige voorvonnisverslae inhou nie. Om dieselfde rede sou dit onwys wees om 'n student vir sy praktiese werk aan dieselfde soort leier bloot te stel. Namate meer praktiserende regsgeleerdes met forensiese kriminoë saamwerk, en dus bedrewe raak in die hantering van voorvonnisverslae deur kriminoë, sal die effek van die genoemde beswaar afneem en sal studente toenemend deur middel van hierdie moontlikheid hulle praktiese opleiding kan kry.

In paragraaf 9.5.1 is die wenslikheid van die integrasie tussen teorie en praktyk op nagraadse vlak in die opleiding van forensiese kriminoë bepleit. Ten einde 'n behoorlike balans tussen teoretiese en praktiese opleiding te bewerkstellig, meen navorser dat dit onder die huidige omstandighede ten beste gedoen kan word deur die praktiese opsie in die honneursleerplan in die vorm van laboratoriumwerk aan te

bied. Laboratoriumwerk is 'n onderrigstrategie wat gebaseer is op die ervaring wat studente moet opdoen om vaardighede te bemeester en waarin hulle motiverings en houdings, soos in Bloom se taksonomie van af-fektiewe leerdoelwitte genoem, gevorm kan word.

Met laboratoriumwerk word hier bedoel dat studente vir ongeveer 'n week op 'n keer drie keer gedurende hulle honneursstudietydperk 'n laboratoriumkursus wat deur die kriminologie departement aangebied word by die universiteit bywoon. Daar word onderhoude met werklike gevalle en persone daarby betrokke, wat deur praktiserende forensiese kriminoloë gevoer is, saam met die uitspraak van die regter of landdros oor die feite van die saak, as gevallestudies aan hulle voorgehou. Daarna word van hulle vereis om onder leiding van 'n ervare dosent 'n voorvonnisevalueringsverslag, op grond van die teoretiese studie wat hulle gedoen het, te skryf. Die gevallestudies kan, waar moontlik, aangevul word met werklike kontak met die betrokke misdadiger. Dit kan bereik word deur van gevalle gebruik te maak waar gevangenisstraf nie as vonnis opgelê is nie of selfs, na ooreenkoms met die Departement Korrektiewe Dienste, deur onderhoude met gevangenes waarvoor sodanige verslae gelewer is, in die gevangenis te voer.

Jacobs (1987:27) stel die waarde van laboratoriumwerk onomwonde wanneer hy sê: "It is particularly applicable to the development of basic skills such as elementary communication behaviour ... but could be used to demonstrate and practise more advanced skills as well. As a controlled setting it allows for the sequential introduction of skills, building up to increasing complexity with provision for monitoring, feedback and adjustment ...". Duidelik geformuleerde doelwitte kan met sulke laboratoriumwerk bereik word deur die nodige teoretiese studie voor te skryf en dan leiding te verskaf in die praktiese toepassing daarvan op 'n geval wat werklik voorgekom het. In die laboratoriumopset kan deur middel van 'n eksperimentele atmosfeer verskillende scenario's geskep word en kan die studente terugvoer van die dosent kry oor hulle vordering. Harrison en Cooper (in Jacobs 1987: 32) sê: "... individuals do not learn from random experience. They learn by bringing about essential patterns of thought and behaviour in

a situation where they can receive clear and accurate information about the relevancy and effectiveness of their work."

By die beplanning en samestelling van 'n laboratoriumkursus moet besondere aandag aan die behoeftes wat bevredig moet word, gegee word. Dit word grotendeels bepaal deur die doelstellings van so 'n kursus, naamlik om studente praktiese ervaring te laat opdoen in die vaardighede van skryf van 'n voorvonnisevalueringsverslag. Om dié rede sou dit wenslik wees om bywoning van die kursus verpligtend te maak, maar ter wille van persoonlike aandag behoort nie meer as ses tot agt studente op 'n keer tegelyk die kursus by te woon nie. Die laboratorium behoort aan die begin van die studietydperk aangebied te word ten einde studente te wys op die doel daarvan asook dié aspekte waarop hulle in die besonder moet let. By 'n tweede laboratorium ongeveer in die middel van die studietydperk kan vordering bepaal word. 'n Laaste laboratorium teen die einde van die studietydperk dien as afronding en evaluering.

Uit die voorgaande is navorsers van mening dat deur die invoering van 'n laboratoriumkursus aan 'n besondere behoefte in die opleiding van forensiese kriminoloë voldoen sal kan word. Dit sal die opleiding verryk en uiteindelik bydra tot patroonhandhawing en spanningsbeheer in die professionele praktyk.

9.5.3 ETIESE GEDRAGSKODE

'n Derde aanbeveling wat uit die navorsing spruit, is dat 'n etiese gedragskode vir professionele forensiese kriminoloë daargestel behoort te word.

Forensiese kriminoloë funksioneer as komponent van die strafhofsisteem en verrig hulle werksaamhede in die milieu van die regsprofessie. Om die redes meen navorsers dat die Algemene Baltiese Raad van Suid-Afrika versoek behoort te word om te oorweeg om forensiese kriminoloë binne hulle geledere te akkomodeer op 'n wyse soortgelyk aan kliniese sielkundiges by die Geneeskundige en Tandheelkundige Raad van Suid-Afrika.

Die gedragskode moet deur hierdie Raad, in samewerking met forensiese kriminoloë, opgestel word.

By die opstel van 'n gedragskode moet besef word dat dit nooit elke moontlike optrede van 'n professionele forensiese kriminoloog in die hof of in die verskillende verhoudings waarin hy met betrokke persone staan, in besonderhede kan dek nie. Daarom beteken insluiting van een soort optrede in 'n kode nie dat 'n ander soort optrede van minder belang is nie.

Na die mening van navorser behoort minstens die volgende aspekte in so 'n gedragskode aangespreek te word:

9.5.3.1 AANHEF

In die aanhef behoort gestel te word dat die doel van die gedragskode is om te verseker dat die optrede van die forensiese kriminoloog te alle tye sodanig sal wees dat die samelewing vertroue in sy integriteit en professionaliteit sal hê. Die kode moet as riglyn vir sy optrede dien en sy optrede moet altyd daarop gerig wees om geregtigheid te laat geskied.

9.6.3.2 DIE WAARDIGHEID VAN DIE HOF

Die optrede van die forensiese kriminoloog in die hof moet sodanig wees dat die waardigheid van die hof eerbiedig word - nie net ter wille van die regter of landdros wat die staatshoof verteenwoordig nie, maar ook ter wille van die aansien wat die regstelsel in enige ontwikkelde samelewing behoort te geniet.

9.5.3.3 PERSOONLIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE HOF

Die forensiese kriminoloog behoort nooit 'n saak waarin hy optree buite die hof met die voorsittende beampte wat die saak verhoor, te bespreek of enige voordeel vir sy kliënt probeer bekom nie. Sonder om enigsins afbreuk te doen aan die agting wat 'n regter of landdros toe-

kom, behoort buitengewone aandag, gasvryheid of vleierey ook vermy te word aangesien dit op oneerlike motiewe kan dui. Die forensiese kriminoloog mag nooit sy selfrespek inboet nie.

9.5.3.4 BEHOEFTIGE KLIËNTE

'n Forensiese kriminoloog wat 'n opdrag ontvang om namens 'n behoefte kliënt op te tree, behoort die opdrag nie ligtelik van die hand te wys nie, maar moet poog om die persoon se belange ten beste te dien.

9.5.3.5 PERSOONLIKE GEVOEL OOR MISDAAD/MISDADIGER

'n Forensiese kriminoloog se persoonlike gevoel oor die aard van die misdaad waaraan sy kliënt skuldig bevind is, behoort hom nie te verhinder om so 'n opdrag te aanvaar nie. Dit moet sy taak bly om sy kliënt se saak ten beste aan die hof voor te dra. Uiteraard geld dieselfde met betrekking tot 'n kliënt wat aan 'n ander ras, geslag, taalgroep of godsdiens as die forensiese kriminoloog behoort.

9.5.3.6 VERTROULIKHEID

Die forensiese kriminoloog moet te alle tye die vertroulikheid teenoor buitestaanders van mededelings wat deur of ten behoewe van 'n kliënt aan hom gemaak is, handhaaf.

Sou die forensiese kriminoloog in een of ander noue verhouding met enige ander akteur in die betrokke hof staan, behoort sodanige verhouding in die begin aan sy kliënt verklaar te word. Die forensiese kriminoloog mag ook nie oor familie- of gesinslede voorvonnisevalueerings doen nie.

9.5.3.7 BOTSSENDE MENINGS

Wanneer meer as een forensiese kriminoloog by 'n saak betrokke is en hulle van mening oor die aangeleentheid verskil, berus dit by die

kliënt om, gewoonlik met behulp van sy regsverteenwoordiger, te besluit welke opinie aanvaar en voor die hof gelê word, indien wel. Sou die forensiese kriminooloog wie se opinie nie aanvaar is, nie kans sien om met die saak voort te gaan nie behoort hy die kliënt te versoek om die opdrag aan hom terug te trek.

9.5.3.8 ANDER PERSONE SE KLIËNTE

Direkte of indirekte pogings van 'n forensiese kriminooloog om 'n klient van 'n ander forensiese kriminooloog oor te haal om sy opdrag op te sê en aan eersgenoemde op te dra, is onprofessionele gedrag, oneities en onwaardig tussen forensiese kriminoelë onderling.

9.5.3.9 EERLIKE OPINIE OOR FEITE

'n Forensiese kriminooloog behoort alle moontlike inligting en feite omtrent 'n kliënt en sy saak te bekom voordat hy 'n voorvonnisevalueringverslag oor hom opstel, en hy moet sy eerlike en objektiewe opinie oor die relevante aangeleenthede in die verslag opneem. Aangesien dit steeds die funksie van die hof is om te besluit of die verslag of enige opinies daarin uitgespreek, aanvaar word, behoort geen forensiese kriminooloog enige ondernemings aan sy kliënt oor die uitslag of afloop van die hofverrigtinge te gee nie.

9.5.3.10 ONDERHANDELING MET AANKLAER

Die forensiese kriminooloog behoort voordat hy getuienis lewer, die inhoud van sy verslag slegs met die kliënt se regsverteenwoordiger te bespreek en mag nie onderneem om onderhandelinge met 'n staatsaanklaer ten behoeve van sy kliënt te voer nie.

9.5.3.11 FOOIE

By die bepaling van sy fooie behoort 'n forensiese kriminooloog nie die waarde van sy dienste te oor- of te onderskat nie. Die kliënt se vermoë om 'n hoë fooi te betaal, behoort nie 'n faktor by die vasstelling van 'n fooi te wees nie, maar die feit dat 'n kliënt nie 'n hoë fooi

kan bekostig nie, behoort in ag geneem te word.

Wanneer 'n fooi vir 'n optrede van die forensiese kriminoloog beding word, kan as riglyne, onder andere, in ag geneem word hoeveel tyd en arbeid daarby betrokke is, hoe ernstig die aangeleentheid is en of besondere vaardighede vereis word, of ander opdragte as gevolg van die besondere versoek van die hand gewys moet word, en wat die heersende professionele fooie vir soortgelyke werk in ander dissiplines verloop.

Wanneer die staat die deskundige **dagvaar om te getuig**, is daar uiteraard nie sprake van die vasstelling van fooie deur die forensiese kriminoloog nie. Volgens artikel 191 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977, is iemand wat strafregtelike verrigtinge as 'n getuie van die staat bywoon, geregtig op die toelae soos deur die wet voorgeskryf; met dien verstande dat die regterlike amptenaar of die regter wat by bedoelde verrigtinge voorsit, na goeddunke kan gelas dat geen sodanige toelae aan bedoelde getuie betaal word nie of dat slegs 'n gedeelte van sodanige toelae aldus betaal word.

9.5.3.12 VERHOUDING MET ANDER FORENSIESE KRIMINOLOË

Wanneer namens 'n kliënt opgetree word, is dit steeds die kliënt wat die litigant is en behoort die feit dat 'n forensiese kriminoloog namens die ander party optree, nie die onderlinge verhouding tussen die forensiese kriminoelë nadelig te beïnvloed nie.

9.5.3.13 HOUDING TEENoor MEDE-BESKULDIGDES

Wanneer die forensiese kriminoloog namens slegs een van 'n aantal mede-beskuldigdes in 'n saak optree, behoort hy die belange van die medebeskuldigdes in ag te neem by die aanbieding van sy kliënt se saak en behoort hy hom slegs by sake rakende sy kliënt, te bepaal.

9.5.3.14 PUBLISITEIT EN DIE MEDIA

Gesien die bepaling van vertroulikheid van mededelings hierbo, behoort 'n forensiese kriminoloog nie 'n saak waarby hy betrokke is tydens die

verhoor, of waar 'n appél hangende is, alvorens dit afgehandel is, met die pers of enige van die massa-media te bespreek nie. Enige verskaffing van inligting aan die media behoort nie anoniem te geskied nie en moet beperk word tot dit wat in die hofrekord opgeneem is.

9.5.3.15 STIPTELIKHEID

'n Forensiese kriminoloog moet stiptelik in die uitvoering van sy taak wees, en nie sonder geldige rede die oorsaak van onnodige vertraging in die afhandeling van 'n saak wees nie.

9.5.3.16 INTEGRITEIT

Die integriteit van die forensiese kriminoloog moet te alle tye bo verdenking staan. Hy mag hom nooit skuldig maak aan verdraaiing van feite, verkeerde aanhalings of interpretasies buite die konteks van die feite, of die opsetlike weglating of oorbeklemtoning van relevante inligting nie. Sodanige gedrag is onprofessioneel vir 'n persoon wat die belange van die kriminele regspleging moet dien.

9.5.3.17 ADVERTENSIE VAN DIENSTE

'n Forensiese kriminoloog mag nie sy dienste in enige koerant of ander publikasie-medium adverteer of opdragte op enige manier werf nie. Die gebruik van briefhoofde en visite kaartjies vir professionele doeleindes en om kommunikasie te vergemaklik, is wel geoorloof. Die beste advertensie vir die forensiese kriminoloog is in sy bekwame en professionele optrede asook in sy integriteit geleë.

Kommentaar in die media oor aangeleenthede wat nuuswaardig is, is ook geoorloof.

9.5.3.18 DIE EER VAN DIE PROFESSIE

Forensiese kriminoël moet te alle tye die eer van hul professie handhaaf. Een van die maniere om dit te doen is om die toelating van on-

gekwalfiseerde en andersins ongeskikte persone tot die professie teen te staan. Hy is ook geroepe om onprofessionele gedrag van kollegas bekend te stel ten einde die eer van die professie te beskerm teen korrupsie en oneerlike gedrag.

9.5.3.19 DRUK VAN ANDER PERSONE

Die forensiese kriminoloog behoort nie toe te gee aan druk van 'n kliënt, kollega, ander funksionaris in die hofproses, invloedryke persoon of instansie, om hom aan onprofessionele gedrag, wat met die riglyne in 'n etiese kode bots, skuldig te maak nie.

9.6 VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING

Ten slotte wil navorser, na aanleiding van haar ondersoek, enkele aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing maak.

9.6.1 NAVORSING TEN OPSIGTE VAN VERSKILLENDE KULTUURGROEPE

Navorser het daar van bewus geword dat die wyse waarop sy kliënte van ander rasse benader, op ongetoetste aanvaardings berus. Die diens wat aan hulle gelewer word, is intuïtief van aard en word eerder deur goeie bedoelings as ware kennis gerig. Daar is 'n gebrek aan empiriese ondersteuning. 'n Voorvonnisverslag oor 'n Indiër of swartman, byvoorbeeld, moet geskied teen die agtergrond dat individuele misdade binne die konteks van 'n tot nou toe ras-gestratifiseerde samelewing gepleeg word. Blote bewussyn van hierdie probleem is nie voldoende nie en daar bestaan 'n leemte in hierdie verband wat waarskynlik slegs opgelos sal kan word deur die opleiding van forensiese kriminoloë van alle rasse. Hoewel dit aanvaar kan word dat Caplan (1964) reg is wanneer hy poneer dat alle mense na die handhawing van ewililibrium streef, is daar steeds 'n gebrek aan kennis oor, onder andere, watter faktore die ewililibrium van ander groepe sal versteur of herstel. Empiriese navorsing is noodsaaklik en die bevindings van sodanige Suid-Afrikaanse ondersoeke kan deur forensiese kriminoloë gebruik word om byvoorbeeld hulle onderhoude met kliente te

rig en om beter begrip vir gedragsverskille, verskille in waardes en norme, rehabilitasie-moontlikhede en gevaarlikheidsvoorspellings te verkry.

9.6.2 DIENSKURSUSSE VIR REGSTUDENTE

Net soos dit vir die forensiese kriminoloog belangrik is om van sekere afdelings van die reg, en veral die strafprosesreg kennis te neem, omdat hulle binne die milieu van die regs wetenskap funksioneer, is dit vir regstudente wat strafwerk in die regspraktyk gaan doen, van belang om kennis van die funksionering van die forensiese kriminoloog te dra. Navorser is daarvan bewus dat die regskursus 'n formeel gestruktureerde kursus is wat min tyd toelaat vir volledige studie van aanverwante wetenskappe. Na haar mening sou dit egter die regskursus verryk indien 'n verdere opsie by regstudies ingevoeg sou kon word waarin relevante gedeeltes van die kriminologie aan hulle bekend gestel word. Dit sou onwys wees om lukraak te besluit welke gedeeltes die kern van 'n sodanige dienskursus van regstudente moet uitmaak, asook hoe so 'n kursus gestruktureer behoort te wees. Om hierdie rede word aanbeveel dat ondersoek na die omvang en samestelling van 'n dienskursus oor die kriminologie vir regstudente, ingestel word.

9.6.3 FRAGMENTASIE VAN DIE KRIMINELE REGSPLEGINGSISTEEM

Daar word algemeen aanvaar dat die kriminele regspleging een van die studie-objekte van die kriminologie uitmaak. Eweneens word aanvaar dat die kriminele regspleging 'n sisteem uitmaak wat aan die vereistes wat deur, byvoorbeeld, Parsons gestel word, sou voldoen. In teorie blyk dit dan ook die gewenste toestand te wees dat die Polisie, die howe en die Departement Korrektiewe dienste 'n kriminele regspleging-sisteem daarstel wat in ekwilibrium funksioneer. Dit wil egter voorkom asof die onderskeie subsysteme van die regsplegings-sisteem toeneemend onafhanklik van mekaar en soms selfs sonder in agneming van mekaar se funksies en behoeftes, gefragmenteerd optree. 'n Voorbeeld hiervan is die polemie in die media oor die vroeë vrylating van gevaarlike misdadigers nadat hulle tot langtermyn-gevangenisstraf deur

die howe gevonnis is. Verder skyn daar ongelukkigheid by die polisie te wees dat misdadigers wat hulle soms onder lewensgevaarlike omstandighede en na lang ondersoeke in hegtenis geneem het, summier deur die howe op borgtog vrygelaat word. Persepsies oor sulke optredes kan aanleiding gee tot verbrokkeling van die kriminele regsplegingsstelsel.

Om dié rede is dit nodig dat wetenskaplike ondersoek ingestel moet word na die vraagstuk of die kriminele regsplegingsstelsel inderdaad 'n stelsel is of behoort te wees, en indien bevind word dat dit wel 'n stelsel behoort te wees, of dit in praktyk in Suid-Afrika wel 'n stelsel vorm, en indien dit nie 'n stelsel vorm nie, watter stappe gedoen kan word om 'n ongewenste situasie wat aan die ontwikkel is, teen te werk.

9.7 SLOTSOM

Die oorkoepelende einddoel van die Suid-Afrikaanse kriminele regsplegingsstelsel is die beheer van misdaad. Die hoop word uitgespreek dat die forensiese kriminoloog toenemend deur middel van sy besondere wetenskaplike kennis en vaardighede, as deskundige getuie 'n fasiliterende rol in regverdige vonnisoplegging sal speel. Verpersoonliking van straf lei uiteindelik tot die voorkoming van misdaad. Die forensiese kriminoloog moet, nie as quasi regsgeleerde, sielkundige of maatskaplike werker nie, maar as volwaardige professionalis, sy eie plek langs ander wetenskaplikes inneem om die voortbestaan van sy vak te regverdig.

"Our goal is worth the struggle.
For in this case the star to which
we aspire is full humanity for all."
(Buscalia, 1978:i)

B I B L I O G R A F I E

A BOEKE

- Acton, H.B.
1969 The philosophy of punishment.
London: Macmillan and Company.
- Adams, T.F.
1980 Introduction to the administration of criminal justice
(second edition).
Englewood Cliffs: Prentice Hall, Inc.
- Adriaansens, H.P.M.
1980 Talcott Parsons and the conceptual dilemma.
Boston: Routledge & Kegan Paul.
- Baier, K.E.
1966 "Responsibility and freedom." in De George, R. (Editor)
Ethics and society.
New York: Doubleday & Co. Inc.
- Baier, K.E.
1969 "Is punishment retributive?" in Acton, H.B. Philosophy
of punishment.
London: Macmillan and Company.
- Bailey, K.D.
1978 Methods of social research.
London: Macmillan and Company.
- Balguy, J.
1976 The foundation of moral goodness.
London: Garland Publishing Inc.
- Barlow, H.D.
1990 Introduction to criminology (Fifth edition).
Glenview, Ill: Scott, Foresman & Co.
- Barnes, H.E., Teeters, N.K.
1945 New horizons in criminology (First edition).
Englewood Cliffs: Prentice Hall, Inc.
- Bartol, C.R.
1983 Psychology and American law.
Belmont, C.A.: Wadsworth.
- Bartol, C.R., Bartol, A.M.
1986 Criminal behaviour, a psychosocial approach.
Englewood Cliffs: Prentice Hall, Inc.

- Bartollas, C., Miller, S.J.
1978 The juvenile offender: control, correction and treatment.
Boston: Allyn and Bacon, Inc.
- Baylis, C.A.
1968 "Immorality, crime and treatment", in Madden, E.H.
Philosophical perspectives on punishment.
Springfield: Charles C Thomas.
- Bear, L.A. (Editor)
1964 Law, medicine, science and justice.
Springfield, U.S.A.: Charles C. Thomas.
- Beresford, H.R.
1975 Legal aspects of neurologic practice.
Philadelphia: F.A. Davis Company.
- Bianchi, H.
1965 Etiek van het straffen (Tweede druk).
Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach
- Binder, D.A., Price, S.C.
1977 Legal interviewing and counselling: a client-centered
approach.
St.Paul, Minnesota: West Publishing Co.
- Black, M.
1961 The social theories of Talcott Parsons: a critical
examination.
Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.
- Bloom, B.S. (Editor)
1974 Taxonomy of educational objectives, vol.1.(Eighteenth
print). London: Longmans.
- Bloom, B.S. (Editor)
1973 Taxonomy of educational objectives, vol.2. (Ninth
print). London: Longmans.
- Braham, R.L. (Editor)
1981 Social justice.
The Hague: Martinus Nijhoff Publishing.
- Brandt, R.B.
1959 Ethical theory.
Englewood Cliffs: Prentice Hall, Inc.
- Branham, V.C., Kutash, S.B.
1949 Encyclopedia of criminology.
New York: Philosophical Library.
- Brasswell, M.C., McCarthy, B.R., McCarthy, B.J.
1991 Justice, Crime and Ethics.
Cincinnati, Ohio: Anderson Publishing Co.

- Brillenburger-Wurth, G.
1956 De Straf: haar etiesch en psyeologiesch aspect.
Kampen: Kok Uitg.
- Brown, S.E., Esbensen, F-A, Geis, G.
1991 Criminology, explaining crime and its context.
New York: Anderson Publishing Co.
- Buscalia, L.F.
1978 Personhood - the art of being fully human.
New York: Ballantine Books.
- Caldwell, R.G.
1956 Criminology.
New York: Ronald.
- Calitz, J.F.
1988 "Misdaadpatrone as basis vir misdaadvoorkomingstrategieë
- 'n polisiebenadering", in Naudé, C.M.B., Stevens, R.
Misdaadvoorkomingstrategieë.
Pretoria: H.A.U.M.
- Campbell, C.A.
1958 "In defence of free will", in Munitz, M. A modern intro-
duction to ethics.
Glencoe: Free Press of Glencoe Inc.
- Caplan, G.
1964 Principles of preventive psychiatry.
New York: Basic Books, Inc Publishers
- Carter, P.B.
1981 Cases and statutes on evidence.
London: Sweet and Maxwell
- Chambliss, W.J.
1969 Crime and the legal process.
New York: McGraw-Hill Book Company.
- Chambliss, W.J., Seidman, R.B.
1971 Law, order, and power.
Menlo Park, California: Addison-Wesley Publishing
Company.
- Chamlee, D.L.
1987 Community service: a guide for sentencing implementa-
tion.
Washington: Administration Office of the United States
Court.
- Cheit, E.F.
1975 The useful arts and the liberal tradition.
New York: McGraw-Hill.

- Chatterton, C.E.M.
1984 The sentencing approach.
London: Barry Rose Publishers Ltd.
- Cilliers, C.H., Nesor, J.J., Swart, D.N.
1982 Penologie. Studiegids vir PNL 100-C.
Pretoria: UNISA.
- Cilliers, C.H., Nesor, J.J.
1990 Penologie. Enigste studiegids vir PNL 303-M.
Pretoria: UNISA.
- Cloete, M.G.T., Stevens, R.
1990 Kriminologie.
Southern Boek Uitgewers.
- Coffey, A, Eldefonso, E, Hartinger, W.
1974 An introduction to the criminal justice system and
process.
Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Conklin, J.E.
1986 Criminology. (Second edition).
New York: Macmillan Publishing Company.
- Conradie, H., Stevens, R., Naudé, C.M.B., Labuschagne, I.L.
1992 Kriminologie. Enigste studiegids vir KRM 100-5.
Pretoria: UNISA.
- Coser, L.A. (Editor)
1975 The idea of social structure (papers in honor of Robert
K Merton).
New York: Harcourt Brace Jovanovich.
- Cowen, Z., Carter, P.B.
1956 Essays on the law of evidence.
Oxford: Clarendon Press.
- Cross, R., Tapper, C.
1990 Cross on evidence. (Seventh edition).
London: Butterworths.
- Cuff, E.C., Sharrock, W.W., Francis, D.W.
1990 Perspectives in Sociology. (Third edition).
London: Unwin Hyman.
- Cuff, E.C., Payne, G.C.F.
1979 Perspectives in sociology.
London: George Allen & Unwin.
- D'Angelo, E.
1968 The problem of freedom and determinism.
Columbia: University of Missouri Press.

- De George, R.T. (Editor)
1966 Ethics and society.
New York: Doubleday & Co. Inc.
- Dimond, P.R. The supreme court and judicial choice.
1989 Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Devereux, E.C.
1961 "Parson's sociological theory", in Black, M. The social theories of Talcot Parsons: a critical examination.
Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.
- De Villiers, D.S.
1990 Bewysreg: Sakebundel.
Pretoria: Justisie-Kollege.
- Devlin, K.
1970 Sentencing offenders in magistrates courts.
London: Sweet & Maxwell, Ltd.
- De Wet, J.C., Swanepoel, H.R.
1960 Die Suid-Afrikaanse Strafreg.
Durban: Butterworths.
- Dingwall, R., Lewis, P. (Editors)
1983 The sociology of the professions.
London: Macmillan Press.
- Ducasse, C.J.
1968 "Philosophy and wisdom in punishment and reward" in Madden, E.H. Philosophical perspectives on punishment.
Springfield: Charles C Thomas.
- Duffe, D., Fitch, R.
1976 An introduction to corrections: a policy and systems approach.
California: Goodyear Publishing Company.
- Du Plessis, L.M.
1982 Die professionele gedrag van die juris.
Durban: Butterworths.
- Du Toit, E.
1981 Straf in Suid-Afrika.
Johannesburg: Juta & kie, Beperk.
- Du Toit, E., De Jager, F.J., Paizes, A., Skeen, A.st Q., Van der Merwe, S.
1989 Commentary on the criminal procedure act.
Cape Town: Juta & Co., Ltd.
- Egan, G.
1982 The skilled helper: model, skills and methods for effective helping. (Second edition).
Monterey, California: Brooks/Cole Publishing Company.

- Enschede, Ch.J., Mulder, A.
1979 De wettelijke regelen betreffende de straftoemeting.
Zwolle: W.E.J. Tjeenk Willink.
- Etzioni, A.
1969 Readings on modern organizations.
Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.
- Farrington, D.P., Hawkins, K., Lloyd-Bostock, S.M. (Editors).
1979 Psychology, law and legal processes.
London: Macmillan.
- Feigl, H., Sellars, W.
1949 Readings in philosophical Analysis.
New York: Appleton Century Crofts.
- Felkenes, G.T.
1973 The criminal justice system.
Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Ferreira, J.C.
1979 Strafprosesreg in die laer howe. (Tweede uitgawe).
Johannesburg: Juta & Kie.
- Fersch, E.A.
1980 Psychology and psychiatry in courts and corrections -
controversy and change.
New York: Wiley-Interscience.
- Finkel, N.J.
1980 Therapy and ethics, the courtship of law and psychiatry.
New York: Grune & Stratton.
- Fitzgerald, P.J.
1962 Criminal law and punishment.
London: Oxford University Press.
- Fitzmaurice, C., Pease, K.
1986 The psychology of judicial sentencing.
Manchester: University Press.
- Freckelton, I.R.
1987 The trial of the expert. A study of expert evidence and
forensic experts.
Melbourne: Oxford University Press.
- Gianelli, P.C., Imwinkelried, E.J.
1986 Scientific Evidence.
Charlottesville, Virginia: The Michie Company.
- Gibbs, J.P.
1975 Crime and punishment and deterrence.
New York: Elsevier.

- Gillin, J.L.
1945 Criminology and penology. (Third edition).
New York: Appleton-Century-Crofts, Inc.
- Gitchoff, G.T.
1990 Expert testimony at sentencing.
New York: Macmillan.
- Gorden, R.L.
1969 Strategy, techniques and tactics.
New York: Kahn & Cannell.
- Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F., Plug, C.
1979 Psigologie woordeboek.
Johannesburg: McGraw-Hill.
- Grünhut, M.
1948 Penal reform.
Oxford: The Clarendon Press.
- Halmos, P. (Editor)
1973 Professionalisation and social change.
Keele: University of Keele.
- Haralambos, M.
1984 Sociology. Themes and perspectives.
Slough, Great Britain: University Tutorial Press.
- Havelock, E.A.
1978 The Greek concept of justice.
London: Harvard University Press.
- Heath, J.
1963 Eighteenth Century Penal Theory.
London: Oxford University Press.
- Hemphill, C.F.
1978 Criminal Procedure: the administration of justice.
Santa Monica, California: Goodyear Publishing Co.
- Hiemstra, V.G.
1987 Suid-Afrikaanse strafproses (Vierde uitgawe).
Durban: Butterworths.
- Hjelle, C.A., Ziegler, D.J.
1981 Personality theories, basic assumptions, research, and
applications.
New York: McGraw-Hill.
- Holten, N.G., Jones, M.E.
1982 The system of criminal justice. (Second edition).
Boston: Little, Brow and Company.

- Honderich, T.
1989 Punishment: the supposed justifications.
Cambridge: Polity Press.
- Hospers, J.
1963 Human conduct: an introduction to the problems of
ethics.
London: Rupert Hart-Davis.
- Hughes, E.C.
1958 Men and their work.
New York: The Free Press.
- Imwinkelried, E.J.
1981 Scientific and expert evidence (second edition)
New York: C3-1168, Practicing Law Institute.
- Imwinkelried, E.J.
1982 The methods of attacking scientific evidence.
Charlottesville, Virginia: The Michie Co.
- James, W.
1957 "The dilemma of determinism", in Mandelbaum, M. Philoso-
phic problems.
New York: Macmillan.
- Johnson, H.M.
1971 Sociology: a systematic introduction.
London: Routledge & Kegan Paul Ltd.
- Kamenka, E. Ehr-Soon Tay, A.
1979 Justice.
London: Edward Arnold.
- Kelbley, C.A.
1979 The value of justice essays on the theory and practice
of social virtue.
New York: Fordham University Press.
- Kerlinger, F.N.
1973 Foundations of behavioural research (second edition).
New York: Holt, Rinehart and Winston, Inc.
- Kerper, H.B.
1979 Introduction to the criminal justice system (Second edi-
tion).
New York: West Publishing Company.
- Király, T.
1979 Criminal Procedure truth and Probability.
Budapest: Akademiaia Kiado.

- Klein, A.R.
1988 Alternative sentencing: a practitioner's guide.
Cincinnati: Anderson Publishing Co.
- Kleinig, J.
1973 Punishment and desert.
Den Haag: Martinus Nijhoff.
- Korn, R.R., McCorkle, L.W.
1960 Criminology and penology.
New York: Holt, Rinehart and Winston Inc.
- Krugel, W.F., Terblanche, S.S.
1990 Praktiese vonnisoplegging.
Pretoria: DIGMA.
- Krugel, W.F., Terblanche, S.S.
1992 Praktiese vonnisoplegging (Diensuitgawe No.3).
Pretoria: DIGMA.
- Landis, B.Y.
1972 Professional codes.
New York: AMS Press.
- Landsman, S.
1984 The adversary system - a description and defense.
Washington: American Enterprise Institute for Public
Policy Research.
- Langemeijer, G.E.
1969 Straf.
Baarn: Bosch & Keuning.
- Langemeijer, G.E.
1975 Strafrecht of onrecht.
Leiden: Kluwer-Deventer.
- Lewis, M., Bundy, W., Hague, J.L.
1978 An introduction to the courts and judicial process.
Englewood-Cliffs: Prentice-Hall.
- Lin, N.
1976 Foundations of social research.
New York: McGraw-Hill.
- Louw, D.A.
1989 Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag.
Kaapstad: Southern.
- MacIver, R.M.
1955 The web of government.
New York: Macmillan.

- Mackenzie, M.M.
1981 Plato on punishment.
Berkeley: University of California Press.
- Madden, E.H., Hardy, R., Farber, M.
1968 Philosophical perspectives on punishment.
Springfield: Charles C Thomas.
- Mandelbaum, M., Gramlich, F.W., Anderson, A.R.
1957 Philosophic problems.
New York: Macmillan.
- Maykovich, M.M.
1980 Medical sociology.
Paulo Alto: Alfred Knopf.
- McCarty, D.G.
1981 Psychology for the lawyer.
New York: Da Capo Press.
- Meyer, W.F., Moore, C., Viljoen, H.G.
1988 Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl.
Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- Mikula, G. (Editor)
1980 Justice and social interaction. Experimental and theoretical contributions from psychological research.
Vienna: Hans Huber Publishers.
- Millon, T., Dissenhaus, H.I.
1972 Research methods in psychopathology.
New York: John Wiley and Sons.
- Moffitt, T.E., Mednick, S.A.
1991 Biological contributions to crime causation.
USA: NATO Scientific Affairs.
- Moore, W.E.
1970 The professional: rules and roles.
New York: Russell Sage Foundation.
- Moore, R.H., Marks, T.C., Barrow, R.V.
1976 Readings in criminal justice.
Indianapolis: Bobbs-Merrill Co.
- More, H.W.
1975 Principles and procedures in the administration of justice.
New York: John Wiley.
- Morse, C.
1961 "The functional imperatives", in Black, M. The social theories of Talcot Parsons: a critical examination.
Englewood-Cliffs: Prentice-Hall.

- Munitz, M.
1958 A modern introduction to ethics.
Glencoe: Free Press of Glencoe, Inc.
- Murphy, P.
1980 A practical approach to evidence.
London: Livesey Ltd.
- Naudé, C.M.B., Stevens, R. (Redakteurs).
1988 Misdaadvoorkomingstrategieë.
Pretoria: H.A.U.M.
- Neser, J.J., Cilliers, C.H., Swart, D.N.
1985 Penologie. Studiegids 1 vir PNL 301-K (Fundamentele penologie).
Pretoria: UNISA.
- Neser, J.J., Cilliers, C.H., Swart, D.N., Van den Heever, E.E.
1990 Penologie. Studiegids 2 vir PNL 201-G.
Pretoria: UNISA.
- Nietzel, M.T., Dillehay, R.C.
1986 Psychological consultation in the courtroom.
New York: Pergamon Press.
- Nyhart, J.D., Carrow, M.M.
1983 Law and science in collaboration.
Massachusetts: Lexington Books.
- O'Dea, T.F., Aviad O'Dea
1983 The sociology of religion.
New Jersey: Prentice-Hall.
- O'Dowd, A.P.
1963 The law of evidence in South Africa.
Wynberg, Cape: Juta & Co.
- Oppenheimer, H.
1975 The rationale of punishment. (Second edition).
Montclair: Patterson Smith.
- Pallazolo, C.S.
1981 Small groups: an introduction.
New York: Van Nostrand.
- Parsons, T.
1937 Structure of social action.
New York: McGraw-Hill
- Parsons, T.
1949 Essays in sociological theory.
London: Collier Macmillan.

- Parsons, T.
1954 Essays in sociological theory.
New York: The Free Press.
- Parsons, T.
1968 The structure of social action.
New York: The Free Press.
- Parsons, T.
1978 Action theory and the human condition.
New York: The Free Press.
- Paulus, P.B.
1988 Prison crowding: a psychological perspective.
New York: Springer-Verlag.
- Pavalko, R.M.
1972 Sociological perspectives on occupations.
Itasca, Illinois: PE Peacock Publishers.
- Peck, D.W.
1956 Impartial medical testimony: report of the bar of the
city of New York.
New York: Macmillan.
- Perlman, A.S., Allington, T.B. (Editors).
1969 The tasks of penology.
Lincoln: University of Nebraska Press.
- Pincoffs, E.L.
1966 The rationale of legal punishment.
New York: Humanities Press.
- Rabie, M.A., Strauss, S.A.
1979 Punishment. An introduction to principles.
Johannesburg: Lex Patria.
- Rabie, M.A., Strauss, S.A.
1985 Punishment. An introduction to principles (Fourth edi-
tion).
